# DIE TAALGEBRUIK VAN DIE AFRIKAANSE KOERANTMAN; MET BESONDERE VERWYSING NA DIE BURGER, BEELD EN DIE TRANSVALER

deur Lidia de Wet B.A. Honneurs (PU vir CHO), S.O.D. (RAU)

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad Magister Artium in Kommunikasiekunde aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO

Leier: Prof. G.J. Pienaar (Dept. Kommunikasiekunde)
Hulpleier: Dr. H.F. de Bruto (Dept. Afrikaans-Nederlands)

Potchefstroom
1979

# VOORWOORD

Dié studie is moontlik gemaak met die hulp van die volgende mense, aan wie ek dank verskuldig is:

Thinus de Wet vir sy aansporing en onderskraging;

my ouers vir die liefde vir goeie taalgebruik wat hulle kleintyd by my aangekweek het, ēn vir die geleentheid wat hulle my gebied het om tot by dié studie te kom;

my skoonouers vir hul belangstelling;

prof. G.J. Pienaar vir sy onbaatsugtige opoffering as leier, en sy hulp as departementshoof;

dr. H.F. de Bruto vir sy leiding;

dr. J.I. de Jager vir sy vriendelike raad as kollega, en as eksaminator van my verpligte vraestel;

mev. M.M.E. Kilian vir haar vriendelikheid en hulp;

die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir finansiële bystand;

my studente wat in die eerste plek die aansporing vir die studie was.

Bo alles dank ek God vir die genade om te kan werk en te kan studeer.

"Kleiner oortredings van taalreëls gaan aanvanklik min of geen verskil aan kommunikasie maak nie, maar die gevaar bestaan dat dit mettertyd lei tot taalslordigheid, taalluiheid en taalverbastering; iets wat doeltreffende kommunikasie benadeel.

Daar sal minder aanstoot aan die taalgevoelige en taalbewuste lid van die samelewing gegee word as taalgebruikers let op taalsuiwerheid" (Van Schalkwyk & Viviers, 1977, Inleiding).

---

VAN SCHALKWYK, H. & VIVIERS, D.A. 1977. Taalkommunikasie; Afrikaans. Kaapstad, Maskew Miller. 263p.

INHOUD                                                    Bladsy

Hoofstuk 1: Inleiding

1.1 Doel 1
1.2 Motivering 2
1.3 Prinsipiële begronding 2
1.4 Werkwyse 6
1.5 Uitgangspunt 8
1.6 Indeling 9
1.7 Slotopmerking 11

Hoofstuk 2: Taal as kommunikasie

2.1 Begripsomskrywing van kommunikasie 12
2.1.1 Definisie van kommunikasie 12
2.1.2 Die kommunikasieproses 17
2.1.3 Soorte kommunikasie 21
2.1.4 Hindernisse in die kommunikasieproses 22
2.1.4.1 Die bestemming se beperkte vermoë 22
2.1.4.2 Geen of swak ontvangs van die boodskap 23
2.1.4.3 Die onvermelde voorveronderstelling 24
2.1.4.4 Verskillende skemas 25
2.1.4.5 Indringing in die kommunikasieproses 26
2.1.4.6 Verwarrende aanbieding 26
2.1.4.7 Afwesigheid van kommunikasiemedium 26
2.1.5 Samevatting 26

2.2 Begripsomskrywing van taal 27

2.3 Taal as kommunikasiemiddel 29
2.3.1 Doel van taalkommunikasie 31
2.3.2 Die betekenis van die kommunikasieboodskap 34
2.3.3 Woord en term 37
2.3.4 Primêre en sekondêre taalgebruik 38

Bladsy

Hoofstuk 3: Massakommunikasie en die koerant

3.1 Wat is massakommunikasie? 40
3.1.1 Die aard van die gehoor 42
3.1.2 Die aard van die kommunikasie-ervaring 43
3.1.3 Die aard van die kommunikator 44
3.1.4 Aanklank 45

3.2 Kenmerke van massakommunikasie 46
3.2.1 Die sintuie wat deur massakommunikasie gestimuleer word 46
3.2.2 Die geleentheid vir aanklank 47
3.2.3 Beheer van die tempo 48
3.2.4 Boodskapkodes 48
3.2.5 Vermenigvuldigbaarheid 49
3.2.6 Behoud van die boodskap 49
3.2.7 Keuring 49
3.2.8 Behoeftes 50

3.3 Funksies van massakommunikasie 51
3.3.1 Die invloed op die bestemming 51
3.3.1.1 Waarneming 51
3.3.1.2 Meningsvorming 52
3.3.1.3 Oordrag van kultuur 53
3.3.1.4 Vermaak 53
3.3.2 Die doel van die kommunikator 54

3.4 Uitwerking van die massamedia 55

3.5 Die massamedia, die pers, die koerant 56
3.5.1 Die massamedia 56
3.5.2 Die pers 57
3.5.3 Die koerant 57
3.5.3.1 Kenmerke van die koerant 58
3.5.3.2 Funksies van die koerant 62

3.6 Wat is nuus? 65
3.6.1 Nuusversameling 65
3.6.2 Nuusbronne 66
3.6.2.1 Nuusagentskappe 67
3.6.2.2 Korrespondente 67
3.6.2.3 Persverklarings 67
3.6.2.4 Verslaggewers 67
3.6.2.5 Medewerkers 67

Bladsy

3.7 Probleme wat inherent is aan nuusversameling deur die koerant 67
3.7.1 Die aard van die nuusbron 68
3.7.2 Die keuring van nuus en die verkorting daarvan 70
3.7.3 Vertaling 74
3.7.3.1 Algemene probleme met vertaling 74
3.7.3.2 Die besondere probleme van vertaling vir die koerantman 78

Hoofstuk 4: Spesifieke probleme van die Afrikaanse koerantman

4.1 Die verwysingsraamwerk van die Afrikaanse koerantman 85

4.2 Die beleid van die koerant 90

4.3 Die invloed van Engels 117
4.3.1 Anglisismes 118
4.3.2 Regstreekse vertaling 126
4.3.2.1 Selfstandige naamwoorde 129
4.3.2.2 Byvoeglike naamwoorde 134
4.3.2.3 Voorsetsels 135
4.3.2.4 Lidwoorde 136
4.3.2.5 Werkwoorde 137
4.3.2.6 Voornaamwoorde 141
4.3.2.7 Meervoudsvorme 141
4.3.2.8 Vaste uitdrukkings 142
4.3.2.9 Keuse tussen Romaanse en Germaanse woord 145
4.3.2.10 Omslagtigheid 149
4.3.2.11 Direkte en indirekte rede 150
4.3.2.12 Woordorde 151
4.3.3 Die invloed van Engels op ortografiese vlak 152
4.3.3.1 Die aanmekaarskryf van woorde 153
4.3.3.2 Afkortings 157
4.3.3.3 Bokas en onderkas 158

4.4 Taalprobleme wat deur die beleid van die koerant opgelos moet word 159

Bladsy


4.4.1 Die voorkeurwoord of -uitdrukking 159
4.4.2 Die korrekte woord of uitdrukking 165
4.4.3 Die term 183

4.5 Ortografiese probleme wat deur die beleid van die koerant opgelos moet word 190
4.5.1 Koppe 191
4.5.2 Getalle, ouderdomme, datums en tyd 193
4.5.3 Woordorde 199
4.5.4 Name en titels 199
4.5.5 Name 204
4.5.5.1 Strate 204
4.5.5.2 Plekke 206
4.5.5.3 Skole 209
4.5.5.4 Universiteite 210
4.5.5.5 Kerke 211
4.5.5.6 Hospitale 211
4.5.5.7 Organisasies 212
4.5.5.8 Koerante 213
4.5.5.9 Ideologieë 213
4.5.6 Afkortings 214
4.5.7 Bokas en onderkas 218
4.5.8 Leestekens 221
4.5.8.1 Aanhaaltekens 221
4.5.8.2 Kommas 222
4.5.8.3 Hakies 223
4.5.9 Spelling 224

Hoofstuk 5: Gevolgtrekkings en riglyne

5.1 Verstaanbaarheid 234

5.2 Aanvaarbaarheid 236

Bylaes: Lys van bylaes 242

Bylae A 243
Bylae B 244
Bylae C 249
Bylae D 252
Bylae E 254
Bylae F 255
Bronnelys 256
Engelse opsomming 262

# Hoofstuk 1: Inleiding

## 1.1 Doel

Soos ander tale is Afrikaans gedurig aan die verander vanweë die veranderende omgewing waarin die taalgebruiker hom bevind. Nuwe omstandighede, ontwikkelings en uitvindings vereis nuwe woorde. "Language communication, like society and the men who created both, is a living, changing thing, constantly acting, reacting, interacting and counteracting" (Whitney in Van Schalkwyk & Viviers, 1977, Inleiding).

Hoewel woordeboeke gedurig bygehou word en nuwe woordeboeke op die mark verskyn, kry die koerantman[1)] nog daagliks te doen met probleme, soos die spelling, skryfwyse en betekenis van woorde, wat nog nie in woordeboeke opgeneem is nie. Om in dié behoefte te voorsien, is dit by die koerante praktyk dat die taalkundige, of ander senior koerantmanne, lyste opstel waarin die probleemwoorde opgeneem word. Dié lyste word gewoonlik onder die redaksie versprei.

Hoewel dié lyste vir die koerantman van waarde is, is dit nie altyd byderhand nie en moet hy dit nogtans saam met veelvuldige ander lyste en woordeboeke gebruik.

Dié verhandeling poog om die taalprobleme wat die meeste deur die koerantman ondervind word, te bespreek en oplossings daarvoor te bied. Riglyne vir die skryf van verstaanbare én aanvaarbare koeranttaal word gegee (vergelyk 1.5).

---

1) Die Afrikaanse koerantman én koerantvrou word in die studie die koerantman genoem.

## 1.2 Motivering

Die besluit om die studie aan te pak, is aangewakker deur my doseerplig, naamlik om voornemende koerantmanne verstaanbare én aanvaarbare koerant-Afrikaans te leer skryf. Ek het mettertyd onder die indruk gekom van die leemte aan 'n beknopte gids vir daaglikse gebruik deur die student (wat koerantman gaan word) in die skryf van berigte vir die Afrikaanse koerant.

## 1.3 Prinsipiële begronding

In 'n studie waarin die taalgebruik en die beoordeling daarvan ter sprake is, moet na twee soorte uitsprake gekyk word. De Bruto (1978 a, p. 27) onderskei tussen die taalintuïtiewe uitsprake van die moedertaalspreker en die taalbeskoulike of taalbeoordelende uitsprake van vakmanne of taalkundiges. Albei uitsprake berus op die een of ander vorm van gesag.

Die eerste soort uitspraak berus op die gesag van die moedertaalspreker (in dié geval is laasgenoemde elkeen wat die moedertaal praat, dit wil sê die leser én die koerantman én die woordeboekopsteller) se intuïtiewe wete van sy taal. Dit is ongelukkig so dat baie mense, en dit sluit koerantmanne in, nie 'n aanvoeling vir taal het nie. Die studie is juis onderneem om as handleiding vir die koerantman sonder 'n aanvoeling vir taal te dien. Vergelyk 1.5, 2.2 en 2.3.

---

DE BRUTO, H.F. 1978 a. Vryheid, gebondenheid en gesag in 'n kursus Afrikaans. Koers, 43(1):24-33.

In die tweede soort uitspraak is 'n gesagsbron in sy eie reg ter sprake, "... in soverre die uitspraak van die vakman of taalkundige sélf gesagsbron word en wel in die mate dat hy hierdie gesag as vakman of taalkundige VERDIEN en dus as sodanig deur die algemene taalgebruiker as gesagsbron beskou en aanvaar word. Die vakman/taalkundige steun natuurlik self in die eerste plek op sy eie taalintuïsie (wat buitendien grootliks as norm aanvaar word, juis omdat hyself een van die sogenaamde prestigegroep/van die meerderes vorm wie se taalgebruik/uitsprake as norm aanvaar word deur die meerderheid), hoewel hy as taalkundige/wetenskaplike in 'n groter mate kan reflekteer oor (wetenskaplik/objektief kan omgaan met) wat beskou móét word as die norm - as dus korrek, of hoe ook al" (De Bruto, 1978 a, p. 28).

Op grond van gesag kan norme en voorskrifte in die taalgebruik geld. De Bruto (1978 a, p. 28) onderskei tussen norme en voorskrifte. Taalnorme geld as die gesag van die uitsprake van die intuïtiewe taalspreker ter sprake is, voorskrifte geld weer as die gesag van die uitsprake van die taalkundige (in dié geval die koeranttaalkundige) ter sprake is.

Hierdie studie is gegrond op die gesag van die uitsprake van taalkundiges, soos Bosman, Van der Merwe en Hiemstra in hul Tweetalige woordeboek en die Taalkommissie van die Suid-

---

BOSMAN, D.B., VAN DER MERWE, I.W. & HIEMSTRA, L.W. 1972. Tweetalige woordeboek; Afrikaans - Engels. Kaapstad, Tafelberg. 1 902p.

Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in hul Afrikaanse woordelys en spelreëls, én koeranttaalkenners soos mnr. C.J. Engelbrecht, wat die taalrubriek Taalsake in Die Transvaler skryf, en dr. L.W. Hiemstra, wat Die juiste woord in Die Burger geskryf het. Op grond van hul gesag kan voorskrifte vir die gebruik van Afrikaans gegee word.

Wanneer die taalgebruiker en die taalkundige se uitsprake nie ooreenkom nie, moet die gesag van die taalkundige aanvaar word. "Elke taalgebruiker mik na 'n sekere norm - dit is eintlik deel van sy bekomde/verworwe taalwete. Die norm setel in die spraak van die meerderes - en die taalvakman hoort sekerlik tot dié meerderes wat die taal betref.

---

DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS. Taalkommissie. ca. 1975. Afrikaanse woordelys en spelreëls. Kaapstad, Tafelberg. 348p. (Dié publikasie word verder net Spelreëls genoem.)

Taalsake is die taalrubriek wat weekliks in Die Transvaler geplaas en deur mnr. C.J. Engelbrecht geskryf word. In dié studie word die rubriek net Taalsake genoem. Die rubriek is op 13/10/58 begin. Dit was eers 'n tweeweeklikse rubriek tot 2/9/60. Tans verskyn dit Woensdae.

Die juiste woord is die taalrubriek in Die Burger (dit is net so as Taal-Beeld in Beeld geplaas) wat weekliks deur dr. L.W. Hiemstra tot voor sy dood behartig is. Die eerste aflewering het op 22/7/76 verskyn en die laaste op 11/5/78. Dit was aanvanklik 'n weeklikse rubriek, maar is vanaf 2/2/78 'n tweeweeklikse rubriek. (Die eerste Taal-Beeld het op 22/7/76 en die laaste op 15/5/78 verskyn. Dit was 'n weeklikse rubriek, maar die laaste twee rubrieke het tweeweekliks verskyn.)

"Die vakman self beskik óók oor 'n taalwete en omdat hy deskundige op die gebied van die taal is, beskik hy nie alleen oor kennis van sake nie, maar het hy ook 'n fyn aanvoeling vir sy taal ontwikkel. En verder: omdat hy vakman/taalkundige is, kon hy die ter sake aangeleenthede makliker waarneem en wetenskaplik daaroor besin, d.w.s. makliker oor sy taal reflekteer" (De Bruto, 1978 b, p. 11).

In die eerste plek word die studie gegrond op die gesag van die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Ná klagtes van die publiek het die Akademieraad besluit dat "die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns die enigste beleidmakende liggaam moet wees wat bindende besluite oor Afrikaanse spelling- en taalsake kan neem" (Die Burger, 22/6/78, p. 17, kol. 1 en 2).

Hoewel die Taalkommissie dus sekere riglyne neerlê, is daar tog gevalle waar hy nie uitsluitsel gee nie, byvoorbeeld: "Die Taalkommissie is derhalwe van oordeel dat dit nie as 'n skryffout beskou moet word as mense hierby vas skrywe wat meestal los geskrywe word of los wat meestal vas geskrywe word nie" (Spelreëls, p. 33).

In die gevalle waar die Taalkommissie nie riglyne neerlê nie, kan die koerantman nogtans nie die taal hanteer soos sy eie taalgevoel én taalwete hom toelaat nie. So 'n taalbenadering

---

DE BRUTO, H.F. 1978 b. "Lees maar - er stáát wat er staat" - met apologie. (Opmerkings oor enkele taalgebruikskwessies in Afrikaans.) Ongepubliseerde referaat voorgedra voor die Taal- en Letterevereniging van die PU vir CHO op 4/10/78.

sal veroorsaak dat daar geen eenvormigheid in die taal van die koerant is nie. Eenvormigheid in die taal van 'n spesifieke koerant verhoog die aanvaarbaarheid van dié koerant se taalgebruik deur die lesers, maar veral deur dié met 'n aanvoeling vir taal. Derhalwe volg elke koerant sy eie taalbeleid en probeer sover moontlik om 'n eenvormige taalgebruik te handhaaf.

## 1.4 Werkwyse

Die taalprobleme waarmee die koerantman te doen kry en wat in die verhandeling bespreek word, word nie altyd klinkklaar in woordeboeke opgelos nie. Die rede hiervoor is dat die koerantman se probleme baiekeer uniek van aard is. Die koerant vereis 'n sekere skryfwyse en skryfstyl vanweë die metode van berig-gewing wat hom van ander media onderskei.

Ander taalkundige probleme word wel bevredigend deur woordeboeke en woordelyste opgelos, maar aangesien dit in die daaglikse gebruik van die taal van die koerantman voorkom, is hierdie probleme volledigheidshalwe ook bespreek.

Van al die Afrikaanse dagblaaie is voorbeelde van taalprobleme slegs uit Die Burger, Beeld en Die Transvaler gekies. Die Burger is gekies omdat dit verteenwoordigend is van Nasionale Pers (een van die twee sterkste Afrikaanse Koerantgroepe in die land) se taalgebruik in die Suide, dit wil sê die Kaap. Beeld is weer verteenwoordigend van Nasionale Pers se taalgebruik in die Noorde (Transvaal) en Die Transvaler van Perskor s'n (die ander groot koerantgroep) in Transvaal.

Die koerante se taalbeleid kan onder meer vasgestel word in die taal van die koerante self, die taalrubrieke in koerante en taallyste wat deur die taalredakteur opgestel word (soos voorheen aangestip), byvoorbeeld Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler, Taalfoute en Die Burger skryf Afrikaans. Die koerante, taalrubrieke en taallyste is dus as bronne vir die studie gebruik.

---

Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler - ongepubliseerde handleiding vir nuwe verslaggewers by dié koerant. (Dit is hoofsaaklik deur 'n redaksielid van Die Transvaler, mnr. D. Viljoen, in 1978 geskryf.)

Taalfoute - 'n lys wat deur mnr. J.J.J. Scholtz van Die Burger opgestel en aan redaksielede van Beeld versprei is. (Dit is 'n bespreking van taalfoute wat in Die Burger en Beeld verskyn het.)

Die Burger skryf Afrikaans - is in 1974 vir die eerste maal deur Wesvalia, Potchefstroom, uitgegee. Dit is ongepubliseerde memorandums wat deur Die Burger se taaladviseur, mnr. R.E. King, geskryf, en deur die departement Kommunikasiekunde, PU vir CHO, Potchefstroom, opgestel is. In 1978 is dit herdruk met byvoegings deur mnr. P.J. Fourie (taallesse wat hy by Rapport gekry het) en mev. L. de Wet (algemene foute wat deur studente in Kommunikasiekunde in die praktiese klasse gemaak is).

## 1.5 Uitgangspunt

In die studie word van die standpunt uitgegaan dat die taalgebruik van die Afrikaanse koerantman verstaanbaar én aanvaarbaar moet wees.

Die eerste vereiste wat aan goeie koeranttaal gestel word, is verstaanbaarheid. Kommunikasie tussen die koerantman en die leser slaag as die leser verstaan wat die koerantman wil sê.

Geslaagde kommunikasie is egter nie die enigste vereiste vir goeie koeranttaal nie. Die tweede vereiste vir goeie koeranttaal is aanvaarbaarheid. Die taalgebruik van die koerantman moet sodanig wees dat dit vir die leser aanvaarbaar is. Taalverbastering kan nie toegelaat word bloot op grond van die argument dat die leser verstaan wat die koerantman wil sê nie.

As die koerantman sekere woorde en uitdrukkings gebruik wat vreemd aan die volkseie is, kan dit die leser baie gou hinder en irriteer. Die leser ontwikkel 'n negatiewe gesindheid teenoor die berig en uiteindelik teenoor die medium.

Kommunikasie kan nou ook misluk omdat die leser hom blind staar teen die "swak" Afrikaans en die werklike betekenis nie raaksien nie. Die leser sluit hom af en die kommunikasie vind nie meer plaas nie. Dié vooroordeel kan so erg raak dat die leser later nie meer die koerant wil koop nie. Kommunikasie word dus onregstreeks deur "taalslordigheid, taalluiheid en taalverbastering" benadeel.

Die taal van die koerant moet egter nie net vir die leser aanvaarbaar wees sodat kommunikasie kan slaag nie. Taal moet ook aanvaarbaar wees omdat dit sosiale gedrag én kultuur-erfenis is wat gehandhaaf moet word. Vergelyk 2.3 en 2.3.1 vir 'n bespreking hiervan.

Verder gaan die studie slegs om die sekondêre taalgebruik, dit wil sê die geskrewe taal, en die probleme wat hiermee saamhang. Probleme in die primêre taalgebruik (gesproke taal) is slegs ter sprake as dit die skryftaal raak. Hierdeur word die taal van rolprente, radio en televisie uitgesluit.

## 1.6 Indeling

Die bespreking van die Afrikaanse koerantman se daaglikse taal-probleme vereis vooraf 'n teoretiese bespreking van die wese van kommunikasie, die wese van taal en die wese van taal as kommunikasiemiddel. Die vereistes van kommunikasie geld ook vir koeranttaal as kommunikasiemiddel, en moet dus bespreek word. Die hindernisse wat in die weg van geslaagde kommuni-kasie staan, beïnvloed ook koeranttaal, en word daarom kort-liks bespreek.

Die doel van taalkommunikasie en die betekenis van die kommu-nikasieboodskap word bespreek. 'n Onderskeid tussen woord en term, en tussen primêre en sekondêre taalgebruik, word getref.

Die koerant is massakommunikasiemedium, en daarom word na die aard, kenmerke en funksies van massakommunikasie, en die uit-werking van die massamedia gekyk. Die mens as individu aan wie die massakommunikasie gerig word, staan egter altyd voorop

in die kommunikasieboodskap.

Die pers, wat koerante insluit, is 'n onderafdeling van die massamedia, en word kortliks bespreek. Die kenmerke en funksies van die koerant is vir die koerantman van belang by die skryf van berigte.

Die aard van nuus, nuusversameling en nuusbronne dien as agtergrond. Die probleme wat aan nuusversameling deur die koerant inherent is, is ook die probleme wat die koerantman self ondervind. Die aard van die nuusbron, die keuring, die verkorting en die vertaling van nuus lewer probleme vir die koerantman, en word daarom bespreek.

In die bespreking van die spesifieke probleme van die Afrikaanse koerantman word voorbeelde uitgelig, ten einde riglyne daar te stel.

Die verwysingsraamwerk van die Afrikaanse koerantman én die beleid van die koerant speel 'n rol in die taalgebruik van die koerant. Dié twee faktore word met voorbeelde toegelig.

Die invloed van Engels op Afrikaans, en daarom ook op die gebruik van Afrikaans in koerante, is groot en word aan die hand van voorbeelde bespreek.

Die beleid van die koerant dien in baie gevalle as riglyn vir die koerantman by taalprobleme en ortografiese probleme, soos die skryf van koppe, woordorde, afkortings, ensovoorts. Voorbeelde van woorde wat spelprobleme oplewer, word gegee.

Volledigheidshalwe word enkele bylaes tot die verhandeling toegevoeg.

## 1.7 Slotopmerking

Daar is baie min standaardwerke oor die taalgebruik van die koerant en veral dié van die Afrikaanse koerant. Dit het daartoe gelei dat koerante deur skryfster in die meeste gevalle as primêre bronne gebruik is. Aangesien die studie empiries van aard is, en nie 'n literatuurstudie is nie, is die bronnelys se volgorde verander. Die koerante, as primêre bronne, word in die bronnelys eerste genoem.

Die taal is voortdurend aan verandering onderhewig. Daarom lê die waarde van die studie daarin dat nuwe ontwikkelings, woorde en skryfwyses eie aan die koerant, bygewerk sal moet word.

Hoewel die studie probeer om riglyne vir die koerantman daar te stel (en riglyne nie voorskrifte is nie), sou ek tog graag wou sien dat die riglyne in die praktyk toegepas word.

# Hoofstuk 2: Taal as kommunikasie

## 2.1 Begripsomskrywing van kommunikasie

### 2.1.1 Definisie van kommunikasie

Die term kommunikasie word vandag algemeen gebruik. Daar word gepraat van kommunikasiegapings. Grade in kommunikasiekunde word reeds aan verskeie universiteite in Suid-Afrika toegeken. Tog is daar nie 'n vaste definisie van kommunikasie wat deur alle kommunikasiekundiges aanvaar word nie.

Dit is nie die doel van die studie om 'n omvattende definisie van kommunikasie op te stel of alle bestaande definisies van kommunikasie te bespreek nie. (Vergelyk Dance & Larson, 1976, p. 171-192, vir 'n lys van 126 gepubliseerde definisies van kommunikasie.) Die term kommunikasie moet egter kortliks bespreek word.

"As mens of dier ... probeer om betekenis, sin of begrip te kry, vind kommunikasie plaas. Hoewel daar nie bewustheid hoef te wees van die poging om betekenis te kry nie, is die mens in 'n persoonlike kommunikasie-oordrag betrokke sodra hy probeer om stimuli te vertolk om sy omgewing beter te kan hanteer" (De Jager, 1977, p. 28).

---

DANCE, F.E.X. & LARSON, C.E. 1976. The functions of human communication; a theoretical approach. New York, Holt, Rinehart & Winston. 206p.

DE JAGER, J.I. 1977. Die interne skakelblad (personeelblad) as kommunikasiemedium in die bedryf. M.A.-verhandeling. Potchefstroom, PU vir CHO. 212p.

Dié beskrywing van kommunikasie is wyd, tog bied dit vir die kommunikasiekundiges 'n vertrekpunt om tot die nadere omskrywing van kommunikasie te kom. (Vergelyk 2.1.2 vir 'n definisie van kommunikasie.)

Die verkryging van betekenis is dus voorwaarde vir kommunikasie. (In die studie is betekenis sinoniem met sin of begrip, maar eersgenoemde word deurgaans gebruik.) Volgens Trent e.a. (1973, p. 45) is die doel van kommunikasie om chaotiese indrukke in betekenisvolle verhoudinge te verander. Die mens is dus deur kommunikasie gedurig besig om sy wêreld sinvol te hanteer. Daar kan selfs beweer word dat kommunikasie 'n voorwaarde vir die mens se bestaan op aarde is.

Volgens Wenburg & Wilmot (1973, p. 7) is kommunikasie "an attempt to get meaning". ("Meaning" word in die studie met betekenis vertaal.) Hierby sluit Mortensen (1972, p. 14) aan as hy sê: "communication occurs whenever persons attribute significance to message-related behavior". ("Significance" word hier ook met betekenis vertaal.)

---

TRENT, J.D., TRENT, Judith S. & O'NEILL, D.J. 1973. Concepts in communication. Boston, Allyn & Bacon. 319p.

WENBURG, J.R. & WILMOT, W.W. 1973. The personal communication process. New York, John Wiley. 236p.

MORTENSEN, C.D. 1972. Communication; the study of human interaction. New York, McGraw-Hill. 430p.

Volgens Mortensen moet die mens dus betekenis uit die boodskapdraende gedrag van ander haal sodat kommunikasie kan plaasvind. Die mens wat betekenis uit die ander se boodskap kry, word in die kommunikasiekunde die bestemming genoem. Die kommunikator is dié een wat die boodskap formuleer, dit wil sê hy gee aanvanklik die betekenis aan die boodskap.

Die hoofelement van kommunikasie, naamlik betekenisverkryging, blyk duidelik uit die volgende definisies:
"In its simplest terms, communication is the process of transmitting meaning between individuals" (Cranfield & Moore, 1973, p. 50).

Kommunikasie is "the process through which one person formulates a meaning and induces a second person to formulate approximately the same meaning" (Trent e.a., 1973, p. 59).

Barnlund sê: "Communication, as I conceive it, is a word that describes the process of creating a meaning" (Trent e.a., 1973, p. 44).

Die kommunikator moet betekenis aan die boodskap gee en die bestemming moet betekenis daaruit haal. Fourie (1975, p. 11) beskryf die boodskap soos volg: " 'A message is that single thought, idea, concept, truth or meaning the communicator

---

CRANFIELD, B.R. & MOORE, H.F. 1973. Public relations; principles, cases and problems. Homewood, Illinois, Richard D. Irwin.

FOURIE, H.P. 1975. Communication by objectives. Johannesburg, McGraw-Hill. 161p.

wishes to share with or communicate to his destination'. In short, 'a message is the essential meaning of a communication'".

As die bestemming die boodskap ontvang en betekenis daaruit haal, het kommunikasie plaasgevind. Dit mag gebeur dat die betekenis wat die bestemming uit die boodskap haal, nie dieselfde is as wat die kommunikator bedoel het nie. In dié geval het kommunikasie nog plaasgevind, hoewel dit nie geslaag het nie. (Vergelyk Trent, wat hiermee verskil.)

Die verkryging van bedoelde betekenis is dus nie 'n voorwaarde vir die plaasvind van kommunikasie nie, wel vir die geslaagdheid van kommunikasie.

"Het slagen of niet slagen van de communicatie (hier beschouwd in de zin van het al dan niet optreden van de gewenste effecten), hangt dus in sterke mate af van het min of meer gelijklopen van de gedachtensystemen van resp. zender en ontvanger.

"Gelijklopende gedachtensystemen verhogen met andere woorden de kansen dat de zin, de betekenis van een boodschap (betekenis zoals ze door de zender bedoeld is) op de juiste manier overkomt en zo eventueel het bedoelde effect tot gevolg heeft" (Fauconnier, 1973 a , p. 40).

Kommunikasie is dus optimaal geslaagd as die kommunikator en bestemming se gedagtes gelykloop. Dan kan aanvaar word dat

---

FAUCONNIER, G. 1973 a . Massacommunicatie; een terreinverkenning. Groningen, H.D. Tjeenk Willink. 65p.

die bestemming die kommunikator se bedoeling gesnap het. As die kommunikator bewus is hiervan, het hy aanklank verkry. (Die term aanklank word gebruik vir die inligting wat die kommunikator van die bestemming kry in reaksie op sy eie kommunikasiegedrag. Die Engelse term "feedback" is beskrywender, en volgens Fourie, 1975, p. 124, is dit "information a communicator gets from his destination after they have received the communication and from which the communicator can determine the measure of success he has achieved in terms of the objectives".) Die koerant kan sy aanklank deur die briewe van lesers bepaal.

Vir die verbintenis koerant teenoor leser, is die koerantman die kommunikator en die leser die bestemming. Dit kan egter gebeur dat die koerantman die kommunikator se boodskap oordra en dan nie kommunikator is nie. 'n Koerantman kan byvoorbeeld verslag doen van 'n toespraak deur die Minister van Onderwys. 'n Onderwyseres se man lees die berig en vertel dit aan sy vrou. In dié geval is die Minister van Onderwys die kommunikator, want hy het die kommunikasieboodskap geformuleer en betekenis daaraan gegee. Die koerantman is die kommunikeerder - hy dra net die boodskap deur middel van die koerant oor. Die onderwyseres se man is ook 'n kommunikeerder - hy dra die boodskap aan sy vrou oor. Die onderwyseres is die bestemming. Die boodskap van die kommunikator is aan haar gerig.

In dié studie word die koerantman egter deurgaans as die kommunikator en die leser as die bestemming beskou, omdat die koerantman in der waarheid self aan die boodskap betekenis gee wanneer hy die berig skryf. Hoewel die koerantman met 'n

ander kommunikator se boodskap werk, is hy self besig om betekenis te formuleer as hy eersgenoemde boodskap in koeranttaal omskep. Behalwe Afrikaanse toesprake waaroor die koerantman verslag moet doen, moet hy ook toesprake uit vreemde tale vertaal (vergelyk 3.7), en hier moet hy dan veral betekenis aan die boodskap gee deur die oorspronklike boodskap in die Afrikaanse idioom te stel.

Die geslaagdheid van kommunikasie deur middel van die koerant hang in groot mate af van die vorm waarin die boodskap gegiet word. Die boodskap moet in eenvoudige verstaanbare én aanvaarbare taal aan die bestemming gebring word (vergelyk hoofstuk 4 vir 'n praktiese bespreking hiervan, en 1.5). Die aanbieding en ordening van die taal, dit is die tipografiese versorging van die koerant, is ook in groot mate verantwoordelik vir die geslaagdheid van kommunikasie. Al is die taal verstaanbaar én aanvaarbaar, sal kommunikasie nie slaag as die lettertipe baie klein en onleesbaar is of die berigte so bont op die blad geplaas is dat die bestemming dit nie maklik kan lees nie.

2.1.2 Die kommunikasieproses

Hoewel die proses van die oordrag van betekenis, dit wil sê kommunikasie, staties beskryf word, is dit 'n dinamiese proses waarin die kommunikator en die bestemming gelyktydig besig is (Wenburg & Wilmot, 1973, p. 7). Die proses beïnvloed die kommunikator en die bestemming sodanig dat die verandering in die kommunikator en die bestemming vir alle toekomstige gebeure geld, en alle toekomstige kommunikasie beïnvloed (Mortensen, 1972, p. 14).

Die kommunikasieproses word meestal deur middel van 'n kommunikasiemodel beskryf. Die model is egter staties, terwyl die proses dinamies is. Barnlund se model is die bevredigendste en dui kommunikasie aan as 'n oorganklike proses wat dinamies, aanhoudend, ingewikkeld, onherroeplik en onherhaalbaar is (Wenburg & Wilmot, 1973, p. 53).

Die proses is oorganklik want die kommunikator en die bestemming is gelyktydig besig met die formulering, oordrag en vertolking van die boodskap (Wenburg & Wilmot, 1973, p. 5). Albei is dus gelyktydig besig om betekenis aan die boodskap te gee en betekenis uit die boodskap te haal. Die proses is dinamies omdat dit die kommunikator en die bestemming se sin vir die verlede, hede en toekoms verander. Ná die proses sal die kommunikator en die bestemming nie weer dieselfde wees nie omdat nuwe inligting bygekom het. As hulle nou aan iets in die verlede dink, sal dit (miskien onbewus) gekoppel word aan die voorafgaande proses; dieselfde met 'n nuwe gebeurtenis of 'n gebeurtenis in die toekoms.

Die mens is in sy totaliteit bewus en aktief in die proses betrokke en reageer nie net op 'n stimulus nie (Mortensen, 1972, p. 16).

Die kommunikasieproses vind nie in 'n lugleegte plaas nie, maar staan altyd in 'n sekere verband (dit kan ook milieu genoem word) (Mortensen, 1972, p. 20).

Dié verband waarin die kommunikasieproses plaasvind, kan ook beskryf word as aanduidings (volgens Wenburg & Wilmot, 1973, p. 52, "cues" of "signals") wat op die kommunikator en

die bestemming inwerk.

a. Eerstens is daar openbare aanduidings. Dit is die elemente in die onmiddellike omgewing, soos die natuur, binneversiering, politieke atmosfeer in 'n land, temperatuur, ensovoorts. Die kommunikator én die bestemming ervaar dié aanduidings, maar elkeen vertolk dit op sy eie manier (Wenburg & Wilmot, 1973, p. 52). Dié aanduidings het ook 'n invloed op die kommunikator (in die geval die koerantman) se kommunikasie met sy bestemming (in die geval die leser). As die leser te koud kry, die lig te skerp is of die politieke klimaat van sy land hom vir sekere beskouings gevoelig maak, sal dit die kommunikasie beïnvloed.

b. Die persoonlike aanduidings, wat ook die mens se waarnemingsveld (Trent e.a., 1973, p. 60) genoem word, werk op die kommunikator en die bestemming in. Die blywende persoonlike aanduidings is die mens se verwysingsraamwerk wat bestaan uit houdings, waardes en sy agtergrond. Die mens bou sy verwysingsraamwerk op uit al sy ervarings in die verlede en bou sy toekomstige ondervindings op dié kennis. Die mens se verwysingsraamwerk bly onveranderd ongeag die verandering van onmiddellike omgewing.

Die minder-blywende aanduidings is die mens se waarneming van sy omgewing. Dit is die omgewing van fisiese dinge, soos mense, tyd en gebeure, asook die mens se beeld van homself in verhouding tot ander en die mens se beeld van ander in verhouding tot homself. Dié aanduidings verander natuurlik soos wat die mens se omgewing verander.

c. Die <u>verbale gedragsaanduidings</u> is die werklike woorde van die boodskap. Dié aanduidings is die duidelikste sigbaar en waarneembaar deur die kommunikator en die bestemming.

Die studie is hoofsaaklik daarop toegespits om die kommunikasieproses te laat slaag deurdat die verbale gedragsaanduidings só deur die bestemming verwerk word soos wat die kommunikator bedoel het. Die leser moet dus verstaan wat die koerantman bedoel het.

Die kommunikasieproses word baie vereenvoudig as dit gesien word as 'n proses waarin die kommunikator 'n boodskap opstel en dit deur middel van 'n kanaal (waarin "geraas" kan voorkom - dit word ook hindernisse in die kommunikasieproses genoem) aan die bestemming oordra.

Die kommunikasieproses is egter ingewikkeld en is nie 'n proses waarin die een handeling op 'n ander handeling volg nie. Die kommunikator én die bestemming is gelyktydig besig met die opstel, oordrag en vertolking van die boodskap. Albei is gelyktydig besig om die openbare, persoonlike, verbale en nieverbale gedragsaanduidings te verwerk en daarop te reageer.

Kommunikasie kan nou soos volg omskryf word: "Kommunikasie (poging om betekenis te kry) is 'n persoonlike, oordragtelike proses. Persoonlik omdat die betekenis of begrip wat ons verkry, anders is by elk van ons, oordragtelik omdat ons pogings om begrip te verkry, terselfdertyd tekens bied wat deur ander begryp kan word. Dit is 'n proses omdat ons voortdurend probeer, bewustelik of onbewustelik, om te verstaan. Die begin en die einde van die proses kan nie vasgestel

word nie; die proses word beïnvloed deur alles wat voorafgaan en alles wat daardeur voorafgegaan word" (De Jager, 1977, p. 28).

2.1.3 Soorte kommunikasie

Volgens kommunikasiekundiges vind kommunikasie op die volgende gebiede plaas, naamlik op intrapersoonlike vlak, op interpersoonlik vlak, kommunikasie in die klein groep, kommunikasie in die groot groep en massakommunikasie. Vir dié studie is net intrapersoonlike kommunikasie en massakommunikasie van belang.

2.1.3.1 Intrapersoonlike kommunikasie is die grondslag van alle menslike kommunikasie en is altyd teenwoordig. Dit is die mens se kommunikasie met homself en daarom is dié kommunikasieproses ook in alle ander kommunikasieprosesse teenwoordig (Wenburg & Wilmot, 1973, p. 20). Dit is op hierdie vlak waar die kommunikator sy betekenis formuleer en in taal gestalte gee. Dit is ook op hierdie vlak waar die bestemming die kommunikator se aanvanklike betekenis uit die boodskap moet haal.

Intrapersoonlike kommunikasie word gebruik as versamelterm vir die mens se vermoëns om betekenis uit die boodskap te haal. Hierdie vermoëns omvat onder meer denke, waarneming, vertolking, soos beïnvloed deur die mens se verwysingsraamwerk, en die psigiese en fisiese toestand van die mens op 'n bepaalde tydstip. (Vergelyk 2.1.2. Vir 'n volledige uiteensetting van intrapersoonlike kommunikasie vergelyk Mortensen, 1972, p. 69-123.)

2.1.3.2 Massakommunikasie

Vir 'n vollediger bespreking van kommunikasie deur middel van die massamedia vergelyk hoofstuk 3.

2.1.4 Hindernisse in die kommunikasieproses

Kommunikasie misluk as hindernisse die proses binnedring. Dié hindernisse word volgens Parry se indeling bespreek.

2.1.4.1 Die bestemming se beperkte vermoë

Elke mens het 'n beperkte vermoë om inligting te ontvang. Of die mens in staat is om aanhoudend inligting op te neem, hang van dié vermoë af. Dié vermoë is die spoed waarteen hy inligting kan ontvang en sy vermoë om die inligting te vertolk. Hoe meer agtergrondinligting die mens versamel het en hoe hoër sy intelligensie is, hoe makliker kan hy die nuwe inligting verwerk. Die mens se langtermyn-geheue beïnvloed natuurlik die verwerking van nuwe inligting, wat in dié geval die vertolking van die kommunikasieboodskap behels. Kommunikasie misluk as die hoeveelheid nuwe inligting meer is as die mens se vermoë om dit te verwerk (Parry, 1967, p. 86).

Kommunikasie deur middel van die koerant misluk as die bestemming te veel inligting of weersprekende inligting op een slag kry en dit nie kan verwerk nie.

Tog kan die bestemming die koerant neersit en weer oor die

---

PARRY, J. 1967. The psychology of human communication. Londen, University of London Press. 248p.

inligting nadink as hy dit nie onmiddellik kan verwerk nie. Maar omdat die bestemming vandag nie meer tyd het om dit te doen nie, moet die berig onmiddellik deur die bestemming verstaan word. (Dit beteken natuurlik nie dat dit verkeerd sou wees as die berig die bestemming/leser tot nadenke stem nie.) Die koerantman moet dus so skryf dat die leser, maak nie saak hoe dik die koerant is nie, die berig onmiddellik verstaan. Die koerant het dus die voordeel dat die bestemming die kommunikasieboodskap op sy eie tyd kan verwerk sodra hy weer gereed is om nuwe inligting te ontvang.

2.1.4.2 Geen of swak ontvangs van die boodskap

Vreemde faktore wat inmeng met die ontvangs van die boodskap trek die aandag van die boodskap af en daarom word die boodskap glad nie of swak ontvang. Dié hindernis het niks te doen met die boodskap se inhoud of die mens se vermoë om dit teen 'n sekere spoed te vertolk nie.

Die ontvangs van die boodskap kan belemmer word deur 'n stimulus wat 'n groot ooreenkoms met die boodskap toon. Omdat dit nie heeltemal uit verband is nie, is dit moeiliker vir die bestemming om dié stimulus te ignoreer (Parry, 1967, p. 89).

Sekere toestande in die omgewing veroorsaak spanning en kan dus die aandag van die boodskap aftrek. Dit behels byvoorbeeld temperatuur, vogtigheid, lugversorging, geraas en skerp lig. Die mens verskil egter baie in sy reaksie op die omgewing. Daarom is dit moeilik om die invloed hiervan op die ontvangs van die boodskap noukeurig te bepaal (Parry, 1967, p. 89).

Innerlike spanning kan tydelik of permanent wees en het 'n invloed op die ontvangs van die boodskap. Tydelike toestande is byvoorbeeld slaaploosheid, siekte, die invloed van dwelms, sintuiglike verwaarlosing en buie. 'n Permanente toestand is onder meer 'n ooggebrek en doofheid (Parry, 1967, p. 89). Dit is egter buite die koerantman se vermoë om die hindernis te probeer ophef sodat kommunikasie kan slaag.

Die boodskap kan nie ontvang word as daar byvoorbeeld onkunde van die taalmedium is nie. As die bestemming byvoorbeeld geen Afrikaans ken nie, sal die kommunikasie misluk. Hier is boodskapinhoud of verstandsvermoë nie ter sprake nie (Parry, 1967, p. 90).

2.1.4.3 Die onvermelde voorveronderstelling

Misverstand kan voorkom as die kommunikator 'n voorveronderstelling maak en meen dis onnodig om dit te verduidelik. Dié voorveronderstelling kan 'n enkele woord, frase of selfs 'n hele besprekingspunt wees (Parry, 1967, p. 91). As die bestemming nie weet wat die kommunikator se voorveronderstelling is nie, sal die kommunikasie misluk.

In die geval van 'n koerant kan die kommunikasie misluk as die leser (die bestemming) nie die voorveronderstelling, of selfs net die betekenis van 'n enkele woord, ken nie. Sy denke raak verward en verskerpte aandag sal nie die probleem oplos nie. Die koerantman moet dus altyd sy taal so kies dat die leser dadelik weet wat hy bedoel en nie verward raak nie.

2.1.4.4 Verskillende skemas

Die mens bring aaneenlopendheid in sy ervaring deur nuwe inligting in verband met die opgebergde inligting te bring. Die gestemdheid en houding wat die mens se ontvangs van nuwe inligting raak, kan beskryf word as die mens se skema. Deur sy skema neem hy die wêreld om hom waar (Parry, 1967, p. 97).

Elke mens reageer anders op sy omgewing. Daarom verskil die skemas. Die mens neem sy omgewing onder meer waar deur die inligting wat hy deur middel van die koerant kry (vergelyk 3.3.1.1). Hoewel die koerant dieselfde inligting oordra, sal mense die inligting verskillend verwerk omdat hul skemas verskil.

Iemand se skema kan meestal verstandelik wees en daarom sal hy meestal meer rasioneel redeneer, terwyl 'n ander se skema meestal emosioneel is. Hier speel die mens se voorkeur 'n rol. Hier sal die emosie sterker na vore tree. Sommige mense reageer egter nie altyd verstandelik of altyd emosioneel nie, maar kan verskillend in verskillende situasies optree (Parry, 1967, p. 100).

Dié hindernis kan by die koerant veral na vore kom as die inligting op so 'n manier aangebied word dat dit in stryd is met die leser se skema. Dit is dus nie vir die leser aanvaarbaar nie. Daar is koerante wat sterk op die mens se emosie staatmaak. In dié geval sal 'n leser hom van die berig afsluit, of nie die koerant koop of lees nie. Die kommunikasie het dus nie geslaag nie.

2.1.4.5 Indringing in die kommunikasieproses

Projeksie, identifikasie, onderdrukking van sekere gevoelens en sosiale taboes kan onbewustelik of bewustelik in die kommunikasieproses indring en dit laat misluk of dit hinder (Parry, 1967, p. 108).

Bogenoemde faktore beïnvloed die ontvangs van die boodskap, hoewel dit niks met die gehalte van die boodskap te doen het nie. Die koerant het dus nie beheer hieroor nie.

2.1.4.6 Verwarrende aanbieding

Dit is seker dié hindernis wat die beste deur die koerant voorkom kan word. Dit behels onder meer bladuitleg, tipografie, die werklike woorde van die kommunikasieboodskap (vergelyk hoofstuk 4). Parry noem 'n hele paar riglyne waardeur die verwarrende aanbieding uitgeskakel kan word. Dit word nie hier behandel nie, aangesien dit later breedvoerig bespreek word.

2.1.4.7 Afwesigheid van kommunikasiemedium

In die geval van die taal van die koerant speel dié hindernis nie 'n rol nie. As die koerant nie beskikbaar is nie, het die taal daarvan in elk geval geen invloed nie.

2.1.5 Samevatting

Die hoofdoel van die koerant is die oordrag en verkryging van betekenis. Dié doel word verrig deur die beriggewing van nuus. Vir die koerant is die doel oordrag, en vir

die leser van die koerant (wat homself verbind het deur die koerant te koop) verkryging van betekenis.

Die samebindende faktor tussen die koerant en die leser is taal. Die taalbehartiging in 'n koerant moet dus, ongeag watter skool van kommunikasiekunde aangehang word, die kommunikerende mens as totale mens én as individu in ag neem.

Die betekenisverkryging lê in die mens self. Die individu moet die betekenis uit die boodskap haal - teen die agtergrond van sy verwysingsraamwerk, sy persoonlikheid, sy vermoëns en die situasie waarin hy hom bevind. (Vergelyk 2.1.2.) Daarom moet die taal waarin die koerant geskryf word, aanspraak maak op die individu as totale mens.

Hoewel die koerant vir 'n onbekende individu skryf (vergelyk 3.1.1), moet die taal vir soveel moontlik mense met dieselfde kommunikasiemoontlikhede toeganklik wees. Die koerant moet dus 'n gemiddelde verstaanbare taal handhaaf sodat die man wat net in standerd ses geslaag het én die professor albei die taal kan verstaan, en dus betekenis uit die kommunikasieboodskap kan haal. Die taal moet ook aanvaarbaar wees. Vergelyk 1.5, 2.2 en 2.3.

## 2.2 Begripsomskrywing van taal

Taal is die uitdrukkingsmiddel van 'n bepaalde volksgemeenskap en "dus terselfdertyd die medium waardeur alles wat vir jou dierbaar is aan ander kenbaar gemaak kan word: jou hele kultuur, wat beteken die totale erfenis van baie geslagte soos tot op daardie tydstip... Elke volk of nasie wat die naam

'volk' waardig is, het 'n eie taal. Die taal dien as simbool van die nasionalisme van so 'n volk" (Van der Merwe, 1966, p. 214).

Hierbÿ sluit Odendal aan as hy sê taal ontstaan altyd en bly altyd voortbestaan binne 'n bepaalde sosiale groep. Dit is 'n bindmiddel wat die lede van so 'n groep bymekaar hou en ten diepste beïnvloed (Odendal, 1973, p. 13). Tog moet daar ook in gedagte gehou word dat taalgebruik, hoe sosiaal ook al, 'n persoonlike, individuele saak is, wat sy ontstaan by 'n individu het (Odendal, 1973, p. 14).

Daar kan dus gesê word dat die taal van 'n volk die uitdrukkingsmiddel van daardie bepaalde volk se kultuur is. Daarom gebeur dit ook dat sekere woorde (wat begrippe in die kultuur van die volk benoem) byna nie in 'n ander taal (dit wil sê kultuur) vertaal kan word nie. Sulke woorde word dan regstreeks oorgeneem, byvoorbeeld "indoena".

---

VAN DER MERWE, H.J.J.M. 1966. Taalbeïnvloeding en taalvermenging. (In Van der Merwe, H.J.J.M., red. Inleiding tot die taalkunde. Pretoria, Van Schaik. p. 214-236).

ODENDAL, F.F. 1973. Aspekte van taal. Kaapstad, Nasou. 79p.

Botha (1978, p. 10) gee die volgende pragtige beskrywing van Afrikaans: " Die Afrikaanse taal is die draer van die Afrikaanse (volksgedagte). Daarin kom die heersende kultuuretos in die volksbestaan die duidelikste tot uitdrukking. Die Afrikaanse taal is die draer van die gemeenskaplike, tradisioneel verworwe en oorgelewerde kennisbesit van die Afrikanervolk. In die taal kom die volksbewussyn van die volk onder meer tot uitdrukking.

"In en deur die Afrikaanse taal word die kennis aangaande die Afrikanervolk, sy geskiedenis, sy vaderland, die roeping van die volk ten opsigte van die versorging van die vaderlandspotensiaal, die siening van die lewe, wêreld, mens en maatskappy, die oortuiging aangaande die kulturele eindbestemming van die volksbestaan, soos dit alles gewortel is in die oorwegend Calvinistiese religieuse grondmotief van die Afikanervolk, gedra, openbaar gemaak en deur die proses en enkulturasie van geslag tot geslag oorgedra."

## 2.3 Taal as kommunikasiemiddel

Daar kan egter kwalik na taal gekyk word as dit nie in die breë verband van kommunikasie gesien word nie. Taal is kommunikasiemiddel. Derhalwe geld die doel van kommunikasie, naamlik die oordrag van betekenis, ook in die geval van taal.

---

BOTHA, M.E. Partikuliere volksorg in die Afrikaanse volkskultuur - aangehaal deur
VILJOEN, D.J. 1978. Moedertaal, kosbare kultuurskat. Handhaaf, 15(6):7-15, Julie.

Van der Merwe (1966, p. 256) noem taal "'n sisteem van konvensionele tekens van spraakklanke wat gebruik kan word as kommunikasiemiddel tussen lede van dieselfde taalgemeenskap". In dié omskrywing word taal egter myns insiens vereng tot 'n sisteem van spraakklanke en word daar nie genoeg klem op die kommunikasiefunksie gelê nie.

Van den Toorn (1974, p. 11) gee hieraan meer aandag as hy sê taal is 'n samehangende geheel van middele, wat in die vorm van vrywillig voortgebragte geluide die mens help om 'n medemens te verstaan. (Verstaanbaarheid kom hier ook sterk na vore.) Hy sê verder: "Belangrijk is voorts het communicatieve aspect van de taal: ze dient om de mensen onderling te laten communiceren".

Die primêre funksie van taal is die totstandbringing van kommunikasie tussen mense, en dan natuurlik tussen mense van dieselfde groep (meestal volk). In normale omstandighede, in die normale omgang, word taal gebruik om met mekaar in verbinding te tree, om kennis of inligting oor te dra. "Taal is dus primêr 'n kommunikasiemiddel, dit is in eerste instansie gerig op oordrag..." (Odendal, 1973, p. 12).

Taal is nie net kommunikasiemiddel nie, dit is ook dié kommunikasiemiddel by uitstek. Die ander kommunikasiestelsels bly

---

VAN DER MERWE, H.J.J.M. 1966. Inleiding tot die taalkunde. Pretoria, Van Schaik. 271p.

VAN DEN TOORN, M.C. 1974. Nederlandse taalkunde. Utrecht, Het Spectrum. 206p.

beperk tot die enkeling (byvoorbeeld mimiek) of tot enkele opgeleides (byvoorbeeld die Morse-kode). Geeneen van hierdie stelsels het die universaliteit van taal nie, en het ook nie die struktuur nie, behalwe waar dit regstreeks op taal gegrond is (Odendal, 1973, p. 13).

### 2.3.1 Doel van taalkommunikasie

Die kommunikasiemodel (vergelyk 2.1.2) moet ook op kommunikasie deur middel van die taal of taalkommunikasie toegepas word. Die taalkommunikasiemodel word ook staties beskryf, hoewel taalkommunikasie 'n dinamiese proses is. Dieselfde aanduidings as in die kommunikasieproses (vergelyk 2.1.2) werk op die kommunikator en die bestemming in en beïnvloed albei se sin vir die hede, verlede en toekoms.

Daarby kan taalkommunikasie ook nie slaag as die boodskap nie deur die bestemming ontvang en vertolk is nie. Die doel van taalkommunikasie is dus die oordrag van betekenis. Kommunikasie deur middel van taal moet dus verstaanbaar wees.

Omdat dit gaan om die oordrag van inligting of bekendstelling, moet die mededeling (boodskap) die nodige inligting "presies onder woord bring" (Eksteen, 1976, p. 4).

---

EKSTEEN, L.C. 1976. Geledinge van die woordeskat. Nuusbrief van die Suid-Afrikaanse Studiegroep vir Taalonderrig, 10(2):2-12, Julie.

"Wat korrekte taalgebruik is, is enersyds 'n verwikkelde aangeleentheid en andersyds uiters relatief en sal slegs bepaal kan word binne 'n totale kultureel-kommunikatiewe raamwerk" (De Bruto, 1978 a, p. 24). De Bruto beklemtoon die kommunikasiefunksie van taal as hy sê wat taalgebruik betref, moet die uiting kommunikatief wees, dit wil sê dit moet primêr verstaanbaar, grammatikaal en aanvaarbaar wees.

"Maar, taalgebruik is nie net kommunikasie nie, dit is ook 'n vorm van sosiale gedrag. En net soos alle ander vorme van sosiale gedrag, bv. die dra van sekere klere of 'n sekere haarstyl, is die gebruikte taal onderhewig aan goed- of afkeuring deur toonaangewende (en minder toonaangewende) individue en groepe mense" (Combrink, 1978, p. 11).

Hierby sluit De Bruto (1978 b, p. 12) aan (ek haal volledig aan): "Dit is egter wél so dat kommunikasie (wat die blote oordrag van inligting as sodanig) betref, nie noodwendig belemmer hoef te word as 'n taal (Afrikaans) deurspek is met Engelshede en Anglisismes nie. Met dié argument kom baie mense in die trant van: 'Why worrie, ons kommunikeer mos'. Tog kan dieselfde persoon wat só praat maklik hewig ontstel word deur enkele modderspatsels op sy skoenpunte, en is sy huis se geute nie afgedop en geroes nie.

---

COMBRINK, J.G.H. 1978. Anglisismes - op wie se gesag? Handhaaf, 15(6):11-14, Julie.

"Die punt is net dat taal méér is as blote inligtingsoordragmiddel ... dit is KOMMUNIKASIEMIDDEL in die wydste sin. Dit is dus geestesbesit, kultuurbesit en eiebesit van die hoogste orde.

"(Net soos 'n mens jou erfenis, en veral jou kultuurerfenis ... in besonder dié wat duidelik materiële vorm aangeneem het, bv. die ou stoel of motorkar ... vertroetel, so ook, en soveel te meer jou taal, jou hoogste kultuurerfenis...)."

Taal, as kultuurerfenis, moet dus deur die volk vir sy nageslag bewaar word. Dit is egter nie die enigste rede waarom taal aanvaarbaar moet wees nie.

Taal moet ook aanvaarbaar wees vir diegene met 'n aanvoeling vir taal (vergelyk 1.3, 1.5 en Combrink se "toonaangewende mense") om onregstreeks aan die kommunikasiefunksie te voldoen.

As die bestemming (in dié geval die leser van die koerant) die taal nie aanvaar nie, al verstaan hy dit, hinder die "swak" taalgebruik hom. Hy ontwikkel 'n negatiewe gesindheid, en sluit hom van die kommunikasie af. Onaanvaarbaarheid beïnvloed dus onregstreeks ook die geslaagdheid van kommunikasie.

Daar kan dus gesê word taal moet verstaanbaar wees omdat dit regstreeks moet kommunikeer. Tweedens moet taal aanvaarbaar wees omdat dit kultuurerfenis is wat bewaar moet bly, én omdat dit onregstreeks moet kommunikeer.

## 2.3.2 <u>Die betekenis van die kommunikasieboodskap</u>

Dit is egter nie altyd so maklik om die kommunikasie "presies onder woord te bring" nie. Taalkommunikasie is 'n baie persoonlike proses. Wat vir die een mens presies sê wat hy bedoel, kan vir die ander onduidelik wees.

Onder taalkundiges, sielkundiges en kommunikasiekundiges is daar nog nie eensgesindheid bereik oor waar die betekenis van die woord lê nie. Vroeër het taalkundiges geglo dat die betekenis slegs in die woord opgesluit lê. Vandag is daar al hoe meer besinning oor hierdie saak en sluit die teorie van die taalkundiges al hoe meer aan by dié van die kommunikasiekundiges en die sielkundiges.

Rudolph (1977, p. 119) sê die volgende: "Die Teorie van Informasie beweer lankal (en aanvanklik met baie weerstand van die kant van taalgeleerdes af) dat woorde as sodanig NIE betekenisse het nie, maar dat betekenisse opgesluit lê in die ontvanger van die boodskap se senustelsel. Daarom kan jy kwaad word vir iemand anders se blote <u>woorde</u>, vir die geluide wat hy maak. Die uitdrukking <u>woorde het betekenis</u> is self 'n voorbeeld van foutiewe waarneming. Die <u>woord</u> is die fisiese waarneembare sein wat deur die ontvanger, nes enige ander sintuiglike prikkel, verwerk moet word tot waarneming, bewuste singewing. Die singewing is 'n interne aangeleentheid, gevolg van die woord se aanslag op die oor; nou kry die woord die skuld van betekenisdraer te wees!"

---

RUDOLPH, C.F. 1977. Taal as werktuig. <u>Onderwys-bulletin</u>, XXI(2):110-124, Aug.

Hiermee stem Van der Walt (1976, p. 10) saam as hy sê: "Dit is dus veilig om te sê dat die betekenis van woorde nie in die klankvorm of in die kode lê nie, maar by die bron, dit wil sê die denke van die sender, en by die denke van die ontvanger berus."

Volgens hom bestaan kommunikasie nie deur die oordrag van betekenis nie. "Betekenisse is nie oordraagbaar nie. Net boodskappe is oordraagbaar en betekenisse lê nie in die boodskap nie, maar in die gebruikers van 'n boodskap" (Van der Walt, 1976, p. 10).

Die mens word gebore in 'n wêreld sonder betekenis en hy gee betekenis aan sy omwêreld deur ondervinding. Kommunikasie hou op sodra betekenis voldoende is en hervat sodra nuwe betekenis verlang word. Volgens Barnlund lê die betekenis in die kommunikator en is die woorde van die boodskap belangrik. Hy beskou die geestestoestand van die bestemming, sy veronderstellings en behoeftes egter as van die grootste belang. Die inslag van enige boodskap word bepaal deur die fisiese, persoonlike en sosiale konteks, met die geestestoestand van die bestemming as die belangrikste aspek (Trent e.a., 1973, p. 45).

Ek stem nie met bogenoemde skrywers saam nie, en hou voor dat die betekenis van 'n woord in die woord self én in die bestemming lê. Die bestemming gee betekenis aan die woord

---

VAN DER WALT, C.P. 1976. Kommunikasie: taal en onderwys, twee belangrike momente daarvan. In <u>Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO</u>. Reeks H, Inougurele redes, nr. 9. 15p.

deur sy sinvol waargenome konteks (byvoorbeeld die plek, tyd en omgewing) en deur sy verwysingsraamwerk. Laasgenoemde sluit sy hele menswees in.

Dié siening sluit aan by Eksteen (1976, p. 7) se konnotatiewe betekenistipe. Dié betekenis, dit word ook die assosiatiewe betekenis genoem, word uit ervaring aan die woord geheg. Die betekenis is beweeglik en veranderbaar, of onstabiel.

Konnotasie staan dus nie in verband met die wesenlike aspekte van taal nie, maar met die gebruik van taal om uitdrukking te gee aan die ervaring van die werklike wêreld (Eksteen, 1976, p. 8).

Verder lê die betekenis van die woord volgens skryfster óók in die woord self. As dit nie geval was nie, sou die mens nie kon kommunikeer nie. Daar sou geen vaste stelsel (naamlik taal) gewees het waarmee die mens betekenis aan sy omwêreld kon heg nie. Eksteen (1976, p. 7) noem dit die denotatiewe (ook kognitiewe of konseptuele) betekenis. Dit is die onveranderlike en vaste kenmerke van betekenis. Hierdeur word 'n woord van elke ander woord afgegrens en kry dit 'n bepaalde betekenis wat vir alle mense van dieselfde taalgroep dus dieselfde betekenis het.

Eksteen (1976, p. 8) noem die volgende voorbeeld: "Die woord man, of die kategorie deur man benoem, kan denotatief van alle ander kategorieë onderskei word deur die kenmerke MENSLIK, MANLIK en VOLWASSE. Maar die referent man kan 'n hele aantal attribute bevat, byvoorbeeld fisiese kenmerke soos 'met baard aan die gesig', 'met 'n plat bors';

psigologiese kenmerke soos 'met 'n vaderlike instink', en sosiale kenmerke soos 'lief vir groepsverkeer' ... En dan is daar nog 'n reeks veronderstelde of vermoedelike attribute wat berus op die sienings van 'n individu, of van 'n sosiale groep of van 'n hele maatskappy. Sulke kenmerke is onder meer: 'sterk, dapper, onemosioneel, rasioneel, getrou', asook 'wreed, oorheersend en sonder medelye'."

Die veronderstelde of vermoedelike attribute wat berus op die sienings van 'n individu of 'n groep, is dus konnotatiewe betekenis. Dit wil sê die betekenis word volgens Eksteen deur die bestemming aan die woord geheg.

### 2.3.3 Woord en term

Hoewel die betekenis van die woord bespreek is, is dit raadsaam om te onderskei tussen die begrippe woord en term.

Die woord het meerduidige betekenis, dit wil sê die speling van betekenis is groot. Die woord is volksgoed (dit word in die volksmond gebruik), algemene besit, veelduidig in betekenis en algemeen bruikbaar, "vloeiend soos lopende water" (De Bruto, 1978 b, p. 2). Die woord is meestal van Germaanse oorsprong en daarom volgens skryfster meer aanvaarbaar as die term, wat van Romaanse oorsprong is. (Vergelyk 4.3.2.9.)

Die term is 'n een-eenduidige woord wat vir 'n bepaalde vakgebied gebruik word. Die gebruik is presies, dit wil sê daar is geen speling van betekenis nie. Die Bruto (1978 b, p. 2) omskryf dit soos volg: "die term (is) nie-volksgoed, (een-) eenduidig in betekenis; dus op wetenskaplike wyse

goed gedefinieer en slegs bruikbaar (amper soos 'n óórgeteelde bul) binne sy bedoelde vakgebied - solied soos 'n blok geysde water".

Volgens De Bruto (1978 b, p. 3) gebeur dit algemeen dat die term die volksmond binnedring en woord word. Hy noem die voorbeeld van die terme "idioot" en "moroon". "Idioot" is as term in die sielkunde 'n mens met 'n laer intelligensie as 'n moroon. Die volksmond het die terme egter omgeruil. Hy skryf dit daaraan toe dat elke tweede mens 'n idioot genoem word (slegs elke vierde een 'n moroon) en daarom verloor dié emosioneel-gelaaide woord sy trefkrag. Dit onderskei nou nie meer voldoende tussen die gewone en die ongewone mens nie. Nou moet die term "moroon" die funksie oorneem.

### 2.3.4 Primêre en sekondêre taalgebruik

"Taal is klank, en toe die mense in die oertyd vir die eerste maal spraakklanke neergeskryf het, was dit waarskynlik die grootste kultuurprestasie in die geskiedenis van die mensheid. Die mees kenmerkende verskil tussen primitiewe en beskaafde volke is dat alleen laasgenoemdes oor 'n geskrewe taal beskik. Die klank is primêr en die skriftekens waarmee dit op papier of iets anders weergegee word, is sekondêr. Die eerste kan sonder die tweede bestaan; maar die teken kan nie daar wees as die klank nie eers daar was nie" (Die juiste woord; klank en teken. Die Burger, 4/11/76).

Dié aanhaling uit Die Burger se taalrubriek gee in alledaagse woorde die verskil tussen die primêre en sekondêre taalgebruik weer.

De Bruto (1978 a, p. 29) verwys na die primêre taalgebruik as die ouditoriese (klanklike) en die sekondêre taalgebruik as die visuele (skriftelike). Die sekondêre taalgebruik is 'n poging tot 'n afbeelding van die primêre taalgebruik in tegniese sin. By die sekondêre taalgebruik "is daar dus bepaalde tegnieke, soos spelling en punktuasie ter sprake, wat nie verwar moet word as taal en taalgebruikskwessies nie, maar wat tog nogtans belangrik is by 'n beoordeling van taalversorging oor die algemeen.

"Daar moet dus onderskei word tussen taalgebruikskwessies wat voortvloei uit die wese van taal, en dié kwessies wat gekoppel is aan die skrifkode en wat dus eintlik niks te make het met taal en taalgebruik nie maar met skriftegnieke."

In dié studie gaan dit om koeranttaal, dit wil sê die sekondêre taalgebruik. Die primêre taalgebruik bly dus belangrik waar dit 'n invloed op die skryftaal het.

Sekere woorde en uitdrukkings wat vir die kundige leser onaanvaarbaar is, word miskien daagliks deur die onkundige leser in sy spreektaal gebruik. Tog kan nie gesê word dat dié woorde en uitdrukkings toelaatbaar is omdat dit in die volksmond bekend is nie. Gesproke taal is vervlietend en binne 'n oogwenk verby, terwyl die geskrewe taal weer en weer gelees kan word. Omdat dit op skrif is, wek dit 'n groter indruk by die leser. In dié studie word van die standpunt uitgegaan dat alle taalgebruik wat in druk verskyn aanvaarbaar, dit wil sê "korrek", moet wees. Riglyne vir "korrekte" koeranttaal word in hoofstuk 4 gegee.

# Hoofstuk 3: Massakommunikasie en die koerant

## 3.1 Wat is massakommunikasie?

Volgens Fauconnier (1973 b, p. 156) is massakommunikasie: "het communicatieproces waarbij voorstellingen, gevoelens, feiten of oordelen (boodschap) door één of meerdere personen of groepen van personen (communicator) openbaar gemaakt worden en zonder dat daarbij iemand van het ontvangen uitgesloten wordt (ontvangers)".

Massakommunikasie word van ander kommunikasievorme onderskei deurdat die boodskap op die massa gerig is en nie op die self (intrapersoonlike kommunikasie); die individu (interpersoonlike kommunikasie); die klein groep of die groot groep nie.

In die kommunikasiekunde beteken die term "massa" nie dieselfde as in die sosiologie nie. 'n Massa is volgens die sosiale wetenskappe:
"1. de grote op een bepaalde plaats verzamelde groep mensen met een typerende psychologische nivellering en vervlakking (regressie), en
2. de onzichtbare verstedelijkte massa, samengesteld uit anonieme individuen die onderling weinig interactie vertonen en wier onderlinge relaties sterk gedepersonaliseerd zijn" (Fauconnier, 1973 a, p. 30).

---

FAUCONNIER, G. 1973 b. Massamedia en samenleving; inleiding tot de wetenschappelijke studie van de massacommunicatie. Antwerpen/Utrecht, De Nederlandsche Boekhandel. 202p.

Hoewel die term "massakommunikasie" bo die term "openbare kommunikasie" of "publisistiese kommunikasie" verkies word, beteken dit dus nie dat die kommunikasie aan 'n massa, soos dit in die sosiologie bekend is, gerig word nie, maar bloot dat die kommunikasie deur 'n potensieel onbeperkte aantal mense ontvang kan word (Fauconnier, 1973 a, p. 31). Vir 'n volledige bespreking van die terme "openbare kommunikasie" en "publisistiese kommunikasie" vergelyk Snyman (1971, p. 100-104).

Alle massakommunikasie word in der waarheid individueel gerig en probeer dus regstreeks tot die individu spreek. Daar kan dus gesê word dat die kommunikasie tot die individu in die massa gerig word.

In massakommunikasie het een bron, naamlik die kommunikator, die hoofverantwoordelikheid vir die oordrag van die boodskap (Wenburg & Wilmot, 1973, p. 41). Tog kan die boodskap inderdaad die poging van baie individue wees (Tubbs & Moss, 1977, p. 12).

Dexter & White lê in hul definisie eensydig klem op die tegniese oordrag van die boodskap. Volgens hulle is massakommunikasie sekondêre kommunikasie wat deur een of ander tegnologiese toestel vermenigvuldig word en baie mense beïnvloed (1964, p. 9). Massakommunikasie moet egter volgens die

---

SNYMAN, P.G. 1971. Pers en leser; 'n prinsipiële voorstudie tot die persetiek. Potchefstroom, Pro Rege. 577p.

TUBBS, S.L. & MOSS, Sylvia. 1977. Human communication. New York, Random House. 455p.
DEXTER, L.A. & WHITE, D.M. 1964. People, society, and mass communications. Londen, The Free Press of Glencoe. 595p.

grootte en aard van die gehoor beskryf word en nie volgens die aard van die medium soos Dexter & White nie.

Emery e.a. (1973, p. 5) lê meer klem op die grootte en aard van die gehoor in hul omskrywing: "delivering information, ideas, and attitudes to a sizable and diversified audience through use of the media developed for that purpose".

Volgens Wright (in Tubbs & Moss, 1977, p. 371) is dit nie die tegniese sy van massakommunikasie wat hom van ander kommunikasie onderskei nie, maar die voorwaardes vir massakommunikasie, naamlik die aard van die gehoor, die aard van die kommunikasie-ervaring en die aard van die kommunikator.

### 3.1.1 Die aard van die gehoor

Massakommunikasie word aan 'n groot, heterogene en anonieme gehoor gerig (Wright, 1974, p. 242). Die groot gehoor is 'n gehoor wat in 'n kort tyd blootgestel word en so groot is dat die massakommunikator nie van aangesig tot aangesig met die gehoor kan kommunikeer nie. In die geval van die koerant kommunikeer die massakommunikator deur middel van die koerant met die lesers. Die lesers kry die nuus meestal binne twaalf uur nadat die koerant dit ontvang het. Dié feit vereis die vinnige hantering van nuus deur die koerant.

---

EMERY, E., AULT, P.H. & AGEE, W.K. 1973. Introduction to mass communications. New York, Dodd, Mead & Co. 464p.

WRIGHT, C.R. 1974. The nature and functions of mass communication. (In Civikly, J.M., red. Messages; a reader in human communication. New York, Random House. p. 241-250).

Die gehoor is heterogeen en kommunikasie kan dus nie aan 'n uitgesoekte gehoor gerig word nie. Die gehoor kan uit mense van verskillende ouderdomme, geslagte, opvoedingspeil, omgewing, ensovoorts bestaan. Daar kan dus gesê word dat die gehoor uit mense met uiteenlopende eienskappe bestaan. Die koerante kry uit lesersopnames deur die Persunie inligting oor die ouderdom, geslag, ensovoorts van hul lesers.

Die gehoor is anoniem omdat die individuele lede van die gehoor in die algemeen nie persoonlik aan die kommunikator bekend is nie. Dit beteken nie dat die gehoor sosiaal van ander mense geskei is nie. Hulle kan massakommunikasie in groepe van twee, meer of in organisasies ervaar. Tog kan massakommunikasie deur een mens alleen ervaar word, byvoorbeeld iemand wat alleen radio luister, televisie kyk of koerant lees (Wright, 1974, p. 243). In Suid-Afrika is die lees van Sondagkoerante 'n gesinservaring. Meestal sit die gesin in dieselfde vertrek en lees, die verskillende dele van die koerant word oor en weer uitgeruil. Dit is veral die kommentaar op die nuus en die beriggewing daarvan wat 'n gesinsoptrede is.

### 3.1.2 Die aard van die kommunikasie-ervaring

Massakommunikasie kan beskryf word as openbaar, vinnig en kortstondig (Wright, 1974, p. 243). Die boodskappe kan deur enige lid van die publiek ontvang word, hoewel dit miskien vir 'n sekere groep mense bestem is, byvoorbeeld vroue of die jeug. "Massacommunicatieboodschappen staan dus iedereen ter beschikking, ook al zijn zij door de zender niet expliciet aan iedereen gericht" (Fauconnier, 1973 a, p. 11). Hier word beklemtoon dat die boodskap aan die individu gerig moet

word om te kan slaag. Die gehoor moet nie as 'n massa gesien word nie (vergelyk 3.1 en 3.1.1).

Dié kommunikasie is vinnig omdat die boodskappe bedoel is om groot gehore binne 'n kort tyd te bereik. Dikwels moet dieselfde boodskap groot gehore gelyktydig bereik. Die koerante pas dié beginsel by hul vermoë aan. Dieselfde oorkoepelende boodskap, byvoorbeeld die dood van 'n eerste minister of die begin van'n wêreldoorlog word in een koerant, byvoorbeeld dié van Maandag, 4 Junie 1979, aan die lesers in die stede en op die platteland uitgestuur. Die lesers op die platteland kry egter 'n ander uitgawe as die lesers in die stad. Die koerante word eerste met die beskikbare nuus na die lesers op die platteland gestuur. Sodra "nuwe" nuus bykom, word dit by die volgende uitgawes gevoeg, en omdat daar meer tyd vir verspreiding in die stede is, kry die stedelike lesers die "varser" nuus.

Massakommunikasie is kortstondig omdat dit vir vinnige "verbruik" bedoel is en nie permanent beskikbaar is nie (behalwe vir die berging daarvan, byvoorbeeld filmoteke en videobande). Koerante word byvoorbeeld ná 'n dag weggegooi en word dus vinnig "verbruik". Dit is wel permanent in biblioteke vir naslaanwerk beskikbaar. Tog is dit deesdae al meer en meer die gebruik om koerante op mikrofilm op te neem om biblioteekruimte te bespaar. In dié geval word die koerant self nie permanent geberg nie.

### 3.1.3 Die aard van die kommunikator

Massakommunikasie is georganiseerde kommunikasie. Die kommu-

nikator in die massamedia werk in of deur middel van 'n ingewikkelde organisasie (Wright, 1974, p. 243). Dikwels is die kommunikator die organisasie self. Die boodskap is die gevolg van baie mense se harde werk en dit behels groot finansiële koste. Gewoonlik is die organisasie, veral in Amerika, op winsbejag ingestel (Tubbs & Moss, 1977, p. 372).

In die geval van die koerant werk die kommunikator in 'n groot en ingewikkelde organisasie. Die kommunikator is die verslaggewer wat 'n verslag oor 'n toespraak, 'n berig oor 'n ongeluk of persmededeling skryf. Die kommunikator kan ook die skrywer van 'n weeklikse politieke of taalrubriek wees of die redakteur wat die hoofartikel skryf. Hulle werk almal saam in 'n organisasie, naamlik die koerant. Die uiteindelike produk, die koerant of massakommunikasiemedium, is die gevolg van baie mense se harde werk, nie net van die kommunikators nie. Tiksters, druktelegraaf-operateurs, sekretaresses, setters, drukkers en verspreiders is almal verantwoordelik vir die finale produk. Die koerante in Suid-Afrika moet 'n wins maak om te kan bestaan en om die koste te dek.

### 3.1.4 Aanklank

Tubbs & Moss (1977, p. 373) voeg nog 'n vierde element by Wright se drie voorwaardes vir massakommunikasie. Dit is die beperkte aanklank wat in massakommunikasie moontlik is.

Volgens Tubbs & Moss is aanklank 'n voorwaarde vir massakommunikasie. Hoewel die aanklank nie noodwendig regstreeks of onmiddellik is nie, kan die televisiekykers of koerantlesers reageer deur op te bel of te skryf. Die koerante kry

dié aanklank daagliks deur die briewe wat hulle van lesers ontvang. Die kommunikator kan egter nie altyd bekend maak wat die aanklank is nie, byvoorbeeld weens 'n gebrek aan ruimte. Nie al die briewe wat van die lesers ontvang word, kan in 'n koerant geplaas word nie, omdat daar gewoonlik net op die hoofartikelblad plek vir dié briewe ingeruim word. Hoewel die koerant dus nie altyd die aanklank bekend maak nie, het hy tog 'n goeie maatstaf van wat die aanklank van die gemiddelde leser is.

Nadat die voorwaardes vir massakommunikasie bespreek is, kan massakommunikasie soos volg beskryf word:
Die gehoor in massakommunikasie is betreklik groot, heterogeen en vir die kommunikator anoniem. Massakommunikasie is openbaar, vinnig en kortstondig. Die kommunikator werk deur/of in 'n ingewikkelde organisasie en nie alleen nie. Die boodskap kan die poging van baie verskillende mense verteenwordig. Dit bring groot koste mee. Die aanklank in massakommunikasie is nie regstreeks of onmiddellik nie, maar is wel teenwoordig.

## 3.2 Kenmerke van massakommunikasie

Schramm (1973, p. 115) onderskei massakommunikasie van interpersoonlike kommunikasie op grond van die volgende eienskappe:

### 3.2.1 Die sintuie wat deur massakommunikasie gestimuleer word

Die mens kommunikeer as 'n totale mens van aangesig tot aangesig met 'n ander totale mens. Al die sintuie kan gestimuleer

---

SCHRAMM, W. 1973. Men, messages, and media; a look at human communication. New York, Harper & Row. 341p.

word en in die proses word op die totale mens gereageer. Die sintuie word beperk as iets in die proses indring. Die radio en die telefoon bereik byvoorbeeld net die oor en drukwerk net die oog. Televisie en rolprente bereik die oog en oor. Dié media kan meer as een sintuig op 'n keer stimuleer en daarom meer en vollediger inligting oordra.

Hoewel die totale mens (met al sy sintuie) in interpersoonlike kommunikasie betrokke is, is die massakommunikasiemedia vaardig met die toespitsing van aandag op een sintuig in die produksie en opstel van programme of gedrukte materiaal. Die koerante het deur die jare sekere beginsels opgebou waarvolgens die leser se aandag gou met 'n hoofopskrif of kop getrek moet word (die advertensiewese het dié beginsels al tot 'n fyn kuns ontwikkel). Volgens Broadbent, Travers e.a. kan die mens net deur een kanaal waarneem. Die inligting beweeg net van een sintuig na die brein, terwyl die ander deel van die totale boodskap in die korttermyn-geheue geberg word. Die mens kan dus nie dubbeld soveel inligting gelyktydig deur twee sintuie as deur een verwerk nie. Die voordeel van al die sintuie wat deur interpersoonlike kommunikasie gestimuleer word, weeg dus goed op teen die "nadeel" van die enkele sintuig (of twee) in die massakommunikasieproses (Schramm, 1973, p. 116).

### 3.2.2 Die geleentheid vir aanklank

Die grootste geleentheid vir die vinnige ruiling van inligting word in interpersoonlike kommunikasie aangetref. Tweerigtingkommunikasie is maklik. Daar is voortdurend geleentheid om die kommunikasie te meet, reg te stel, te verduidelik, te

vergroot en om op besware te antwoord. Bogenoemde handeling kan alles in die woord aanklank saamgevat word (vergelyk 2.1.1). As die groep egter vergroot, kan die kommunikator minder aandag aan die lede skenk. Die geleentheid vir aanklank word dus minder (Schramm, 1973, p. 116).

As 'n massamedium soos die koerant tussenbeide tree, word die spoed en die hoeveelheid aanklank beperk. Daarby ontmoedig die afstand en die onpersoonlikheid van die medium ook nog die aanklank (Schramm, 1973, p. 117). Vergelyk ook 3.1.4.

### 3.2.3 Beheer van die tempo

In interpersoonlike kommunikasie kan die mens vrae vra, rigting aan die gesprek gee en die tempo in geringe mate beheer. Die mens lees byvoorbeeld teen sy eie tempo (in die geval van kommunikasie deur middel van die koerant). Die tempo kan egter nie beheer word wanneer daar na die radio geluister of na 'n rolprent of televisie gekyk word nie. Mens kan wel die televisie of die radio afskakel of uit die teater loop of sy aandag laat dwaal, maar hy kan nie die vloei van inligting laat ophou onderwyl hy eers daaroor nadink nie (Schramm, 1973, p. 117).

### 3.2.4 Boodskapkodes

In interpersoonlike kommunikasie is baie van die beskikbare inligting nie-verbaal. Dit sluit die omgewing, tyd en omstandighede waarin kommunikasie plaasvind, in, asook faktore soos gebare, emosionele toestand, ensovoorts. Dit is nie die geval met televisie, rolprente, die radio en drukwerk (wat

koerante insluit) nie. Baie gedrukte kommunikasie word in ortografiese tekens "gekodeer". In televisie en rolprente word dié tekens minder gebruik. In die gedrukte media kan daar dus met abstrakte tekens gewerk word, terwyl gebare, liggaamsbewegings, ensovoorts in die oudiovisuele media (dit is rolprente en televisie) konkreet aangebied kan word (Schramm, 1973, p. 118).

### 3.2.5 Vermenigvuldigbaarheid

Interpersoonlike kommunikasie kan net met groot moeite vermenigvuldig word. Die massamedia kan eenrigtingkommunikasie vermenigvuldig en dit op baie plekke gelyktydig beskikbaar stel. Hierdeur word tyd en afstand te bowe gekom. Die grense van ongeletterdheid word ook oorskry. Vergelyk Schramm (1973, p. 118).

### 3.2.6 Behoud van die boodskap

Interpersoonlike kommunikasie is vinnig verby, so ook die boodskap van die elektroniese media, tensy dit op band vasgelê word. 'n Rolprent- of televisieprogram kan net in die geheue voortleef. Die gedrukte media kan egter idees, feite of foto's behou. Vandag word baie inligting elektronies opgeberg. Dié inligting kan weer maklik teruggekry word deur middel van bande, kopieermasjiene, videobande, ensovoorts (Schramm, 1973, p. 119).

### 3.2.7 Keuring

In interpersoonlike kommunikasie is dit makliker as in massakommunikasie om aandag te vereis en te behou. Dit is onge-

skik om interpersoonlike kommunikasie summier af te breek sonder 'n baie goeie rede. Die televisiestel kan maklik afgeskakel word, so ook die radio. Dit is maklik om uit die teater te stap as jy nie van 'n toneel of rolprent hou nie of om die koerant neer te sit en op te hou lees as die berriggewing jou irriteer of verveel (Schramm, 1973, p. 119). Dié feit moet die koerantman veral in sy taalgebruik in gedagte hou (vergelyk 1.5). Die taal van die koerant moet so noukeurig wees dat dit die leser nie irriteer nie. Die beriggewing van die nuus moet so vars aangebied word dat die leser nie verveeld raak nie.

3.2.8 Behoeftes

Die massamedia kan vinnig en doeltreffend in die algemene inligtingsbehoeftes van die gemeenskap voorsien, byvoorbeeld die weerberig of hoofnuus word vinnig deur die radio, televisie of koerant bekend gemaak. Dié media kan egter nie voldoen aan die spesifieke behoeftes van verskillende mense op verskillende tye of die van 'n paar mense op 'n gegewe tydstip nie. Interpersoonlike kommunikasie kan makliker aan die behoeftes voldoen. 'n Mens kan byvoorbeeld gou aan iemand anders 'n vraag stel oor iets wat hy nie weet nie (Schramm, 1973, p. 120).

Dit word al hoe meer aanvaar dat die mens homself aan die massamedia blootstel omdat hy iets daaruit put. Die mens is dus aktief in die kommunikasieproses betrokke om sodoende sy behoeftes te bevredig. Die teorie van die massamedia, wat beweer dat die mens geen wil het nie, is nie meer ter sprake nie. Die mens is nie passief in die proses nie en reageer

ook nie net op 'n stimulus nie. Die kommunikerende mens as individu kommunikeer ter behoeftevervulling.

## 3.3 <u>Funksies van massakommunikasie</u>

Fauconnier (1973 a, p. 53) bespreek die funksies van massakommunikasie uit twee gesigspunte. In die eerste plek word die funksies bespreek uit die hoek van die invloed wat dit op die bestemming het, en in die tweede plek uit die hoek van die doel van die kommunikator.

### 3.3.1 <u>Die invloed op die bestemming</u>

Die funksies van massakommunikasie volgens die invloed daarvan op die bestemming is volgens H. Lasswell (vergelyk Fauconnier, 1973 a, p. 55 en Wright, 1974, p. 244):

#### 3.3.1.1 <u>Waarneming</u>

Dit is die versameling en verspreiding van inligting oor gebeure, binne en buite 'n betrokke gemeenskap, wat vir die bestemming belangrik is. Dié hantering van nuus staan in die algemeen as beriggewing bekend.

Dié funksie van die massakommunikasiemedia het die positiewe gevolg dat die gemeenskap dikwels gewaarsku word teen bedreigings en gevare in die wêreld, byvoorbeeld oorlog of storms. Danksy die waarskuwing kan die gemeenskap optree.

Ingeligte mense, wat deur middel van die massakommunikasiemedia op die hoogte van sake bly, word in sekere kringe in

die gemeenskap as meningsvormers gereken. Al is die nuus aan almal beskikbaar, is daar net sekere mense wat die moeite doen om op die hoogte van nuuswaardige gebeure te wees. Omdat hulle dan sogenaamd "kundig" is en in die meeste gevalle 'n mening oor die gebeure uitspreek, kry hulle prestige in die gemeenskap. Die gemeenskap kan ook hoë openbare status aan 'n individu toeken as die massamedia byvoorbeeld gereeld nuusberigte oor hom plaas en baie aandag aan hom skenk. Dié status sou die individu nie in interpersoonlike kommunikasie verkry het nie.

3.3.1.2 Meningsvorming

Die gehoor kan sy mening vorm deur die vertolking van inligting oor die omgewing én die voorskrif vir die reaksie op die gebeure in die omgewing.

Omdat die mens vandag nie meer baie tyd het nie, wil hy nie net die inligting hê nie. Hy wil ook die media se vertolking van nuus hê. Baie koerantmanne beskou dit vandag as hul plig om gebeure vir die leser te evalueer en te vertolk en dit binne die groter historiese en sosiale verband te plaas. Soms word die bronne van nuus ook geëvalueer (of dit geloofwaardig is of nie). Vergelyk Wright (1974, p. 248).

Die kommunikasiemedia (in dié geval die koerant) kan die nuus slegs evalueer en vertolk en binne verband plaas as hulle die nuus keur. Dit is nie moontlik om alle nuus wat die media bereik, bekend te maak nie. Schramm (1973, p. 144) beskryf dié funksie van keuring soos volg: "operating as gatekeeper, processor, and amplifier of information to

produce informational and entertainment products for large audiences".

Die massamedia kan deur boodskappe te keur, te verander en/of te verwerp die vloei van inligting na 'n ontvanger of groep ontvangers beïnvloed (Tubbs & Moss, 1977, p. 13). In Suid-Afrika is daar die voorbeeld van die Inligtingsaangeleentheid. Sekere koerante het sekere inligting van hul lesers weerhou en daardeur die vloei van inligting beïnvloed. Dié koerante wat wel die inligting gegee het, het deur die vloei van inligting óók die menings van sy lesers beïnvloed.

Die spoed waarteen die massamedia werk, bemoeilik die keuringsfunksie. Binne die bestek van een werkdag moet oor duisende woorde kopie besluit word - soveel soos 'n boek waaraan die uitgewers miskien 'n jaar lank werk. In 'n televisieprogram wat regstreeks gebeeldsaai word, is daar natuurlik nog minder tyd (Schramm, 1973, p. 141).

3.3.1.3 <u>Oordrag van kultuur</u>

Dit is die oordrag van die sosiale erfenis van een geslag na 'n ander, en sluit die oordrag van inligting, waardes en sosiale norme in (Wright, 1974, p. 244).

3.3.1.4 <u>Vermaak</u>

Dit is die kommunikasiehandeling wat hoofsaaklik op vermaak toegespits is, ongeag enige nuttige gevolge wat dit kan hê (of miskien nie het nie). Vergelyk Wright (1974, p. 245) en Fauconnier (1973 a, p. 57). Dié ontspanningsfunksie van

die massamedia word in die koerant weerspieël deur die beriggewing van sport, kuns, kultuur, strokiesprente, ensovoorts.

### 3.3.2 Die doel van die kommunikator

As die kommunikator die inisiatief met die uitstuur van die massakommunikasieboodskap neem, sal hy 'n bepaalde doel hê. Die kommunikator se doel met die bestemming is hier ter sprake.

Volgens Fauconnier (1973 a, p. 57) is die volgende funksies aan dié doel verbonde:

a. Kennisvermeerdering by die bestemming. Gegewens wat in die algemeen die kennis van die bestemming uitbrei, word verskaf. Die kommunikator wil hê dat die inwerking van dié kennis tot "wete" moet lei.

b. Beïnvloeding van die bestemming. Die menings, oortuigings, houding of gedrag van die bestemming word beïnvloed.

c. Ontspanning van die bestemming. Die massakommunikasie word aan die gang gesit met die doel om die bestemming te laat rus of ontspan deur luister, lees, kyk (passiewe reaksies) en verder deur dans, sang en spel (aktiewe reaksies). Vergelyk Fauconnier (1973 a, p. 58).

Dié funksies wat betrekking het op die doel van die kommunikator sluit nou aan by die funksies wat betrekking het op die invloed op die bestemming (vergelyk 3.3.1.1 - 3.3.1.4).

## 3.4 Uitwerking van die massamedia

Die uitwerking van massakommunikasie is volgens McQuail moeilik bepaalbaar: "the direct effects of mass communication on attitudes and behaviour are either non-existant, very small, or beyond measurement by current techniques" (1975, p. 190).

Massakommunikasie het nie die mag om menings te verander nie, dit ondersteun en versterk net bestaande menings en houdings (Klapper, 1974, p. 252).

Hoewel die primêre doel van die koerant nie opvoedkundig is nie, naamlik 'n doelbewuste poging om die taal van die leser te verbeter, is dit wel so dat die taal van die leser kan verbeter deur die invloed van die koerant. Die koerant is wel by magte om die mens gewoond te maak aan die "korrekte" taalgebruik deur self verstaanbare én aanvaarbare taal te gebruik. Deur herhaling word die onkundige leser ontvankliker vir goeie taalgebruik.

'n Poging om die taal van die koerantleser te verbeter, sal egter nie slaag as die leser nie reeds 'n spesifieke houding tot taalverbetering of 'n aanvoeling vir taal het nie. Die koerant kan slegs die reeds bestaande taalaanvoeling versterk en verbeter. Die koerant kan nie 'n taalaanvoeling skep as die leser nie 'n taalaanvoeling het nie. Die koerant dien dus net as kanaal vir die verandering wat reeds in die leser aanwesig is.

---

McQUAIL, D. 1975. Communication. Londen, Longman. 229p.

KLAPPER, J.T. 1974. The social effects of mass communication. (*In* Civikly, J.M., red. Messages; a reader in human communication. New York, Random House. p. 250-257).

## 3.5 Die massamedia, die pers, die koerant

### 3.5.1 Die massamedia

In 'n enge sin sien Fauconnier (1973 a, p. 28) massamedia as: "objecten die geproduceerd worden als dragers of wier hoofdfunctie erin bestaat als dragers te fungeren van communicatieboodschappen, en die door middel van multiplicatie-, uitzendings- of projectie-technieken en door het gebruik van een of meer tekensystemen bestemd zijn om deze boodschappen openbaar te verspreiden".

Die massamedia is dus "draers" van die kommunikasieboodskappe, dit wil sê die medium waardeur die kommunikasieboodskappe openbaar gemaak word. Die koerant, die tydskrif, die boek, die vouer, die plaat, die plakkaat, die kassetband, die rolprent en die televisie is voorbeelde van die massakommunikasiemedia.

Bond (1961, p. 25) deel die massakommunikasiemedia soos volg in:

a. Kommunikasiemedia wat deur middel van die gesproke woord kommunikeer. Dit sluit toesprake, lesings en die radio in.
b. Kommunikasiemedia wat deur middel van die gedrukte woord kommunikeer. Dit sluit koerante, brosjures, tydskrifte en boeke in.
c. Kommunikasiemedia wat deur middel van klank en beeld kommunikeer. Dit is rolprente en die televisie.

---

BOND, F.F. 1961. An introduction to journalism. New York, Macmillan. 359p.

### 3.5.2 Die pers

In dié studie beteken die term "pers" slegs die produkte van die drukpers, naamlik koerante, tydskrifte, boeke, pamflette, strooibiljette, ensovoorts en nie die wyer omskrywing van die Republikeinse Parlement wat in die Verdedigingswet van 1967 gesien kan word nie, naamlik: "die totaal van alle media met behulp waarvan feite oorgedra of meninge uitgespreek kan word" (Pienaar, 1968, p. 4). Laasgenoemde beskrywing word in dié studie vir die omvattende term "massakommunikasiemedia" gebruik.

### 3.5.3 Die koerant

Koerante word in die algemeen ingedeel volgens die gereeldheid van verskyning. Daar is dagkoerante wat in die oggend verskyn en dagkoerante wat in die middag verskyn. Die Suid-Afrikaanse dagblaaie het meestal 'n landwye sirkulasie, maar as sirkulasie-intensiteit in aanmerking geneem word, is hulle tog tot groot hoogte streekgebonde. Die nuusdekking is wel oorwegend nasionaal, maar ook met 'n mate van streekbeklemtoning.

Twee van die vier Sondagblaaie in Suid-Afrika, naamlik die Sunday Times en Rapport, is volledig nasionaal, behalwe ten opsigte van sportnuus, maar die Sunday Express en Sunday Tribune is oorwegend streekgebonde.

---

PIENAAR, G.J. 1968. Perssensuur en staatsveiligheid. (Proefskrif, PU vir CHO). Potchefstroom, Pro Rege. 229p.

Koerante wat weekliks verskyn, dit word ook weekblaaie genoem, is meestal streekgebonde en staan as die plaaslike pers bekend.

Dié studie word beperk tot koerante wat daagliks verskyn.

3.5.3.1 Kenmerke van die koerant

Die volgende kenmerke van die koerant word breedvoerig deur Snyman (1971, p. 212-246) bespreek, en word net kortliks hier genoem.

3.5.3.1.1 Die koerant is openbaar. Dit is bedoel vir almal wat kan lees en wat dit wil lees. Die koerant het 'n publisiteitskarakter en kan enigiets onbeperk bekend stel, selfs wêreldwyd, deur middel van die internasionale nuusagentskappe. Private sake word nie hierby ingesluit nie. "Prinsipieel behoort dus slegs dié aangeleenthede meegedeel te word wat vir die openbare kennis betekenis het en bedoel is" (Snyman, 1971, p. 213).

'n Verdere eienskap van die openbaarheid van die koerant, naamlik die beskikbaarheid daarvan vir alle mense wat die kommunikasieboodskap mag ontvang, is reeds onder punt 3.1.2 bespreek.

3.5.3.1.2 Die koerant is universeel. Die koerant moet so veel moontlik gebiede verken om vir so veel moontlik lesers "leeswaardig" te wees. Die universaliteit het betrekking op die veelheid van lesers en die veelsydigheid van inhoud. Universaliteit het egter ook 'n aardrykskundige betekenis:

die dagblad se nuusdekking is wêreldwyd.

3.5.3.1.3 Die koerant moet die openbare belang nastreef, maar tog nie die individuele belang verwaarloos nie.

3.5.3.1.4 Die koerant moet aktuele nuus openbaar maak. Aktuele nuus handel volgens Snyman (1971, p. 220) oor "kontingente gebeurtenisse in die hede". "'n Gebeurtenis, wanneer dit ookal plaasgevind het, is kontingent, maar 'n gebeurtenis wat in die hede plaasvind, is aktueel. 'n Kontingente, nuwe, aktuele, gebeurtenis wat nog nie plaasgevind het nie, is die grondslag van nuus" (Snyman, 1971, p. 227). Die nuus oor 'n gebeurtenis is vir iemand bewus aktueel sodra dit deur byvoorbeeld die koerant aan hom geopenbaar word. Die openbaring van die nuus bepaal egter nie die aktualiteit van die gebeurtenis nie. Die openbaring is slegs inligting oor 'n aktuele nuwe gebeurtenis en daardeur word die openbaring vir die mens aktueel. "Dit beteken dat die gebeurtenis as sodanig aktueel is, en op grond daarvan is ook die kennis daaromtrent aktueel" (Snyman, 1971, p. 229).

3.5.3.1.5 Deur die vaste reëlmaat van verskyning (periodisiteit), wat voortvloei uit die noodsaaklike taak van die pers, naamlik om die nuus gereeld aan te bied, vorm die koerant sy eie leserspubliek (wat in dié studie die bestemming van die kommunikasieboodskap is).

3.5.3.1.6 Dit is kenmerkend van die koerant dat hy 'n bepaalde gees het. Die gees kan een wees van humanisme, liberalisme of dit kan 'n Christelike gees wees. Uit sy gees beïnvloed die koerant die lesers, spreek hy hul gesindhede

aan, steek hy hulle met sy gees aan (Snyman, 1971, p. 240).

"Te midde dus van 'n veelheid en verskeidenheid van individuele uitgangspunte by die onderskeie medewerkers, nuus oor 'n uiteenlopende verskeidenheid onbekende gebeurtenisse, gedagtes, toestande ens., vertoon elke koerant 'n bepaalde eenheidsbenadering ten opsigte van al sy elemente en ten opsigte van die nuus, die vormgewing van die koerant en van die lesers. Dit blyk ook uit die taal en styl van elke koerant" (Snyman, 1971, p. 242). Dié gees word deur 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing gevorm en daarom kan geen koerant neutraal wees nie.

3.5.3.1.7 Die kenmerk van die "publisistiese individualiteit" vloei voort uit die voorgaande kenmerk. Elke koerant kry op grond van sy oortuigings, benaderings, ensovoorts 'n bepaalde identiteit, 'n eie individualiteit wat hom van ander koerante onderskei. "Hierdie individualiteit verkry die koerant nie net deur sy mashoof, sy tipografiese of algemene vormgewing nie, dus nie net in sy eie algemene uiterlike styl nie, maar ook in sy innerlike styl" (Snyman, 1971, p. 244).

Hoewel die eie identiteit nie net deur die uiterlike styl van die koerant gekenmerk word nie, word die identiteit tog in groot mate op die uiterlike styl gebou. Die taal van die koerant is een van die faktore wat die identiteit van die koerant beïnvloed. Elke koerant het sy eie besondere benadering tot verstaanbare én aanvaarbare taalgebruik, of taalgebruik wat deur die koerant as "korrek" beskou word.

In die algemeen geld sekere riglyne vir goeie koeranttaal.

Dié riglyne, byvoorbeeld skryf kort en eenvoudig, geld by enige koerant en hang nie net van die benadering van 'n sekere koerant af nie. (Vergelyk hoofstuk 4.)

Elke koerant het egter sy eie besondere riglyne vir taal. Dié riglyne geld meestal waar daar twee moontlike gebruike is en die spesifieke koerant net een gebruik voorstaan. Die voorkeurgebruik word dan as beleid van die koerant voorgestaan (vergelyk 4.4.1).

In die praktyk gebeur dit dikwels dat nuwe verslaggewers by 'n koerant nie weet wat die beleid van die koerant is nie, omdat dit nie op skrif beskikbaar gestel word nie. Tog is dit die gebruik by die meeste koerante dat die taalredakteur of subredakteur daagliks 'n lysie maak van die foute wat in die koerant verskyn het en dit iewers waar almal dit kan sien, opplak. Stelselmatig leer die nuweling dan die voorkeurgebruik van die koerant aan.

By sommige koerante, veral by Die Burger, is dit wel die gebruik dat die dagverslaggewers se kopie deur 'n dagsubredakteur nagegaan word. Die verslaggewer staan by en moet die foute gaan regmaak. Só maak die verslaggewer gou die beleid van die koerant sy eie.

Die taalgebruik van die koerante self, taalrubrieke en ongepubliseerde handleidings is as taalbeleid van die koerante aanvaar, en as bronne vir die studie gebruik (vergelyk 1.3 en 1.4).

### 3.5.3.2 Funksies van die koerant

Die funksies van die koerant hang nou saam met die funksies van die massakommunikasiemedia. Bond (1961, p. 156) gee die volgende funksies van die koerant:

a. Die koerant moet inlig.

b. Die koerant moet vertolk.

c. Die koerant moet die volgende dien:

  i. die gemeenskap - deur krities te kyk na die plaaslike en regeringsowerhede;
  ii. die leser - deur inligting oor gesondheid, opvoeding en huislike en gesinsprobleme te verskaf;
  iii. die adverteerder - deur die koper en verkoper in sy advertensiekolomme bymekaar te bring.

d. Die koerant moet vermaak. Die koerant bring vandag 'n groot hoeveelheid stof om die leser te vermaak en sy aandag af te lei, byvoorbeeld strokiesverhale en wedstryde.

Bond se derde funksie kan ook beskryf word as 'n leidende of rigtende funksie met die doel om te beïnvloed. Snyman se indeling van die funksies van die koerant sluit nou by bogenoemde funksies aan. (Vir besonderhede oor Snyman se indeling vergelyk Snyman, 1971, p. 412-427.)

a. Die "publisistiese informasiefunksie" (dit kom ooreen met Bond se inligtingsfunksie). "Die koerant informeer die lesers universeel aangaande die belangrikste gebeurtenisse in die wêreld, terwyl die belangrikste gebeurtenisse ook toegelig word" (Snyman, 1971, p. 419). Die toeligting stem ooreen met Bond se vertolking.

b. Die "publisistiese beïnvloedingsfunksie" kan opsetlik of

onopsetlik wees. "Die leser se menings en optredes word dikwels deur die nuwe inligtinge in die koerant beïnvloed sonder dat die persinstituut die bedoeling het dat hy daardeur beïnvloed moet word. Dit gebeur omdat die kennis aangaande nuwe gebeurtenisse op hom inwerk en hom in sy wêreld oriënteer, en hy daarteenoor 'n besondere instelling het, dit hom 'n deelgenoot laat word.

"Deur die toeligting (wat eweneens nie 'n beïnvloedingsdoel deur die redaksie veronderstel nie) by die nuus verkry die leser ook insig en deursig" (Snyman, 1971, p. 420).

By die voorligting, kommentaar, kritiek, propaganda, spotprent en reklame is daar juis die bedoeling om, met wat in die koerant aan die lesers gebied word, hul menings en optrede te beïnvloed.

c. Die aanbieding van algemene kennis en raadgewing is in ooreenstemming met Bond se funksie-aanduiding, naamlik dat die koerant die leser moet dien. Dié funksie behels die aanbieding van algemene kennis in bylaes en artikels oor die ekonomie, die kultuur, die tegniek, die reg, die afdelings vir die huisvrou oor resepte, modes, ensovoorts (Snyman, 1971, p. 422). Die koerante se taalrubrieke kan natuurlik hierby ingesluit word. In dié rubrieke is dit die bewuste doel om die taal van die leser te vebbeter en raad word in dié verband gegee.

d. Die "publisistiese reklamefunksie" (Bond sê die koerant moet die adverteerder dien). In aansluiting by Bond se

siening moet dit egter gestel word dat dié funksie nie net die adverteerder moet dien nie, maar ook die leser deur inligting oor nuwe produkte en dienste aan die leser te verskaf of om die leser aan bestaande produkte en dienste te herinner.

e. Snyman se "publisistiese Unterhaltungsfunksie" hang nou saam met Bond se funksie van vermaak. Dit behels die soort inligting waar die hoofklem op die tydverdryf en verstrooiing val. Die mens wil hê dat die koerant hom dié soort verstrooiing bied sodat hy kan ontspan en aan die daaglikse roetine ontvlug. Die televisie vervul vandag in groter mate as die koerant in dié behoefte aan vermaak.

Die koerant verrig al sy funksies deur met die leser te kommunikeer. Die taal van die koerant is die middel waarmee die koerant met sy lesers kommunikeer. Die koerant kan geeneen van bogenoemde funksies sonder taal vervul nie. Die taal van die koerant moet vir die leser verstaanbaar én aanvaarbaar wees (vergelyk hoofstuk 4).

Omdat die koerant as kommunikasiemiddel nie so tydelik as die televisie en die radio is nie - die boodskap van die koerant bly langer steek omdat dit op skrif gesien word - is 'n aanvaarbare en verstaanbare skryfstyl belangriker as in die ander twee gevalle. Die aanvaarbaarheid kan in groot mate deur 'n eenvormige skryfstyl bevorder word. Die koerant het ander norme as die radio en die televisie vir verstaanbaarheid en aanvaarbaarheid. In dié studie is net die norme vir koeranttaal van belang.

## 3.6 Wat is nuus?

Bond sê die volgende van nuus: "For news is not an event, however stupendous, but the report of that event; not the actual happening but the story or account of that happening which reaches us" (1961, p. 78).

Volgens Snyman (1971, p. 312) is nuus "kennis aangaande kontingente, aktuele, nuwe gebeurtenisse wat relevant gedifferensieerd vir mense van betekenis is". Vergelyk 3.5.3.1.4.

### 3.6.1 Nuusversameling

Die koerant kan sy belangrikste funksie, naamlik die publisering of openbaarmaking van nuus, nie vervul as hy nie nuus versamel nie. Die versameling van nuus (dit is ook as nuusgaring bekend) is dus die eerste stap in die proses waardeur die koerant met sy lesers kommunikeer.

Die manier waarop die nuus versamel word, en die vorm waarin dit na die koerant kom, hou probleme vir die koerantman in. Dié probleme is eie aan die koerant en het 'n invloed op die vorm waarin die nuus gegiet word voordat dit as 'n berig in die koerant kan verskyn.

Die volgende aanhaling van Harold Evans (1977, p. 1) gee 'n duidelike beeld van die omvattende aard van nuusversameling: "Enough news is arriving today at any large newspaper office to make four or five fat novels and fill the news columns

---

EVANS, H. 1977. Newsman's English (Editing and design, no. 1). Londen, Heinemann. 224p.

many times over. This raw material of the newspaper is as diverse as the human race. There is an earth tremor in Brazil, and another kind of tremor on Wall Street; strawberries are very expensive in Covent Garden, and the arms talks in Geneva have broken down; a famous film director has died in Hollywood, somewhere in China a hundred thousand Red Guards are on the rampage, and Switzerland is debating votes for women again. The international news has been transmitted by cable and radio and telephone to the national offices of the major agencies, Reuters, Associated Press and United Press. It has been checked, rough-edited, converted into perforations on spools of paper, and reconverted into words in the newspaper's teleprinter department where at 60 to 100 words a minute on perhaps 30 teleprinters it comes chattering to one focal point: the copydesk.

"The newspaper's staff reporters have been busy, too, and the newspaper's correspondents, some professional and some very amateur, have been dictating on the telephone; and all that, too, comes as 'copy' to the same focal point."

Behalwe dat die nuus 'n wye verskeidenheid gebeurtenisse dek, kom dit ook uit verskeie oorde na die koerant. Vergelyk Evans se bronne van nuus.

### 3.6.2 Nuusbronne

Die nuusbronne kan soos volg ingedeel word:

3.6.2.1 Nuusagentskappe

a. Nasionale agentskappe soos Sapa in Suid-Afrika; Deutsche Presse Agentur in Duitsland; Agence France Presse in Frankryk; Tass in die Sowjet-Unie en nog baie kleiner agentskappe.
b. Internasionale agentskappe soos Reuters (Brittanje); Associated Press (Amerika) en United Press International (Amerika).

3.6.2.2 Korrespondente

a. Nasionaal.
b. Internasionaal.

3.6.2.3 Staatsdepartemente, private organisasies, ensovoorts se persverklarings.

3.6.2.4 Verslaggewers van die koerant self. Dit sluit oorsese en politieke verslaggewers in.

3.6.2.5 Medewerkers wat veral nuus oor kulturele sake soos rolprente, musiekkonserte, kunstentoonstellings, ensovoorts aan die koerant stuur.

## 3.7 Probleme wat inherent is aan nuusversameling deur die koerant

Miljoene gebeurtenisse vind daagliks in die wêreld plaas "wat aan ons omskrywing van nuus beantwoord en wat dus vir mense van betekenis is. Ons let egter daarop dat alle gebeurtenisse nie vir alle mense van ewe veel betekenis is nie, en dat sommige net vir enkele mense betekenis het.

"Die publisiteitsmedia moet derhalwe met dié feit en met die gedifferensieerde relevansie van die nuus rekening hou. Hulle kan onmoontlik alle nuus publiseer, en hulle moet daarom drasties selektief te werk gaan, en hulle moet boonop

hul berigte verkort" (Snyman, 1971, p. 317).

Die vorm waarin die nuus uiteindelik as 'n berig in die koerant geplaas word, hang regstreeks af van die aard van die nuusbron; die keuring (Snyman noem dit seleksie) van nuus en die verkorting daarvan; en die vertaling van die nuus (wat ook die verkorting daarvan behels). Die vertaling én verkorting van nuus word verder onder die omvattende term "verwerking" bespreek.

### 3.7.1 Die aard van die nuusbron

Die lewens- en wêreldbeskouing van die nuusbron speel 'n baie belangrike rol in die manier waarop hy sy nuusfeite in taal omskep. Die persinstituut (in dié geval die enkele verslaggewer, korrespondent, medewerker, skakelbeampte of verslaggewer van 'n nuusagentskap) deel in die kommunikasieproses nie net kennis, toeligting en voorligting mee nie, maar openbaar ook in dié proses sy eie instelling teenoor 'n aangeleentheid (Snyman, 1971, p. 340).

Die mens kan hom nie losmaak van sy hele wese, sy agtergrond, sy persoonlikheid nie. Sy lewens- en wêreldbeskouing word juis hierdeur gevorm en beïnvloed elke optrede. Die mens se taal word deur sy lewens- en wêreldbeskouing gekleur. Daarom kan aanvaar word dat sy weergawe van feite ook deur sy lewens- en wêreldbeskouing gekleur sal word. (Vergelyk 2.1.2 en 4.1.)

Die mens hanteer sy omwêreld deur sy lewens- en wêreldbeskouing en plaas daarom alle gebeure in 'n bepaalde konteks. Geen gebeurtenis kan los van 'n ander of van die mens se omgewing

(wat nie net fisies is nie) bestaan nie.

Die volgende kan as voorbeeld van normale koerantpraktyk dien. Die Engelse verslaggewer van Reuters wat 'n verslag oor 'n toespraak deur 'n Rus in die VV skryf, het moontlik nie 'n goeie kennis van Russies nie, of nie 'n volledige beeld van die lewe in Rusland nie. Sy weergawe van die toespraak word hierdeur gekleur. Dié berig word na Reuters se hoofkantoor in Londen gestuur, waar die subredakteur dit redigeer en verkort. Laasgenoemde se bepaling van wat weggelaat kan word, word deur sý lewens- en wêreldbeskouing beïnvloed. Daar kan met sekerheid aanvaar word dat die Reuters-redakteur sekere feite uit die berig sal laat wat die Tass-redakteur miskien selfs in die inleiparagraaf sou gebruik het (vir inleiparagraaf vergelyk 4.2).

Voorts: Sapa ontvang die verwerkte berig in Engels en stuur dit verder verwerk (en moontlik verder verkort) na die Suid-Afrikaanse koerante. Die Engelse koerante kan die berig net so gebruik, terwyl die Afrikaanse koerante die berig voor verdere verwerking moet vertaal. In die tweede plek sal die Afrikaanse koerante minder ruimte vir so 'n berig hê, bloot omdat die Afrikaanse koerante meestal dunner as die Engelse koerante is. Kortom: die oorspronklike berig oor die toespraak word oor en oor vertaal, verwerk en opgesom voordat dit uiteindelik gepubliseer word.

In die meeste gevalle het die koerantman nie beheer oor die eerste kommunikator nie. Laasgenoemde kan moontlik vyandig staan teenoor die tweede kommunikator (die koerantman), en daarom woorde met 'n gelade betekenis kies. Net so kan die

deursender van die berig geen taalkenner wees nie of nie 'n kundige agtergrond van die gebeurtenis hê nie. Sy taalgebruik kan dus 'n invloed op die inhoud van die berig hê.

Daarby skryf die koerantman berigte oor gebeure in alle dele van die wêreld waar hy miskien nog nie was nie of oor sake waaroor hy net 'n beperkte kennis het. Tog word verwag dat hy dié nuus in byvoorbeeld die Suid-Afrikaanse, meer spesifiek die Afrikaanse, raamwerk plaas. Die Afrikaner met sy bepaalde verwysingsraamwerk moet die berig lees en dit verstaan.

### 3.7.2 Die keuring van nuus en die verkorting daarvan

In die keuse van watter nuusberigte gepubliseer moet word, en in die verkorting van die berigte (weer 'n keuse van watter feite gebruik en watter weggelaat moet word) speel die verwysingsraamwerk van die koerantman 'n groot rol. (Sy verwysingsraamwerk word onder meer deur sy lewens- en wêreldbeskouing gevorm.) 'n Koerant kan baie maklik 'n eensydige prentjie van wêreldgebeure skep deur slegs sekere oorsese berigte te publiseer. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die oorbeklemtoning van wandade in Suid-Afrika deur die oorsese pers en die onderbeklemtoning van soortgelyke dade in ander lande.

Net so kan 'n berig 'n ander kleur kry as net 'n sekere deel daarvan geplaas en die res weggelaat word.

'n Nuusberig kan egter nog verteenwoordigend wees as die verkorting daarvan verantwoordelik geskied.

Harold Evans (1977, p. 17) sê: "All types of newspaper, local,

provincial and national, have to cope with copy which obscures the news, which delays the reader getting the human facts the headline has invited him to obtain".

By die Afrikaanse koerante is die keuring van nuus hoofsaaklik die verantwoordelikheid van die nuusredakteur. Bedags gaan die nuus van die verskillende bronne, die nuusagentskappe, korrespondente, persverklarings, verslaggewers en medewerkers, na die dagnuusredakteur. Hy maak gewoonlik 'n lys van die belangrikste gebeure en vul die lys aan soos wat nuus deur die dag bykom.

Die Afrikaanse oggendkoerante hou gewoonlik soggens 'n nuuskonferensie waarop die hoofredaksie uit die beskikbare nuuslys besluit watter nuus in die koerant gebruik gaan word. Op dié konferensie word ook besluit of dit voorbladnuus gaan wees of nie.

Hierna is dit die taak van die nuusredakteur om die verskillende opdragte aan die verslaggewers uit te deel. Hy (en die hoofredaksie) het nou reeds die nuus gekeur. Die verslaggewer kry egter ook opdrag hoe lank die berig moet wees en in sommige gevalle uit watter hoek dit geskryf moet word. Dit is nou weer die taak van die verslaggewer om uit die inligting wat hy deur die dag versamel en dié wat hy op skrif van die nuusredakteur kry, te keur watter hy in sy berig gaan gebruik. Die verwysingsraamwerk van die nuusredakteur én dié van die verslaggewer beïnvloed dus die uiteindelike vorm van die nuusberig.

Saans keur die nagnuusredakteur die nuus ná konferensie, weer

saam met lede van die hoofredaksie. Voorbladnuus van die oggend kan op dié konferensie na 'n ander blad verskuif word omdat belangriker of "vars" nuus ingekom het.

Nadat die verslaggewers hul berigte geskryf het, gaan hul kopie gewoonlik na een sentrale punt, die "copydesk" of "focal point" waarvan Evans praat (vergelyk 3.6.1). Bedags is dit die taak van die dagsubredakteur om die klaar geskrewe berigte deur te gaan en weer, waar nodig, te verkort of te laat oorskryf. Saans sorg die nagsubredakteur hiervoor.

Die subredakteur moet die nuus só aanbied dat die leser gou by die feite uitkom. "The good text editor is a surgeon who can save facts and who can make the body of the story more vigorous and healthy. His instruments are a clear mind and a love of the language. When it is necessary to cut for length he struggles to save details by using the language more economically than the writer" (Evans, 1977, p. 17).

In die hele proses van die keuring en verkorting van nuus speel die beleid van die besondere koerant 'n groot rol. Elke koerant het sy eie beginsels waarvolgens besluit word watter nuus gebruik gaan word en waar dit geplaas gaan word. Die hoofredaksie en senior verslaggewers ken gewoonlik die beleid van die koerant en die junior verslaggewers leer dit gou ken.

Die beleid van die koerant bepaal nie net watter nuus gebruik gaan word nie, maar ook hoe dit aangebied gaan word. Selfs die taal en styl moet die beleid van die koerant weerspieël. Só 'n beleid moet natuurlik in ooreenstemming met die landsbeleid wees. Dit moet die hele politieke situasie en kultuur-

agtergrond van 'n land in ag neem. Vergelyk hier weer Snyman se bespreking van die "gees" en "publisistiese individualiteit" van die koerant (3.5.3.1.6 en 3.5.3.1.7).

Oor die beleid van die koerant sê Ivor Benson (1963, p. 20) die volgende: "an editor is never told BUT he had better know.

"Editors and journalists are never told.

"A reporter's copy can be and very often is so mangled by the sub-editors that he can hardly recognise his own brain child when it appears in print. All copy, including leading articles, is subject to revision and it is the responsibility of the editor to see that nothing goes into the paper that does not conform to his policy.

"Since he is the person who takes the rap it is only natural that he does not let all the members of his staff write as they please.

"On the other hand, the more closely any journalist is able to identify himself with the newspaper's policy, the less his copy will have to be amended, and the 'freer' he will be. In other words, on any newspaper anywhere, the journalist nearly always finds his freedom in conformity."

---

BENSON, I. 1963. The press and public opinion. Johannesburg, SAUK (SAUK-publikasie). 27p.

## 3.7.3 Vertaling

### 3.7.3.1 Algemene probleme met vertaling

Vertaling lewer sekere algemene probleme op. Dié probleme het ook regstreeks 'n invloed op die vorm waarin die koerantman die berig ontvang voordat hy dit moet vertaal.

Voordat na die algemene probleme met vertaling gekyk word, moet 'n omskrywing van vertaling gegee word. Nida, volgens Jakobson (1964, p. 4) omskryf vertaling so: "it comprises the interpretation of the verbal signs of one language by means of the verbal signs of another. However, in interlingual translation we are concerned not merely with matching symbols (i.e. word-for-word comparisons) but also with the equivalence of both symbols and their arrangements. That is to say, we must know the meaning of the entire utterance".

"Vertaling is dus meer as net ver-klanking of ver-woording: dit is ook die omsetting van een sosiale konteks in 'n ander, met ander woorde 'n herstruktureringsproses van die 'uiterlike vorm' (klanke, grammatikale elemente en struktuurpatrone) maar ook van die 'innerlike vorm' (betekenisse, assosiasie- en begripsvelde, ens.)" (Kirsipuu, 1962, p. 2).

---

NIDA, E.A. 1964. Toward a science of translating; with special reference to principles and procedures involved in Bible translating. Leiden, E.J. Brill. 331p.

KIRSIPUU, R. Kwalitatiewe en kwantitatiewe aspekte van vertaling. III/1 in Volkskunde (T.V.V.), nr. XVIII (2):1-6, deel 18, 1962.

Hierby sluit Nida (1967, p. 8) aan as hy sê: "Translating consists in reproducing in the receptor language the closest natural equivalent of the source-language message, first in terms of meaning and secondly in terms of style". Die betekenis van die stuk wat vertaal moet word, soos dit oorspronklik deur die skrywer bedoel is, moet dus net so weergegee word. Dit skep egter die probleem dat die vertaler nie altyd presies kan naspoor wat die bedoeling van die skrywer was nie, tog moet hy probeer. "The translator must attempt to reproduce the meaning of a passage as understood by the writer" (Nida, 1967, p. 6).

Die vertaler is voortdurend besig om te kommunikeer. Dié kommunikasie kan slegs slaag as hy dit regkry om nie net die bedoeling van die skrywer van die brontaal (dit wil sê die taal waaruit hy vertaal) aan die leser oor te dra nie, maar ook sy eie bedoeling met die doeltaal (dit wil sê die taal waarin hy vertaal). Nida (1967, p. 1) noem dit 'n nuwe neiging in vertaling: "we are not content merely to translate so that the average person understand the message, but we aim to make certain such a person is not likely to misunderstand it". (Dié neiging is natuurlik een van die riglyne vir die koerantman se gebruik van taal, vergelyk 4.1 en 4.2.)

Die algemene probleme met vertaling blyk duidelik uit Etienne Dolet (Nida, 1964, p. 15) se hoofbeginsels van vertaling. Die

---

NIDA, E.A. 1967. The theory and practice of translating. Lesings wat in Julie 1967 by die vertaalseminaar van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika by die Universiteitskollege van die Noorde, Pietersburg, gehou is.

vereistes wat Dolet aan vertaling stel, is juis dit wat vertaling so moeilik maak. Die vertaler kan nie altyd getrou bly aan al vyf die hoofbeginsels nie. Vergelyk ook Campbell (Nida, 1964, p. 18) se kriteria vir goeie vertaling en Tytler (Nida, 1964, p. 19) se vereistes vir goeie vertaling.

Dolet se hoofbeginsels is soos volg:

"1. The translator must understand perfectly the content and intention of the author whom he is translating.

2. The translator should have a perfect knowledge of the language from which he is translating and an equally excellent knowledge of the language into which he is translating.

3. The translator should avoid the tendency to translate word for word, for to do so is to destroy the meaning of the original and to ruin the beauty of the expression.

4. The translator should employ the forms of speech in common usage.

5. Through his choice and order of words the translator should produce a total overall effect with appropriate 'tone'. "

Kortom: die vertaler moet die inhoud en bedoeling van die brontaal verstaan en probeer weergee; hy moet die bron- en doeltaal ken; hy moet nie woord vir woord vertaal nie; hy moet die taal van die volksmond gebruik, en deur sy taalgebruik die algemene gees van die vertaling weergee.

Een van die grootste probleme van vertaling lê juis opgesluit in die hele wese van vertaling, naamlik om iets wat in een taal gesê is, net so doeltreffend in 'n ander taal te sê. Dit kan egter nie ten volle gedoen word nie, want tale verskil.

"Since no two languages are identical, either in the meanings given to corresponding symbols or in the ways in which such symbols are arranged in phrases and sentences, it stands to reason that there can be no absolute correspondence between languages. Hence there can be no fully exact translations. The total impact of a translation may be reasonably close to the original, but there can be no identity in detail" (Nida, 1964, p. 156).

Kommunikasie slaag as die betekenis van die kommunikasie-boodskap (in dié geval die kommunikasieboodskap in die brontaal) deur die bestemming verstaan word soos die oorspronklike skrywer dit bedoel het. Kommunikasie deur middel van vertaling lewer egter die volgende probleem op: "If a translation is to meet the four basic requirements of (1) making sense, (2) conveying the spirit and manner of the original, (3) having a natural and easy form of expression, and (4) producing a similar response, it is obvious that at certain points the conflict between content and form (or meaning and manner) will be acute, and that one or the other must give way. In general, translators are agreed that, when there is no happy compromise, meaning must have priority over style" (Tancock in Nida, 1964, p. 164).

Die verwysingsraamwerk, wat onder meer die lewens- en wêreldbeskouing van die vertaler insluit, speel 'n rol in die proses van vertaling. Die vertaler kan nie los staan van sy hele menswees, sy omgewing - fisies en geestelik - en sy ervaring nie. Vergelyk 2.1.2.

Hieroor sê Nida (1964, p. 154): "No translator can avoid

a certain degree of personal involvement in his work. In his interpretation of the source-language message, his selection of corresponding words and grammatical forms, and his choice of stylistic equivalents, he will inevitably be influenced by his overall empathy with author and message, or his lack of it ... Intellectual honesty requires the translator to be as free as possible from personal intrusion in the communication process. The translator should never tack on his own impressions or distort the message to fit his own intellectual and emotional outlook. At the same time, the human translator is not a machine, and he inevitably leaves the stamp of his own personality on any translation he makes. This being the case, he must exert every effort to reduce to a minimum any intrusion of himself which is not in harmony with the intent of the original author and message."

Die vertaler se persoonlike betrokkenheid kan egter ten goede aangewend word omdat hy in elk geval die vertaling in die raamwerk van sy organisasie (vir die koerantman die koerant) én sy land moet plaas. Die beleid van die koerant en die breër landsbeleid beïnvloed dus onregstreeks die vertaling omdat dit deel van die vertaler se verwysingsraamwerk uitmaak. Vergelyk Kirsipuu se omskrywing van vertaling as die omsetting van een sosiale konteks in 'n ander.

### 3.7.3.2 <u>Die besondere probleme van vertaling vir die koerantman</u>

Bo en behalwe bogenoemde probleme het die koerantman ook nog besondere probleme met vertaling wat voortspruit uit die aard van sy nuusbron en uit die aard van die koerant.

Die aard van die koerant vereis dat die koerantman se vertaling 'n vertaling in versnelde vorm is. Binne die bestek van 'n paar uur word 'n berig van 'n land na 'n ander land duisende kilometer verder versend en in die koerante van daardie land gepubliseer. Die koerantman het nie tyd om soos professionele vertalers 'n deeglike studie van die vertaling en die agtergrond daarvan te maak nie. Hy moet so gou moontlik die gedagte van die vertaling in sy eie taal verstaanbaar weergee. Hierteenoor het die professionele vertaler baie meer tyd. "By een van die grootste vertaaldienste in Wes-Europa, nl. die Talediens van die Europese Mark in Brussel (met oor die 100 vertalers) wissel die aantal bladsye wat per dag gelewer word, tussen 8-17 bladsye. Dit is volgens Europese maatstawwe buitengewoon hoog" (Kirsipuu, 1962, p. 5).

Verder het die koerantman die besondere probleem dat hy die oorspronklike stuk moet verstaan, terwyl hy dit dalk glad nie gesien het nie. Dit is nog moeiliker om die bedoeling van die skrywer weer te gee as hy die stuk reeds verwerk en vertaal ontvang. Hy moet probeer om die bedoeling na te spoor, en dit sin en betekenis te gee deur dit op 'n spesifieke manier in woorde om te skep. Die beleid van die koerant sal hier as riglyn vir die koerantman dien.

Die Afrikaanse koerantman werk hoofsaaklik met Engelse kopie wat hy van Sapa kry. Sapa werk weer saam met die internasionale nuusagentskappe vir oorsese nuus. In die praktyk kom dit op die volgende neer: Die verslaggewer van Agence France Presse skryf in Japan 'n berig oor 'n Japannese toespraak (dit wil sê terwyl hy skryf, vertaal hy terselfdertyd die berig uit Japannees in Frans - die eerste vertaling). Hy

stuur die berig na Parys, waar dit verwerk en in Engels oorgesit word (tweede vertaling) vir gebruik deur Reuters. In Londen word dié berig in Engels vir Suid-Afrika verwerk en na Suid-Afrika gestuur. In Suid-Afrika word dit weer deur Sapa verwerk en na die koerant gestuur.

Die Engelse koerant gebruik dit miskien net so, terwyl die Afrikaanse koerant dit weer verkort - weens 'n gebrek aan ruimte of belang vir die koerant - en vertaal (derde vertaling). Die oorspronklike Japannese teks is dus nou drie keer vertaal - uit Japannees na Frans na Engels na Afrikaans. Die oorspronklike Japannese woord het in die proses heel waarskynlik so 'n metamorfose ondergaan dat die Japannese spreker die woord nie meer sal herken nie.

Die Sapa-kopie word per druktelegraaf na die koerante gestuur. Hierin lê nog 'n probleem vir die koerantman. Die kopie word in bokas per druktelegraaf gestuur. Die koerantman het dus geen aanduiding van bo- of onderkas nie. Verder word die woorde in Sapa-kopie dikwels afgekort, terwyl dit nie erkende afkortings is nie ("TODAY" word byvoorbeeld "TDAY"). Die koerantman moet leer om dié kopie wat nie tipografies maklik lees nie, vinnig te lees en reg te verstaan.

By Beeld volg die Sapa-kopie die volgende pad voordat dit in die koerant kom: blanke operateurs in die druktelegraafkantoor vat die kopie na die nuusredakteur. Hy gaan dit deur en besluit watter berigte plaaslik opgevolg moet word. 'n Verslaggewer kry opdrag om dit te doen. Die verslaggewer skryf nou sy berig volgens sy nuwe inligting en volgens die Sapa-kopie.

Die lid van die hoofredaksie wat die besondere week snags werk, lees die middag die kopie deur en keur dit. Dié kopie gee hy vir die hoofsubredakteur, miskien met 'n opdrag daarby oor hoe lank en waar dit gebruik gaan word. Die hoofsubredakteur deel die kopie aan die vertalers uit. Die vertaler vertaal nie woordeliks nie. Hy gee dit miskien 'n ander inleiparagraaf of verander die paragraafindeling. Meestal is dit egter die plig van die vertaler om die kopie te verkort. Van die vertaler gaan die kopie weer terug na die hoofsubredakteur wat besluit hoe en waar dit in die koerant gebruik gaan word.

By Die Transvaler is dit ook die verantwoordelikheid van die nuusredakteur om die kopie deur die dag dop te hou met moontlike opvolging deur verslaggewers of deur die koerant se verteenwoordigers. As daar geen verteenwoordiger byvoorbeeld op 'n dorp in Rhodesië is nie, word die kopie solank aan 'n verslaggewer gegee om te vertaal en te verwerk.

Smiddae en saans werk 'n hoofredaksielid en die nagnuusredakteur by Die Transvaler saam aan die keuring van Sapa-kopie. Die nagnuusredakteur gee die kopie aan die vertalers, wat gewoonlik in die nagkantoor sit, en hiervandaan gaan die kopie na die hoofsubredakteur vir die tegniese versorging daarvan. Die vertaler kry gewoonlik 'n nuuslys van die nagnuusredakteur sodat hy weet watter Sapa-kopie hy moet dophou.

Die Afrikaanse koerantman vertaal nie net nie. Hy moet die nuus verwerk deur dit te laat ooreenstem met die beleid van die koerant (wat weer die landsbeleid in ag neem), en dit doen hy natuurlik uit sy eie verwysingsraamwerk. In die verwerking van die nuus is die koerantman gedurig besig om te

verkort. Die koerantman moet die gees van die Engelse Sapa-kopie in verstaanbare én aanvaarbare Afrikaans weergee. Omdat dit om kommunikasie gaan, moet die taal verstaanbaar wees. Die taal moet ook aanvaarbaar wees om in te pas by die beleid van die koerant én die verwysingsraamwerk van die leser.

Die Afrikaanse koerantman moet soms woorde skep omdat daar in Afrikaans nie woorde vir 'n spesifieke saak is nie. Hier laat hy hom lei deur die beleid van die koerant. Die woordskepping is soms 'n blote verklanking (byvoorbeeld Spoetnik) en soms is dit 'n samestelling van reeds bestaande woorde (byvoorbeeld stootskraper). Vergelyk 4.2. Hoewel sekere woorde dus verklank word, is die hele vertaling nie net 'n verklanking van die Engels volgens die Engelse model nie, maar 'n weergawe van die gedagte in die ander taal.

In Suid-Afrika is daar gedurig kontak tussen Engels en Afrikaans - wat die spreektaal én die skryftaal betref. Dié invloed van Engels is 'n spesifieke probleem van die Afrikaanse koerantman. Elke koerant het 'n spesifieke houding teenoor Engels. Dié houding teenoor Engels weerspieël die beleid van die koerant, en dien as riglyn vir die koerantman.

Vir 'n agtergrond van die kontak tussen Engels en Afrikaans en voorbeelde hiervan vergelyk:

VAN DER MERWE, H.J.J.M. 1966. Taalbeïnvloeding en taalvermenging. (In Van der Merwe, H.J.J.M., red. Inleiding tot die taalkunde. Pretoria, Van Schaik. p. 214-236);

TERBLANCHE, H.J. 1973. Die invloed van Engels op Afrikaans. (In Botha, T.J.R., red. Taal en teken. Kaapstad, Academica. p. 169-172).

Die vereistes wat aan die koerantman as vertaler gestel word, is nie heeltemal dieselfde as wat aan die professionele vertaler gestel word nie. Dolet se vereistes (Nida, 1964, p. 27) word hier weer net kortliks bespreek.

1. Dit is onmoontlik vir die koerantman/vertaler om die bedoeling van die skrywer geheel en al te verstaan. Daar is reeds aangestip dat die stuk wat die koerantman kry om te vertaal, miskien al drie keer vertaal is.

2. Die koerantman kan ook geensins 'n "perfect knowledge" van die brontaal én doeltaal hê nie.

   "For translating, a particular type of bilingual competence is essential. Bilingualism as it is commonly understood does not necessarily imply the translator's competence. Separation of the two languages may be in order for the ordinary bilingual but certainly is not for the translator who is concerned precisely with transfers between languages, with creating routes and interrelations between them. Among other things, the translator's talent is the ability to render a content expressed in L1 by an appropriated utterance in L2" (Pinchuck, 1975, p. 4).

   "The common conception of a bilingual is one who 'speaks' two languages. A translator need not 'speak' the two languages he is working with. In principle, he need only have a good passive knowledge of the language he translates from, L1, although he must have more than that for the language he translates into, L2. He is not called upon to speak and write in L1, he is only required to be able to express himself in the written forms of L2" (Pinchuck, 1975, p. 5).

3. Dolet se derde hoofbeginsel van vertaling, naamlik dat die vertaler nie woord vir woord moet vertaal nie, geld ook vir die koerantman. Die betekenis van die oorspronklike

---

PINCHUCK, I. The training of translators. 'n Ongepubliseerde referaat wat op 29/9/75 by die Suid-Afrikaanse Vertalers-instituut se colloquim oor vertaalkunde gelewer is.

stuk én die verstaanbaarheid van die vertaalde stuk is belangriker as 'n woordelikse vertaling of verklanking daarvan.

4. Die koerantman moet ook soos die professionele vertaler die omgangstaal van die volk gebruik. Koeranttaal moet verstaanbaar én aanvaarbaar wees.

5. Die koerantman moet ook soos die professionele vertaler probeer om deur sy woordkeuse en styl 'n eenvormige gees aan die vertaling te gee. Dit hang natuurlik ook van die beleid van die koerant af. Die hele gees van die koerant moet eenvormig wees en nie net dié van 'n enkele vertaling nie.

# Hoofstuk 4: Spesifieke probleme van die Afrikaanse koerantman

## 4.1 Die verwysingsraamwerk van die Afrikaanse koerantman

In hoofstuk 2 (vergelyk 2.1.2) is die verwysingsraamwerk van die kommunikator (in dié geval die koerantman) bespreek. Die koerantman se persoonlikheid, sy ervaring, sy hele omwêreld, wat uit sy onmiddellike omgewing, die spesifieke koerant waarvoor hy werk, en die omstandighede in Suid-Afrika bestaan, bepaal dus eerstens hoe die koerantman die nuus gaan hanteer, en in watter vorm hy dit aan die leser gaan aanbied.

In hoofstuk 3 (vergelyk 3.6 en 3.7) is gewys op die vorm en manier waarop die koerant die nuus in die hande kry. Die koerantman werk hoofsaaklik met Engelse kopie wat hy van nasionale en internasionale nuusagentskappe kry. Verder werk hy met die inligting wat hy self ingewin het. Dit sluit sy eie verslag oor 'n toespraak, 'n getikte afskrif van 'n toespraak, 'n persverklaring en reklame- en publisiteitstukke in.

Die koerantman het dus die spesifieke probleem dat hy die nuus meestal uit Engels moet verwerk. Verwerking word in die studie tweeledig gesien as die proses van vertaling én verkorting. Die koerantman is nie net met vertaling besig nie (vergelyk 3.7.3.1). Onder die verwerking van die nuus word bedoel dat dit in die koerantman se verwysingsraamwerk ingepas moet word (dit moet dus op die Suid-Afrikaanse omstandighede toegepas word); dat dit verkort moet word en dat dit dan eers werklik vertaal word. Tog bly die vertaling, soos

reeds gesê, nie net 'n woordelikse vertaling nie, maar moet die hele bedoeling van die te vertaalde stuk sodanig weergegee word dat die leser van die koerant dié bedoeling sal snap.

Vir die koerantman is daar dié besondere probleem met vertaling dat die kopie wat hy moet vertaal, nie altyd presies is wat die oorspronklike verslaggewer bedoel het nie. Vir die professionele vertaler (dit wil sê iemand wat heeltyds vertaal) beteken dit 'n naspoor van die oorspronklike bedoeling. Hy moet miskien na die Frans en selfs verder teruggaan (vergelyk 3.7).

Die koerantman kan dit nie doen nie. Die verwerking van nuus by die koerant is 'n versnelde proses. Die nuus word binne 'n paar uur van een punt van die wêreld na 'n ander gestuur, in verskillende tale verwerk en uiteindelik (nog steeds binne 'n bestek van 'n paar uur) in 'n Afrikaanse koerant in Suid-Afrika gepubliseer.

Die koerantman het dus die besondere taak om te probeer om die bedoeling van die oorspronklike stuk te verstaan sonder dat hy dit onder oë gehad het. Eers as die koerantman verstaan wat met die oorspronklike stuk bedoel is, kan hy dit verwerk (wat soos gesê vertaling inhou).

Hoewel dit by vertaling nie gaan om die soek van soortgelyke woorde in die eie taal nie, maar eerder 'n poging is om die hele gedagte weer te gee, word daar tog met afsonderlike woorde gewerk.

In 'n berig kan die koerantman te staan kom voor 'n Engelse

woord soos "powers". In die vertaling hiervan moet hy tussen die twee Afrikaanse woorde magte en moondhede kies. Hierin word die koerantman eerstens deur sy verwysingsraamwerk gelei en tweedens deur die beleid van die koerant. Volgens Bosman, Van der Merwe & Hiemstra is die Engelse "the great powers" in Afrikaans die groot moondhede en "naval power" kan byvoorbeeld met seemag vertaal word.

As die koerantman in sy verwysingsraamwerk geen ervaring (dit is nie net fisies nie) van die buitelandse politieke omstandighede het nie, gebeur dit dat hy "powers" met die Westerse magte (Beeld, 8/5/78, p. 9) vertaal, terwyl dit eintlik die Westerse moondhede moes wees. In dié gebruik van die woord magte kan dit verwar word met die Suid-Afrikaanse magte waar die Weermag bedoel word, of in bogenoemde voorbeeld die Westerse weermagte of verdedingsmagte.

Die koerantman moet ook die politieke bedeling in sy land en ander lande ken om oorsese berigte korrek uit Engels in Afrikaans te kan vertaal. Die volgende voorbeeld is tipies van die koerantman se probleem. As hy 'n berig kry waarin van die "foreign secretary" gepraat word, moet hy onmiddellik weet dat dit nie die buitelandse sekretaris is nie, maar die minister van buitelandse sake. In Suid-Afrika word laasgenoemde pos in Engels "Minister of Foreign Affairs" genoem (Bosman e.a. en Die Burger skryf Afrikaans, p. 64). Die "American Foreign Secretary" word dus in Afrikaans vertaal met die Amerikaanse minister van buitelandse sake.

Ook op sportgebied moet die koerantman agtergrond hê om korrek te kan vertaal. As voorbeeld hiervan word die Amerikaanse

"athlete" genoem. In Amerika is dit 'n sportman in die algemeen, dit wil sê iemand wat aan een of meer sportsoorte deelneem, dit kan swem of rugby wees en hoef nie noodwendig atletiek te wees nie. In Suid-Afrika word "athlete" slegs met atleet vertaal, dit wil sê iemand wat aan atletiek deelneem. Hier is aanvaarbaarheid nie die maatstaf nie, maar verstaanbaarheid. (Vergelyk 1.5, 2.2, 2.3 en 4.4.1.)

Die verwysingsraamwerk van die koerantman moet 'n agtergrond van die juridiese opset in Suid-Afrika insluit. Hy kom miskien te staan voor die Engelse woorde "magistrate's court". Hy moet nou kies tussen magistraatshof en landdroshof (Bosman e.a.). Sy verwysingsraamwerk moet hom in dié keuse lei. Engelbrecht (1975, p. 39) sê: "ons het geen 'magistrate' meer nie, net landdroste; in Engeland is daar wel magistrate". Landdros en landdroshof word dus gekies (vergelyk Van der Merwe, 1973, p. 162 en Beleid vir verslaggewing by Die Transvlaer, p. 13).

Die koerantman moet deur middel van sy taal in die koerant met die leser kommunikeer. Dit kan hy slegs doen as hy self die vertaling, onderhoud of toespraak waaroor hy verslag moet doen, verstaan. As die koerantman verstaan wat hy skryf,

---

ENGELBRECHT, H. 1975. Afrikaanse taalgids. Bloemfontein, P.J. de Villiers. 73p.

VAN DER MERWE, H.J.J.M. 1973. Die korrekte woord; Afrikaanse taalkwessies. Pretoria, Van Schaik. 324p.

spreek dit vanself dat hy verstaanbaar sal skryf, en is die moontlikheid groter dat hy deur die leser verstaan sal word. Die hele kommunikasieproses word voltooi as die leser verstaan wat die koerantman bedoel het (vergelyk 2.1.1 en 2.1.2). Dan kan gesê word dat kommunikasie plaasgevind én geslaag het. (Vergelyk verstaanbaarheid én aanvaarbaarheid as vereistes wat aan goeie koeranttaal gestel word, 1.5, 2.2, 2.3 en 4.4.1.)

Wat Harold Evans aan die Engelse koerantman sê, geld ook vir die Afrikaanse koerantman: "You will have to think hard to put a story into good English. You will have to understand what the story is all about. Far too often a reporter writes a story which he barely understands himself. He has not bothered to translate the language of the bureaucrat or of the hand-out. Even when the English of official statements has been translated, there is still work to be done" (1963, p. 84).

Die koerantman moet nie net self die agtergrond van die nuus hê nie, hy moet dit ook vir sy leser gee. Hy moet nooit aanneem dat die leser weet waaroor hy skryf nie. "Reporters often assume that the reader knows as much about the background of the story as they do. It is a false assumption. Each story must be self-contained. You must write every story for the man from Mars. It is far better to tell him something he may possibly know already than leave out background

---

EVANS, H. 1963. Writing for newspapers. (In Dodge, J. & Viner, G., red. The practice of journalism. Londen, Heinemann. p. 84-114.)

which makes the story intelligible. You must boil it down to as short a background as you can; but you must give it" (Evans, 1963, p. 84).

## 4.2 Die beleid van die koerant

Wat die koerantman met die nuus maak, hang in groot mate af van die beleid van sy koerant. Die hoofgedagte van die stuk wat vertaal moet word, én die van die oorspronklike stuk, moet in 'n bepaalde vorm gegiet word. Dié vorm bestaan uit los woorde wat op 'n besondere manier ineengevleg word om 'n skryfwyse, wat eie aan die koerant is, te skep. Die skryfwyse behels probleme op die taalvlak, ortografiese vlak en stylvlak. Riglyne hiervoor word in die eerste plek voorgeskryf deur die vereistes van koerante in die algemeen en in die tweede plek deur die beleid van 'n spesifieke koerant. (Vergelyk 3.5.3.1.7 en 3.7.2 vir 'n bespreking van hoe die beleid van die koerant die hantering van nuus beïnvloed.)

Die koerantman moet uit die aard van die koerant (die koerant word vinnig gedruk en versprei, en deur haastige mense gelees) ekonomies met sy taal omgaan sonder 'n omhaal van woorde. Hoe gouer hy by die kern van die nuus uitkom, hoe beter. Lomp en omslagtige taal en niksseggende woorde moet vermy word.

"Gebruik eenvoudige, raak woorde. Hoogdrawendheid, geleerddoenery hoort nie in goeie kommunikasie tuis nie. Dit laat die bestemming soek na die betekenis.

"Gebruik eenvoudige, kort sinne en paragrawe. Vermy tot elke prys die opeenstapeling van gegewens - asof 'n mens alle in-

ligting in 'n enkele sin of paragraaf wil instop. So word bysin na bysin ingeryg. Telkens word dus nog 'n gedagte aan die sin gehang wat liefs 'n nuwe sin kon geword het. Hierdie oormatige opeenstapeling veroorsaak dat die kernbetekenis die bestemming verbygaan" (Engelbrecht, 1975, p. 53).

"Ongeërgdheid en mooiskrywery lei tot die koddigste vorme van verwarde beeldspraak. In 'n koerant het dit gelui: 'as hierdie ou strydros (LW strydros is 'n perd!) sy kop laat sak en vorentoe storm, vee hy alles voor sy horings (!) weg'; 'Toe die blou damwal (d.i. Noord-Transvaal) bars, het die WP heeltemal weggespoel en het die agt bulle feitlik na willekeur drieë aangeteken ...'" (Engelbrecht, 1975, p. 55).

Harold Evans (1963, p. 111) gee die volgende raad: "use simple words, always preferring the shorter word for the long one, and the well-known for the obscure. Don't say anything in ten words if you can say it effectively in five. Sentences should travel without excess baggage. Read your feature through and see if you can put things more simply. Where you have a difficult sentence, try splitting it in two. One idea to one sentence is not a bad rule for clear writing."

Die koerantman moet ook die volgende raad volg: "He should prefer the short word to the long, the simple word to the complex, the concrete word to the abstract ... Nothing so distinguishes good writing as vivid economy" (Evans, 1977, p. 30).

En verder: "Every word should be scrutinised. If it is not a working word, adding sense to a sentence, it should be struck

out ... It is the marriage of economy and accuracy which is wanted: the right words in the right order" (Evans, 1977, p. 31).

Dit is belangrik om te onthou dat sinne wat onnodige woorde dra, nie net meer ruimte inneem nie, maar ook die betekenis van die sin verberg (dié ruimte kon vir ander nuus gebruik word). Die doel van koeranttaal, naamlik om te kommunikeer, moet dus te alle tye nagekom word.

Die koerantman word daagliks in elke berig wat hy skryf (in die oorspronklike vorm of net vertaal) gekonfronteer met die opdrag om kort en kragtig te skryf. As hy dit nie doen nie, ontstaan sinne soos die volgende: "Die lyke van feitlik die hele wit personeel het nog op die voetbalveld gelê waarheen 'n hond die oorlewende onderwyser gelei het wat alarm gemaak het" (Die Transvaler, 26/6/78, p. 1). Hoewel <u>wat</u> naaste aan die <u>onderwyser</u> staan en dus vermoedelik daarop betrekking het, kan die sin tog verwarrend wees, en die betekenis by die eerste lees daarvan verberg. Dit is nie onmiddellik duidelik of dit die hond, lyke of onderwyser is wat alarm gemaak het nie.

As Evans se raad - "If it is not a working word, adding sense to a sentence, it should be struck out ..." - in die volgende sinne toegepas is, sou hulle nie so lomp en onlogies gewees het nie:

"'n Woordvoerder vir die vier het gesê 'n boodskap waarin dit gesê word, is gestuur aan die groep van 27 Amerikaanse senatore wat 'n boodskap gestuur het waarin hulle genooi is

om hul binnelandse skikking in Amerika te gaan verduidelik" (Die Transvaler, 19/9/78, p. 1, kol. 1).

"Honde, wat aan swartes behoort, het aan die lyk van 'n Rhodesiese hoofman, wat deur terroriste in die oostelike operasionele gebied vermoor is, gevreet, het 'n woordvoerder van die hoofkwartier van die gesamentlike magte in Rhodesië gesê" (Die Transvaler, 21/9/78, p. 5, kol. 1).

Daar moet gedurig teen 'n langdradige skryfstyl gewaak word. Die volgende voorbeelde word genoem:
"Die naam van haar jonger suster is ook in die skeisaak genoem; sy naam is ook gekoppel aan dié van ..." Die eerste sin kan so verkort word: Haar jonger suster is ook in die skeisaak genoem, en: Hy is ook genoem as kêrel van ... (Rapport se taalles 16, Die Burger skryf Afrikaans, p. 87).

In die sin "meer as duisend kadette van 22 verskillende Kaapse skole" is die verskillende heeltemal oorbodig en kan uitgelaat word (Die Burger skryf Afrikaans, p. 58).

Die weglating van om te in die volgende sin sou dit makliker laat lees het: "toe ek sien dat my spanmaat, Mario Andretti, voor die kuipe begin om skielik stadiger te ry ..." (Die Transvaler, 6/3/78). Dit kan soos volg verkort word: " ... "voor die kuipe skielik stadiger begin ry ...".

Die gebruik van die volgende uitdrukking is omslagtig en moet vermy word: Die rede is dat ... In die eerste plek kan daar net gesê word: Die rede is ... (en dan word die rede regstreeks genoem). Dit is nog korter om die rede regstreeks te

noem sonder om te sê dit is die rede, byvoorbeeld: Hulle het dit gedoen omdat ...

"Dit is onnodig omslagtig om te sê Trudi du Plessis 'vertolk die rol van Annatjie' in Ampie. Dit is heeltemal korrekte Afrikaans om te sê Trudi du Plessis speel Annatjie" (en tog soveel korter - vir nog voorbeelde van 'n omslagtige skryfwyse, vergelyk Die Burger skryf Afrikaans, p. 71 en 72).

"Die manne wat ontvoer is en oor die grens gesmokkel is" kan verkort word deur die eerste is uit te laat, naamlik "Die manne wat ontvoer en oor die grens gesmokkel is".

"Twee swart mynwerkers is dood en sewe beseer toe ..." is korter as "Twee swart mynwerkers is gedood en sewe is beseer toe ...".

Vermy die gebruik van die volgende niksseggende woorde en uitdrukkings:

beide A en B (gebruik liewer: sowel A as B of nog korter A én B);
alreeds (gebruik net reeds of al);
alhoewel (gebruik net hoewel);
bykans (gebruik liewer byna of feitlik);
darem;
egter (Rapport se taalles 4, 25/1/72, Die Burger skryf Afrikaans, p. 75: "Egter is 'n woordjie wat ons heeltemal te veel en gewoonlik heeltemal onnodig gebruik. As u weer egter in 'n sin gebruik, krap hom dood en kyk gerus of dit hoegenaamd 'n verskil aan die sin maak");

maar (behalwe as 'n voegwoord);
net;
ons ("Suid-Afrika het hier met probleme te kampe" pleks van "ons het hier ...");
ook;
poog (dis te styf, gebruik liewer probeer);
weer eens (dis in elk geval twee woorde en word dikwels verkeerd gespel);
waargeneem ("die predikant lei die diens" pleks van "hy neem die diens waar", "die Minister open die gebou" pleks van "hy neem die opening van die gebou waar", "die ouderling doen 'n gebed" pleks van "hy neem 'n gebed waar" - Die Burger skryf Afrikaans, p. 61).

Vermy ook die gebruik van die eerste in sy soort. Die Burger skryf Afrikaans (p. 69) skryf: "As 'n verslaggewer met groot stelligheid beweer dat iets die eerste in sy soort is, of dat dit die eerste keer is dat so iets gebeur, krap maar dood, want die ervaring het al bewys dat daar gewoonlik reeds so iets was." (Die woorde maar en al kon hier uitgelaat word.)

"Die woord 'daar' word dikwels onnodig gebruik. In vanoggend se koerant is minstens twee voorbeelde ...
'Sedert 1961 is daar gemiddeld meer as duisend huise per maand gebou'. (Waar?)
"Daar word verslae daaroor voorberei'.
In albei gevalle is die 'daar' heeltemal oorbodig. In die tweede geval is dit des hinderliker omdat dit deur 'daaroor' gevolg word. Daardie sin moes gelui het: 'Verslae word daaroor voorberei' of: 'Daaroor word verslae voorberei' (Taalfoute, nr. 1, 2/5/78).

"In die volgende sin word gepraat van 'die onmin wat daar hierdie seisoen ... ontstaan het'. Soos in lys nr. 1 aangetoon is, is dié 'daar' heeltemal oorbodig. Dit is ook slegte styl. Dieselfde geld vir die 'daar' in die sin: 'Ná die onmin wat daar tussen die Vrystaat en Transvaal ontstaan het'"(Taalfoute, nr. 3, 5/5/78).

Om veiligheidsredes is veel korter as vanuit die oogpunt van veiligheid.

"Talle voorsetsels word verdring deur vae frases soos ten opsigte van, met betrekking tot, in verband met, in (die) geval van, ens." (ANON. 1976. Praktiese Afrikaans. Die Staatsamptenaar, LVI(8): 24, Aug.).

"'In plaas van' of 'in die plek van' kan eenvoudig pleks word, 'net soos' nes, 'as gevolg van' deur of weens, en 'deur middel van' ('met behulp van') deur; vervang 'ten spyte van die feit dat' deur ondanks, bv. 'ten spyte van die feit dat hy siek was, het hy tog gekom', kan word: 'ondanks sy siekte het hy tog gekom'; ook: ofskoon, hoewel" (Engelbrecht, 1975, p. 55).

"As twee woorde die betekenis ewe goed oordra, is die gewone woord verkieslik bo die minder alledaagse... Moenie aangaande, betreffende, rakende bo oor verkies nie, en ook nie konstateer bo sê, meld, verwys bo noem, bekom bo kry, filisiteer bo gelukwens nie.

"Vervang eweneens dienaangaande, dienooreenkomstig, diengevolge en soortgelyke woorde deur eenvoudige woorde soos

_daaroor_, _so_, ens.

"Amptenare se voorliefde vir die woorde _geriewe_ en _fasiliteite_ is in die haak, maar daar is geen regverdiging daarvoor om telkens te praat van _skoolfasiliteite_, _toiletgeriewe_, _was-fasiliteite_, ens. nie, in plaas van net _skole_, _toilette_ en wasbakke" (ANON. 1976. Praktiese Afrikaans. _Die Staats-amptenaar_, LVI(8):24, Aug.).

Vir baie interessante voorbeelde, wat veral in amptelike briewe voorkom en tog vir die koerantman waarde het, raadpleeg die volgende artikels:

a. ANON. 1975. Praktiese Afrikaans. _Die Staatsamptenaar_, LV(6):23, Junie.
b. ANON. 1975. Praktiese Afrikaans. _Die Staatsamptenaar_, LV(8):27, Aug.
c. ANON. 1976. Praktiese Afrikaans. _Die Staatsamptenaar_, LVI(6):23, Junie.
d. ANON. 1976. Praktiese Afrikaans. _Die Staatsamptenaar_, LVI(8):24, Aug.
e. ANON. 1976. Praktiese Afrikaans. _Die Staatsamptenaar_, LVI(12):26, Des.

"Hy _was_ in sy kantoor _werksaam_" is langdradig, gebruik: _het gewerk_; "Hulle _was_ op Stellenbosch _woonagtig_" is langdradig, gebruik: _het gewoon_; "Hulle _was behulpsaam met_" is langdradig, gebruik: _het gehelp met_ (Die Burger skryf Afrikaans, p. 20).

Net so word 'n aanbeveling nie gedoen nie, maar _beveel_ mens iets _aan_;
'n mens _staan_ nie _onder 'n stortbad_ nie, jy _stort_ sommer net;
'n predikant _preek_, hy hoef nie _'n preek_ te _hou_ nie;

pleks van 'n klagte indien, kan mens sommer net kla;
mens beweer iets, pleks van 'n bewering doen of maak;
mens getuig, pleks van getuienis aflê.

Die kontaminasie van aangaan en betref, naamlik aanbetref, moet vermy word. Gebruik die korter korrekte vorm aangaan of betref (Van der Merwe, 1973, p. 154).

Gebruik bykom pleks van bewussyn herwin (Die Burger skryf Afrikaans, p. 12).

Dis geen proefneming nie is korter as dis nie 'n proefneming nie (en lees ook makliker);
kan is korter as in staat wees en mag as word toegelaat (vergelyk Engelbrecht, 1975, p. 40, en Taalsake, 30/11/77);
in Julie word verkies bo gedurende Julie;
"hy is al mens in Suid-Afrika" bo "hy is die enigste mens ...";
"die vergadering word vanaand gehou" pleks van "die vergadering sal vanaand gehou word"(Engelbrecht, 1975, p. 50);
wil is korter as is van plan om en
weens (as 'n slegte uitwerking betrokke is) as as gevolg van en
vanweë (as 'n goeie uitwerking betrokke is) as as gevolg van;
dié is korter as hierdie;
"sy is in Frankryk" is korter as "sy bevind haar in Frankryk";
in 'n telefoongesprek word verkies bo tydens 'n telefoniese gesprek;
Kaapstadse reddingsbote is korter as reddingsbote van Kaapstad en "die erewag moes die aanloopbaan verlaat" is korter as "die erewag was verplig om die aanloopbaan te verlaat".

Omdat die koerantman gedurig ekonomies met woorde moet omgaan, moet hy dikwels die verkorte vorm van 'n woord (of woorde) gebruik.

Aksyns is reeds 'n belasting en daarom is aksynsbelasting onnodige herhaling. Dit is 'n voorbeeld van toutologie[1]). (Die Burger skryf Afrikaans, p. 6.)

Balling is korter as banneling (albei het dieselfde betekenis) en word daarom verkies (Die Burger skryf Afrikaans, p. 7).

"Hy is in 'n bewustelose toestand gevind" is 'n voorbeeld van pleonasme[2]). Bewusteloos is reeds 'n toestand. Die korrekte taalgebruik is: "Hy is bewusteloos gevind" (Rapport se taalles 22, Die Burger skryf Afrikaans, p. 91).

In die uitdrukking 'n verskriklike chaos is verskriklike oorbodig en kan daar net van chaos gepraat word (ANON. 1976. Praktiese Afrikaans, Die Staatsamptenaar, LVI(2):29, Febr.).

---

1) Die term toutologie word gebruik om die opeenstapeling van woorde waarvan die betekenisse dieselfde is, aan te dui (Van der Merwe, 1973, p. 282). Dit is die term in die taalkunde wat aandui dat dieselfde ding twee maal gesê word (Die juiste woord, 16/3/78).

2) Pleonasme verskil van toutologie deurdat die twee woorde nie sinoniem is nie, maar die betekenis van die tweede woord lê reeds in die eerste woord opgesluit (Van der Merwe, 1973, p. 228). Te veel word gesê, dus bylas wat oorbodig is (Die juiste woord, 16/3/78).

Skoonheidskundige word bo skoonheidsdeskundige verkies (Die Burger skryf Afrikaans, p. 13);
droogtegebied is korter as droogtegeteisterde gebied (Die Burger skryf Afrikaans, p. 15);
dwelms of dwelmmiddels is korter as bedwelmende middels;
elektrotegniek kan gebruik word pleks van elektrotegniese ingenieurswese (Die Burger skryf Afrikaans, p. 16);
'n keisersnee is reeds 'n operasie -'n keisersnee-operasie is onnodige herhaling (Die Burger skryf Afrikaans, p. 28);
menseregte moet gebruik word pleks van menslike regte (Bosman e.a.);
Noorse is korter as Noorweegse (Die Burger skryf Afrikaans, p. 38);
onafhanklikwording is die korrekte vorm en nie onafhanklikheidswording nie (Die Burger skryf Afrikaans, p. 38);
skoknuus is korter as skokkende nuus (Die Transvaler, 26/6/78, p. 1);
grudaad en gruweldaad is korter as gruwelike daad (Die Transvaler, 26/6/78, p. 1);
waarskuskoot is korter as waarskuwingskoot (Die Transvaler, 12/12/77);
spandabelheid (nie spandabelrigheid nie) moet gebruik word (Die Burger skryf Afrikaans, p. 49);
skikberaad is korter as skikkingsberaad (Die Burger, 12/12/77);
terapie is korter as terapeutiese behandeling (Die Burger skryf Afrikaans, p. 52).

Deur die herhaalde gebruik van 'n woord met 'n sterk betekenis, word sy betekenis onnodig verswak en het die woord later nie meer trefkrag nie.

In Taalfoute (17/4/78) skryf J.J.J. Scholtz soos volg: "Die sportbladsye wemel vanoggend van die woord 'sege'. Die rede lê voor die hand; dit is 'n lekker kort woord wat maklik in 'n opskrif pas. Tog moet daarteen gewaak word om 'sege' na willekeur in plaas van die langere 'oorwinning' te gebruik. 'Sege' dui op 'n heel besondere oorwinning, 'n mens sou kan sê 'n glansryke, selfs heroïese oorwinning. Die woord mag nie soos so baie ander deur oorgebruik gedevalueer word nie; gebruik dit dus met die nodige eerbied."

"Nog 'n voorbeeld van 'n gedevalueerde woord is 'probleem'. Dit behoort slegs gebruik te word waar dit om werklike probleme, d.w.s. ingewikkelde, lastige en moeilik hanteerbare sake gaan. Alte dikwels word dit gebruik wanneer slegs een of ander klein moeilikheidjie bedoel word. Waak asseblief daarteen"(Taalfoute, 17/4/78). Die beleid van Die Burger en Beeld gee hier vir die koerantman die riglyn.

As die woord deurbraak te veel gebruik word, waar dit nie werklik nodig is nie, kan dit sy trefkrag verloor. Sê liewer: groot vordering is gemaak, ensovoorts (Taalfoute, 19/4/78).

Vermy die gebruik van 'n reuse-saamtrek as 'n paar honderd mense teenwoordig was (Taalfoute, 19/4/78).

Met woorde soos beroemd, tragies, tragedie en ramp moet baie suinig te werk gegaan word, ook: vreeslik, verskriklik en geweldig. Gebruik dit net waar dit werklik gepas is. Die benaming rolprentster kom ook nie enige rolprentakteur toe nie

en moet vermy word (vergelyk Die Burger skryf Afrikaans, p. 50, 54 en 69, en Taalsake, 22/2/78).

"Probeer om so min as moontlik dieselfde woord in dieselfde koerantberig te herhaal. Bv. 'n Volwaardige soldaat sal daarvan hou om aan 'n volwaardige gevegsoefening deel te neem. Skryf liewers: 'n Volwaardige soldaat sal daarvan hou om aan 'n volslae gevegsoefening deel te neem. (Hierdie reël moet te alle tye nagekom word.)" (Rapport se taalles 20, Die Burger skryf Afrikaans, p. 89. Vergelyk ook Engelbrecht, 1975, p. 55).

Weer moet nie saam met woorde soos hervat, herstel en teruggekom gebruik word nie, byvoorbeeld: hy het gister weer teruggekom. Dit is onnodige herhaling en maak die sin lomp. Sê liewer: hy het gister teruggekom. (Vergelyk Die Burger skryf Afrikaans, p. 22, en Rapport se taalles 10, 14/3/72, Die Burger skryf Afrikaans, p. 81.)

Vermy die gebruik van verkleinwoorde. Rapport (taalles 4, 25/1/72, Die Burger skryf Afrikaans, p. 75) sê hieroor: "Ons is glad te lief vir verkleinwoordjies. Mense gaan by ons nooit meer na 'n party nie (al is daar ook 'n paar honderd mense), maar na 'n partytjie; net so selde sien ons 'n interessante toneel in 'n straat of waar ook al - gewoonlik 'n toneeltjie. En selfs al stap 'n man 'n myl of wat dan het hy 'n entjie gaan stap. Kom ons dink 'n slaggie groot."

Teen onlogiese en lomp taal moet gedurig gewaak word. Die volgende is voorbeelde hiervan:

dit kan onmoontlik nie so wees nie (dit is die teenoorgestelde van wat werklik bedoel word - Rapport se taalles 14, 30/5/72, Die Burger skryf Afrikaans, p. 85, en Rapport se taalles 16, Die Burger skryf Afrikaans, p. 87);

sneeubedekte en bloedbevlekte is onafrikaanse uitdrukkings - dié begrippe moet omskryf word (vir nog voorbeelde vergelyk Die Burger skryf Afrikaans, p. 68);

die multi-miljoen-Schlesinger-organisasie (Die Transvaler, 23/8/78, p. 5, kol. 1, 2 en 3) is 'n lomp woord, dié begrip moet liewers omskryf word;

die reusagtige konglomeraat-maatskappy (Die Transvaler, 23/8/78, p. 1, kol. 3) is 'n woord wat deur min lesers verstaan gaan word;

'n afgeleë bosbouplaas naby die dorp (Die Burger skryf Afrikaans, p. 5);

'n regeringscommunique (Die Transvaler, 28/8/78, p. 1, kol. 5 en 6) kan net sowel vervang word deur (amptelike) mededeling en sal dan dalk deur meer lesers verstaan én deur die koerant reg gespel word (Bosman e.a.);

Die Transvaler (30/8/78, p. 3, kol. 1, 2 en 3) praat van "bestraling (radusering)" - die woord radusering is 'n lomp en onverstaanbare woord en kon weggelaat word.

Holruggeryde frases moet vermy word. "In die meeste gevalle besit hierdie uitdrukkinge nie meer die oorspronklike gevoelswaardes nie en dikwels is hulle blote gemeenplase" (Van der Merwe, 1973, p. 120).

Die volgende is voorbeelde van holruggeryde uitdrukkings wat dikwels niksseggend is:
van stapel stuur (Taalfoute, 19/4/78);
na verneem word (dit word onnodig gebruik waar dit glad nie inpas nie - Die Burger skryf Afrikaans, p. 30);
hy wou geen kommentaar lewer nie pleks van hy wou niks sê nie (Die Burger skryf Afrikaans, p. 30);
dit behoort tot die verlede pleks van dit is verby.

Die taalkundige redakteur (Die juiste woord, 12/1/78) se nuwejaarsvoornemens lui soos volg:
"CLICHé-taal gaan ons vermy: dit is die soort wat ewig en altyd dieselfde platgetrapte, holrug-geryde clichés insleep, soos motors wat onder die klippe gesteek of met klippe bestook word, of wat die pad byster raak; weer wat dinge in die wiele ry; moordenaars wat aangekeer word; medaljes wat verower word, of ingepalm word; rolle wat glad nie op die toneel gespeel word nie; honde en selfs jakkalse wat hul opwagting maak; syfers wat dramaties styg; snerpende koue (hoe snerp hy eintlik?); 'botsings' tussen Bybelspanne; en kinders wat nooit anders as spoorloos verdwyn nie, tensy hulle soos groot spelde verdwyn!"

Sinne kan korter en kragtiger gestel word as die bedrywende vorm pleks van die lydende vorm gebruik word. Die volgende sin in die bedrywende vorm "Daarom werk hulle" is korter as dié sin in die lydende vorm "Daarom word daar deur hulle gewerk". "Hy het die bal geskop" is korter en bring die nuus vinniger oor as: "Die bal is deur hom geskop" (Engelbrecht, p. 55). "Dit is omslagtig om te skryf: Die pa is deur sy

seun geskiet nadat die ma haarself om die lewe gebring het. Die korrekte vorm is: Die seun het sy pa geskiet nadat sy ma selfmoord gepleeg het"(Rapport se taalles 20, Die Burger skryf Afrikáans, p. 89). Vir Engelse voorbeelde vergelyk Evans, 1963, p. 111, en Evans, 1977, p. 23.

Die koerantman moet die beginsel van kort en kragtig skryf veral in die eerste sin van 'n berig (die aanhef) toepas. Meermale bestaan die eerste paragraaf van die berig (die inleiding) uit net een sin. Die beginsels vir die aanhef kan dus ook op die inleiding toegepas word.

Die inleidingsparagraaf (in die praktyk word dit kortweg inlei genoem, in Brittanje "intro" en in Amerika "lead") gee vir die leser 'n opsomming van die berig. "It should be possible to read the intro - and digest its meaning - in a quick scanning. If you have to read an intro with care it is a failure" (Evans, 1977, p. 85). Die leser behoort, deur net na die koppe en inlei te kyk, die hoofnuus in die koerant te kry. Hy sal natuurlik baie besonderhede mis. (Vergelyk Bond, 1961, p. 91.)

Die outydse beskouing dat die inlei die vyf W's en die H (Wie? Wat? Wanneer? Waar? Waarom? Hoe?) moet beantwoord, het al baie inleie lomp en onleesbaar gemaak omdat te veel feite ingedruk word. "The preoccupation with trying to answer all those five questions overloads too many intros, to the detriment of meaning" (Evans, 1977, p. 86 - Evans noem net die vyf W's). Evans se mening sluit weer aan by hoofstuk 2 - kommunikasie is die oordrag van betekenis en dit moet in koeranttaal voorop staan.

Bond (1961, p. 92) stel die volgende vereistes aan die inlei: "The best-written lead not only satisfies the reader's initial curiosity, but whets his appetite to read more. Summing up, we may say then that the newspaper writer must see to it that his lead does five things: presents a summary of the story; identifies the persons and the places concerned; stresses the news feature; gives the latest news of the event; and, if possible, stimulates the reader to continue the story. And the present-day tendency is to achieve all this as quickly and as briefly as possible."

Evans (1963, p. 85) gee die volgende praktiese raad: "The intro should be a short, sharp sentence giving the most striking fact in the story. Then the other points should be given in order of importance - first things first. Do not clutter up your intros with information which can be brought in lower down the story. This is a common error. Give yourself a limit to the number of words you will use. Not more than thirty-five words would be fair target. This will mean that you will have to make a news judgment about the most striking facts." (Vergelyk die keuring van nuus, 3.7.2.)

Verder sê hy: "Split your long intros into two sentences, one stating the main fact, the other supporting it" (Evans, 1963, p. 87).

"Die belangrikste sin in 'n berig is die eerste, maar dit gebeur nog glad te dikwels dat ons dit byna onleesbaar maak deur die hele storie daarin te vertel. Die gevolg is lompe konstruksies wat geen leser sal aanspoor om enigsins verder te lees nie. Los die klomp bysinne en aanhangsels. Begin

met 'n eenvoudige, enkelvoudige sin waarin net die belangrikste kernpunte aangestip word" (Die Burger skryf Afrikaans, p. 69).

"'n Aanhef is veronderstel om die leser te prikkel om verder te lees, nie om hom met 110 feite in een asem dood te gooi nie. Hoe korter en kragtiger, des te beter" (Die Burger skryf Afrikaans, p. 70).

"Vir 'n koerantberig om trefkrag te hê, moet die inleiding die aandag trek - die leser wil meer lees en weet. Hou inleidings kort (drie of vier reëls) en hou paragrawe kort (vier reëls verkieslik). Vermy onnodige bywoorde en byvoeglike naamwoorde - moenie blomtaal probeer gebruik nie - dit maak die berig wollerig of amateuragtig" (Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler, p. 14).

Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler (p. 14) gee die volgende wenke: "Moenie 'n berig met 'n aanhaling begin nie. Alleen in uitsonderlike gevalle is 'n aanhaling treffend... Moenie 'n berig met iemand se naam begin nie, bv. Die Minister van Sport, Ontspanning, Indiërsake en Publisiteit, mnr. J.H.P.P. v.d. M. Hoffenhauer, het gisteraand op 'n vergadering van sportadministrateurs gesê ...
Só 'n inleiding sê niks, en niemand gaan verder lees nie.
BEGIN by WAT die minister gesê het. Dis NUUS."
Daar is tog uitsonderings waar die naam juis die nuuswaardige element in die berig is, byvoorbeeld: "Dr. Verwoerd is vermoor" en "John Vorster bedank". (Vir 'n volledige bespreking van inleie, vergelyk Evans, 1963, p. 85-89, en Evans, 1977, p. 84-109.)

Koeranttaal is korter en kragtiger as dit positief geskryf word. "Sentences should assert. The newspaper reader above all does not want to be told what is not. He should be told what is. As a general rule, a deskman should strive to express even a negative in a positive form" (Evans, 1977, p. 25 en verder).

"Die onderneming het gesê hy sal nie nou met die plan voortgaan nie" is omslagtig. Sê liewer: "Die onderneming het gesê hy het van die plan afgesien".

"Hulle het nie aan die klagte aandag gegee nie" moet vermy word. Gebruik: "Hulle het die klagte geïgnoreer".

Soms is die negatiewe (wat nié is nie) juis die nuus, byvoorbeeld: "Daar is nie 'n druppel petrol op Potchefstroom nie".

Dié stuk oor die kort, kragtige en eenvoudige skryfwyse van die koerant word met die volgende aanhaling afgesluit:

"Die leser wil dus so gou moontlik die HARDE nuus weet. Gevolglik is dit beleid om kort sinne te skryf, berigte kort en kragtig te hou, moeilike woorde te vermy en eerder 'n eenvoudige Afrikaanse woord te gebruik en kortpad te kies na die nuus wat hy wil oordra" (Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler, p. 14).

'n Interessante voorbeeld van 'n omslagtige Engelse sin is: "The Housing Committee of the Ripon and Pateley Bridge Rural Council has recommended that in future the Council shall adopt as their policy for the recovery of rent arrears among

council house tenants, the procedure of distraint on the tenants' goods. Any tenants in arrears are to be notified of the change of procedure."

Dit kan nou wel aanvaarbare taal in die notule van 'n munisipaliteit wees, maar as die koerantman daaroor verslag doen, moet hy dit verkieslik soos volg "vertaal":
"Tenants who are behind with rent payments to Ripon and Pateley Bridge Rural Council will soon find the bailiffs at their doors. The Housing Committee recommended the Council to seize defaulters' property" (Evans, 1963, p. 85).

Die eerste paragraaf is nie net vir die leser onverstaanbaar nie (dit wil sê die kommunikasie sal misluk), maar sal heel moontlik ook vir die leser onaanvaarbaar wees. Die tweede paragraaf voldoen egter aan die twee vereistes van koeranttaal, naamlik dat dit verstaanbaar én aanvaarbaar moet wees.

Die vorm waarin die nuus uiteindelik aan die leser gebring word, word hoofsaaklik deur die beleid van die spesifieke koerant en koerante in die algemeen bepaal. Die koerantman word miskien in 'n sekere berig met 'n keuse van woorde gekonfronteer. Die woorde het nie almal dieselfde lading nie, en daarom sal die betekenis daarvan ook verskil. Dié semantiese probleem hou in dat die betekenis versterk of vervaag kan word.

Die beleid van 'n spesifieke koerant hang natuurlik nou saam met die hele politieke situasie in 'n land. Wanneer die koerantman dus voor die keuse van byvoorbeeld verkramp of behoudend te staan kom, sal sy koerant se beleid vir hom voor-

skryf wat om te kies. Gebruik hy die woord verkramp, word die betekenis versterk en kry dit selfs 'n negatiewe betekenis. Met die woord behoudend word die betekenis vervaag en meer neutraal gestel. Op dieseflde semantiese vlak moet ook gekies word tussen die Inligtingskandaal, die Inligtingdebakel of die Inligtingaangeleentheid. In elke woordkeuse lê 'n ander betekenis.

As die betekenis van woorde op die politieke vlak vervaag word, kan daar van politieke eufemismes gepraat word. ('n Eufemisme is volgens Van der Merwe, 1966, p. 242: "iets aanstootliks of onaangenaams weergee deur 'n benaming of uitdrukking wat minder onaangename voorstellings opwek of wat gevoeligheid van die waarnemer spaar".)

Die hele politieke geskiedenis van Suid-Afrika het die volgende ontwikkeling beïnvloed. Die swartes in Suid-Afrika is eers Kaffers genoem, toe word hulle naturelle, daarna Bantoes en vandag is dit koerantpraktyk om hulle swartes te noem (kyk Die juiste woord, 27/10/77).

Die beleid van die spesifieke koerant het in die volgende gevalle bepaal wanneer die woord terroris en wanneer die woord moordenaar gebruik moet word.

In Die Transvaler se berig oor die teregstelling van Mahlangu, lui die inlei só:
"Die teregstelling van Solomon Mahlangu gister om 07h00 is wêreldwyd met groot woede begroet" (Die Transvaler, 7/4/79, p. 3, kol. 1, 2 en 3).

Die volgende paragraaf lui: "Die moordenaar van Gogh-straat is saam met nog 'n swarte en drie Kleurlinge in Pretoria opgehang" (Die Transvaler, 7/4/79, p. 3, kol. 1).

Beeld se inlei lui só: "Die teregstelling van Solomon Mahlangu (23), die Gochstraat-terroris, het gister wêreldwyd skerp reaksie uitgelok. 'Diepe verontwaardiging' is onder meer uitgespreek en die teregstelling is selfs beskryf as ' 'n daad van terrorisme deur 'n bewind wat amok maak' " (Beeld, 7/4/79, p. 3, kol. 7, 8 en 9).

Die koerantman het in die volgende berig wat hy uit Engelse Sapa-kopie moes skryf (en daar kan aangeneem word dat die oorspronklike taal Russies was) vryheidsvegter (Die Transvaler) en vegter teen rassediskriminasie (Beeld) gekies.

"Tass, die Russiese amptelike nuusagentskap, het die moordenaar as 'n 'vryheidsvegter' bestempel ..." (Die Transvaler, 7/4/79, p. 3, kol. 2).

"Die Russiese nuusagentskap Tass het die teregstelling veroordeel en Mahlangu as 'n 'vegter teen rassediskriminasie' beskryf" (Beeld, 7/4/79, p. 3, kol. 7).

Die volgende Engelse voorbeelde van eufemismes op maatskaplike vlak word deur Harold Evans (1977, p. 16) genoem: "Look what happened to 'poor' people. They became 'needy', then 'deprived', then 'underprivileged' and more lately 'disadvantaged' ".

Paul Johnson gee die volgende voorbeelde in sy boek Enemies of society (kyk Die juiste woord, 27/10/77):
"A backward child is a late-developer; a cripple is handicapped; the poor are lower-income groups or underprivileged; the deaf are hard of hearing; slums are substandard houses; the insane are mentally ill, and drunkards alcoholics; a subject becomes a citizen or a national, and old people are senior citizens, or, worse, geriatrics ... Nightwatchmen become security officers, and charwomen, having for a short time become charladies, are now daily helps (if employed in private houses) or cleaners (in offices). 'Criminal boy' or 'criminal girl' was changed to 'juvenile delinquent', but this in turn soon became pejorative and was again changed to 'young offender' ... In the United States, the poor were officially reclassified as needy, then deprived, then underprivileged... In any case, underprivileged soon became pejorative in turn, and was followed by disadvantaged".

Een van die besondere probleme van die koerantman is die skep van nuwe woorde vir ontwikkelings waarvoor daar nog nie Afrikaanse woorde is nie. Elke lewende taal het middele tot sy beskikking waarvolgens die taal in 'n gegewe situasie en tyd by die behoeftes van die sprekers aangepas word. Dié aanpassing van die taal geskied deur die skepping van nuwe woorde. Nuwe sake moet "benoem" word en dus naam kry.

Die woord is 'n eenheid wat uit klank en betekenis bestaan (vergelyk Posthumus, 1966, p. 135-148; Van der Merwe, 1966, p. 149-156, en Van der Walt, 1966, p. 157-171). Tussen

hierdie klank en betekenis is die verband willekeurig. Dit beteken dat 'n bepaalde betekenis nie juis met 'n bepaalde klank verbind hoef te word nie. Maar die verband tussen die klank en die betekenis word verder deur die gebruik bepaal. Afrikaans het sy eie gebruik vir die klank én die betekenis, naamlik die woord. Nou kom die Engelse woord op die toneel, en die Engelse gebruik dring hom in die Afrikaanse gebruik op. Die nuwe woord wat so gevorm word, bestaan uit eenhede van klank én betekenis. Die betekenis wat aan die klank geheg word, kan willekeurig wees, maar word nou deur die Engelse gebruik bepaal.

Die koerantman sit met die probleem dat die Engelse woord meestal bestaan, terwyl daarvoor nie 'n Afrikaanse eweknie is nie - of hy nou vertaal en of hy oorspronklik 'n berig in Afrikaans skryf. Die Engelse woord (of klank-betekenis-verbinding) is gegee. Die willekeurigheid word nou opgehef. Die Engelse gebruik is vasgelê en dié gebruik word nou net so oorgeneem. Die verband tussen die klank en betekenis is dus in Afrikaans nie meer willekeurig nie, maar word deur die Engelse voorskrif bepaal. Die Engelse woord word verafrikaans. Die woord word dus in Afrikaans "verklank" of "ver-

---

POSTHUMUS, M.J. 1966. Die woordstruktuur van Afrikaans. (In Van der Merwe, H.J.J.M., red. Inleiding tot die taalkunde. Pretoria, Van Schaik. p. 135-148).

VAN DER MERWE, H.J.J.M. 1966. Analogie. (In Van der Merwe, H.J.J.M., red. Inleiding tot die taalkunde. Pretoria, Van Schaik. p. 149-156).

VAN DER WALT, M.J. 1966. Semantiek. (In Van der Merwe, H.J.J.M., red. Inleiding tot die taalkunde. Pretoria, Van Schaik. p. 157-171).

letter" én die Engelse betekenis word in Afrikaans behou. Die willekeurigheid tussen die klank- en betekenisverbinding val in Afrikaans weg. In plaas daarvan dat die eie middele tot beskikking gebruik word, word die woord nou volgens die Engelse model geskep.

Verklanking is egter nie die enigste manier waarop nuutskeppings gevorm word nie, maar die samestelling of afleiding van eie (dit wil sê bestaande Afrikaanse) woorde is 'n ander manier. Dit is in der waarheid die natuurlike manier waarop 'n taal sy nuwe woorde vorm. As bekende woorde bymekaar gesit word om 'n nuwe woord te vorm, gebeur dit dat die nuwe woord te lank is en weer verkort moet word.

Stootskraper en kleinhoewe kan as voorbeelde hier genoem word. Dit is albei woorde wat deur 'n koerantman, by name prof. G.J. Pienaar, toe subredakteur van Die Volksblad en tans hoof van die departement Kommunikasiekunde aan die PU vir CHO, geskep is omdat daar geen Afrikaanse woorde was nie.

Ná die Tweede Wêreldoorlog is padgereedskap gemeganiseer (muile is voorheen gebruik) en daar moes 'n woord gesoek word vir dié skraper wat stoot. Die Afrikaanse vertaling van bulldozer, naamlik stootskraper, is vandag 'n ingeburgerde Afrikaanse woord. Stootskraper is egter nie net 'n verklanking van die Engelse woord nie, maar 'n samestelling van twee bekende woorde wat 'n beskrywing van die handeling van die stuk padgereedskap gee.

Kleinhoewe het weer ontstaan omdat die plattelanders ná dieselfde oorlog stede toe gestroom het en 'n kompromie

tussen die stad en plaas wou hê en daarom klein stukkies grond gekoop het. Die klein stukkies grond moes egter naam kry en is toe kleinhoewe genoem. Bosman e.a. vertaal plot met as eerste betekenis erf of (bou)perseel en as tweede betekenis plasie, (klein) hoewe of stuk(kie) grond. Die woord kleinhoewe, weer nie net 'n verklanking nie, is die beskrywendste. (Die skryfwyse van Spelreëls - kleinhoewe - word verkies.)

Daar kan gestel word dat die koerante in groot mate vir die ontstaan en die vestiging van die volgende nuwe woorde verantwoordelik was:

abbahart (Die Burger, 15/11/77, en Die Transvaler, 14/11/77, en Beeld, 26/5/78, p. 1, kol. 2) word nog in geen woordeboek aangegee nie;

houerskip (Die Burger, 24/8/77, en Die Transvaler, 14/8/78, p. 5, kol. 2) en behouering (Die Burger, 24/8/77), die woorde houermaatskappy en houerverskeping kom wel in die nuwe woordelys van Bresler (1978) voor - in dié geval het die koerantman heel moontlik die nuwe skepping behoueringskip verkort tot houerskip;

anderkleuriges (Die Transvaler, 16/8/78, p. 1, kol. 5, 6 en 7).

Die volgende nuwe ontwikkelings het gelei tot nuwe woorde wat nog nie in die volksmond ingeburger is nie. Omdat die koerantman noodwendig dié woorde in die beriggewing van die nuus moet gebruik, is daar tans meer as een woord vir dieselfde saak by verskillende koerante in gebruik. Hier is dit weer die beleid van die koerant wat bepaal watter woorde gebruik word. Die volgende voorbeelde word genoem:

---

BRESLER, G.C. 1978. 40 000 woorde. Johannesburg, McGraw-Hill. 499p.

ballonskipper (Die Burger, 5/1/78) en lugskipper (Die Burger, 5/1/78) en warmlugballonvaarder (Die Transvaler, 11/10/78, p. 13, kol. 8 en 9). Hoewel laasgenoemde woord miskien die beskrywendste is, is dit nie kort en kragtig genoeg om lank in die koerantwese stand te hou nie - dit sal by die skryf van koppe veral moeilikheid oplewer;

beeldsaai(Die Transvaler, 19/9/78, p. 6, kol. 3) en beeldsend (Die Transvaler, 28/8/78, p. 5, kol. 6) vir televisieprogramme;

gesinsbeplanning (Die Transvaler, 24/8/78, p. 5, kol. 1) en in die volksmond word geboortebeperking gehoor, terwyl Bosman e.a. vir die Engelse "family planning" gesinsbeperking aangee. Die woord gesinsreëling is beskrywend en word verkies.

Hangswewers (Engels hang-gliders) (Beeld, 25/8/77); vlerkswewers (Die Burger, 1/9/77; Die Transvaler, 6/3/78); sweeftuigvlieër (Beeld, 17/7/78, p. 1, kol. 7 en 8) en hangvlieërs (Beeld, 17/7/78, p. 1, kol. 7). Dit lyk of die woord vlerkswewer die aanneemlikste is, en hieroor sê Engelbrecht in Taalsake (20/9/78, p. 10, kol. 4): "Intussen het die voorgestelde VLERKSWEEF, VLERKSWEWER by ingeligte koerante - ook by die radio, meen ek - heel algemene byval gevind". Die tuig waarmee daar gesweef word, word vlerktuig (Taalsake, 3/1/79, p. 8, kol. 2); sweefvlerk (Die Burger, 9/11/77) en sweeftuig (Die Transvaler, 27/12/77) genoem. Die woord sweeftuig word egter ook gebruik vir die Engelse woord glider wat in werklikheid 'n vliegtuig na bou, maar sonder kragaandrywing, is.

Skaatsplankjaers (Die Transvaler, 21/12/77), plankskaatser (Die Burger, 6/1/78) en skaatsplankryers (Die Transvaler, 13/9/78, p. 3, kol. 3) kom almal voor, terwyl die woord skaatsplank (Die Burger, 21/12/77, en Die Transvaler,

13/9/78, p. 3, kol. 2) in die algemeen vir skate board gebruik word.
Engelbrecht (in Taalsake, 18/10/78, p. 10, kol. 1) stel die woord klouterfiets vir die Engelse "scrambler" voor. Dié motorfiets is nog 'n nuwigheid en die woorde klouterfiets en "scrambler" kom nog nêrens in 'n woordeboek voor nie.

## 4.3 Die invloed van Engels

Soos reeds aangestip, kom byna alle werk wat deur die koerante vertaal moet word, in Engels na die koerant. Dit sluit persverklarings deur private of staatsorganisasies in. Die invloed van Engels op die Afrikaanse taal is oorweldigend, en het ongelukkig ook 'n invloed op die taal van die Afrikaanse koerantman.

Die Afrikaner word daagliks gekonfronteer met die invloed van Engels deur die bewoording op advertensieborde, padborde, brosjures, briefhoofde, ensovoorts. Juis daarom het die koerant 'n groot taak om die gebruik van "korrekte" (dit wil sê verstaanbare én aanvaarbare) Afrikaans voortdurend onder die lesers se aandag te bring deur self "korrek" te skryf.

Die vorm waarin die koerantman sy taal giet, hang grootliks af van sy verwysingsraamwerk én die beleid van die koerant. Die twee faktore werk albei in op die spesifieke probleme van die koerantman wat deur die invloed van Engels veroorsaak word. Waar dié probleme bespreek word, moet dié invloed dus gedurig in gedagte gehou word, en kan die twee nie van mekaar geskei word nie. As voorskrifte vir die gebruik van "korrekte" Afrikaans gesoek word, sal die beleid van die

koerant die deurslag gee.

4.3.1 Anglisismes

Ook oor die kwessie van Anglisismes moet die beleid van die koerant die deurslag gee, want dit is 'n normprobleem wat nog nie opgelos is nie.

Prof. Johan Combrink van die departement Afrikaans-Nederlands aan die Universiteit van Stellenbosch sê:
"Die leek verlaat hom dikwels in taalsake op mense wat veronderstel is om deskundiges te wees ...
"Maar, elke skrywer van 'n handleiding het sy eie unieke stel bousels wat hy tot Anglisismes verklaar - dikwels op grond van halwe inligting, dikwels bloot omdat dit op Engels lyk...
"Dit is nie sommer 'n leek of enigiemand, selfs met 'n doktorsgraad in Afrikaans, wat 'n diagnose kan maak oor 'n bepaalde Afrikaanse taalbousel en wat kan sê: ja, dit is 'n Anglisisme, of nee, dit is nie 'n Anglisisme nie. Dit verg byvoorbeeld eerstehandse kennis van Afrikaans van voor 1800, dit wil sê Afrikaans voordat Engels begin invloed uitoefen het op Afrikaans" (Die Burger, 1/8/78, p. 10, kol. 5-9, Hoogste taalgesag moet beslis oor Anglisismes - 'n verkorte weergawe van die referaat Anglisismes - op Wie se Gesag? wat prof. Combrink op 5 Julie 1978 in Port Elizabeth op die jaarvergadering van die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings gelewer het).

Elke koerantman is daagliks besig om Afrikaans te skryf. Tog kan nie van hom verwag word dat hy die ontwikkeling van die Afrikaanse taal moet ken om te kan bepaal wat Anglisismes is nie. Nogtans moet hy weet wat in die algemeen as Anglisis-

mes beskou word. Hy kan nie bloot op grond van die feit dat daar nie 'n gesaghebbende werk in Afrikaans oor Anglisismes is nie, nou maar sê: "Nou ja, nou is alles toelaatbaar, al is die Engelse invloed sterk".

Onder taalkundiges is daar twee standpunte oor Anglisismes. Volgens die neutrale standpunt word geen oordeel gevel nie. 'n Anglisisme is iets wat in Afrikaans onder invloed van Engels bestaan, maar nie verwerplik is nie.

Die negatiewe standpunt is 'n oordeelstandpunt. 'n Anglisisme is iets wat onder invloed van Engels staan én die eie verdring, en daarom verwerp moet word.

Omdat taal sosiale gedrag is, is die gebruik van Anglisismes ook sosiale gedrag. Die oordeel wat oor Anglisismes gevel word, is dus 'n sosiale oordeel. Hiervolgens is Anglisismes vir sekere mense aanvaarbaar en vir ander nie. (Vergelyk Combrink, 1978, p. 11, en 2.3.1.)

In dié studie word van die negatiewe oordeelstandpunt uitgegaan, naamlik dat woorde en taalgebruik wat bestaande Afrikaanse taalmateriaal verdring, 'n negatiewe invloed op die taal het en geweer moet word. Sodanige woorde word as Anglisismes beskou.

Basson e.a. (1964, p. 19) verteenwoordig byvoorbeeld die negatiewe standpunt. Hul vereistes van 'n Anglisisme is:

---

BASSON, M.A., KROMHOUT, J. & SENEKAL, J.H. 1964. Afrikaans vir die student. Johannesburg, Voortrekkerpers. 176p.

"Omdat 'n woord of uitdrukking dikwels foutief as 'n Anglisisme aangesien word, kan ons sê dat dit eers aan al drie die volgende vereistes moet voldoen alvorens ons heeltemal seker daarvan is dat dit wel 'n Anglisisme is:

(i) Dit moet na Engelse model gevorm wees;
(ii) dit moet met die Afrikaanse taaleie bots; en
(iii) dit moet bestaande Afrikaanse taalmateriaal verdring.

"'n Woord soos sypaadjie beantwoord bv. nie aan (iii) nie. Daar was geen ander geskikte Afrikaanse woord nie; derhalwe is dit geen Anglisisme nie. Kortom: as 'n vreemde woord in 'n behoefte voorsien, as dit onmisbaar is, kán dit geen Anglisisme wees nie."

Selfs met dié riglyne kan die koerantman nog probleme hê om Anglisismes uit te ken. "Hulle lyk in feitlik elke opsig op Afrikaanse woorde, vind maklik opname in die Afrikaanse woordeskat en word sonder gewetensbeswaar deur die breë volkslae gebesig. Hulle stem deurgaans met Afrikaans ooreen betreffende vorm, uitspraak of betekenis en kan nie geredelik onderskei word nie ..." (Basson e.a., 1964, p. 18).

Om die koerantman te help, word 'n paar woorde en uitdrukkings wat in die algemeen as Anglisismes beskou word, hieronder bespreek.

Vir verdere inligting vergelyk Basson e.a. (1964, p. 16-81); Van der Merwe (1973, p. 23-26);

TERBLANCHE, H.J. 1973. Die invloed van Engels op Afrikaans. (In Botha, T.J.R., red. Taal en teken. Kaapstad, Academica. p. 169-172);

VAN DER MERWE, H.J.J.M. 1966. Taalbeïnvloeding en taalvermenging. (In Van der Merwe, H.J.J.M., red. Inleiding tot die taalkunde. Pretoria, Van Schaik. p. 214-236).

Anglisistiese meervoudsvorme kom dikwels voor. Hieroor sê Van der Merwe (1973, p. 25): "tensy u in elke geval werklik meer as een van die bepaalde ding bedoel, moet u die volgende anglisitiese meervoudsvorme vermy: ek werk in die argiewe; die soldate is gehuisves in die barakke; my brille (vergelyk Bosman e.a. vir die Eng. (pair of) glasses) is weer vanoggend weg; hy het sy paar broeke geskeur; ons het groot dorpsgronde rondom Ermelo (vergelyk Van der Merwe, p. 110 - skoolgronde is ook 'n Anglisisme, tog word skoolterrein verkies; Engelbrecht, 1975, p. 52); saans sê hy sy gebede op; jy moet aansoek doen by die hoofkwartiere (kyk Van der Merwe, p. 121); ... die Uniegeboue is in Pretoria geleë (kyk Bosman e.a., en Engelbrecht, p. 61); ons het nou die aand na die vuurwerke gaan kyk (vergelyk Taalsake, 22/11/78, p. 12, kol. 5 - dieselfde met padwerk vir "road works"); die Victoriawatervalle is pragtig (kyk ook Bosman e.a., en Van der Merwe, p. 317)..."

Die volgende anglisistiese meervoudsvorm word hierby gevoeg: "Net so is die Engelse 'studies' nie in Afrikaans 'studies' nie, maar bloot studie" (Die Burger skryf Afrikaans, p. 50).

"Anxious" beteken in Engels, behalwe bevrees, bekommerd of bang, ook verlangend, begerig of gretig. Dit word dus in Afrikaans met twee woorde vertaal: angstig - benoud, beangs, bekommerd, of gretig: verlangend, begerig om te ..., wil graag. As angstig egter in Afrikaans in die betekenis van gretig gebruik word, "maak ons ons skuldig aan 'n Anglisisme" (Van der Merwe, 1973, p. 26). Vergelyk ook Engelbrecht, 1975, p. 19; Basson e.a., 1964, p. 104; Die Burger skryf Afrikaans, p. 7 en 20; Die juiste woord, 1/9/77; Taalsake, 13/4/77, en Taalsake, 12/10/77.

"As anglisisme word besigheid in die betekenis van handelsaak, winkel en bedryf nog algemeen in die omgangstaal gebruik, maar in geskrifte word dit in die betekenis van handelsbedrywigheid en -sake meesal vervang deur saak" (Woordeboek van die Afrikaanse taal, p. 385).

"In samestellings soos sakeondernemings, sakeman, sakebrief en so meer, waar daar nie sprake van verwarring kan wees nie, moet die woord besigheid stelselmatig vermy word" (FERREIRA, G.T. 1976. Hoe skryf ek Afrikaans? Het ek dit gekry of gedoen? Die Taalgenoot, 45(8):12 en 19, Julie). Vergelyk ook Bosman e.a., en Basson e.a., 1964, p. 50.

Braaf beteken gaaf teenoor die Engelse "brave" wat dapper beteken. "Dit is derhalwe 'n growwe Anglisisme as iemand sê dat 'n brawe man 'n dapper man is" (Die juiste woord, 14/10/76). Van der Merwe (1973, p. 54) stem hiermee saam. Vergelyk ook Basson e.a. (1964, p. 111); Engelbrecht (1975, p. 22), en Taalsake (3/11/76).

"Die gebruik van 'dans' i.p.v. dansparty is 'n Anglisisme" (Basson e.a., 1964, p. 51). Afgesien van die werkwoordvorm is dans 'n (dans-)nommer, daarom gaan mens na 'n dansparty en nie na 'n dans nie. Vergelyk Rapport se taalles 3, 25/1/72, Die Burger skryf Afrikaans, p. 74, en Van der Merwe, 1974, p. 65.

Bosman e.a. vertaal I enjoyed it en I enjoyed myself met ek het dit geniet. Ek het my geniet is volgens Van der

---

SCHOONEES, P.C., red. 1950. Woordeboek van die Afrikaanse taal. Pretoria, Die Staatsdrukker. 664p.

Merwe (1973, p. 105) 'n "lelike Anglisisme". Kyk ook Engelbrecht (1975, p. 28); Basson e.a. (1964, p. 53); Taalsake, 7/9/77, en Taalsake, 29/3/78.

Heelhartig vir "whole-heartedly" is 'n Anglisisme en moet vermy word (Die Burger skryf Afrikaans, p. 21). Gebruik liewer van ganser harte, van heler harte, met hart en siel of volmondig (Bosman e.a.).

In plaas van die Anglisisme inhandig moet afgee, indien, ingee of inlewer gebruik word (vergelyk Van der Merwe, 1973, p. 135; Engelbrecht, 1975, p. 33; Basson e.a., 1964, p. 54, en Die Burger skryf Afrikaans, p. 25).

"Kans in die betekenis waagstuk is ook 'n Anglisisme: 'Wil jy 'n kans vat?' Korrek: Wil jy dit waag?" (Basson e.a., 1964, p. 55). Die uitdrukking die kans waag (vir die Engelse "take one's chance") kan tog gebruik word, maar nie die kans vat nie (Bosman e.a.).

Van der Merwe (1973, p. 162) sê: "die gebruik van laas in 'laas jaar/maand/nag/week' is 'n Anglisisme wat ek hoegenaamd nie kan verdedig nie ... Die korrekte vorm in Afrikaans is tog: verlede jaar/maand/nag/week." (Vergelyk Basson e.a., 1964, p. 125).

Hy het sy merk gemaak is 'n Anglisisme en moet vermy word. Gebruik liewer: hy het (vir hom) naam gemaak/hom onderskei/ diep spore getrap/gepresteer (Engels make one's mark). Vergelyk Van der Merwe(1973, p. 183), Engelbrecht (1975, p. 40).

"'n Motorhawe is 'n plek waar herstelwerk aan motors gedoen word, 'n openbare plek; 'n motorhuis is die plek waar motors gebêre word. Vir die eersgenoemde kan ons ook sê garage, maar in die tweede betekenis is 'garage' 'n Anglisisme in Afrikaans" (Basson e.a., 1964, p. 53; Van der Merwe, 1973, p. 99, en Bosman e.a.). Om die betekenisverwarring uit te skakel, is dit raadsaam om die gebruik van garage in Afrikaans heeltemal te vermy.

Volgens Van der Merwe (1973, p. 190) is myner vir die Engels "miner" 'n Anglisisme. "In Afrikaans noem 'n mens iemand wat in 'n myn werk 'n mynwerker, nie 'n 'myner' soos in Engels nie" (Basson e.a., 1964, p. 57). Let daarop dat die woord myner ook nie deur Bosman e.a. aangegee word nie. (In koppe kan myner wel gebruik word, vergelyk 4.5.1).

'n Verslag, dokument of plan word opgestel. Die gebruik van opgetrek in dié verband is 'n Anglisisme (Basson e.a., 1964, p. 60 en 133; Die Burger skryf Afrikaans, p. 41, en Van der Merwe, 1973, p. 216).

Stappe neem is 'n Anglisisme vir die Engelse take steps en moet stappe doen wees (Van der Merwe, 1973, p. 263, en Engelbrecht, 1975, p. 53, ook Bosman e.a.).

Van der Merwe (1973, p. 302) waarsku: "pasop vir die Anglisisme: hy is by ver die beste X hy is by verreweg (kontaminasie van Anglisisme by ver + Afr. verreweg). Korrek: hy is verreweg die beste ..." Vergelyk Basson e.a. (1964, p. 38); Bosman e.a., en Taalsake, 10/11/76.

In die meeste gevalle is die gebruik van die woord vir by tydsduur 'n Anglisisme. Hy het vir twee jaar in die bank gewerk, moet wees: Hy het twee jaar (lank) in die bank gewerk. Behalwe dat laasgenoemde vorm korrek is, voldoen dit ook aan die vereiste dat koeranttaal nie omslagtig moet wees nie. Vergelyk Basson e.a. (1964, p. 43), en Rapport se taalles 22, Die Burger skryf Afrikaans, p. 91.

Oor die foutiewe gebruik van was vir die Engelse was pleks van is in Afrikaans, skryf Basson e.a. (1975, p. 72) soos volg: "As ons 'n paar vorme van die lydende vorm vergelyk met Engels, dan sien die tabel soos volg daar uit:

| | |
|---|---|
| 'He is seen' | Hy word gesien |
| 'He is being seen' | Hy word gesien |
| 'He was seen' | Hy is gesien |
| 'He was being seen' | Hy is gesien |
| 'He has been seen' | Hy is gesien |
| 'He had been seen' | Hy was gesien |

Dit blyk dat die teenwoordige tyd lydende vorm gevorm word met behulp van die hulpww. word (Eng. is), die verlede tyd met behulp van is (Eng. 'was'), en die voorverlede tyd met was (Eng. 'had been'). Die perfektum stem in Afrikaans ooreen met die verlede tyd, wat nie in Engels die geval is nie ('has been' - 'was'). Die Engelse 'was' het die Afrikaanse is in die lydende vorm gaan verdring en sodoende het 'n nuwe Anglisisme ontstaan: 'Pieter du Toit was gebore op 13 Oktober 1916'. Dit moet wees: Pieter du Toit is gebore op 13 Oktober 1916.

"Was word in die lydende vorm in Afrikaans slegs gebruik as dit 'n handeling in die voorverlede tyd (plusquamperfektum) uitdruk, dit wil sê as dié handeling in die verlede voltooi

voltooi was voordat 'n ander handeling in die verlede plaasgevind het: Die bedrywighede van die Patriotbeweging was reeds gestaak toe die oorlog uitgebreek het."

Vir 'n volledige bespreking van die probleem, vergelyk die volgende artikels: FERREIRA, G.T. 1975. Hoe skryf ek Afrikaans? Wanneer moet was dan is wees? Die Taalgenoot, 44(4): 19, Maart, en FERREIRA, G.T. 1975. Hoe skryf ek Afrikaans? Wanneer moet dit is wees - en wanneer was? Die Taalgenoot, 44(6):19 en 21, Mei; ook Van der Merwe (1973, p. 315); Die Burger skryf Afrikaans, p. 27, en Rapport se taalles 8, Die Burger skryf Afrikaans, p. 79.

"Die neiging wat hom in Afrikaans openbaar om 'wie' i.p.v. wat as relatiewe vnw. met betrekking tot mense te gebruik, is ook 'n Anglisistiese verskynsel. Ons gebruik wat vir sowel mense as diere en dinge. Daarom sê ons nie 'die man wie daar loop nie' nie, wel: Die man wat daar loop. So ook: Die beeste wat in die kamp wei. - Die stoele wat op die stoep staan ..." (Basson e.a., 1964, p. 46). Vir 'n volledige bespreking vergelyk Die juiste woord, 17/12/77.

### 4.3.2 Regstreekse vertaling

Die invloed van Engels op Afrikaans kom te voorskyn op die taalvlak en ortografiese vlak. Taalprobleme het te make met die spreektaal én daarom beïnvloed dit weer die skryftaal, terwyl die ortografiese probleme net op die vlak van die skryftaal lê. Die invloed van Engels op die ortografie word onder punt 4.3.3 bespreek.

Die invloed van Engels op die taalvlak kan onder die opskrif Regstreekse vertaling saamgevat word. In hoofstuk 3 is gewys op die algemene probleme van vertaling wat veral in Suid-Afrika deur die kontak tussen Afrikaans en Engels ontstaan. Die negatiewe invloed van Engels word veral gesien in die doodeenvoudige verklanking van die Engelse woord in Afrikaans sonder om na die oorspronklike betekenis te kyk. Dit word 'n woordelikse vertaling sonder om die oorspronklike gedagte te probeer weergee. Dié regstreekse vertaling lei tot 'n verskraling van die Afrikaanse taal omdat die eie Afrikaanse middele tot woordskepping nie benut word nie.

Die invloed van Engels op Afrikaans is al so groot dat die regstreekse vertaling nie net voorkom as daar uit Engels in Afrikaans vertaal word nie, maar ook as 'n verslag oorspronklik in Afrikaans geskryf word.

Regstreekse vertaling uit Engels in Afrikaans geskied veral op twee vlakke. Eerstens is daar verklanking, dit kan ook klankvertaling genoem word. Die woord is 'n eenheid van klank en betekenis. In dié geval word die klem op die klank gelê. Die bekende Engelse klank word net so in Afrikaans oorgeneem en dan verafrikaans. Die betekenis van die woord word ook saam met die klank in Afrikaans opgeneem. Dit wil sê al is die klem op die klank, kry die woord ook die Engelse betekenis. As daar reeds in Afrikaans 'n woord vir die spesifieke saak is, bedreig en verskraal verklanking die eie.

Voorbeelde van verklanking word hierna puntsgewys bespreek. 'n Paar word net genoem: "dish" word dis in Afrikaans; "family" word familie; "area" word area; "function" word

funksie, ensovoorts.

In die tweede plek lê regstreekse vertaling op die vlak van die betekenis. In dié geval word die klem op die betekenis van die Engelse woord gelê. Dit kan betekenisvertaling genoem word. Die gegewe Engelse woord se betekenis word in Afrikaans oorgeneem en in die Afrikaanse klank oorgesit.

'n Voorbeeld hiervan is die Engelse "general manager" wat in Afrikaans regstreeks vertaal word met algemene bestuurder. Die betekenis van "general" is in Afrikaans meestal algemeen/algemene. Dit is die bekende betekenis wat onmiddellik by jou opduik en word daarom gebruik. Algemene het in Afrikaans sy eie lading, maar word nou in die Engelse betekenis van "general" ingedwing. Die Engelse woord "general" se betekenis is wyer en nou word ekstra lading aan die Afrikaanse betekenis gegee. Die betekenis van algemeen in Afrikaans word nou ook wyer. Die betekenisvertaling veroorsaak nou dat die eie Afrikaanse woord, naamlik hoofbestuurder, deur die regstreeks vertaalde woord verdring word.

Regstreekse vertaling op bogenoemde twee vlakke het egter al so deurmekaar geloop, dat dit nie altyd geskei kan word nie. Dit is moeilik om te sê wanneer die uitgangspunt klank en wanneer betekenis is, want in die meeste gevalle word ewe veel klem op klank én betekenis gelê.

Die koerantman kom daagliks te staan voor woorde en uitdrukkings wat regstreeks uit Engels vertaal is, miskien nie deur homself nie, maar in die volksmond, dat hy nie eens meer die invloed van Engels raaksien nie. Hoewel dié Afri-

kaanse weergawe nie volgens Basson e.a. 'n Anglisisme is nie, staan dit tog sterk onder die Engelse invloed, en verdring dit meestal 'n suiwer Afrikaanse woord of uitdrukking. Dit het 'n negatiewe invloed op Afrikaans, en moet dus veral uit koeranttaal geweer word. Hierdeur word die taal van die koerant vir dié lesers met 'n aanvoeling vir taal meer aanvaarbaar.

4.3.2.1 Selfstandige naamwoorde

Die koerantman kry daagliks met die volgende regstreekse vertalings uit Engels te doen. Om dit uit Afrikaans te weer, moet hy dus hiervan bewus wees.

Die Engelse "Mr Justice Franklin" word in Afrikaans vertaal met regter Franklin en nie mnr. Franklin nie (ook nie mnr. Justice Franklin asof die Justice deel van sy naam is nie - vergelyk Die Burger skryf Afrikaans, p. 5). Bosman e.a. vertaal "Mr. Justice X" met regter X.

Bosman e.a. vertaal area (Engels) met oppervlakte; en in 'n ander sin met gebied, streek, wyk, afdeling, buurt, omgewing. Hoewel area (Afrikaans) ook nie in Spelreëls opgeneem is nie, gee HAT dit tog aan as oppervlakte of streek. Die gebruik van area in Afrikaans moet dus liefs vermy word (en ook nie met aria - sang- of musiekstuk vir een stem - verwar word nie).

---

SCHOONEES, P.C., SWANEPOEL, C.J., DU TOIT, S.J. & BOOYSEN, C.M. 1975. HAT - verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Johannesburg, Voortrekkerpers. 1 067p.

"Building contractor" word deur Bosman e.a. met bou-aannemer vertaal (Die Burger skryf Afrikaans, p. 10, spel dit bouaannemer - eersgenoemde skryfwyse word verkies om die lees daarvan te vergemaklik). Dit is egter in geen geval boukontrakteur nie.

"Dis en gereg. In hierdie verband is daar nog 'n woordmisbruik wat uit Engels afkomstig is. In daardie taal heet 'n skottel en die ete wat daarin is, albei dish, net soos ons ook albei 'n skottel noem. Maar dit bring nog glad nie mee dat die ete ook 'n 'dis' is nie. Dis is nooit 'n skottel nie, maar 'n tafel (net soos die Duitse Tisch). Die gaste sit by 'n feesmaal aan 'n feestelik versierde dis, met blomme en wat nie al nie. Prakties is daar nie so iets as 'disse' nie, want al is daar dalk meer as een tafel by 'n deftige dinee, word die geheel tog 'n feesdis genoem, met 'n verskeidenheid van geregte wat opgedis (d.w.s. op tafel gesit) word" (Die juiste woord, 1/9/77). Engelbrecht (1975, p. 25) sê kortweg: "onderskei tussen dis (hele maaltyd, tafel; Eng. 'table', 'board') en gereg (afsonderlike items; Eng. 'dish')".

Bosman e.a. vertaal "panel-beater" met metaal- of duikklopper (vergelyk Die Burger skryf Afrikaans, p. 15 en 34). Hiervolgens is paneelklopper dus nie aanvaarbaar nie. Paneelklopper is egter 'n woord wat al redelik sterk inslag in die volksmond gevind het. Hier moet die koerantman nou besluit wat is die norm. Gaan hy die gesag van Bosman e.a. én Die Burger skryf Afrikaans aanvaar of gaan hy die gesag van die volksmond aanvaar. Die beleid van die koerant moet in dié geval as voorskrif dien.

Engelbrecht (1975, p. 27) sê: "familie word dikwels verwar met gesin n.a.v. Eng. 'family'; gesin is naaste bloedverwante (vader, moeder, broers en susters); familie sluit in: oupas, oumas, ooms, tannies, nefies, niggies". (Vergelyk ook Basson e.a., 1964, p. 115, en Van der Merwe, 1973, p. 96, waarin laasgenoemde onder meer sê: "Al sou ons dan nie die gebruik van familie vir gesin as 'n Anglisisme kan sien nie, glo ek nog dat Engels meegehelp het om daardie bepaalde gebruik in Afrikaans te vestig. Buitendien bly die twee woorde vir my 'n handige onderskeiding".)

"Funksie, werk of taak wat iemand of iets verrig; amp, plig: Hy is gevra om tydelik die funksie van sekretaris waar te neem (as sekretaris te fungeer). Die vergasser van die motor het 'n belangrike funksie om te vervul (en moet dus altyd goed funksioneer). Die funksie van taal is om gedagtes weer te gee.

"Onder invloed van die Engelse woord 'function' word funksie dikwels verkeerdelik gebesig vir een of ander byeenkoms. Dit is wenslik dat ons liewers van die volgende verskeidenheid woorde gebruik maak: afskeid, byeenkoms, bruilof, feestelikheid, geselligheid, konsert, onthaal, saamtrek, samekoms, seremonie, vergadering, verrigting, verwelkoming, viering" (Basson e.a., 1964, p. 87). Vergelyk ook Die Burger skryf Afrikaans, p. 17 en 18.

Algemene sekretaris en algemene bestuurder staan onder Engelse invloed en moet daarom geweer word. Volgens Bosman e.a. en Die Burger skryf Afrikaans, p. 23, is "general secretary" in Afrikaans hoofsekretaris en "general manager" in Afrikaans

hoofbestuurder. (Van der Merwe, 1973, p. 21 en 121, skryf hoof-sekretaris met 'n koppelteken. Bosman e.a. se skryfwyse word verkies.)

"Annual congress" is jaarlikse kongres en "annual (general) meeting" is jaarvergadering (Bosman e.a.). Daar moet gewaak word teen die gebruik van algemene vergadering of jaarlikse vergadering of algemene jaarlikse vergadering in Afrikaans.

Die korrekte Afrikaanse vertaling van die Engelse "staff" is personeel en nie staf nie. Laasgenoemde woord word slegs in die militêre sin gebruik. (Vergelyk Bosman e.a.,; Basson e.a., 1964, p. 134; Engelbrecht, 1975, p. 46, en Van der Merwe, 1973, p. 262.)

"Die Engelse gewoonte om die voorsitter van elke klub, liggaam of maatskappy 'n 'president' te noem, strook glad nie met die Afrikaanse beskouing nie. Die president beklee die hoogste amp in die land, en dit is heeltemal onvanpas om sy ampstitel te misbruik"(Basson e.a., 1964, p. 95). Vir die uitsondering vergelyk Die Burger skryf Afrikaans, p. 44.

Bosman e.a. vertaal "the general public" met die groot publiek (dit wil sê nie die algemene publiek nie) en "John Citizen" met Jan Publiek (Jan Burger kan iemand se naam wees, volgens Die Burger skryf Afrikaans, p. 27, 21 en 44).

Die Engelse "tour" kan in Afrikaans met toer en reis vertaal word. Die koerantman moet nou volgens die beleid van sy koerant besluit watter een om te gebruik. Daar is 'n betekenisverskil tussen toer en reis. 'n Mens toer slegs vir sport en

plesier, anders reis 'n mens. So word byvoorbeeld van 'n konsertreis of 'n skoolreis gepraat (vergelyk Die Burger skryf Afrikaans, p. 45).

'n "Film" in Engels moet in Afrikaans vertaal word met rolprent (en nie film nie). Daarby word 'n rolprent opgeneem en nie geskiet nie. Vergelyk Bosman e.a., en Rapport se taalles 23, Die Burger skryf Afrikaans, p. 91.

"Driver's licence" in Engels word dikwels verkeerd vertaal as bestuurslisensie. Dit moet rybewys wees (Beeld, 20/1/78, p. 1, kol. 1) of rylisensie (Bosman e.a.). Eersgenoemde woord is bekender en omdat dit korter is, sal die beleid van die koerant dit voorskryf.

"'My siening van die saak ...' is onder Engelse invloed. Dis beter om te sê: 'My opvatting ...' of, 'my beskouing ...', 'my mening ...' En dan kan van die saak maar wegval" (Rapport se taalles 7, Die Burger skryf Afrikaans, p. 78).

"Political science" is staatsleer en nie politieke wetenskappe nie (laasgenoemde is verkeerd vertaal in Die Transvaler, 17/11/77). Vergelyk Bosman e.a.

"Floor" in Engels moet in Afrikaans met verdieping vertaal word en nie vloer nie. Die korrekte vertaling van "first floor" is tweede verdieping (vergelyk Basson e.a., 1964, p. 67, en Van der Merwe, 1973, p. 306, vir 'n verklaring hiervan). Tog word dit nie in die algemeen so gebruik nie, en kan dié gebruik te veel verwarring by adresse veroorsaak.

Volgens Bosman e.a. is "job reservation" werkafbakening (vergelyk ook Die Burger, 13/9/77, en Die Transvaler, 17/12/77, tog kom werkreservering, wat 'n blote verklanking is, in Die Transvaler, 15/9/77 voor).

Die verkeerde gebruik van die woord karavaan staan onder die Engelse invloed. Bosman e.a. vertaal "caravan" soos volg: karavaan (kamele); woonwa, reiswa, toerwa. Vergelyk Engelbrecht, 1975, p. 36, en Basson e.a., 1964, p. 95.

4.3.2.2 Byvoeglike naamwoorde

"Brutal" kan nie met brutaal in Afrikaans vertaal word nie, maar is wreed (terwyl "insolent" brutaal in Afrikaans is). Brutaal is parmantig, astrant, onbeskof of onbeskaamd, terwyl "brutal" (dit wil sê wreed in Afrikaans) dierlik, onmenslik, beesagtig of wreedaardig is (vergelyk Van der Merwe, 1973, p. 58; Die Burger skryf Afrikaans, p. 66; Engelbrecht, 1975, p. 22, en Basson e.a., 1964, p. 111).

"'Kleurvol' is 'n letterlike vertaling van die Engelse woord 'colourful' wat nie in Afrikaans bestaan nie (Basson e.a., 1964, p. 89). Die korrekte vertaling is kleurryk"(Die Burger skryf Afrikaans, p. 29).

Van der Merwe (1973, p. 289) sê: "dit is korrek om te sê dat jou krediteure jou aanskryf oor jou uitstaande skuld, maar dis verkeerd om te beweer dat 'n genie 'n uitstaande persoon is - weer Engelse invloed wat die suiwer Afrikaanse kenmerkende/tiperende /voortreflike/belangrike/buitengewoon knap, ens. verdring". Vergelyk Bosman e.a.; Die Burger skryf Afri-

kaans, p. 29 en 34; Basson e.a. (1964, p. 138), en Engelbrecht (1975, p. 61).

4.3.2.3 Voorsetsels

Die weglating of invoeging van voorsetsels in 'n uitdrukking gebeur dikwels onder die invloed van die Engelse uitdrukking. Sodanige Afrikaanse uitdrukking is dan meestal nie korrekte Afrikaans nie. Die voorsetsels word ook soms na aanleiding van die Engels regstreeks vertaal of verklank. (Vergelyk Basson e.a., 1964, p. 36.)

"Aboard ship" is in Afrikaans aan boord van 'n skip (en nie aan boord 'n skip nie). Vergelyk Bosman e.a.; Die Burger skryf Afrikaans, p. 4 en 10, en Basson e.a. (1964, p. 43).

Op die agtergrond en op die voorgrond is die korrekte Afrikaans vir "in the background" en "in the foreground" (vergelyk Bosman e.a.; Engelbrecht, 1975, p. 18; Van der Merwe, 1973, p. 20 en 309, en Die Burger skryf Afrikaans, p. 6 en 60).

In kruisverhoor neem is die korrekte Afrikaans vir die Engelse "put under cross-examination" (Die Transvaler, 4/11/77; Bosman e.a., en Die Burger skryf Afrikaans, p. 26).

Dit is in likwidasie plaas vir die Engelse " place under liquidation" (Hiemstra & Gonin, 1963, p. 79; en Die Burger skryf Afrikaans, p. 39).

---

HIEMSTRA, V.G. & GONIN, H.L. 1963. Engels-Afrikaanse regswoordeboek. Kaapstad, Juta. 148p.

Iets word in lisensie vervaardig teenoor "manufacture under licence" (Bosman e.a., en Die Burger skryf Afrikaans, p. 26 en 33).

"For that reason" is in Afrikaans om dié rede (Bosman e.a.).

"As a rule" moet vertaal word met in die reël (Bosman e.a.) en nie as 'n reël nie.

"Pass a test" word in Afrikaans vertaal met in 'n eksamen slaag (Bosman e.a.). In dié geval word die voorsetsel meestal na aanleiding van Engels weggelaat (vergelyk ook Engelbrecht, 1975, p. 51; Die Burger skryf Afrikaans, p. 47; Taalsake, 14/6/78, en 3/1/79, p. 8, kol. 5).

"Replace by/with" is in Afrikaans vervang deur (nie vervang met nie). Vergelyk Bosman e.a.; Basson e.a. (1964, p. 38 en 39), en Die Burger skryf Afrikaans, p. 58.

4.3.2.4 Lidwoorde

"Ook wat die lidwoord betref, kan Engelse invloed vasgestel word. Lidwoorde word in Afrikaanse konstruksies weggelaat of toegevoeg na die Engelse voorbeeld" (Basson e.a., 1964, p. 31).

"To the best of my ability" moet in Afrikaans wees na my beste vermoë en nie na die beste van my vermoë nie (Engelbrecht, 1975, p. 65; Basson e.a., 1964, p. 39, en Die Burger skryf Afrikaans, p. 58).

"Dis 'n Engelse gebruik om van 'rolprentster Elizabeth Taylor' of 'afrigter Theo de Klerk' te praat. In Afrikaans is dit altyd die rolprentster Elizabeth Taylor; die afrigter Theo de Klerk" (Die Burger skryf Afrikaans, p. 45).

"To a great extent" is in Afrikaans in groot mate (nie in 'n groot mate nie - Bosman e.a.). (Terloops, die mate moet altyd gekwalifiseer word, byvoorbeeld: in sekere mate, in groot mate, in dié mate, nie net: in 'n mate nie - Bosman e.a.; Engelbrecht, 1975, p. 40; Die Burger skryf Afrikaans, p. 26 en 33. Die Engelse invloed is hier ook te sien in die verkeerde gebruik van die voorsetsel tot (na aanleiding van die Engelse "to" vir in).

Die bepaalde lidwoord word dikwels by plekname in Afrikaans na aanleiding van Engels ingevoeg, byvoorbeeld die Transvaal pleks van Transvaal vir "the Transvaal", die Oos-Transvaal pleks van Oos-Transvaal vir "the Eastern Transvaal" en die Wes-Kaap pleks van Wes-Kaapland vir "the Western Cape" (Bosman e.a.; Die Burger skryf Afrikaans, p. 14, 41 en 54).

Die bepaalde lidwoord moet weer in die volgende geval in die Afrikaanse vertaling ingevoeg word. Bosman e.a. vertaal "rule out of order" met buite die orde verklaar (vergelyk ook Die Burger skryf Afrikaans, p. 11 en 13, en Engelbrecht, 1975, p. 44).

4.3.2.5 Werkwoorde

Regstreekse vertaling van werkwoorde by sekere vaste uitdrukkings staan in baie gevalle onder Engelse invloed.

"Admit to a hospital" is volgens Bosman e.a. in 'n hospitaal opneem (nie tot 'n hospitaal toelaat nie, Die Burger skryf Afrikaans, p. 23).

Van der Merwe (1973, p. 143) sê: "in Afrikaans kan jy nie êrens kamp/uitkamp (Eng.) nie; jy kan wel gaan kampeer en dan slaan jy kamp op waar jy lus het om die naweek deur te bring en daarna kan jy weer die kamp opbreek". Vergelyk ook Rapport se taalles 9, 7/3/72, Die Burger skryf Afrikaans, p. 80; Basson e.a. (1964, p. 55), en Bosman e.a.

Bosman e.a. vertaal "lay a charge" met 'n aanklag inbring of indien (dus nie lê nie - vergelyk ook Rapport se taalles 6, 8/2/72, Die Burger skryf Afrikaans, p. 77).

Die verkeerde gebruik van 'n kursus neem in plaas van 'n kursus volg staan onder die Engelse invloed "take a course" (Bosman e.a.).

In Engels is daar net een werkwoord "wound" vir die Afrikaans wond, verwond of kwes. Daar moet egter tussen die twee Afrikaanse vorme onderskei word. 'n Mens word gewond of verwond en 'n dier word gekwes (Bosman e.a., en Die Burger skryf Afrikaans, p. 18 en 31).

In Engels is dit "give a lecture" en in Afrikaans 'n lesing hou (nie gee nie - Bosman e.a., en Die Burger skryf Afrikaans, p. 32).

Van der Merwe (1973, p. 171) sê die volgende oor die werkwoord loods. "As ww.: hy loods die skip/vliegtuig X hy

sal die wetsontwerp deurloods. Vir ander gevalle in die betekenis "van stapel stuur/op tou sit/lanseer" kan ons nie loods gebruik nie; indien wel, is dit onder invloed van Eng. launch; dus: ons het die beweging op tou gesit; hy het die insameling van geld van stapel gestuur/ingelui; ..." (Taalsake, 29/9/76; Die juiste woord, 14/10/76, en Engelbrecht, 1975, p. 39). In Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler (p. 9) word die volgende aangegee: "Die werkwoord loods (geloods) beteken: (versigtig)bestuur ('to pilot'). Dis ontoelaatbaar as klank-'vertaling' van 'launch' (te water laat, van stapel laat loop; lanseer; figuurlik ook bv.: begin, op tou sit, lanseer, aan die gang sit; van wal stuur, die wêreld instuur; reël; bv. aanval rig teen, uitvoer, doen; 'n veldtog reël, voer, onderneem, ens.)".

Bosman e.a. vertaal "serve a (good, useful) purpose" met geen nut hê nie, nutteloos wees (nie dit dien geen doel nie - vergelyk Engelbrecht, 1975, p. 25, en Die Burger skryf Afrikaans, p. 38).

"Deliver (hold) a sermon" is in Afrikaans 'n preek hou (nie lewer nie - Bosman e.a.), of doodgewoon hy preek.

"The river is in flood" is in Afrikaans die rivier kom af (Bosman e.a.). Die rivier is in vloed staan onder Engelse invloed (Die Burger skryf Afrikaans, p. 30).

'n Toespraak hou (make a speech) moet gebruik word, nie 'n toespraak maak nie (Bosman e.a.).

Die Engelse invloed kan baie duidelik in die volgende uitdrukking gesien word - 'n verkiesing veg (vir die Engelse "fight an election"). Volgens Bosman e.a. is die korrekte vorm 'n verkiesing(stryd) voer. Engelbrecht (1975, p. 64) gee ook aan: "'n verkiesing voer, hou; 'n verkiesingstryd voer; in 'n verkiesing veg; in 'n verkiesing 'n teenstander beveg..." (vergelyk ook Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler,p. 10; Taalsake, 3/11/76; Taalsake, 13/4/77, en Taalsake, 19/10/77).

'n Verklaring word gedoen of afgelê (nie gemaak nie) vir die Engelse "make a statement" (Bosman e.a.; Die Burger skryf Afrikaans, p. 57, en Engelbrecht, 1975, p. 64).

Net so word 'n voorstel gedoen en nie gemaak nie (Engels "to make a proposal"). Vergelyk Bosman e.a., en Engelbrecht, 1975, p. 67.

"To complete a form" is in Afrikaans om 'n vorm in te vul (Bosman e.a., en Engelbrecht, 1975, p. 67). Ongelukkig word te veel vorms deesdae nog voltooi!

Dié sin in Die Transvaler (18/8/78, p. 2, kol. 8 en 9) staan sterk onder die Engelse invloed: "'n Vrou, deur haar broer by die Narkotiese Buro verkla, is gister ..." Die werkwoord moet volledig gegee word, soos wat dit in die Afrikaanse skryfwyse die gewoonte is: "wat deur haar broer verkla is".

"Hy is die eerste om tydens 'n dienstermyn te sterf ..." (Die Transvaler, 22/8/78, p. 1, kol. 5) staan baie duidelik onder die Engelse invloed van "to die" en moet vermy word. Onge-

lukkig wemel die koerante vandag hiervan. Behalwe dat dit korrek is, is die volgende gebruik ook korter: "Hy is die eerste wat tydens 'n dienstermyn sterf". Vergelyk Die Burger skryf Afrikaans, p. 61.

4.3.2.6 Voornaamwoorde

Van der Merwe (1973, p. 126) sê: "meermale word deur Afrikaanssprekendes na lewelose dinge verwys as sy: die trein is laat, want sy het ontspoor; ek wil die motor verkoop, want sy is nou te oud; ens. Ofskoon ons die gebruik gedeeltelik ook in Ndl. vind, is dit heeltemal onafrikaans en m.i. in hoofsaak toe te skryf aan Engelse invloed. Ons gebruik deurgaans hy/hom, met dit daarnaas as toelaatbaar. Ons gebruik sy net wanneer ons met natuurlike geslag te doen het, d.w.s., waar die voorwerp werklik vroulik is, dus lewendig." (Vergelyk ook Basson e.a., 1964, p. 45; Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler, p. 12, en Taalsake, 3/1/79, p. 8, kol. 5.)

4.3.2.7 Meervoudsvorme

Die gebruik van die meervoudsvorm in die sin "ek het vier ure hier gestaan en wag" (four hours) is onder Engelse invloed en moet vermy word. "Ek het vier uur gewag" is die korrekte gebruik. So ook: twee en 'n half week, vier en 'n half uur, drie en 'n half dag (enkelvoud). Vergelyk Engelbrecht, 1975, p. 30.

In Afrikaans word die enkelvoudsvorm ook in die volgende geval gebruik: hoek van Retief- en Kerkstraat (nie die meervoud soos in Engels nie, vergelyk Engelbrecht, 1975, p. 30). Daarom

word hoofstuk vier en vyf geskryf (en nie hoofstukke nie), ook die Nederlandse, die Griekse en die Portugese gemeenskap, nie gemeenskappe nie (Die Burger skryf Afrikaans, p. 18).

4.3.2.8 Vaste uitdrukkings

Die koerantman kry daagliks te doen met vaste uitdrukkings waarvan die Engelse invloed duidelik sigbaar is. Meestal word sodanige uitdrukkings regstreeks uit Engels vertaal. Die volgende voorbeelde word genoem:

"Die Engelse 'as much as' word verkeerdelik vertaal met 'tot soveel as' en 'tot sover as': 'Ek het dit tot soveel as tien maal reggekry'. 'Ons het sover as sestien myl gery'. Korrek: Ek het dit al tot tien maal reggekry. Ons het tot sestien myl ver gery. Hierdie fout kom baie in radiouitsendings voor: 'Soveel as 100 man is reeds in hegtenis geneem' - Nie minder as 100 nie. 'Die plaag het sover as Angola versprei'. - Die plaag het selfs tot in Angola versprei. 'Hy het selfs sover gegaan as om hulle deurgang te weier'. - Hy het selfs sover gegaan dat hy hulle deurgang geweier het" (Basson e.a., 1964, p. 41).

Hierby word die volgende voorbeelde gevoeg:
"It was as early as 1913 that the NP made its influence felt. -
Dit was reeds in 1913 dat die NP sy invloed laat geld het.
That was the case as far back as Van Riebeeck's time. -
Dit was reeds in Van Riebeeck se tyd die geval.
That still happened as late as 1950. - Dit het (tot) in 1950 nog gebeur.
That was stopped as late as ten years ago, when the articles

were sold for as little as R1. - Dit is eers tien jaar gelede stopgesit, toe die artikels verkoop is (tot slegs) R1 (vir maar net R1)" (Taalsake, 8/3/78) en "The prices are as high as R40": die pryse is tot R40 - is tot selfs R40! (Taalsake, 26/4/78).

"In effect" word deur Bosman e.a. vertaal met in werklikheid en nie in effek nie, en verder "in effect it amounts to" met dit kom daarop neer dat ...

"Give birth to" word verkeerd vertaal met geboorte gee/skenk aan. Dit moet die lewe skenk aan wees of in die wêreld bring (Bosman e.a.; Van der Merwe, 1973, p. 168 en 283; Basson e.a., 1964, p. 89, en Die Burger skryf Afrikaans, p. 32).

Die verkeerde vertaling (of verklanking) 'n vlag hang halfmas staan onder die Engelse invloed "halfmast". Dit moet wees: 'n vlag hang halfstok (Engelbrecht, 1975, p. 30, en Bosman e.a.).

"Take the law into one's own hands" moet vertaal word met eie reg gebruik, eiemagtig optree, sigself reg verskaf, as regter in eie saak optree en nie die wet in eie hande neem nie. Vergelyk Bosman e.a., en Die Burger skryf Afrikaans, p. 62. Die beleid van die koerant sal vir die koerantman voorskryf watter vaste uitdrukking hy in dié geval moet gebruik.

Oor die volgende foutiewe vertaling gee Die Burger skryf Afrikaans (p. 68) dié interessante raad: "'In terms of' is nie 'in terme van' nie, maar ingevolge of ooreenkomstig. Wanneer 'n mens so 'n Afrikaanse uitdrukking kry wat woord vir woord met die Engelse ooreenstem, behoort die alarmklokkies on-

middellik te lui. Daarna vereis dit nie veel moeite om na te slaan of die betrokke uitdrukking toelaatbaar is of nie. Die vertalers kan gerus hul woordeboeke gereelder en oordeelkundiger gebruik..." (Vergelyk ook Van der Merwe, 1973, p. 277, en Basson e.a., 1964, p. 65.) Hier gee die koerantbeleid dus 'n voorskrif vir die koerantman.

Die Engelse invloed kom in die volgende voorbeeld sterk na vore: "iets is in volle gang (Eng. 'in full swing'); maar die maksi is nou in swang: in die mode (Eng. 'in vogue')" (Engelbrecht, 1975, p. 28). Na aanleiding van die Engelse "swing" kom in volle swang (waar dit niks met die mode te doen het nie) nog te dikwels voor (vergelyk ook Basson e.a., 1964, p. 117, en die volgende Taalsake: 3/11/76, 10/11/76 en 20/4/77).

"In the future" is in die toekoms (as iets in die toekoms gedoen gaan word, gaan dit eers later gedoen word) en "in future" is voortaan, in die vervolg, van nou af. Vergelyk Van der Merwe, 1973, p. 279; Bosman e.a., ; Basson e.a., 1964, p. 93; Die Burger skryf Afrikaans, p. 24, 53 en 60, en ANON. 1975. Praktiese Afrikaans. Die Staatsamptenaar, LV(1):29, Jan.

"At all costs" is in Afrikaans tot/teen elke prys (al gebeur wat) en nie ten koste van nie. Ten koste van beteken tot nadeel van (vergelyk Bosman e.a.; Die Burger skryf Afrikaans, p. 44 en 53; Engelbrecht, 1975, p. 47; Van der Merwe, 1973, p. 232, en Taalsake, 14/6/78).

4.3.2.9 Keuse tussen Romaanse en Germaanse woord

As die koerantman regstreeks vertaal, kies hy gewoonlik die woord wat die naaste aan die Engelse woord is, hoewel daar miskien reeds in Afrikaans 'n ander woord beskikbaar is. Die woord wat die naaste aan die Engels is, is gewoonlik van Romaanse of klassieke afkoms, terwyl die "suiwerder Afrikaanse" woord van Germaanse afkoms is (die probleem is net dat die eerste woord wat in die gedagtes opkom, gewoonlik die Romaanse afkoms het, of dat albei woorde wel in die woordeboek voorkom, en dus kan enigeen na regte gebruik word).

Die gevoeligheid vir die Romaanse woord is eintlik 'n gevoeligheid vir die invloed van Engels. (Hoewel Engels 'n Germaanse taal is, het hy 'n baie sterk Romaanse invloed gehad, veral in sy woordeskat. Daarom kom die Romaanse invloed altyd via Engels in Afrikaans.)

Gewoonlik is die Germaanse die woord en die Romaanse die term. Vergelyk 2.3.3. Dit gebeur egter dikwels dat die Romaanse woord nie 'n term is nie, maar deur veelvuldige gebruik deur sommige mense as 'n term beskou word. In dié gevalle moet die Germaanse woord behou word en die Romaanse woord nie onnodig tot term verhef word nie.

Die beleid van die koerant moet in die keuse tussen die Romaanse en Germaanse woord voorskryf watter woord die koerantman moet kies. Daar kan egter gesê word dat die koerante in die algemeen die Germaanse woord verkies.

Hieroor sê De Bruto (1978 b, p. 5) soos volg: "My persoonlike

mening omtrent hierdie saak (prof. Hertzog Venter huldig ook dié standpunt) is dat die Germaanse woord die voorkeur bo die Romaanse of klassieke moet kry - in elk geval wat die nomenklatuur/voorkeurwoordvlak betref . Die probleem met ons voorkeure, selfs vir die sg. Romaanse of klassieke, is dat dit d.m.v. Engels by ons uitkom".

Blydie Stander bepleit ook die gebruik van die Germaanse woord in die rubriek Van alle kante (Die Burger, 22/5/78, p. 9). Sy skryf: "Irrelevant. Formidabel. Arrogant. Eksakte. Resente. Ek weet ek is nie die eerste en die enigste wat oor dié klas woorde kla, wat deesdae soos kakiebos in ons taalakker opslaan nie. Hulle is, so sê die taalmanne vir ons, geen taalgoggas nie.

"As hulle nie goggas is nie, is hulle vir my sommer goeters - onnodige goeters wat, so ver dit my aangaan, net so irriterend is soos die gruisklippertjies onder die tande waaroor die profeet Jeremia in sy Klaagliedere kla. As die joernaliste dan tog net 'n bietjie suiniger met dié soort goeters te werk wil gaan!"

Dr. L.W. Hiemstra noem die gewoonte die gebruik van burokratiese taal en waarsku daarteen. "By die vorige geleentheid is eweneens gehandel oor die afskuwelike Anglisismes 'implementeer' en 'implementering'. Hier is dit nie eens 'n kwessie van inwendige departementele behoefte nie, maar blootweg van klakkelose nabootsing van slegte Engels, wat dan omgeskep word tot nog slegter Afrikaans.

"Dit is 'n geval waar 'n Engelse woord kamma verafrikaans word deur hom 'n stertjie aan te las: die 'implement' word daarmee

eer! In 'n soortgelyke geval word die stertjie nie eens aangelas nie maar prontweg 'vertaal'. Sodoende word van 'n 'commodity' 'n 'kommoditeit' gemaak, en daar het hy kant en klaar 'n 'Afrikaanse' woord. Die HAT (Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal), wat gebaseer is op die WAT (die groot Woordeboek van die Afrikaanse Taal), neem die woord glad nie eens op nie; terwyl die Nasionale Woordeboek dit prontweg as Anglisisme bestempel en dit alleen in die meervoudsvorm aangee, met 'n viertal goeie ekwivalente: handels- of koopware, verbruiksware of goedere ... Genoeg om te toon dat ons hierdie ontaalkundige invoerproduk, waarsonder ons al die jare goed klaargekom het, nie nodig het nie ..." (Taal-Beeld, 15/5/78, p. 9).

Engelbrecht (1975, p. 68 en 69) sê: "Behalwe waar daar praktiese oorwegings of 'n betekenisverskil is, kan 'n mens altyd die voorkeur aan die eie woord gee: industrie - nywerheid; professionele vrou - beroepsvrou; offisiële - amptelike; informasie - inligting; finansieel - geldelik; kompetisie - wedstryd; kompeteer - wedywer; populêr - gewild; entoesiasme - geesdrif; kapasiteit - vermoë; fasiliteite - geriewe; populasie - bevolking; distribusie - verspreiding; kwaliteitskontrole - gehaltebeheer; satisfaksie - bevrediging; sisteem - stelsel ...".

Vergelyk ook bylae A.

In aansluiting by De Bruto, Stander, Hiemstra en Engelbrecht volg hier nou 'n paar voorbeelde:

Bosman e.a. vertaal "affect" met (aan)raak, tref; aantas, beïnvloed, werk op, tog sien 'n mens dikwels affekteer wat in

dié geval nie eens taalkundig korrek is nie.

By "deputation" is daar weer die keuse tussen afvaardiging en deputasie (Bosman e.a.). Afvaardiging moet hier die voorkeur kry.

Amptelik word bo offisieel vir "official" verkies (Bosman e.a.); belegging is die korrekte vertaling vir "investment" (investering, wat tog hier en daar opduik, word nie in Bosman e.a. aangegee nie);
bespreking of beredenering vir "discussion" is verkieslik bo diskussie (Bosman e.a.);
saamhorigheid, eenheid of eensgesindheid vir "solidarity" word verkies bo solidariteit soos Die Burger (16/11/77) dit gebruik het;
bemind of gewild, eerder as populêr, moet vir "popular" gebruik word (Bosman e.a.).

Mnr. Pik Botha sê in 'n verklaring (Die Transvaler, 19/2/79, p. 1, kol. 5):"...deur die Departement van Inligting vir sy klandestine operasies gebruik is, ...". Kon die koerantman wat die berig geskryf het, nie maar van geheime sake gepraat het nie? (Daar moet gedurig in gedagte gehou word dat die koerant moet kommunikeer. Om dit te kan doen, moet sy taal verstaanbaar én aanvaarbaar wees. Die vraag ontstaan: is bogenoemde woorde verstaanbaar én is daar iemand wat dit gaan aanvaar?)

Nywerheid word bo industrie verkies. In Die Transvaler (30/8/78, p. 8, kol. 2, 3 en 4) kom die volgende voor: "geïndustrialiseerde stedelike komplekse" wat miskien liewer

stedelike nywerheidsgebiede kon wees.

"Satisfaction" kan vertaal word met voldoening, bevrediging, tevredenheid en satisfaksie (Bosman e.a.), hoewel laasgenoemde om gemelde redes vermy moet word.

Bosman e.a. vertaal "consumer" met verbruiker en konsument (eersgenoemde word verkies);
"confidential" is vertroulik of konfidensieel (Bosman e.a.). Die gebruik van vertroulik word verkies.

Voorskrif word verkies bo preskripsie vir "prescription" (Bosman e.a.).

### 4.3.2.10 Omslagtigheid

Die koerantman werk daagliks met amptelike persverklarings. Hoewel dié verklarings meestal in Afrikaans geskryf is, is dit so letterlik vertaal dat dit omslagtige Afrikaans is. Dan moet die koerantman dit eers weer uit omslagtige Afrikaans in verstaanbare én aanvaarbare Afrikaans "vertaal". Vergelyk 4.2.

Vergelyk die artikels Praktiese Afrikaans in Die Staatsamptenaar van Julie 1975 (ANON. 1975. Praktiese Afrikaans. Die Staatsamptenaar, LV(7):25, Julie) en Julie 1976 (ANON. 1976. Praktiese Afrikaans. Die Staatsamptenaar, LVI(7):15, Julie) vir interessante voorbeelde in dié verband.

Die volgende word uit die artikel van Julie 1975 aangehaal:
"Ons het vroeër daarop gewys dat Engels dikwels 'n selfstandige naamwoord verkies waar Afrikaans 'n ding direkter sê.

Agter die Engels aan skryf ons in Afrikaans dan ook sinne soos: Die uitbetaling van die werkers sal op die 25ste van die maand geskied. (Die werkers word op die 25ste van die maand uitbetaal). Sy oorplasing sal oor twee maande bewerkstellig word. (Hy word oor twee maande oorgeplaas). Die ondersoek na die klagte word deur daardie afdeling onderneem. (Daardie afdeling ondersoek die klagte). Hy het die opstel van die vertroulike verslag waargeneem. (Hy het die vertroulike verslag opgestel). Die dokument is bedoel om 'n verduideliking van die misverstand te verskaf. (Die dokument is bedoel om die misverstand te verduidelik)."

Dit lê tog voor die hand dat die sinne tussen hakies korter en eenvoudiger is en dus beter gaan kommunikeer.

4.3.2.11 Direkte en indirekte rede

Die koerantman het die spesifieke probleem dat hy dikwels die indirekte rede uit Engels in Afrikaans moet vertaal. "He said they were ..." word in Afrikaans vertaal met: "Hy het gesê hulle is/was..." Die koerantman sal uit die inhoud van die berig agterkom wanneer dit teenwoordige tyd en wanneer dit verlede tyd moet wees. Dit is egter nie sonder meer verlede tyd nie.

"He said South Africa was not in a position to change..." is in Afrikaans: "Hy het gesê Suid-Afrika kan nie verander nie ..." Terwyl die berig 'n dag of twee later geskryf word (en ook wanneer dit gelees word), kan Suid-Afrika nog steeds nie verander nie.

4.3.2.12 Woordorde

Die woordorde "wat betref die kinders ..." staan onder Engelse invloed en moet vermy word. "Betref, kom altyd ná die woord of sin waarop dit betrekking het. Dis swak Afrikaans om te skryf: 'Wat betref die stedelike Bantoes, is daar nog baie om te doen.' Dit moet wees: 'Wat die stedelike Bantoes betref'" (Rapport se taalles 6, 8/2/72, Die Burger skryf Afrikaans, p. 77).

In die sin "'n orkes, die lede waarvan..." staan die woordorde onder Engelse invloed. Dit moet wees: "'n orkes, waarvan die lede..." Beeld (8/5/78, p. 1) skryf: "staatsake, sommige waarvan nog ondersoek word ..." Die woordorde "waarvan sommige nog ondersoek word" word verkies.

"Die gewone reël in Afrikaans is dat die ww. aan die einde van 'n sin kom, maar dis ellendige styl om in 'n lang sin met baie bysinne al die werkwoorde aan die end te sit, met 'n span kommas tussenin" (Rapport se taalles 5, 1/2/72, Die Burger skryf Afrikaans, p. 76).

Die volgende sin is lomp omdat al die werkwoorde aan die einde daarvan ingeryg is: "Mnr. Botha het oor die onderhandelings met die Weste gesê dat tensy die kloof wat bestaan, oorbrug kan word, lyk die hoop vir 'n skikking skraal" (Die Transvaler, 18/8/78, p. 4, kol. 7).

Die sin sou soos volg makliker gelees het: "Mnr. Botha het oor die onderhandelings met die Weste gesê tensy die bestaande kloof oorbrug kan word, lyk die hoop op 'n skikking skraal".

"Net so lomp is dit om die werkwoord nie by die bysin te plaas waarop hy betrekking het nie" (Rapport se taalles 5, 1/2/72, Die Burger skryf Afrikaans, p. 76).

"...deurdat die 56-jarige Dayan en sy vrou, Ruth, 54, met wie hy 36 jaar getroud was, geskei is" sal soos volg makliker lees:
"...deurdat die 56-jarige Dayan geskei is van sy vrou, Ruth, met wie hy 36 jaar getroud was." (Vergelyk ook Rapport se taalles 19, Die Burger skryf Afrikaans, p. 88.)

Daar moet egter gewaak word teen die gebruik om onder Engelse invloed - veral by vertaling - sommer goedsmoeds die werkwoord vroeër in die sin in te druk sonder dat die sin lomp sou wees as die werkwoord aan die einde gekom het.

In die volgende sin kan die werkwoord aan die einde kom sonder dat dit aan die leesbaarheid daarvan afdoen:
"...sedert dit verlede Woensdag geval het voor die invalsmagte" (Die Transvaler, 17/4/79, p. 3, kol. 4).

Die Engelse invloed kan op die volgende manier geweer word:
"...sedert dit verlede Woensdag voor die invalsmagte geval het".

### 4.3.3 Die invloed van Engels op ortografiese vlak

Behalwe in die spreektaal het Engels ook 'n baie groot invloed op die skryftaal. Die koerant kommunikeer deur middel van die skryftaal. Die geslaagdheid van die kommunikasie hang af van die geslaagdheid van die skryftaal. Een van die besondere probleme van die koerantman is om "korrekte" Afrikaans (dit wil sê verstaanbare én aanvaarbare Afrikaans) te skryf, al

sou die korrekte skryfwyse weinig invloed op die spreektaal hê. As daar egter nie eenvormigheid op ortografiese vlak in die taal van die koerant is nie, sal dié taal nie vir die leser met 'n aanvoeling vir taal aanvaarbaar wees nie. Ook op dié vlak moet koeranttaal dus aan die vereistes van verstaanbaarheid én aanvaarbaarheid voldoen.

4.3.3.1 Die aanmekaarskryf van woorde

Die grootste invloed van die Engelse skryfwyse op die Afrikaanse skryfwyse is die neiging om twee selfstandige naamwoorde ná mekaar (soos in Engels) los te skryf.

Spelreëls gee van p. 31 tot p. 57 'n breedvoerige uiteensetting van wanneer woorde los en wanneer woorde vas geskryf moet word. Woorde word meestal los van mekaar geskryf as dit as aparte woorde herken word (Spelreëls, p. 31). Verder gee Spelreëls (p. 57) die volgende riglyn:
"Skryf los waar u kan, d.w.s. waar daar geen dwingende, taalkundige redes bestaan om vas te skrywe nie.
"Skryf vas waar u moet, d.w.s. waar daar wel dwingende, taalkundige redes bestaan om vas te skrywe, soos in die geval van samestellings." Vergelyk ook Van der Merwe (1973, p. 6 en 7). Hier word volstaan met 'n paar voorbeelde en die twee hoofreëls wat die meeste probleme, waarmee die koerantman daagliks gekonfronteer word, kan oplos.

"As 'n s.nw. met 'n onmiddellik volgende s.nw. die tipe enge verbinding vorm wat bekend staan as samestelling, word dit altyd vas geskrywe, bv. boeksak, ... klaskamer, sakboek, ens., ... asook wanneer die geheel 'n samestellende afleiding vorm

soos handlanger, houthakker, modemaakster, ..." (Spelreëls, p. 42).

"Dit kom daarop neer dat selfstandige naamwoorde wat 'n kombinasie vorm om een voorwerp aan te dui, aanmekaar (of, waar nodig, met 'n koppelteken) geskryf word: ystertafelpoot, Fontini-slaghuis (maar desnoods: F se Slaghuis, die Slaghuis F), die Nel-familie (maar: die familie Nel); Smalstraat, Aapsingel, Onder-Terrasstraat, Munrorylaan (maar: Derde Straat, dus met die eerste 'n rangtelwoord, nie 'n s.nw. nie); ..." Taalsake, 15/2/78).

Die koppelteken word in Afrikaans baie gebruik om woorde wat in Engels los staan, aanmekaar te skryf:
die Standard-Bank (Die Transvaler, 2/8/78, p. 2, kol. 8);
'n BBC-TV-program (Die Transvaler, 28/8/78, p. 5, kol. 6);
die Carlton-Sentrum (Die Transvaler, 25/11/77);
die Carter-regering (Die Transvaler, 16/8/77 en Die Burger, 9/8/77);
Curriebeker-wedstryd (Beeld, 10/9/77);
All Blackspelers (Die Transvaler, 16/8/77 - die gebruik van die koppelteken word hier verkies, vergelyk Engelbrecht, 1975, p. 15, dit wil sê All Black-spelers);
die Breytenbach-teater (Die Transvaler, 3/8/78, p. 3, kol. 3);
standerd sewe-leerling (Die Burger, 4/4/78, p. 1, kol. 8 en 9);
'n 9 mm-Llama-pistool (Die Burger, 26/5/78, p. 1, kol. 5 - die volgende skryfwyse sou meer korrek wees: 'n 9-mm-Llama-pistool);
'n Nederlandse DC-9-passasiersvliegtuig (Die Transvaler, 7/8/78, p. 3, kol. 3);

Hercules C-130-vragvliegtuie (Beeld, 15/4/77, p. 1, kol. 4); die 220-g-blikkies pienk salm (Die Transvaler, 3/8/78, p. 3, kol. 6).

Engelbrecht (1975, p. 15 en 37) gee onder meer die volgende voorbeelde: "'n 10-tonvragmotor, 'n R100-tjek, ... 'n 1500-cc-motor (liefs 'n motor van 1500 cc), standerd VI-klas".

Vergelyk ook Van der Merwe (1973, p. 156) en Spelreëls (p. 11-13).

Woorde wat weer sonder koppelteken, maar nog steeds aanmekaar, geskryf word, is:

eerstejaarstudent (first-year student);
eerstejaarkursus (first-year course);
eerstejaar (first-year student), maar 'n student in sy eerste jaar en 'n Kommunikasiekunde-student in sy eerste jaar (vergelyk Bosman e.a., en Engelbrecht, 1975, p. 14). Dieselfde beginsel geld natuurlik vir die verdere jare, byvoorbeeld tweedejaarstudent, ensovoorts.

"Voor s.nwe. word b.nwe. in die reël los geskrywe, bv. blou Maandag, ('n) blou trein, ... droë wyn, ... Franse kos, ... Goeie Vrydag, groen vrugte, ... ('n) lang broek, ... rooi wyn" (Spelreëls, p. 34).

"Die Taalkommissie wil daarop wys dat, hoewel hierdie verbindinge in die reël los geskrywe word, in sommige gevalle wel vas geskrywe word, bv. langbroek, rooiwyn, ens., ..." (Spelreëls, p. 34).

Engelbrecht (1975, p. 14) noem ook die volgende uitsonderings: "ter wille van betekenisonderskeiding: gewapende betoningenieur (een met 'n wapen) teenoor gewapende-betoningenieur (een wat met gewapende beton werk); gebruikte motorlokaal (een wat gebruik is) tenoor gebruikte-motorlokaal (lokaal vir gebruikte motors)".

Die betekenis van langbroek ('n broek wat bedoel is om lank te wees) en lang broek ('n broek wat te lank is) verskil en daarom sal die skryfwyse ook verskil.

Daar is ook nog die uitsonderings: witbrood en bruinbrood (Die Burger, 26/8/77; Spelreëls, en Bosman e.a.) en droëvrugte (Spelreëls, en Die Burger skryf Afrikaans, p. 15).

Nog voorbeelde van byvoeglike naamwoorde en selfstandige naamwoorde wat los geskryf word, is:
Blou Trein (Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler, p. 11);
die Rooi Kruis (Die Transvaler, 31/8/78, p. 1, kol. 6 en 7, en Bosman e.a.);
die Rooi Plein (Die Transvaler, 30/8/78, p. 6, kol. 8 en 9).

"Bruto is 'n byvoeglike naamwoord, net soos netto, daarom word dit los van die daaropvolgende selfstandige naamwoord geskryf. Dit is dus bruto inkomste, en nie 'bruto-inkomste' nie" (Die Burger skryf Afrikaans, p. 11, en Bosman e.a.).

Dieselfde geld vir junior en senior. "Junior en senior is byvoeglike naamwoorde en staan dus los: junior orkes en junior kamermusiek-orkes" (Die Burger skryf Afrikaans, p. 27, en Spelreëls).

Die volgende groepe woorde kan probleme oplewer, maar word meestal los geskryf:
die vyf jaar lange ondersoek (Die Transvaler, 2/8/78, p. 5, kol. 6);
die ses meter lange skiboot (Die Burger, 7/11/77);
sewe maande oue babatjie (Die Transvaler, 8/11/77);
die ses verdieping hoë gebou (Die Transvaler, 5/4/79, p. 4, kol. 1);
'n Russies gebore Belgiese hoogleraar (Die Burger, 12/10/77);
twee Zambies gebore (Die Transvaler, 8/8/78, p. 3, kol. 2, 3 en 4).

Omdat opeenvolgende selfstandige naamwoorde in Afrikaans soms 'n baie lang woord tot gevolg kan hê is dit verkieslik dat die woordorde omgekeer en die woorde dus los geskryf word, byvoorbeeld: die lughawe Jan Smuts (Die Transvaler, 15/8/77, en Beeld, 26/8/77);
die Hotel Bapsfontein (Beeld, 8/8/78, p. 2, kol. 5);
die Hotel Europa (Die Transvaler, 21/8/78, p. 1, kol. 7 en 8);
die Hoërskool Groote Schuur (Die Burger, 10/8/77).

4.3.3.2 Afkortings

Die gebruik om die afkorting van per adres soos volg te skryf: p/a staan onder die Engelse invloed van die afkorting "c/o" (care of). Die afkorting "c/o" in Engels het egter twee betekenisse, naamlik "care of" (per adres - p.a.) en "corner of" (hoek van - h/v) (Spelreëls, en Bosman e.a.).

Die neiging om die afkorting van meneer, mevrou, ensovoorts sonder punte te skryf (dit wil sê mnr) staan sterk onder

Engelse invloed, en moet vermy word. Dit is <u>mnr./mev./mej./prof.</u>, ensovoorts (vergelyk Bosman e.a., en Spelreëls).

4.3.3.3 Bokas en onderkas

Bokas is 'n koerantterm wat hoofletter/s beteken en onderkas kleinletter/s. In die tyd toe koerante nog met die hand geset is, is al die matryse (dit is metaalskywe met die spieëlbeeld van die letters daarop) in 'n kas met twee afdelings gebêre. Die kas was skuins sodat die setter die matryse maklik met die hand kon vat. Die hoofletters is in die boonste hokkies gebêre en die kleinletters in die onderste hokkies. Dié drukkersterme het bly steek en word vandag nog deur die koerante gebruik.

In Afrikaans word titels soos mnr. in 'n sin altyd onderkas geskryf (en nie bokas soos in Engels die geval is nie - Mr). Dit geld natuurlik ook vir mev., prof., dr., ensovoorts (vergelyk ook Engelbrecht, 1975, p. 16). Die volgende titels word ook altyd in Afrikaans onderkas geskryf:
sir Seretse Khama (Die Transvaler, 10/8/77), lord Barber (Beeld, 12/8/77) en pres. Vorster, min. Botha.

Om die invloed van Engels op die Afrikaanse skryfwyse af te sluit, word die volgende stuk deur Van der Merwe (1973, p. 24) aangehaal:

"Deur te veel afhanklik te word van Engels vir ons woordeskat en sinsbou, kan ons naderhand verleer om ons eiegoed vir hierdie doel aan te wend: ons sal alhoe luier word en daarmee ons eie taalskat verwaarloos, laat verarm en kwyn, met

noodlottige gevolge: geestelike laksheid lei tot geestelike onvermoë en ondergang, en ... verloor jy jou taal, verloor jy jou nasieskap!"

### 4.4 Taalprobleme wat deur die beleid van die koerant opgelos moet word

Afgesien van die invloed van Engels kry die koerantman nog daagliks met taalprobleme te doen. Hy kry nie altyd antwoorde hiervoor in die woordeboeke nie. Die beleid van die koerant moet in dié geval vir hom voorskryf wat om te doen. Verder lê dié probleme op die vlak van die spreektaal, en daarom beïnvloed dit ook die skryftaal, hoewel dit nie ortografiese probleme is nie.

#### 4.4.1 Die voorkeurwoord of-uitdrukking

Soms moet die koerantman kies tussen die gebruik van meer as een woord of uitdrukking. Dit kan wees dat albei woorde (of uitdrukkings) korrek is. Die koerantman moet egter 'n riglyn hê waarvolgens hy kies. Die norm wat hier ter sprake is, is die voorskrif (beleid) van die koerant. Dit word as bron van gesag, wat met ander bronne moet ooreenstem, aanvaar. In dié geval slaag kommunikasie as dit verstaanbaar is, maar dit moet ook sosiaal aanvaarbaar wees. Die koerantman se norm is dus dié van aanvaarbaarheid. Sy uiteindelike keuse word in groot mate deur die beleid van die koerant bepaal.

In die geval van die keuse tussen die Germaanse en Romaanse woord, én die keuse tussen die woord en die term, gebruik die koerantman ook die aanvaarbaarheidsnorm en kies hy dié woord wat volgens die beleid van sy koerant aanvaarbaar is (verge-

lyk 4.3.2.9). (Vergelyk ook De Bruto a, 1978, p. 24-33, vir 'n bespreking van verstaanbaarheid en aanvaarbaarheid.)

Die volgende voorkeurwoorde en -uitdrukkings word as algemene riglyn vir die koerantman aangegee (kommunikasie sal nie deur die gebruik van die nie-voorkeurwoord of -uitdrukking belemmer word nie, die leser sal nog verstaan wat gesê word, maar die aanvaarbaarheid hiervan deur die leser word belemmer). Om koeranttaal dus aanvaarbaar te maak, word die volgende woorde en uitdrukkings verkies:

'n Amptenaar is gewoonlik iemand wat 'n hoër rang beklee en in 'n permanente hoedanigheid aangestel is, terwyl 'n beampte 'n laer rang het, tydelik is en gewoonlik aan 'n spesifieke benaming verbind word, byvoorbeeld skakelbeampte, sprinkaanbeampte (vergelyk ANON. 1975. Praktiese Afrikaans. Die Staatsamptenaar, LV(2):37, Feb.; Taal-Beeld, 6/3/78, p. 9; Van der Merwe, 1973, p. 22, en Basson e.a., 1964, p. 100). Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler (p. 11) onderskei amptenaar en beampte soos volg:
"'n Amptenaar is iemand wat deur die openbare gesag in 'n amp aangestel is - staatsamptenaar. 'n Beampte is eintlik 'n funksionaris - iemand wat soms 'n laere bediening uitoefen - maar veral iemand met 'n bepaalde taakgebied wat deur nog 'n woord nader aangedui word: verkeersbeampte, proefbeampte, landboubeampte, voorligbeampte, mediese beampte, tegniese beampte."

As sodanig word deur die koerante verkies, nie as sulks nie (Die Burger skryf Afrikaans, p. 7);

motorbedryf ("Die Burger verkies motorbedryf, metaalbedryf, papierbedryf, ens. bo 'motornywerheid, metaalnywerheid, papiernywerheid', ens. Ons praat wel van nywerheid of nywerhede, maar sodra ons dit met iets anders verbind, gebruik ons -bedryf", Die Burger skryf Afrikaans, p. 7);

Die gebruik van die woord definitief moet vermy word. Gebruik liewer beslis, byvoorbeeld: Dit is nou beslis te laat (Van der Merwe, 1973, p. 68, en Basson e.a., 1964, p. 51).

Die koerante verkies die gebruik van vrou bo dame en meen dat 'n vrou haarself eers as dame moet bewys, voordat sy so aangespreek kan word (kyk ook Die juiste woord, 15/9/77).

Chirurg word in koerantkopie gebruik, nie snydokter nie (Die Burger skryf Afrikaans, p. 12);
treindrywer (nie masjinis nie - Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler, p. 11).

Guur en onguur het in Afrikaans lankal saamgeval en albei is korrek in dieselfde betekenis waar dit op wind en weer betrekking het (Van der Mewe, 1973, p. 111). Onguur slaan meestal op mense, byvoorbeeld 'n ongure vent is 'n onsmaaklike vent (Die Burger skryf Afrikaans, p. 39). Die koerante gebruik meestal guur wanneer dit met die weer te doen het, byvoorbeeld: "die vliegtuig moes land nadat gure weer..." (Die Burger, 12/12/77). Kyk ook Basson e.a. (1964, p. 120).

Kassier in 'n bank (nie 'n teller nie - Die Burger skryf Afrikaans, p. 28) word verkies.

Koste en onkoste het dieselfde betekenis. Nie een het 'n enkelvoud nie (daar kan dus nie van kostes en onkostes gepraat word nie). Vergelyk Van der Merwe (1973, p. 158) en Die juiste woord, 12/1/78. Die koerante verkies die gebruik van koste omdat dit 'n korter woord is.

"Die twee meervoudsvorme mans en manne dui betekenisverskil aan: die mans (=eggenote) van die vrouens is weg X die mans/ manne (=manlike persone wat nie juis getroud hoef te wees nie) van die land is dapper. Gewoonlik sal hier net die vorm manne gebruik word" (Van der Merwe, 1973, p. 175 en 313). Waar die huwelik ter sprake is, is dit dus mans en vrouens, en as daar in die algemeen gepraat word, is dit manne en vroue. (Vergelyk Basson e.a., 1964, p. 128 en 141.) Hoewel die woord vrouens vir sommige mense miskien neerhalend kan klink, veral in die verband van ouvrouens, is dit tog veral by Die Burger die gebruik om tussen vroue en vrouens te onderskei.

Ten minste word in die algemeen gebruik, en minstens vir getalle (Die Burger skryf Afrikaans, p. 52, en Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler, p. 9).

Onder andere word deur die koerante vir mense gebruik, onder meer vir diere, dinge of sake (vergelyk Engelbrecht, 1975, p. 43; Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler, p. 12; Rapport se taalles 8, 22/2/72, Die Burger skryf Afrikaans, p. 79).

Die koerante praat van 'n persverklaring, nie 'n persvrystelling nie. Bevindinge of 'n verklaring of 'n verslag word uitgereik, bekend gemaak, beskikbaar gestel; net 'n

dier word uit 'n hok of 'n gevangene uit 'n gevangenis vrygestel. Vergelyk Die Burger skryf Afrikaans, p. 8 en 44; Engelbrecht (1975, p. 46), en Taal-Beeld (15/5/78, p. 9).

Daar was 'n reeks van konserte (as dit gereël word) en daar was 'n reeks ongelukke (as dit per ongeluk gebeur), byvoorbeeld: "die jongste reeks aanvalle in die operasionele gebied" (Die Transvaler, 25/8/78, p. 1, kol. 4). Dié gebruik word streng by Die Burger toegepas.

Suider-Afrika word deur die koerante gebruik as die versamelnaam vir die lande onder aan die suidpunt van Afrika, en is dus in die politieke sin nie dieselfde as suidelike Afrika nie (Die Burger, 15/8/78, p. 2, kol. 2, en Die Transvaler, 22/8/78, p. 3, kol. 7).

'n Tapyt is 'n groot vloerbedekking (en as dit die hele vloer vol lê, is dit 'n volvloertapyt), terwyl 'n mat 'n kleiner vloerbedekking is. Daar bestaan dus nie iets soos 'n "volvloermat" nie. Vergelyk Die juiste woord, 1/9/77, en Engelbrecht (1975, p. 57 en 67).

Dit is 'n kunstentoonstelling (en nie 'n kunsuitstalling nie); 'n uitstalling is die onderafdeling van 'n tentoonstelling. Vergelyk Basson e.a. (1964, p. 93), en Die Burger skryf Afrikaans (p. 31).

"Verskeie, verskillend, maar meer in die betekenis van baie, talryke: Verskeie mense het die vliegtuig sien neerstort ... Verskillend, as een ding anders is as 'n ander: Elke orgaan van die liggaam het 'n verskillende funksie" (Basson e.a.,

1964, p. 140).

Visvang is 'n beroep (visser) en hengel is 'n stokperdjie (hengelaar).

Aanstaande jaar, maar die volgende keer as jy 'n fout maak; vanjaar (nie hierdie jaar nie).

In koerantkopie word vooraanstaande mense gebruik, nie belangrike persone nie.

In nog 'n voorval gister (Die Transvaler, 3/8/78, p. 7, kol. 2; Rapport se taalles 21, Die Burger skryf Afrikaans, p. 90).

"Die vorige rektor van die universiteit slaan op die een voor die huidige, terwyl die voormalige rektor ôf die vorige ôf 'n vroeëre amptenaar in die hoedanigheid kan wees" (Van der Merwe, 1973, p. 312). Daar kan dus meer as een voormalige rektor wees, maar net een vorige rektor (terwyl die Engels in albei gevalle "former" is - vergelyk Bosman e.a.).

"'n Vrouedokter is 'n dokter wat spesialiseer in vrouekwale. 'n Vroulike dokter is 'n vrou wat 'n dokter is" (Die Burger skryf Afrikaans, p. 81).

Sy het haar lewe lank in die Kaap gewoon, maar bly net daar (moenie nader kom nie). Kyk Rapport se taalles 3, 25/1/72, Die Burger skryf Afrikaans, p. 74, en Van der Merwe (1973, p. 51).

"n Woordvoerder praat namens ander, terwyl 'n segsman net

iemand is wat iets gesê het en nie namens ander praat nie - woordvoerder sal dus in die meeste gevalle in koerantkopie gebruik word en nie segsman nie (Basson e.a., 1964, p. 135; Bosman e.a., en HAT).

4.4.2 Die korrekte woord of uitdrukking

Wanneer die koerantman tussen twee woorde moet kies, waarvan net een korrek is, is verstaanbaarheid die norm. Die koerantman moet verstaanbaar skryf. Om dit te kan doen, moet hy hou aan die algemeen aanvaarde riglyne vir goeie Afrikaans. Hy het dus eintlik nie 'n keuse nie, want daar is net een korrekte woord of uitdrukking. Hier is die voorkeur of beleid van die koerant nie 'n maatstaf nie.

Die volgende woorde en uitdrukkings word gereeld verkeerd gebruik en word daarom as riglyn vir die koerantman aangegee:

'n Aanbeveling word gedoen (Bosman e.a.);
'n mens doen Heidelberg aan (nie by nie , Rapport se taalles 9, 7/3/72, Die Burger skryf Afrikaans, p. 80);
'n mens kom by 'n lughawe aan, maar 'n skrywer arriveer as hy vir homself naam gemaak het.

"Jy kan iemand se koms/vertrek/huwelik/afsterwe/ens. mondeling of skriftelik aankondig; ook 'n boek aankondig; oor die radio aankondig watter program sal volg; en die swaeltjies se koms kondig gewoonlik die aantog van die lente aan" (Van der Merwe, 1973, p. 5).

"Afkondig = op gebruiklike of voorgeskrewe wyse wette, ver-

ordeninge, ens. in die openbaar bekend maak deur voorlesing, kennisgewings, plasing in dagblaaie en tydskrifte, ens. 'n Nuwe wet word dus nie aangekondig nie, maar afgekondig. Die predikant kondig aan dat die hoofdiens sal begin sodra hy die gebooie afgekondig het. Die radio-omroeper het aangekondig dat die program 'n oomblik sal onderbreek word sodat die nuwe verordeninge deur die Goewerneur-Generaal kan afgekondig word" (Van der Merwe, 1973, p. 5; vergelyk ook Basson e.a., 1964, p. 96).

"Aantal dui 'n menigte of veelheid aan en is onbepaald: Die Krugerwildtuin is vanjaar deur 'n groot aantal mense besoek. 'n Groot aantal nuuskieriges het na die brand staan en kyk. Getal dui 'n bepaalde bedrag of totaal van saamgenome persone, diere of sake aan: Die getal houe wat die landdros hom opgelê het, was sewe.
Aantal het geen meervoud nie, daarom sê ons: Groot getalle rooibokke is in die Wildtuin gesien" (Basson e.a., 1964, p. 98; vergelyk Van der Merwe, 1973, p. 9).

Geaffilieer by (Engelbrecht, 1975, p. 16).

Hy gaan die byeenkoms afgelas en die byeenkoms is afgelas (nie aflas nie - Engelbrecht, 1975, p. 16; Die Burger skryf Afrikaans, p. 5; Van der Merwe, 1973, p. 16, en Bosman e.a.).

Die Engelse "spot fine" is in Afrikaans afkoopboete, nie skulderkenning nie (Bosman e.a., en Die Burger skryf Afrikaans, p. 5).

"Mense word afgedreig (nie 'afgepers' nie), maar geld of ander besittings word afgepers (nie 'afgedreig' nie). Byvoorbeeld: Ná die ontvoering van sy kind is die bankmagnaat afgedreig. Die ontvoerders wou R100 000 van hom afpers" (Die Burger skryf Afrikaans, p. 5. Vergelyk ook Bosman e.a.).

"Afkeer, as ww., is afwend, af- of wegkeer; as s.nw., is dit om 'n gevoel van afsku, weersin te hê: Die bokser keer maklik die linkerhoue van sy teenstander af. Die tuinier het die water afgekeer. Sy het 'n afkeer van skeldtaal. Hy het 'n sterk afkeer van daardie onbeskofte vent. Sy oneerlikheid wek by my afkeer op.

Afkeur, slegs ww., 'n mens se misnoeë te laat blyk, iets nie goedkeur nie, dit laak: Die hoof het die leerlinge se optrede sterk afgekeur. Die valse beriggewing oor ons land moet sterk afgekeur word.

Opm. Die s.nwe. van afkeer en afkeur is afkeer en afkeuring" (Basson e.a., 1964, p. 99. Vergelyk ook Die Burger skryf Afrikaans, p. 5; Engelbrecht, 1975, p. 17, en Van der Merwe, 1973, p. 14).

"'n Mens het 'n afspraak by die dokter, haarkapper, ens.; maar: jy plaas (gee, doen) 'n bestelling van kruideniersware by 'n winkel" (Engelbrecht, 1975, p. 18, en vergelyk Van der Merwe, 1973, p. 46).

In afwagting van (nie op nie - Die Burger skryf Afrikaans, p. 6, en Bosman e.a.).

'n Amendement op (nie tot nie - Die Burger skryf Afrikaans, p. 6).

"Antwoord neem gewoonlik die voorsetsel op: jy kan antwoord op vrae, vertoë, versoeke, ens., maar jy beantwoord die vrae, briewe, ens. (dus sonder op). Vergelyk ook: dit beantwoord aan die vereistes, waar ons wel 'n voorsetsel gebruik" (Van der Merwe, 1973, p. 26, en Basson e.a., 1964, p. 101).

Hy bedank die man. Hy bedank haar vir iets. Hy bedank uit 'n pos. Die predikant bedank vir 'n beroep na 'n ander plek. Hy bedank vir die benoeming (Taalsake, 3/11/76; Van der Merwe, 1973, p. 36, en Engelbrecht, 1975, p. 20).

"'n Kelner kan nie 'n ete bedien nie. Hy kan mense bedien deur aan hulle 'n ete voor te sit" (Rapport se taalles 4, 25/1/72, Die Burger skryf Afrikaans, p. 75, en Basson e.a., 1964, p. 102 en 103).

In 'n behoefte voorsien (nie 'n behoefte bevredig nie - Taalfoute, 18/4/78).

Sy behoort tot verskeie organisasies en die beker behoort aan haar (Van der Merwe, 1973, p. 38; Engelbrecht, 1975, p. 20; Die Burger skryf Afrikaans, p. 8).

'n Bekleder beklee 'n amp (holder of office) en 'n bekleër trek meubels oor (upholsterer, trimmer) - Bosman e.a.

In die belang van (Bosman e.a., en Die Burger skryf Afrikaans, p. 13).

'n Beroep doen op (Bosman e.a.).

Hy berus in sy lot, maar die beslissing berus by die regbank (Engelbrecht, 1975, p. 20; Van der Merwe, 1973, p. 44; Die Burger skryf Afrikaans, p. 9, en Basson e.a., 1964, p. 108).

'n Mens besluit tot iets (ten gunste van - "decide on") en besluit oor iets ("decide about"). Verder neem 'n mens 'n besluit of jy kom tot 'n besluit (Bosman e.a.; Engelbrecht, 1975, p. 21; Die Burger skryf Afrikaans, p. 54).

'n Mens bespaar petrol, water, ensovoorts, maar jy spaar geld in die bank (Engelbrecht, 1975, p. 21).

Besteel vind gewoonlik plaas sonder geweld, maar beroof gaan gepaard met geweld of 'n dreigement van geweld (Die Burger skryf Afrikaans, p. 50).

Aan die bewind wees/aan die bewind kom (Bosman e.a.).

'n Motor bots met 'n motor (nie teen nie - Rapport se taalles 19, Die Burger skryf Afrikaans, p. 88).

'n Brand word aangesteek deur 'n wind of met die opset om te beskadig, byvoorbeeld 'n veldbrand; 'n vuur word doelbewus aangesteek sonder opset van skade, byvoorbeeld 'n vleisbraaivuur.

'n Straat en rivier is breed en smal, maar klere is te wyd of te nou. "Wyd veronderstel 'n ingeslote ruimte, soos 'n mou, 'n broekspyp, ens." (Die Burger skryf Afrikaans, p. 11. Vergelyk Engelbrecht, 1975, p. 22, 51 en 69).

By 'n gradeplegtigheid/ by 'n dinee (nie op nie - Die Burger skryf Afrikaans, p. 12).

'n Bydrae (meervoud bydraes, Bosman e.a.).
'n Bylae (meervoud bylaes, Bosman e.a.).

Iemand wat meegaande is, gaan maklik mee, dit wil sê hy is inskiklik, maar 'n bygaande artikel, foto, ensovoorts word hierby aangeheg (Engelbrecht, 1975, p. 40). Vergelyk ook Van der Merwe (1973, p. 59); Die Burger skryf Afrikaans (p. 11); Basson e.a. (1964, p. 111), en Die juiste woord, 12/1/78.

Dien in 'n komitee, raad, direksie (Rapport se taalles 15, 13/6/72, Die Burger skryf Afrikaans, p. 86; Engelbrecht, 1975, p. 24; Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler, p. 11).

Hy het hom dood gespring/geval (nie na sy dood toe gespring/ geval nie - Die Burger skryf Afrikaans, p. 15).

'n Drom is 'n groot groep mense of samedromming. Die woord word dikwels foutief gebruik vir trom, konka, blik, houer (vergelyk Engelbrecht, 1975, p. 25; Basson e.a., 1964, p. 113; Die Burger skryf Afrikaans, p. 66, en Van der Merwe, 1973, p. 78).

'n Fonds (meervoud is fondse) is 'n bedrag geld wat vir 'n bepaalde doel opsygesit is of vir liefdadigheid ingesamel word, 'n vonds (meervoud is vondste) is 'n uitvinding, ontdekking of selfs gedagte (vergelyk Basson e.a., 1964, p. 116; Engelbrecht, 1975, p. 27 en 67, en Van der Merwe, 1973, p. 97 en

308).

Gereageer (Bosman e.a. Woorde wat met be-, ge-, her-, er-, ont- en ver- begin, kry nie ge- nie, byvoorbeeld nie gebegin nie, Die Burger skryf Afrikaans, p. 21, en Van der Merwe, 1973, p. 100).

Glo aan spoke, glo in God/jou volk/jouself (Engelbrecht, 1975, p. 28).

Goeie trou (Engels "bona fides", Bosman e.a.).

Aan die grens (Bosman e.a.).

Hy het grootgeword, dit wil sê hy het van kind na grootmens verander, maar hy het groot geword, dit wil sê hy het vet geword (Rapport se taalles 14, 30/5/72, Die Burger skryf Afrikaans, p. 85).

Het gehanteer (Bosman e.a.).

Op die hoogte van sake wees (Bosman e.a.; Die Burger skryf Afrikaans, p. 56, en Engelbrecht, 1975, p. 31).

Hooggeleë en laaggeleë dele van Rehoboth, maar hoogliggende en laagliggende wolke (Die Burger skryf Afrikaans, p. 23).

'n Houding aanneem, maar 'n standpunt inneem (Die Burger skryf Afrikaans, p. 25).

Hulle het hulle onttrek en toe na hul huise teruggekeer (in die besitlike vorm is dit hul - Engelbrecht, 1975, p. 32; Die Burger skryf Afrikaans, p. 24).

Iets nuuts/moois/goeds en niks nuuts/moois/goeds nie (Die Burger skryf Afrikaans, p. 24 en 46; Van der Merwe, 1973, p. 221, en Engelbrecht, 1975, p. 33).

Met ingang van April (nie: met ingang van 1 April nie - dis herhaling - Die Burger skryf Afrikaans, p. 25).

Skepe of vliegtuie word gekaap, dit wil sê hulle word gebuit of geroof, maar mense word geskaak, dit wil sê hulle word ontvoer (Engelbrecht, 1975, p. 36, en Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler, p. 12).

Elf keer so lank (nie elf keer langer nie - Die Burger skryf Afrikaans, p. 48).

Kennis van (nie oor nie - Die Burger skryf Afrikaans, p. 56).

'n Advokaat het kliënte (clients) - hulle koop dienste. 'n Winkelier het klante (customers) - hulle koop goedere (Basson e.a., 1964, p. 123; Van der Merwe, 1973, p. 147, en Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler, p. 11).

Kritiek uitspreek op/kritiek op en kommentaar op (Bosman e.a.).

As iemand in 'n kritieke toestand is, is hy ernstig siek of beseer, maar 'n kritiese vrou kritiseer alles (Die Burger

skryf Afrikaans, p. 31).

Kursusse volg (nie neem nie - Bosman e.a.).

'n Lewende kat is die teenoorgestelde van 'n dooie kat, maar 'n lewendige mens is die teenoorgestelde van 'n dooierige mens (Die Burger skryf Afrikaans, p. 32).

Maatreëls neem/tref (Bosman e.a.).

Voorsorg maak (Bosman e.a.).

Die meeste mense (Engelbrecht, 1975, p. 24, en Die Burger skryf Afrikaans, p. 34).

Ek sal dit doen, mits (indien) jy my help en
ek sal dit nie doen nie, tensy (behalwe as) jy my help (vergelyk Engelbrecht, 1975, p. 41 en 58; Van der Merwe, 1973, p. 186; Basson e.a., 1964, p. 129, en Taalsake, 10/11/76).

Moraal is sedeleer (byvoorbeeld Christelike moraal) of sedelike beginsels, terwyl moreel die sedelike krag is wat mense moed gee. In laasgenoemde geval word die moed of vasberadenheid van soldate bedoel. (Vergelyk die juiste woord, 16/9/76; Taalsake, 7/12/77; Engelbrecht, 1975, p. 41; Basson e.a., 1964, p. 129, en Van der Merwe, 1973, p. 188.)

Ná word gebruik om tyd aan te dui en na om rigting aan te dui, byvoorbeeld: Hy het ná vier dae na Pretoria gegaan. Vergelyk ook Engelbrecht, 1975, p. 42, en Rapport se taalles 20, Die Burger skryf Afrikaans, p. 89.

Ná (en voor) word gebruik as 'n selfstandige naamwoord daarop volg en nadat (en voordat) as 'n werkwoord daarop volg, byvoorbeeld: ná sy troue/voor sy troue (troue is 'n selfstandige naamwoord) en nadat hy getrou het/voordat hy getrou het (getrou het is werkwoorde).

Tot nadere kennisgewing is die korrekte vorm en nie tot verdere kennisgewing nie (Rapport se taalles 20, Die Burger skryf Afrikaans, p. 89).

"Is daar nie minder as vier mense nie ..." (die tweede nie moet altyd heel aan die einde kom - Die Burger skryf Afrikaans, p. 36; ook: hier was geen boeke nie; vergelyk Engelbrecht, 1975, p. 42; Van der Merwe, 1973, p. 195;
KOTZE, J.M.W. 1975. Die ontkenningspartikel in Afrikaans. Klasgids, 9(4):62-68, Feb.;
FERREIRA, G.T. 1975. Hoe skryf ek Afrikaans? Hulle weet nie so reg met 'nie' nie. Die Taalgenoot, 44(7):21, Junie).

Benodig is nie 'n werkwoord nie (ons kan wel sê die benodigde bedrag). Hy het iets nodig of iets is nodig moet gebruik word, daarom ook liewer: dit is die nodige bedrag (vergelyk Van der Merwe, 1973, p. 42; Die Burger skryf Afrikaans, p. 22 en 37; Engelbrecht, 1975, p. 42; Basson e.a., 1964, p. 106 en 107, en Taalsake, 15/3/78).

Die beste/grootste nog (nie ooit nie - Engelbrecht, 1975, p. 44).

Sangnommers word gelewer en nie sangitems nie (kyk Van der Merwe, 1973, p. 140; Basson e.a., 1964, p. 122; Die Burger

skryf Afrikaans, p. 27; Bosman e.a., en Taalsake, 4/5/77).

Nuwejaar is een dag terwyl die nuwe jaar die hele jaar duur (Van der Merwe, 1973, p. 198; Basson e.a., 1964, p. 130; Die juiste woord, 29/12/77, en Taalsake, 27/12/78, p. 8, kol. 1).

In die omstandighede (nie onder omstandighede nie, wel onder geen omstandighede nie, bedoelende hoegenaamd nie - Bosman e.a.).

"Daar is 'n verskil tussen onderdruk ('suppress') en verdruk ('oppress'). Jy kan onluste of 'n opstand of 'n gevoel onderdruk, en jy kan mense verdruk (as jy hulle wreed en genadeloos behandel)" (Die Burger skryf Afrikaans, p. 39).

'n Mens is onderworpe aan 'n ooreenkoms (byvoorbeeld: Die aanstelling is aan Swapo se goedkeuring onderworpe, nie "onderhewig" nie). 'n Mens is onderhewig aan siektes of Suid-Afrika is onderhewig aan periodieke droogtes (Engelbrecht, 1975, p. 43; Die Burger skryf Afrikaans, p. 39; Basson e.a., 1964, p. 130, en Van der Merwe, 1973, p. 202).

"Ongerustheid is 'n senuweeagtige gemoedstoestand. 'n Moeder voel ongerus of bekommerd oor haar kind wat te lank wegbly. Die Westerse lande is ongerus oor die geheime planne wat die Kommunistiese blok teen hulle smee ... Ongerustheid is 'n gevoel.

"Onrustigheid is daarenteen 'n handelwyse, wat gepaard gaan met beweging. 'n Man loop dalk op sy stoep heen en weer,

onrustig of rusteloos omdat hy nie tot rus kan kom nie" (Die juiste woord, 11/8/77, en Basson e.a., 1964, p. 131).

Die voorval het ongesien plaasgevind (niemand het dit gesien nie, dit is nie opgemerk nie); 'n mens koop iets ongesiens (sonder dat jy dit vooraf gesien het). Vergelyk Van der Merwe (1973, p. 203), en Engelbrecht (1975, p. 43).

'n Mens maak kennis met 'n onbekende, maar as jy 'n bekende raakloop, ontmoet jy hom (jy kan nie 'n onbekende vir die eerste keer ontmoet nie) Die Burger skryf Afrikaans, p. 29.

Mense word verwyder, maar 'n gebied of gebou word ontruim (Die Burger skryf Afrikaans, p. 59).

Oorledenes word geëien (nie uitgeken nie, jy ken iemand tussen 'n klomp ander uit - Die Burger skryf Afrikaans, p. 29).

'n Oorsig oor (nie van nie - Bosman e.a., en Engelbrecht, 1975, p. 44).

Hy vertrek op die Pendennis Castle/'n skip (nie met nie, Die Burger skryf Afrikaans, p. 41).

Dit is op 'n dorp, maar in 'n stad, byvoorbeeld: op Potchefstroom, in Johannesburg.

'n Opname van die vloedskade word in Oos-Kaapland gedoen (Engels survey ); wanneer 'n foto geneem of tonele vir 'n rolprent afgeneem word, word 'n opname (of opnames) gemaak (Die Burger skryf Afrikaans, p. 42).

Opspraakwekkend het 'n ongunstige betekenis (Engels - "notorious");
opsienbarend het 'n gunstige betekenis (Engels - "sensational"). Kyk Taalfoute, nr. 2, 3/5/78.

Dit is geparkeer (Bosman e.a.).

Die plakkers het hier geplak (Engels "squatter" en "squatting"). (Vergelyk Bosman e.a., en Die Transvaler, 10/4/79, p. 7, kol. 3).

Toe hy probeer ontsnap (probeer sonder ge- saam met nog 'n werkwoord);
toe hy geprobeer het om te ontsnap (kyk Rapport se taalles 8, 22/2/72, Die Burger skryf Afrikaans, p. 79; Taal-Beeld, 1/5/78, p. 7; Engelbrecht, 1975, p. 46 en 47; Spelreëls, p. 3).

Die Olifantsrivier en die Oranjerivier (Die Burger skryf Afrikaans, p. 13).

"Loon in die algemeen is wat iemand ontvang vir wat hy gedoen het, of nie gedoen het nie ...

"In 'n meer spesifieke sin is loon 'n vaste betaling of vergoeding vir gedane werk, hetsy per dag, in die geval van 'n dagloner; of per week, in die geval van die meeste arbeiders, tensy hulle per stuk betaal word. Dan is dit stukloon wat hulle vir stukwerk kry.

"Sodra dit hoër as dagloon of weekloon gaan, word dit salaris genoem - dit is die vergoeding wat maandeliks uitbetaal

word ..." (Die juiste woord, 11/8/77).

"Dit is heeltemal verkeerd om te praat van 'n 'skaars' operasie. Dit kan alleen 'n SELDSAME operasie wees. 'Skaars' kan eintlik net in ekonomiese verband gebruik word, wat selfs in die breedste sin van die woord nie vir 'n operasie geld nie. 'n Mens kan byvoorbeeld wel sê dat mielies skaars is" (Taalfoute, 19/4/78). (Vergelyk die ander betekenis van skaars - kwalik. "Ons was skaars daar of die twee was aan die baklei.")

Sinloos beteken sonder sin of betekenis en sinneloos om van jou sinne beroof te wees (kranksinnig). Kyk Die Burger skryf Afrikaans, p. 47; Engelbrecht (1975, p. 50).

Skadeloos kom by skadevergoeding ter sprake. "Iemand word skadeloos gestel ten opsigte van 'n verlies wat hy gely het deur sy skade aan hom te vergoed, m.a.w. as hy terugbetaling kry vir wat hy verloor het. Dit is skadeloosstelling of skadevergoeding ...

"Onskadelik daarenteen is wat geen skade kan doen nie." Dit sluit goggas en bomme in wat onskadelik gemaak word. Vergelyk Die juiste woord, 11/8/77, en Die Burger skryf Afrikaans, p. 40 en 47.

Sondebok is die onskuldige op wie ander se sondes gepak word en sondaar is die een wat al die ellende veroorsaak het. Hoewel dié woorde nie altyd só in die volksmond gebruik word nie, is dit tog koerantpraktyk. Vergelyk Engelbrecht (1975, p. 51); Van der Merwe (1973, p. 255); Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler, p. 9, en Die Burger skryf Afrikaans, p. 48.

Die volgende woorde kan verwarring skep:
spaarboekie (savings-bank book);
My spaargeld is op (my savings are finished);
spaarpot (moneybox);
spaarrekening (savings account);
vry(e) tyd (spare time);
vrykamer, gastekamer (spare room);
noodwiel, orige of ekstra wiel, reserwewiel (spare wheel);
deel, onderdeel, reserwedeel, orige deel (spare-part);
onderdeelkatalogus/delekatalogus (spare parts catalogue).
(Vergelyk Taalsake, 5/4/78).

In hierdie stadium (nie op hierdie stadium nie - Bosman e.a.);
stappe word gedoen (nie geneem nie - Bosman e.a.);
'n proefneming word gedoen (Bosman e.a.);
samesprekings word gevoer (Bosman e.a.).

Statistiek (enkelvoud) is gegewens of syfers (Basson e.a., 1964, p. 30). Beeld vermy die gebruik van statistiek en praat liewer van syfers.

Die Engelse "treasurer" is in Afrikaans penningmeester by gewone komitees, dit wil sê as dit 'n deeltydse werk is en tesourier by amptelike instellings soos 'n munisipaliteit waar dit 'n heeltydse werk is. Miskien sal die woord randmeester deesdae meer inslag vind.

Die een of ander tyd (nie: sonder die nie - Engelbrecht, 1975, p. 24).

'n Mens is openhartig, reguit, rondborstig of eerlik, maar

nie uitgesproke nie. 'n Wens of begeerte kan wel uitgesproke wees (met ander woorde iets wat uitgespreek is). Vergelyk Die Burger skryf Afrikaans, p. 55.

Met uitsondering van (nie: met die uitsondering van nie - Die Burger skryf Afrikaans, p. 55).

Hy is op skool/universiteit; hy studeer aan die universiteit (Van der Merwe, 1973, p. 72).

In veiligheid stel/bring/sleep (nie na nie - Bosman e.a., en Taalsake, 1/11/78, p. 10, kol. 5).

Boeke, rolprente en plate word verbied (verbode boeke) of belet; meervoud: verbooie, verbiedinge, -s. Mense word ingeperk (hulle is ingeperktes of ingeperkte mense) of as hulle uit die land gestuur word, word hulle verban (hulle is verbannenes). Vergelyk Taalsake, 26/10/77, en 13/6/79, p. 10, kol. 4; Basson e.a. (1964, p. 139); Engelbrecht (1975, p. 63), Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler, p. 11.

Op 'n vergadering (nie by nie - Die Burger skryf Afrikaans, p. 57).

Vergesel van (accompanied by) word meestal deur die koerante gebruik, byvoorbeeld: "Mnr. Vorster, vergesel van sy vrou". (Vergesel deur is volgens Bosman e.a. "attended by".) Vergelyk Basson e.a. (1964, p. 38), en Taalsake, 1/11/78.

Verhoog/verlaag/verminder/vermeerder/opskuif tot (nie na nie - Die Burger skryf Afrikaans, p. 42);

in verhouding tot, maar na verhouding (Bosman e.a.);

verkrygbaar by dui gewoonlik 'n plek aan en verkrygbaar van 'n mens (Van der Merwe, 1973, p. 300);

in verleentheid bring (nie in die verleentheid stel nie - Die Burger skryf Afrikaans, p. 57).

"Boere 'voorsien' nie produkte nie, hulle verskaf of lewer dit" (Die Burger skryf Afrikaans, p. 58).

Verskil met iemand oor iets (stem nie met hom saam nie); verskil van iemand (is anders as hy). Vergelyk Bosman e.a.; Engelbrecht (1975, p. 65).

Vertoë lewer/rig tot (Bosman e.a.);

vervang iets deur iets anders (Bosman e.a.).

'n Mens hou 'n vleisbraai, maar eet braaivleis (vergelyk Bosman e.a.; Van der Merwe, 1973, p. 54; Basson e.a., 1964, p. 85; Engelbrecht, 1975, p. 66, en Taalsake, 15/3/78).

Hy is nog op vrye voete (Bosman e.a., en Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler, p. 8).

Hy het sy plek op talle gebiede vol gestaan (nie volgestaan nie); hy het ná die toespraak gesê hy volstaan met daardie woorde (Die Burger skryf Afrikaans, p. 60).

Die voorkeur gee aan (nie sonder die nie - Engelbrecht, 1975, p. 24).

Tot voorsitter kies/verkies (Bosman e.a.);
in 'n amp verkies/in die raad verkies/tot lid van die Parlement verkies (Bosman e.a.).

Na alle waarskynlikheid (nie in nie).

Die perd, motor (dier of ding) waaroor ons gesels, maar die man oor wie ons gesels.
Die perd, motor (dier of ding) waarvan ..., maar die man van wie ...
Die perd, motor (dier of ding) waarvoor ..., maar die man vir wie ...
Die perd, motor, (dier of ding) waarmee..., maar die man met wie ...
Daar was verskeie dinge, waaronder ...
Daar was verskeie mense, onder wie ...
(Vergelyk Engelbrecht, 1975, p. 68; Taalsake, 26/10/77; Die Burger skryf Afrikaans, p. 57; FERREIRA, G.T. 1974. Hoe skryf ek Afrikaans? Die Taalgenoot, 44(1):21, Des.; Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler, p. 12, en Basson e.a., 1964, p. 44.)

Die man slinger oor die pad nadat hy geslaan is, maar:
Die man het oor die pad geslinger nadat hy geslaan was.
As die ander werkwoord in die teenwoordige tyd is, word dit nadat is; as die ander werkwoord in die verlede tyd is, word dit nadat was (Die Burger skryf Afrikaans, p. 36, en Rapport se taalles 8, 22/2/72, Die Burger skryf Afrikaans, p. 79).

Dit is die derde keer dat die skool (nie wat nie)...
Elke keer dat ons dit doen ... Dit is die tweede jaar dat ...

"Dit is van hierdie hoogte af dat foto's geneem word (nie 'wat' nie);
in die kort tyd dat die Albatros hier in gebruik is (ook nie 'wat' nie)" (Die Burger skryf Afrikaans, p. 12 en 13).

Waternood is 'n gebrek aan water of waterskaarste;
watersnood is oorstroming, skade en ellende deur te veel water;
hongersnood is te veel honger (vergelyk Bosman e.a., en HAT).

4.4.3 Die term

Die koerantman kry dikwels met terme te doen. Dié terme mag vir hom vreemd wees omdat dit gespesialiseerd en gewoonlik die taal van 'n spesifieke vakgebied is. Die koerantman kan egter nie goedsmoeds 'n gewone woord pleks van 'n term gebruik as hy die wetenskaplikheid van die berig daardeur skade kan aandoen nie (vergelyk 2.3.3 vir 'n beskrywing van woord en term, en 4.3.2.9 vir gevalle waar die woord bó die term verkies word).

Wanneer die koerantman voor die terminologiese probleem te staan kom, kan hy vakwoordeboeke en terminologiese lyste raadpleeg. Die meeste koerante het dié hulpmiddels byderhand (vergelyk Engelbrecht, 1975, p. 62, en Van Schalkwyk & Viviers, 1977, p. 236-241).

Die koerantman kry meer dikwels met hofterme as met enige ander terme te doen. Dit is dus raadsaam dat hy dié terme ken en nie nodig het om altyd vakwoordeboeke in dié verband te raadpleeg nie. Hierbenewens is daar veral by hofterme die gevaar van laster. Verkeerde hofterme kan 'n lastereis teen

die koerant tot gevolg hê, terwyl die gebruik van die verkeerde ekonomiese of ander terme tot swak kommunikasie sal lei.

Die koerantman moet hofterme gebruik sodat sy taalgebruik vir die regslui aanvaarbaar is. Hoewel hy nie sy bestemming, naamlik die leser, in die eerste plek in gedagte hou nie, moet hy nogtans probeer om verstaanbaar te skryf, al gebruik hy die term en nie die woord nie. (Aanvaarbaarheid is hier dus eerste vereiste, terwyl die verstaanbaarheidseis ook hier geld.)

In die beriggewing van hofsake is daar sekere vaste uitdrukkings wat in koeranttaal gebruik word. Sommige hiervan word nie in Bosman e.a. of Hiemstra & Gonin aangegee nie, en daarom kan die koerantman sukkel om die regte uitdrukking iewers op te soek. Die koerantman het hier geen keuse nie. Die beleid van die koerant bepaal ook nie watter term of terminologiese uitdrukking gebruik moet word nie. Die vaktaal is hier die norm vir die koerantman.

'n Paar vaste uitdrukkings word as voorbeelde hier aangegee:

aangehoudenes (vir mense in gevangenis /ook gevangenes);

aanklag (hy verskyn op aanklag van, nie klag nie, die Engels is "charge", meervoud is aanklagte);
'n aanklag teen iemand indien/inbring (nie: 'n klag lê nie);
"hy word aangekla weens beweerde bedrog" is nie hofterme nie, en boonop oortollig. Aankla impliseer reeds 'n bewering, dus hoef daar nie van "beweerde" bedrog gepraat te word nie (Die Burger skryf Afrikaans, p. 7). Dit moet wees:
hy word aangekla weens bedrog.

"Hy sou dit na bewering gedoen het" bevat oortollige woorde. Dit moet wees: hy het dit na bewering gedoen, of: hy sou dit gedoen het (Rapport se taalles 16, Die Burger skryf Afrikaans, p. 87).

"Besk. en get. in 'n hofberig moet oordeelkundig duidelik gebruik word. Dit skep onnodige verwarring veral as die berig se feite moeilik is om te volg. Noem elke keer die beskuldigde en getuie op hulle name - beskuldigde as bv. Bester en getuie as mnr. Bester" (Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler, p. 13). In die jongste tyd word dit egter mode om ook die beskuldigde mnr. (of dan mev./mej.) te noem.

"Voorondersoeke is moeilike berigte. Wees hier uiters versigtig. By 'n voorondersoek is daar GEEN AANKLAG of BESKULDIGDE nie. Alles is bewerings wat deur die landdros aangehoor word. Bv. mnr. Jan Pieterse het gister by 'n voorondersoek na beweerde moord op sy vrou verskyn. Hierna moet daar elke keer na MNR. Bester of MNR. Pieterse verwys word. Hy is nog nie aangekla nie" (Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler, p. 13).

Vir die Engels "release on bail" gee Bosman e.a. onder borgtog vrylaat, maar Hiemstra & Gonin gee op borgtog (of op borg) vrylaat.

Die Engelse "hit-and-run driver" is in Afrikaans 'n botsvlugtige (Bosman e.a.).

Volgens Bosman e.a. is "serve a summons on" 'n dagvaarding

bestel/beteken aan (nie: op nie). Vergelyk Engelbrecht (1975, p. 24); Basson e.a. (1964, p. 41), en Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler, p. 10 en 13.

Dronkbestuur as 'n misdaad word nie deur Bosman e.a. aangegee nie, maar word redelik algemeen so deur die koerante gebruik (Die Transvaler, 2/8/78, p. 3, kol. 4). Die volgende uitdrukkings kom tog voor (maar is langer en daarom word dronkbestuur verkies): "bestuur onder die invloed van sterk drank" (Die Burger, 24/8/77) en "motor onder die invloed van alkohol bestuur" (Beeld, 22/7/77).

Vir 'evidence was that" kan volgens getuienis gebruik word; "give evidence" is getuig (ook: getuienis aflê of getuie gee, maar dit is te lank en moet vermy word);
"lead evidence" is getuienis aanvoer (nie lei nie - Die Burger skryf Afrikaans, p. 19).

Hoewel Hiemstra & Gonin "prosecution" met vervolging vertaal en Bosman e.a. "witness for the prosecution" met getuie vir die vervolging, is daar by regsmense beswaar teen dié gebruik. Hulle sê die staat "vervolg" nie mense nie. Daarom word die vertaling getuie vir die staat ("witness for the prosecution") verkies, want dit is die staat wat aankla. "Witness for the defence" is getuie vir die verdediging (Bosman e.a.).

"Die Departement van Gevangenisse vra dat ons asseblief nie die terme tronk en bandiet moet gebruik nie. Die Departement gebruik dit self nie meer nie. Hy gebruik gevangenis en gevangene. Die polisie verkies weer dat ons van patrolliewa

pleks van 'vangwa' praat ... Ons kan gerus maar aan hierdie heel redelike versoeke voldoen, hoewel byvoorbeeld die heel korter 'tronk' nog vir kop-doeleindes gebruik kan word waar daar geen ander uitweg is nie" (Die Burger skryf Afrikaans, p. 64).

Om dieselfde rede moet daar dus van gevangenisstraf gepraat word, en nie "tronkstraf" soos nog dikwels gesien word nie.

"Die vonnis moet volledig gegee word" (Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler, p. 14). Hy is tot R50 boete of 25 dae gevangenisstraf gevonnis; hy is tot 'n boete van R50 of 25 dae gevangenisstraf gevonnis; hy is tot nog drie maande gevonnis. Ander uitdrukkings is:
hy moet 'n vonnis uitdien weens aanklagte ingevolge...
hy verskyn op aanklag van onwettige handel in dagga...

Die howe word soos volg geskryf:
die Kaapse Hooggeregshof (bokas - volgens provinsies: ook Transvaalse, Vrystaatse en Natalse);
die Kaapstadse landdroshof (onderkas - volgens stede/dorpe);
die Skeihof (Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler, p. 13);
die streekhof (Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler, p. 13);
wel: Lesotho se hooggeregshof.

Hoewel Hiemstra & Gonin vir "housebreaking" inbraak en huisbraak aangee, word "housebreaker" met inbreker vertaal. In die volksmond is inbraak bekender en moet daarom gebruik word.

Dit is inhegtenisneming (nie inhegtenisname nie) - vergelyk Spelreëls, en Bosman e.a.

Die Paleis van Justisie word bokas geskryf (Die Burger, 20/6/78, p. 1, kol. 1); die Kommissaris van Polisie word ook bokas geskryf (Beeld, 3/2/78, p. 1, kol. 8 en 9).

Die Engelse "put under cross-examination" is in kruisverhoor neem (Bosman e.a.).

Die volgende voorsetsels kan probleme gee:

teregstaan op aanklag van moord op;
skuldig/medepligtig aan moord op;
skuldig bevind aan (find guilty of);
die moord op mnr. X (the murder of Mr. X);
neem iemand in hegtenis oor 'n oortreding (nie: vir nie);
hy het skuld op aanklag van moord ontken (nie: hy het skuld op moord ontken nie).

"Dit is verkeerd om te sê: Mnr. Jan Theron, 31, het gister verskyn vir 'n voorlopige ondersoek op aanklag van beweerde moord. Die korrekte taalgebruik is: Mnr. Jan Theron, 31, het gister verskyn op 'n voorondersoek na beweerde moord. (Dit is minder omslagtig, lees makliker en klink ook beter.)" (Rapport se taalles 21, Die Burger skryf Afrikaans, p. 90).

Hy verskyn pro Deo vir mnr. X ... het betrekking op kostelose verdediging van 'n beskuldigde wat weens 'n halsmisdaad teregstaan, en sy verdediging nie self kan bekostig nie (Hiemstra & Gonin).

Hiemstra & Gonin vertaal "defeat the law" indien dit op 'n statuut betrekking het as die wet verydel of ontduik, maar met inbegrip van die gemene reg en veral die regspraak as die regsbedeling verydel; "defeat the ends of justice" is die regsbedeling verydel of die loop van die gereg dwarsboom en "defeating the course of justice" is verydeling van die regsbedeling of dwarsboming van die loop van die gereg. Die koerante trek bogenoemde uitdrukkings saam tot regsverydeling (Die Burger, 22/8/77, en Die Transvaler, 15/12/77).

Hoewel Bosman e.a. "plead guilty" met skuld beken en skuldig pleit vertaal, word net eersgenoemde deur die koerante verkies (omdat dit korter is), om dieselfde rede word skuld ontken verkies. Die uitdrukking "skuld erken" is hoegenaamd nie in hofterme aanvaarbaar nie, en moet nie gebruik word nie (vergelyk Basson e.a., 1964, p. 105, en Van der Merwe, 1973, p. 39).

Hy verskyn vir die staat (onderkas) of: hy het die staat se saak behartig (onderkas).

Uitstel en verdaag gee nog baie probleme. Hiemstra & Gonin vertaal "postpone" met uitstel, dit wil sê wanneer die aanvang van die saak uitgestel word (die saak het dus nog nie begin nie), en "adjourn" met verdaag, dit is tydelike onderbreking van aangevange verrigtinge.

'n Saak word dus vir die uitspraak verdaag (nie: uitgestel nie) as daar al getuienis was.

Die uitspraak word gedoen of gelewer (nie gegee nie - Die Burger skryf Afrikaans, p. 55);

die uitspraak word voorbehou; die regter het sy uitspraak voorbehou (nie net uitspraak nie - Die Burger skryf Afrikaans,p. 32 en 55).

"'n Advokaat of 'n prokureur verskyn nie in die hof 'namens' die beskuldigde nie, maar vir" (Die Burger skryf Afrikaans, p. 58). Dit wil sê: hy verskyn vir mnr. X.

'n Vonnis word opgehef/nietig verklaar (nie: "ter syde gestel" nie - Die Burger skryf Afrikaans, p. 60).

Beeld (21/7/78, p. 1, kol. 2, 3 en 4) het die volgende woorde saamgetrek: vonnisafwagtende swartman.

Bosman e.a. vertaal "previous convictions" met vorige vonnisse, terwyl Hiemstra & Gonin dit met vorige skuldigbevindings of vorige veroordelings vertaal. Laasgenoemde word meestal deur die koerante gebruik (Die Transvaler, 20/8/77, en Beeld, 14/9/77).

Die name van wette kom altyd bokas, byvoorbeeld die Wet op die Onderdrukking van die Kommunisme; die Wet op Sondagsport (Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler, p. 14).

## 4.5 Ortografiese probleme wat deur die beleid van die koerant opgelos moet word

Dié probleme val op die vlak van die skryftaal, en daarom is dit veral op die koerantman van toepassing. Die beleid van die koerant gee vir hom die voorskrif hoe en in watter vorm hy sy taal moet giet. Die beleid verskil van koerant tot

koerant, maar daar is tog algemene riglyne wat gevolg kan word.

## 4.5.1 Koppe

'n Sekere mate van vryheid met die taal word veral om tipografiese oorwegings in die skryf van koppe toegelaat, tog moet dié vryheid nie oordryf word nie. 'n Kop kan beskryf word as die "telegram" van die berig wat die leser laat besluit of hy die berig gaan lees of nie. Dit moet dus nog korter en kragtiger as die res van die berig wees en so 'n element van nuus bevat dat dit die leser prikkel om die berig verder te lees. (Vir koppe waarin die toelaatbare vryheid oorskry is, vergelyk Die Burger skryf Afrikaans, p. 70.)

Die Anglisisme myner (vergelyk 4.3.1) word soms in 'n kop verkies bo die korrekte mynwerker omdat dit korter is, byvoorbeeld Myner sterf (Die Transvaler, 17/8/78, p. 8, kol. 9) as 'n kop, teenoor die eerste sin van dié berig, naamlik "'n Swart mynwerker...".

Die beskrywing "die stedelike swartman ..." (Beeld, 3/8/78, p. 8, kol. 6, 7, 8 en 9 - inleiparagraaf) word in die kop saamgetrek in die enkele woord Stadswartes.

In Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler (p. 17) word die volgende wenke vir die skryf van koppe gegee:

"Voordat 'n kop vir 'n berig geskryf word, moet die sub seker wees hy verstaan wat in die berig staan. Hy moet weet of dit 'n opvolgberig, nuwe berig of 'n ligte berig is.

Koppe moet nie altyd sommer uit die inleiding geskryf word nie. Die bewering dat die sterkste nuus altyd in die inleiding is, geld nie deurentyd nie. Veral politieke berigte kan subs baie keer pootjie.

Pas op vir Anglisismes in koppe. Soms is dit die maklike uitweg, soos EET IS 'n MOET - Anglisisme!

'n Kop mag nie met 'n werkwoord begin nie - behalwe net as dit iets is wat 'n belangrike persoon gesê het, bv. Verhef jul stem, sê Koos.

Elke kop moet 'n werkwoord hê. Slegs in uitsonderlike gevalle kan die werkwoord gesuggereer word, bv. Jan (is) die beste op skou.

Die boonste reël van 'n kop MOET vol wees. Net die hoofsub sal oor geskouerde koppe besluit.

Die bewoording van 'n kop kry die voorkeur bo die lettertipe; m.a.w., as die lettertipe verander moet word om 'n beter kop te skryf, moet dit gedoen word.

Ná 'n syfer in 'n kop skryf ons NIE 'n hoofletter nie, bv. 2 kinders is dood. 2e jaarkongres ...

VV (en nie VVO nie) kry nooit punte nie.

SA in 'n kop word nie gekoppel nie, bv. SA sportmanne. SA beteken ook Suid-Afrikaanse. Dieselfde geld vir SWA.

Afkortings soos S-Tvl, N-Natal en O-Kaap kry of 'n punt (S.Tvl., ens.) of 'n koppelteken, maar nie albei nie.

Die dubbele NIE hoef ook nie in koppe gebruik te word nie, bv. Hy stel NIE belang in kos.

Aan die ander kant is daar wederkerende woorde wat in koppe

so geskryf MOET word. Hy skiet HOM, ens.

Gebruik van aksente in koppe: Slegs woorde soos appèl, dié, ... détente en òf kry aksente in koppe. (Slaan na.) Woorde soos tóg, nóú, wéér, ens., kry NIE aksente nie, al word hulle ook beklemtoon."

### 4.5.2 Getalle, ouderdomme, datums en tyd

Die skryfwyse van getalle wissel van koerant tot koerant. By Die Transvaler word getalle van een tot twaalf in kopie uitgeskryf, vanaf 13 word syfers gebruik (Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler, p. 9). Die Transvaler skryf selfs ronde getalle in syfers, byvoorbeeld 30 uur (Die Transvaler, 5/8/78, p. 1, kol. 1) en bykans 50 in Windhoek (Die Transvaler, 3/8/78, p. 1).

Die Burger, Beeld en Rapport pas die volgende reël toe: "Syfers tot by twintig word in koerantkopie uitgetik. Ook dertig, veertig, vyftig, sestig, sewentig, tagtig, negentig en honderd.
Anders word die syfervorm gebruik. Bv. Hy het negentien houe geslaan - maar: Hy het 23 houe geslaan" (Rapport se taalles 21, Die Burger skryf Afrikaans, p. 90).

Alle ronde getalle word dus deur dié koerante uitgeskryf, dit sluit vyfhonderd en vierduisend in. Sodra 'n -en- in die getal voorkom, word dit nie meer uitgeskryf nie (dit word te lank), maar in syfers geskryf, byvoorbeeld 640 en 54.

Let daarop dat die komma wat vroeër vir 'n duisendtal gebruik

is, weggeval het en 'n spasie word nou gelaat, byvoorbeeld 5 440 (en nie: 5,440 of 5440 nie), ook: 6 750 230.

Bogenoemde reël moet toegepas word by die skryf van ouderdomme saam met -jarige, byvoorbeeld 22-jarige (let op die koppelteken) en sewentienjarige (Beeld, 13/8/77) vir Die Burger, Beeld en Rapport. Die Transvaler gebruik 13-jarige, 17-jarige, ensovoorts. (Wanneer die getal uitgeskryf word, word die koppelteken nie gebruik nie.) Hier is die beleid van die koerant weer die maatstaf vir die skryf van ouderdomme.

Die skryfwyse van die ouderdom ná die naam wissel van koerant tot koerant. In dié geval word die ouderdom altyd in syfers geskryf. Soms word dit tussen kommas geplaas, byvoorbeeld Jacobus Bekker, 30, (Die Transvaler, 11/8/77), en soms tussen hakies, byvoorbeeld Jacobus Bekker (30) (Beeld, 13/8/77). (Vergelyk Rapport se taalles 21, Die Burger skryf Afrikaans, p. 90: "Die nuwe gebruik is om die ouderdomme van mense in koerantberigte nie in hakies te sit nie. Voorheen was dit: Hilda Ferreira (17).
Die korrekte gebruik is: Hilda Ferreira, 17, is gistermiddag dood."
Laasgenoemde reël word egter nie deurgaans toegepas nie. Behalwe dat die skryfwyse tans wissel van koerant tot koerant, wissel dit ook van bladsy tot bladsy in dieselfde koerant. (Die gebruik om die ouderdom tussen hakies te sit, sonder enige kommas, word verkies.)

Geld word altyd in syfers geskryf, byvoorbeeld:
R5; R5,50; R4 500; R4 500,50; R5 000 en R8 milj.
Soos vier rand in enkelvoud geskryf word (as dit so in

koerantkopie geskryf sou word), word dollar in die volgende gevalle ook in enkelvoud geskryf: tien miljoen dollar, 213 500 dollar, ensovoorts. "Ons skryf duisende/honderde rande, maar duisend rand" (Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler, p. 9). As die presiese bedrag geld nie genoem word nie, word die meervoudsvorm dus gebruik (honderde rande), maar as dit 'n presiese bedrag is (honderd rand), word die enkelvoud gebruik. (Vergelyk Engelbrecht, 1975, p. 30, en Van der Merwe, 1973, p. 106.)

By breuke word die enkelvoud altyd gebruik, byvoorbeeld: 30,5 graad C; 38,7 boulbeurt; 45,5 sekonde en elke 2½ sekonde (vergelyk Die Burger skryf Afrikaans, p. 11, 20 en 46; Van der Merwe, 1973, p. 245, en Basson e.a., 1964, p. 85).

Dit is verkieslik dat 'n paragraaf nooit met syfers begin nie. Die woordorde word omgeruil om só 'n begin te vermy.

Sowat word meestal by getalle gebruik as dit by benadering is, byvoorbeeld sowat vier jaar gelede en sowat vyftigduisend mense pleks van "ongeveer, nagenoeg, omtrent".

By tyd word omstreeks gebruik, byvoorbeeld omstreeks 02h00 (Die Transvaler, 26/8/77) en omstreeks eenuur (Die Burger, 15/8/77). Soos uit die voorbeelde gesien kan word, wissel die skryfwyse van tydstip van koerant tot koerant. Sommige koerante gebruik die nuwe internasionale skryfwyse en ander die ou skryfwyse. In albei gevalle moet gewaak word teen onnodige herhaling, byvoorbeeld
die aand 10.30 of 10.30 nm. (nie: die aand 10.30 nm. nie);
Maandag 22h30 (nie: Maandagaand 22h30 nie). Die aand, nm.

en 22h30 dui tog daarop dat dit in die aand is, dis nie nodig om dit by te voeg nie. In die voorbeeld "gisteroggend om 10h30" (Die Transvaler, 18/11/77) is die gisteroggend onnodig en kan uitgelaat word.

Om halftien/om 10h00 is die regte skryfwyse.

Die algemene tyd word eers genoem en dan die presiese tyd (vergelyk Engelbrecht, 1975, p. 59), byvoorbeeld vanoggend (algemene tyd) om tienuur (presiese tyd); ook gisteraand omstreeks 10.30 (Die Burger, 26/8/77) en gisteraand laat en gisteroggend vroeg (Die Burger skryf Afrikaans, p. 20).

As tydsduur aangedui word, word die woorde los geskryf, byvoorbeeld agt uur, vier uur, elf uur. As tydstip aangedui word, word dit aanmekaar geskryf, byvoorbeeld "dit is nou agtuur, elfuur, twee-uur, twaalfuur" (vergelyk Spelreëls, p. 49-56); "Ek het om vieruur hier aangekom en moes vier uur wag". (Let op die enkelvoud in Afrikaans, vier uur en nie vier ure nie.) Vergelyk ook Basson e.a. (1964, p. 162).

"Wanneer 'n dag met 'n datum aangegee word, moet 'n komma tussen die dag en datum kom: Uniedag, 31 Mei 1910; Geloftedag, 16 Desember 1938. Wanneer die naam van die maand weggelaat word, is die komma onnodig: Nuwejaarsdag 1960; Gesinsdag 1961.
"L.W. Geen komma moet tussen die maand en die jaartal kom nie" (Basson e.a., 1964, p. 85).

Net soos in die geval van Uniedag, 31 Mei 1910, moet die datum in die volgende geval tussen kommas staan:

Sondagmiddag, 12 Desember, (Die Burger skryf Afrikaans, p. 48) en Saterdag, 20 Mei, (Die Transvaler, 12/5/78, p. 3).

Op Maandag, 4 Februarie, het hulle ... word verkies bo "Maandag, 4 Februarie, het hulle ...".

Op 9 April 1976 is korter as "op die 9de April 1976". Die eerste daum moet in koerantkopie gebruik word.

Die skryfwyse van rangtelwoorde verskil van koerant tot koerant. Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler (p. 12) sê: "Ons skryf 100e, 5e, le, ens., of 100ste, 5de, of lste". Die Burger, Beeld en Rapport sal dit uitskryf volgens hul beleid (wat reeds bespreek is), byvoorbeeld honderdste, vyfde en eerste.

Getalle word altyd saam met persentasies in syfers geskryf. Die Transvaler kort persentasie soos volg af: 3 p.s. (Die Transvaler, 10/8/77) en Beeld en Die Burger skryf dit soos volg: 3 persent (Beeld, 13/8/77, en Die Burger 9/8/77). Volgens die nuwe internasionale skryfwyse moet die persentasie-teken % in redaksionele kopie in tegniese blaaie gebruik word (vergelyk die nuusbrief van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, Suid-Afrikaanse metriseringsnuus, Mll, Sept./Okt. 1978, nr. 5). Dié beleid word nie deur die koerante toegepas nie, maar bogenoemde beleid.

Die internasionale afkortings vir kilogram, kilometer, ensovoorts moet in koerantkopie gebruik word (vergelyk die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde se nuusbrief, MP 8b, Novem-

ber 1976 - departement Metrisering):

kg (kilogram);
km (kilometer);
kl (kiloliter);
m (meter);
g (gram);
l (liter);
km/h, ensovoorts.

"Die simbole word internasionaal erken en is dieselfde in alle tale. Hulle behoort derhalwe waar moontlik gebruik te word omdat dit druk- en tikwerk bespaar en syfergegewens duideliker laat uitstaan. Voorbeeld: 50 km, 2 kg ens. verkieslik bo 50 kilometer, 2 kilogram of twee kilogram ens" (nuusbrief MP 8b, November 1976).

'n Spasie word tussen die syfer en die afkorting gelaat. Omdat dit in die koerant om ekonomiese gebruik van ruimte en kort en kragtige taal gaan, word die skryfwyse, naamlik die getal in syfers en die afkorting van die eenheid verkies, naamlik <u>50 km</u> (en nie "vyftig kilometer" of "vyftig km" nie); ook: <u>70 km/h</u> (terloops, 'n mens ry <u>teen 70 km/h</u>, maar <u>met 'n snelheid</u> van 70 km/h - sodra "'n snelheid" bykom, word dit "met" - Die Burger skryf Afrikaans, p. 34).

As die metrieke eenheid wel uitgeskryf word, moet die enkelvoud gebruik word as 'n spesifieke getal gegee word, byvoorbeeld:

62 kilometer (nie "62 kilometers" nie);

425 meter (nie "425 meters" nie).

As dit 'n onbepaalde getal is, word die meervoud gebruik, byvoorbeeld: "Hy het baie kilometer<u>s</u> gehardloop".

### 4.5.3 Woordorde

In Afrikaans is die reël vir die woordorde soos volg: eers die tyd, dan die plek, dan die besonderhede met die werkwoord heel laaste (vergelyk 4.3.2.12 en 4.5.2). As meer as een tyd en plek ter sprake is, kom die algemene tyd eerste en dan die spesifieke tyd, en dieselfde met plek. Vergelyk ook Engelbrecht (1975, p. 59), en Basson e.a. (1964, p. 71).

Die volgende sin dien as voorbeeld:
"Hulle het gister (tyd) naby die eiland (plek) aan boord van die skip (besonderhede) gegaan (werkwoord)."

Die gebruik van die woord dat ná sê veroorsaak dat die woordorde omgekeer moet word. Dit maak sinne soms lomp en moeilik leesbaar. Die omgekeerde woordorde word ook nie altyd toegepas nie, en dit lei tot foutiewe woordorde. Dit is dus beter dat die gebruik van die woord dat ná sê vermy word (dié gebruik word al hoe meer by die koerante toegepas).

"Hy sê daar was vier mense" is 'n korter en eenvoudiger sin as "Hy sê dat daar vier mense was". Vergelyk Engelbrecht (1975, p. 24), en Van der Merwe (1973, p. 138). (Die gebruik van hy sê word ook verkies bo hy vertel of hy noem.)

### 4.5.4 Name en titels (vergelyk ook 4.3.3.2)

Die koerantman moet altyd sorg dat alle name, voorletters en vanne korrek is en korrek gespel word. Wanneer iemand se naam die eerste keer in 'n berig genoem word, moet die volle voorletters of noemnaam saam met die van gegee word. As die naam

verder in die berig herhaal word, kan die van alleen aangegee word, byvoorbeeld: mnr. Jan du Toit of mnr. J.F. du Toit as die naam die eerste keer genoem word en verder: mnr. Du Toit.

As die van uit twee dele of meer bestaan, soos Du Toit, De Wet, Van der Walt, ensovoorts, kom die eerste deel van die van onderkas as die voorletters of naam daarmee saam genoem word. As die van egter alleen staan, kom die eerste deel bokas, byvoorbeeld: mnr. Du Toit, prof. Van der Walt, maar mnr. J.F. du Toit en prof. Jan van der Walt.

Tussen die voorletters word geen spasie getik nie, wel tussen die voorletters en van, byvoorbeeld mev. P.J. van Zyl, mnr. L.F. Botha. (Vergelyk Engelbrecht, 1975, p. 16 en Die Burger skryf Afrikaans, p. 65.)

"Dit is korrekte koerantgebruik om eers 'n betrokkene se naam te noem en dan sy titel. Bv. Mnr. Jan Theron, besturende direkteur van Nava ...
Dis verkeerd om te sê: Die besturende direkteur van Nava, mnr. Jan Theron " (Rapport se taalles 22, Die Burger skryf Afrikaans, p. 91).

Waar die titel egter bekender en belangriker as die man is, word die titel eerste genoem. (By radioberiggewing word die titel in albei gevalle eerste genoem.)

By name en titels moet dit wat tweede genoem word, tussen kommas geplaas word. As die naam eerste staan, word die titel tussen kommas geplaas, en as die titel eerste staan, word die naam tussen kommas geplaas, byvoorbeeld:

die verkeersbeampte, mnr. P.L. Beyers, ... of
mnr. P.L. Beyers, die verkeersbeampte, ...

Selfs al volg daar 'n en op die tweede beskrywing, moet die twee kommas nog gebruik word, byvoorbeeld:
die kurator, mnr. G.P. Nel, en ...

As 'n van op die titel volg, moet die titel altyd afgekort word, byvoorbeeld:
kapt. Louis Fourie (Die Burger, 9/8/77);
brig. Jan Visser (Beeld, 13/8/77);
eerw. N. Sithole (Die Burger, 8/8/77);
min. S.P. Botha en prof. J.J. Fourie.

As die van nie regstreeks op die titel volg nie, word die titel uitgeskryf, byvoorbeeld:
die kaptein van die skip, kapt. Nel, ...
die brigadier het ...
die professor sê ...

Die uitsondering hier is die titel kaptein en ander wat deur stamtradisies aan 'n swart stamhoof toegeken word, byvoorbeeld:
kaptein Buthelezi (Die Transvaler, 12/9/77) en
kaptein Mangope (Die Burger, 17/9/77).
(Tussen bogenoemde swart kaptein en 'n swart kaptein in die polisie word wel onderskei.)

Die titel sir word slegs saam met die naam alleen of die naam en van gebruik, nie saam met die van alleen nie, byvoorbeeld:
sir Roy (Die Transvaler, 11/10/78, p. 2, kol. 2) of

sir Roy Welensky (Die Transvaler, 11/10/78, p. 2, kol. 2); nie "sir Welensky" nie.

As 'n minister twee portefeuljes het, word dit soos volg geskryf:
Minister van Polisie en van Justisie.
As hy egter net een portefeulje het, is dit:
Minister van Polisie en Justisie.
(As daar wel twee portefeuljes is en die tweede van word weggelaat, word die indruk gewek dat dit net een portefeulje is.)

"Wanneer jy skryf: 'Mnr. Koos van der Merwe, 'n boer en 'n sakeman', beteken dit dat twee mense bedoel word. Wanneer daardie boer en sakeman albei op mnr. Van der Merwe slaan, skryf jy: 'Mnr. Koos van der Merwe, boer en sakeman ...'
Die lidwoord voor sakeman word weggelaat" (Die Burger skryf Afrikaans, p. 65).

Die Suid-Afrikaanse ministers en hul portefeuljes word altyd bokas geskryf wanneer dit op 'n spesifieke minister slaan, byvoorbeeld:
die Minister van Gemeenskapsbou, mnr. Marais Steyn, ... (Die Transvaler, 3/8/78, p. 3, kol. 5);
die Eerste Minister van Suid-Afrika;
die Premier (van Suid-Afrika) (Die Transvaler, 17/8/77);
die Staatspresident, dr. N. Diederichs, ... (Die Burger, 10/9/77) en
die waarnemende Staatspresident (van Suid-Afrika) (Die Burger, 15/8/78, p. 1, kol. 1).

Daarteenoor word die ministers en presidente van ander lande onderkas geskryf, byvoorbeeld:
die Amerikaanse minister van buitelandse sake (Die Burger, 11/8/77);
die hoofminister van Ovambo (Die Burger, 16/8/77, en Die Transvaler, 17/8/77);
die Rhodesiese eerste minister (Beeld, 27/8/77);
die president van Frankryk (Die Burger, 10/8/77);
die Transkeise minister van buitelandse sake (Die Burger, 10/8/77);
dr. Matanzima, eerste minister van Transkei, ... (Die Transvaler, 15/9/77);
kaptein Lucas Mangope, staatspresident van Bophuthatswana, ... (Die Transvaler, 7/12/77);
mnr. Lennox Sebe, hoofminister van die Ciskei, ... (Die Transvaler, 12/9/77) en
die eerste minister van Lesotho, hoofman Leabua Jonathan, ... (Beeld, 22/9/77).
(Die staatshoofde en ministers van die tuislande word dus by dié groep ingesluit.)

Tussen hoofman en opperhoof word onderskei (vergelyk Die Burger skryf Afrikaans, p. 23).

'n Land het slegs 'n vise-president en nie 'n "onder-president" nie (vergelyk Bosman e.a., en Die Burger skryf Afrikaans, p. 59).

Daar kan probleme wees met die skryfwyse van die volgende titels, en daarom word die korrekte vorm aangegee:

die Adjunk-minister (Beeld, 26/5/78, p. 4, kol. 7);
die Administrateur-generaal van Suidwes (Beeld, 26/4/78);
die Sekretaris-generaal van die VV (Beeld, 26/4/78);
Transvaal se Prokureur-generaal (Beeld, 3/2/78, p. 5, kol. 5, 6 en 7);
oud-Minister van Vervoer (Beeld, 27/5/78, p. 1, kol. 4);
die rektor (van enige universiteit in Suid-Afrika);
die Koningin van Engeland, maar koningin Elizabeth en prins Charles;
die Pous (Beeld, 12/8/78, p. 7, kol. 5), maar
pous Paulus (Die Transvaler, 24/8/78, p. 11, kol. 7).

Dit is die LV/L.V. <u>vir</u> Seepunt (en nie "van" nie). (Vergelyk Die Burger skryf Afrikaans, p. 59, en 4.5.6 vir afkortings.)

4.5.5 <u>Name</u>

Die name van strate, skole, plekke, universiteite, organisasies, ensovoorts word nie altyd in die beskikbare woordeboeke aangegee nie. Daar kom ook gedurig nuwes by sodat geen woordeboek in elk geval tred kan hou nie. 'n Paar name word as voorbeelde hier aangegee.

4.5.5.1 <u>Strate</u> (vergelyk 4.3.3.1)

Baaisiglaan (Engels "Bay View Avenue" , vergelyk Die juiste woord, 16/2/78);
Chapmanspiek-pad (Engels "Chapman's Peak Road" - Die Burger, 29/12/77);
Derde Straat;

Derde Laan;
De Villiersstraat;
Eerste Laan;
High Level Road (Engels "High Level Road", Die juiste woord, 16/2/78);
Hillside Road (Engels "Hillside Road", Die Burger, 5/8/77);
hoek van Koning- en Willemstraat (nie -strate nie, Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler, p. 10);
Incline Street (Engels "Incline Street", Die Burger skryf Afrikaans, p. 64);
Kerkstraat;
Plantasieweg (Engels "Plantation Road", Basson e.a., 1964, p. 157);
Van der Stelstraat (Die Burger, 15/8/77);
Vierde Laan;
Waterkantstraat;
38ste Laan, 38ste Straat, 38ste Weg.

Uit bogenoemde voorbeelde kan die volgende riglyne genoem word:
Slegs ná rangtelwoorde word straatname los geskryf (en dan word albei dele van die naam bokas geskryf).
Die reël vir die skryfwyse van getalle by die spesifieke koerant sal hier ook bepaal wanneer die straatnaam in syfers geskryf word, byvoorbeeld:
Veertiende Straat (Die Burger en Beeld) en
14e Straat (Die Transvaler).

Wanneer die naam van die straat maklik vertaal kan word, word dit gedoen. "Waar 'n naam beswaarlik vertaalbaar is, of onherkenbaar sou raak, behoort dit ongemoeid gelaat te word" (Die juiste woord, 16/2/78).

Die naam van 'n straat word dus òf heeltemal vertaal òf heeltemal in Engels gehou, die naam word nie halfpad vertaal nie ("Hillsideweg" is nie korrek nie). Vergelyk ook Van der Merwe (1973, p. 266), en Basson e.a. (1964, p. 156 en 157) vir heelwat voorbeelde.

4.5.5.2 Plekke

Die skryfwyse van die volgende plekname kan probleme oplewer, en die korrekte vorm word dus hier aangegee:
Barkly-Oos en Barkly-Wes (nie "Barkley" nie, Die Burger skryf Afrikaans, p. 7);
Bophuthatswana;
Brittanje (vermy die gebruik van "die Verenigde Koninkryk");
Brussel (nie "Brussels" nie);
Cabinda (Beeld, 16/9/77);
die Caprivi (Beeld, 12/9/77);
China en Chinees (die Kommunistiese China, Rooi China en die Nasionalistiese China, Die Burger skryf Afrikaans, p. 13);
'n Ciprioot, maar die Cipriese landskap (Bosman e.a., nie "Cipriotiese" nie);
Dar es Salaam (volgens Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler, p. 25), maar Dar-es-Salaam (volgens Bresler, 1978, ook Beeld, 26/5/78), ook Dar-Es-Salaam (Die Transvaler, 17/10/78, p. 4, kol. 3);
Djiboeti (Die Burger, 14/10/77, en Die Transvaler, 29/11/77);
die Drakensberg (Beeld, 12/8/77, maar volgens Bresler, 1978, Drakensberge);
Du Toitskloof (Die Transvaler, 12/5/78, p. 2), maar Dutoitskloof (volgens Die Burger skryf Afrikaans, p. 15);

Dusseldorp (Engels "Düsseldorf", Bosman e.a.);
Hongkong (Engels "Hong Kong", Bosman e.a.);
Iran en Iraanse (Bosman e.a., nie "Iranese" nie);
Israel en Israeliese (nie "Israelse" nie, Bosman e.a.);
Joego-Slawies(-e) (nie "Joego-Slaafse" nie, Bosman e.a.);
Japan en Japannese of Japanse (Bosman e.a.; Die Burger verkies Japannese vir die mense, Die Burger skryf Afrikaans, p. 27; Die Transvaler verkies Japanners vir die mense, Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler, p. 22);
Kempton Park (volgens Bresler, 1978; Basson e.a., 1964, p. 157, en die Poskodelys);
die Klein Karoo (Die Burger skryf Afrikaans, p. 29);
Klein-Drakenstein (Die Burger skryf Afrikaans, p. 29);
die Klein-Drakensteinberge (Die Burger skryf Afrikaans, p. 29);
die Krugerwildtuin (Bresler, 1978; die volledige naam is die Nasionale Krugerwildtuin vir die Engelse "Kruger National Park");
Kambodja (Bresler, 1978);
Kwazulu (Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler, p. 11);
Ladysmith (Natal) en Ladismith (Kaapland) (Die Burger skryf Afrikaans, p. 32);
Libanon (Engels "Lebanon", Die Burger skryf Afrikaans, p. 43);
Lüderitz (Die Burger skryf Afrikaans, p. 68);
Marseilles (Vrystaat) en Marseille (Frankryk) (Die Burger skryf Afrikaans, p. 33);
Matebeleland (nie "Matabeleland" nie, Die Burger skryf Afrikaans, p. 33);
Madagaskar en Malgassiese of Madagassiese;
New Georgia, New Hampshire, New Jersey, New Providence, New York ("as die hoofdeel van die naam 'n Engelse vorm het

wat nie in Afrikaans vertaal word nie dan bly die 'New" ook onvertaal", Taalsake, 20/10/76);

Nieu-Brittanje (eiland);

Nieu-Delhi (Engels "New Delhi", Bosman e.a.);

Nieu-Engeland (Amerika);

Nieu-Mexiko;

Nieu-Seeland;

Nieu-Skotland (Engels "Nova Scotia");

Nieu-Suid-Wallis (vergelyk Taalsake, 20/10/76, vir die Nieu-verbindings);

Njassa ('n gebied in Mosambiek), Njassaland en die Njassameer (Die Burger skryf Afrikaans, p. 37);

die streek Outeniekwa en die Outeniekwaberge (maar die Hoërskool Outeniqua op George, Die Burger skryf Afrikaans, p. 42);

Ovambo (volgens Bresler, 1978, en Bosman e.a.), maar Ovamboland (volgens Die Burger skryf Afrikaans, p. 42);

Okiep (Die Burger skryf Afrikaans, p. 38);

Qwaqua (Bresler, 1978);

Maputo (Die Burger, 7/9/77, en Beeld, 10/9/77);

Schweizer-Reneke;

Secunda (Bresler, 1978);

die Seychelle-eilande (Bresler, 1978) of die Seychelle (nie "Seychelles" nie, Die Burger skryf Afrikaans, p. 47);

die Skiereiland;

die Swartland;

Uganda en Oeganda (volgens Bosman e.a.; Die Transvaler gebruik Uganda en Die Burger Oeganda);

Witsieshoek (Bresler, 1978);

Zaïre en Zaïrese (Die Transvaler, 1/6/78);

Zimbabwe (Engelbrecht, 1975, p. 72);
Zürich (Engelbrecht, 1975, p. 72).

Vir plekname wat nie in Bosman e.a. voorkom nie, vergelyk die Poskodelys; Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler, p. 21-25 (wat as bylae B aangeheg word); Engelbrecht (1975, p. 46), en Van der Merwe (1973, p. 225-227, wat as bylae C aangeheg word).

### 4.5.5.3 Skole

Wanneer die soort skool deel van die skool se naam is, word dit aanmekaar geskryf, byvoorbeeld:
die Hoërskool Jan van Riebeeck of die Laerskool Mooirivier (let daarop dat die soort skool voor die spesifieke naam van die skool kom en dat alles dan bokas geskryf word).

Daar is uitsonderings soos: Afrikaanse Hoër Seunskool; die Pretoriase Hoër Meisieskool (let op die spelling, naamlik een s, hier is dus geen verbindings-s nie).

As die soort skool nie deel is van die skool se naam nie, word dit los geskryf, byvoorbeeld:
hy het hoër skool toe gegaan;
daar is 'n laer skool op die dorp. Hierteenoor is dit: hoërskoolseuns, laerskoolseuns, hoërskoolkoshuis, ensovoorts.

Vergelyk Die Burger skryf Afrikaans, p. 22, 32, 44 en 75; Basson e.a. (1964, p. 158); Spelreëls (p. 29); Van der Merwe (1973, p. 41 en 42), en Engelbrecht (1975, p. 51).

4.5.5.4 Universiteite

Wat die name van universiteite betref, is daar groot wisseling in die skryfwyse by koerante. Die probleem word vererger deurdat Spelreëls nie in die verband leiding gee nie (sommige van die name van universiteite wat hulle aangee, word nie deur die universiteite self só gebruik nie).

Spelreëls gee byvoorbeeld Universiteit Pretoria en Universiteit Stellenbosch aan, terwyl albei dié universiteite se amptelike naam die van in het, naamlik Universiteit van Pretoria en Universiteit van Stellenbosch ("Die 'van' word slegs gebruik as die universiteit na 'n stad, dorp of streek genoem is", volgens Die Burger skryf Afrikaans, p. 55).

Die volgende skryfwyse vir die name van universiteite word verkies:
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (of korter: Potchefstroomse Universiteit vir CHO, of soos die koerante dit meestal gebruik: die Potchefstroomse Universiteit, afkorting: PU vir CHO, terwyl PU ook deur die koerante gebruik word. Let daarop dat dié afkorting altyd sonder punte geskryf word);
Randse Afrikaanse Universiteit (afkorting: RAU);
Rhodes-Universiteit (afkorting: R.U.);
Universiteit van Kaapstad (afkorting: UK);
Universiteit van Natal (afkorting: Natal);
Universiteit van die Oranje-Vrystaat (dit word soms verkort as die Vrystaatse Universiteit, afkorting: UOVS);
Universiteit van Port Elizabeth (afkorting: UPE);
Universiteit van Pretoria (UP);

Universiteit van Stellenbosch (U.S. of US);
Universiteit van Suid-Afrika (afkorting: Unisa) en
Universiteit van die Witwatersrand (afkorting: Wits).

(Bogenoemde name en afkortings van die universiteite is, waar daar enigsins twyfel was, gegrond op briefwisseling wat met die universiteite self gevoer is.)

4.5.5.5 Kerke

Die skryfwyse van die volgende kerke word as voorbeelde aangegee:
die Anglikaanse Kerk;
die Apostoliese Geloofsending;
die Metodistekerk;
die Nederduitse Gereformeerde Kerk, ook
die Nederduits Gereformeerde Kerk (dit word as Ned. Geref. Kerk afgekort, maar meermale as NG Kerk);
die Nederduitsch Hervormde Kerk (volgens Bresler) en
die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika (volgens Bosman e.a., afkorting: Ned. Herv. Kerk of NH Kerk);
die Rooms-Katolieke Kerk.

4.5.5.6 Hospitale

Die name van hospitale word altyd bokas geskryf, byvoorbeeld:
die Johannesburgse Hospitaal;
die H.F. Verwoerd-Hospitaal;
die Groote Schuur-Hospitaal;
die Tygerberg-Hospitaal;
die Valkenberg-Hospitaal en

die Rooi Kruis-Kinderhospitaal.

Soos uit die voorbeelde gesien kan word, word die spesifieke naam van die hospitaal eerste geskryf en die -Hospitaal of Hospitaal volg daarna.

4.5.5.7 Organisasies

Die name van organisasies, verenigings, ensovoorts lewer dikwels probleme op omdat dit meestal nie in woordeboeke aangegee word nie. Die telefoongidse kan in dié verband geraadpleeg word.

'n Paar name van organisasies word as voorbeelde aangegee:
Amnestie Internasionaal (en Santam Internasionaal);
Vereniging van Kamers van Koophandel (Bresler kort dit VKK af);
Kamer van Nywerheid;
Nasionale Unie van Klerewerkers;
Klerewerkersvakbond;
Departement van Landboutegniese Dienste;
Organisasie vir Afrika-Eenheid (afkorting: OAE);
Organisasie vir Petroleum-uitvoerlande (Engelse afkorting is Opec, dit word soms deur die Afrikaanse koerante net so gebruik; Die Burger, 22/12/77 kort dit so af: Opul);
Pan-Africanist Congress word meestal nie vertaal nie (afkorting: PAC);
Palestynse Bevrydingsorganisasie;
Liberale Party en Konserwatiewe Party (bokas, al is dit Britse partye);
Internasionale Komitee van die Rooi Kruis (of: die Rooi Kruis);

Afdeling Seevissery (nie "Seevisserye" nie, Die Burger skryf Afrikaans, p. 63 - dié meervoudsvorm staan onder Engelse invloed);
Spoorweë (bedoelende die Suid-Afrikaanse/S.A. Spoorweë);
Nasionale Welsynraad (nie "Welsynsraad" nie, Die Burger skryf Afrikaans, p. 62).

4.5.5.8 Koerante

As die lidwoord voor die naam van 'n koerant deel van die mashoof is, word dit as deel van die naam beskou en dus bokas geskryf, byvoorbeeld:
The Guardian (selfs in Afrikaanse koerante);
Die Burger;
Beeld;
Die Transvaler;
Rapport;
The Star;
The World;
The Financial Mail.
(Aanhaaltekens word nie by die name van koerante gebruik nie.)

4.5.5.9 Ideologieë

Name van besondere gelowe, leerstelsels, dink-, gedrags- en kunsrigtings, kortweg ideologieë, word bokas geskryf (Spelreëls, p. 29), byvoorbeeld:
Fascis en Fascisme (Die Burger skryf Afrikaans, p. 17);
Kommunisme, die Kommunistiese lande, van Kommunistiese oorsprong.

4.5.6 Afkortings

Meestal word net die name van organisasies en range deur die koerante afgekort. Afkortings soos i.v.m. (vir "in verband met") word nie deur die koerante gebruik nie. "In verband met" moet uitgeskryf word, waar dit gebruik móét word. Die gebruik van sulke woorde word egter vermy (vergelyk 4.2). Dit geld ook vir "ten opsigte van", "met betrekking tot", ensovoorts, nie "t.o.v." en "m.b.t." nie.

Die beleid van die koerante verskil oor die skryfwyse van afkortings. Die Transvaler en Beeld gebruik afkortings sonder punte, byvoorbeeld:
RGN, SAL, TV, Sabra, LV, NP, oud-LPR en LUK (Die Transvaler, 10/8/77);
LV, NP, LUK, MPLA, TV (Beeld, 13/8/77),
terwyl Die Burger afkortings met punte gebruik, byvoorbeeld:
L.V., N.P., I.R.L., N.P.U., L.U.K. en M.P.L.A. (Die Burger, 9/8/77).
Die skryfwyse van afkortings sonder punte word verkies omdat dit korter is en makliker lees.

Ongelukkig is afkortings soos RGN/R.G.N.; TV; M.P.L.A. en N.P.U./NPU nie in Spelreëls opgeneem nie, en moet die koerante as gesagsbronne in dié verband aanvaar word.

Dit is koerantpraktyk dat afkortings wat as woorde uitgespreek kan word, byvoorbeeld Sanlam, Santam en Sapa, onderkas geskryf word, terwyl dié wat net "voorletters" bly, bokas geskryf word.

So skryf die koerante byvoorbeeld Vaksa (die Vakbondraad van Suid-Afrika), teenoor die MWU/M.W.U. (die Mynwerkersunie).

Die name van organisasies word dus met of sonder punte geskryf, volgens die beleid van die spesifieke koerant. Die Transvaler en Beeld skryf afkortings soos "wrn. Botha" (weerman Botha) met 'n punt.

'n Paar afkortings volg as voorbeelde:
die AA (Automobiel-Assosiasie);
AVB (Algemene Verkoopbelasting, Die Transvaler, 10/8/78, p. 7, kol. 5, 6 en 7);
CIA (die Amerikaanse geheime diens);
ANC (African National Congress);
B.A. of B.A.-graad (altyd met punte, Baccalaureus Artium);
(dieselfde met M.A. en B.Sc., B.Com., B.Ed., M.Sc., ensovoorts, vergelyk Spelreëls);
DTA (Demokratiese Turnhalle-Alliansie);
EEG (Europese Ekonomiese Gemeenskap, Spelreëls gee EGM aan as die Europese Gemeenskapsmark. Eersgenoemde, wat deur Bresler aangegee word, word ook deur die koerante gebruik, vergelyk Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler, p. 9);
h/v (hoek van, Engels "corner of - c/o");
k/o (kandidaat-offisier);
luit. (as dit alleen staan, byvoorbeeld "luit. Snyman");
lt.-kol. (as dit 'n gekoppelde rang is, byvoorbeeld "lt.-kol. Nel", Die Burger skryf Afrikaans, p. 33);
NNF (die Namibia National Front);
n. of ns. (namens);
nm. (namiddag);

NRP (die Nuwe Republiekparty);
p.a. (per adres, Engels "care of - c/o", nie p/a nie);
PFP (die Progressiewe Federale Party);
Sapa (Suid-Afrikaanse Pers-Assosiasie, terloops: die koerante plaas dié afkorting aan die einde van berigte wat van die nuusagentskap kom);
sr. (senior) en jr. (junior) : die afkortings kom gewoonlik ná die naam sonder kommas, byvoorbeeld:
mnr. Jan Nel sr. (vergelyk Engelbrecht, 1975, p. 18, en Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler, p. 11);
SABS (Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde);
speurder-sers. (speurder-sersant; soms kom speur.-sers. ook voor, Die Transvaler, 8/9/77, en Die Burger, 12/9/77);
sktr. (skutter);
Swapo (South West Africa Peoples' Organisation);
Unita (die Nasionale Unie vir die Totale Bevryding van Angola, Beeld, 25/7/78, p. 13, kol. 3);
Vaksa (die Vakbondraad van Suid-Afrika);
NVVR (die Nasionale Verkeersveiligheidsraad);
VV (Verenigde Volke, dit word deur Die Transvaler gebruik);
V.V.O. (Verenigde Volke-Organisasie, dit word deur Die Burger gebruik), albei is volgens Bosman e.a. korrek;
WNNR (Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad - hoewel WNNR volgens taalkundiges 'n foutiewe afkorting vir 'n foutiewe naam is, is dit tog die gebruiklike afkorting, en word dus so gebruik, vergelyk Basson e.a., 1964, p. 95; Bosman e.a., en Spelreëls);
WRK (Wêreldraad van Kerke);
Zanla (Zimbabwe African National Liberation Army);
Zanu (Zimbabwe African Nationalist Union);
Zapu (Zimbabwe African Peoples' Union).

Vir die nuutste afkortings wat nog nie in Bosman e.a. of Spelreëls opgeneem is nie, kan Bresler (1978) geraadpleeg word. Vergelyk Basson e.a. (1964, p. 158-161), en Engelbrecht (1975, p. 17 en 18). Die Transvaler se beleid vir afkortings is 'n goeie riglyn, en word daarom volledig aangehaal (Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler, p. 7):

"Erkende afkortings wat net uit hoofletters bestaan, word SONDER punte geskryf bv. NP, VP, SAL, ens.

Afkortings wat soos woorde uitgespreek kan word, word geskryf met net die eerste letter as 'n hoofletter bv. Nusas, Sprocas, Truk en Kruik, Sanlam, Santam, ens.

Waar die naam van 'n organisasie herhaaldelik in kopie gaan voorkom, MOET die organisasie se naam eers voluit met die afkorting tussen hakies daarna geskryf word. Dan kan die afkorting verder gebruik word, bv. Bantoe-beleggingskorporasie (BBK), Afrikaanse Handelsinstituut (AHI), ens.

Suid-Afrika (SA) se afkorting mag nie in kopie gebruik word nie. Dit is slegs bedoel vir koppe. Dieselfde geld vir Amerika (VSA).

Daar word ook nie in kopie na bekende oraganisasies soos die Spoorweë of Lugdiens as SAS of SAL verwys nie. Dit moet uitgeskryf word - die afkortings is slegs vir koppe.

Afkortings vir streke - wat ook slegs in koppe gebruik mag word - is soos volg: W-Tvl vir Wes-Transvaal; NO-OVS vir Noordoos-Vrystaat; ens. Dus ná die W of NO kan 'n koppelteken OF punte gebruik word, maar nie albei in dieselfde afkorting nie. Gevolglik is W-Tvl. VERKEERD.

Die internasionale afkortings vir metrieke mate word gebruik bv. km/h vir kilometer per uur; cm vir sentimeter; ens. Dié afkortings het ook GEEN punte nie. By syfers almal enkelvoud.

Die afkorting vir minuut is min en sekonde is s - sonder punte.

In hofberigte is die herhaalde gebruik van beskuldigde en getuie en klaer verkeerd. Des te meer is die afkortings ook taboe - bes., get., en kl. Dit laat kopie na 'n algebra-formule lyk en is moeilik om te lees.

Alle erkende afkortings in die Spelreëls word gebruik."

4.5.7 Bokas en onderkas

Hoewel hier geprobeer word om 'n paar riglyne vir die skryf van woorde (bokas en onderkas) te gee, is 'n hoë mate van willekeurigheid hier ter sprake. Die koerantman word voor die keuse, bokas of onderkas, gestel. Tog kan die beleid van die koerant hom nie altyd in dié keuse help nie.

Die redaksie van 'n besondere koerant kan onderling verskil oor die betekenis en skryfwyse van sekere woorde, in weerwil van die beleid van die koerant. Baie van die werk wat by 'n koerant gedoen word, is onoorwoë, haastig en volgens gewoonte. Dit het sy invloed op die taal van die koerant. Daarby hang dit ook af van watter subredakteur die betrokke nag aan diens is. Tog probeer die koerante om 'n eenvormige beleid te handhaaf omdat dit vir die leser verwarrend en hinderlik is om verskillende skryfwyses in dieselfde koerant te sien. (Die taalgebruik van die koerant moet vir die leser aanvaarbaar wees.)

Vir 'n leidraad van wanneer woorde bokas geskryf word, raadpleeg Spelreëls (p. 26-30), en Engelbrecht (1975, p. 31).

Die skryfwyse van die volgende woorde word aangegee soos dit in die koerante aangetref is:

die Biskop van Umtata (Die Transvaler, 16/5/78);
biskop Abel Muzorewa (Beeld, 24/7/78, p. 9, kol. 6);
die Departement van Gemeenskapsbou (Die Burger, 10/8/77, meestal skryf die koerante die staatsdepartemente bokas);
die departement sosiologie aan die Universiteit van Wes-Kaapland (Die Transvaler, 18/8/77, meestal skryf die koerante die name van departemente aan universiteite onderkas, selfs die fakulteite ook, byvoorbeeld:
lektrise in didaktiek aan die fakulteit opvoedkunde, Die Burger, 24/11/77);
die Derde Wêreld (Die Transvaler, 26/6/78, p. 7);
die Gemenebes (Die Transvaler, 8/8/78, p. 7, kol. 1);
die Grondwetgewende Vergadering van Suidwes (Die Transvaler, 2/4/79, p. 1, kol. 4 en 5);
die Hendrik Verwoerd-prys en die Hendrik Verwoerd-Trust (Die Burger, 15/8/78, p. 1, kol. 8 en 9);
die Kabinet en die Kabinetsitting (Die Transvaler, 12/6/78);
die Kongres (in Amerika, Beeld, 8/8/78, p. 5, kol. 1 en 2);
die Laerhuis (in Brittanje, Beeld, 26/5/78, p. 1, kol. 6, en Bosman e.a.);
die Middeleeue en Middeleeus, -e (Engelbrecht, 1975, p. 41);
Negers (Die Transvaler, 25/10/77);
die Olimpiese Spele (Beeld, 24/7/78, p. 9, kol. 1);
die Opposisie (in Suid-Afrika, Die Burger, 14/12/77);
die Parlement (Die Transvaler, 4/8/78, p. 1, kol. 2);

die polisie (wanneer dit in die algemeen bedoel word, byvoorbeeld: die polisie het 'n belangrike ... Beeld, 13/8/77);
die Suid-Afrikaanse Polisie (Die Transvaler, 28/12/77);
die Militêre Polisie (Beeld, 13/8/77);
pro-Westerse (Beeld, 26/5/78, p. 2, kol. 3);
die Regering (as dit op die Suid-Afrikaanse Regering slaan);
die regering (alle ander lande se regerings, selfs die tuislande s'n ook);
die Rooi Plein (in Moskou, Die Transvaler, 30/8/78, p. 6, kol. 8 en 9);
die Rooi Leër (Die Transvaler, 7/8/78, p. 6, kol. 9);
Rooi indringing (Die Transvaler, 8/8/78, p. 2, kol. 8);
blanke/blanke kind, ook witman/witvrou;
bruine/bruines/bruinman/bruinvrou/bruinmense (nie "Kleurlinge" nie, behalwe waar dit die naam van 'n staatsdepartement is);
swarte/swartes/swartman/swartvrou/swartmense (nie "Bantoes" nie, in Engels kry ons "blacks, Africans, Bantu");
'n swart skool ('n skool vir swartes) en
'n bruin skool ('n skool vir bruines, vergelyk Rapport se taalles 22, Die Burger skryf Afrikaans, p. 91; Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler, p. 8; Spelreëls, en Die juiste woord, 15/9/77);
Nico Malan-Teater (Die Burger skryf Afrikaans, p. 65);
die Vatikaan (Beeld, 8/8/78, p. 2, kol. 7);
pro-Russies en hiper-Afrikaans (Van der Merwe, 1973, p. 311);
die Lugmag (Die Burger, 22/8/77);
die Vloot (Die Transvaler, 5/8/78, p. 2, kol. 5);
die Leër (Die Transvaler, 5/8/78, p. 2, kol. 9);
die Weermag (Beeld, 27/8/77);
die Westerse beskawing en Westerse standaarde (Die Transvaler, 15/2/78);

die Wit Huis (Die Burger, 8/8/77).

### 4.5.8 Leestekens

#### 4.5.8.1 Aanhaaltekens

Dit is nog steeds die gebruik by die koerante om die eerste aanhaalteken onder en die tweede aanhaalteken bo te set (die gebruik word nie meer in gewone tikwerk en ander drukwerk toegepas nie; in dié studie is albei aanhaaltekens deurgaans bo getik omdat 'n tikmasjien, wat 'n aanhaalteken onder het, nie beskikbaar is nie).

In Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler (p. 8) word die volgende riglyne vir die gebruik van aanhaaltekens in koeranttaal gegee:
" Aanhaaltekens word in die begin van 'n aanhaling ONDER getik en aan die einde bo. Bv.: „Ek is moeg," sê hy.
Die korrekte plasing van aanhaaltekens m.b.t. punte en kommas moet ook deurgaans toegepas word. In 'n volledige aanhaling kom die punt of komma aan die einde van die aanhaling VOOR die aanhaalteken. In 'n gedeeltelike aanhaling kom die punt of dubbelpunt DAARNA."

Dit is egter koerantpraktyk dat die gebruik van aanhaaltekens sover moontlik vermy word. Slegs as iemand iets gesê het wat die beste in sy eie woorde weergegee kan word, moet dit regstreeks aangehaal word. Skryf liewer in die indirekte rede, byvoorbeeld: Hy het gesê hulle sal daarmee begin, of: Hulle sal daarmee begin, het hy gesê (ook: Volgens hom sal hulle daarmee begin).

By die name van koerante, tydskrifte, organisasies met Engelse name wat nie vertaal word nie, toneelstukke, ensovoorts is aanhaaltekens onnodig. Die volgende voorbeelde word genoem:
die Johannesburgse koerant The Star (Beeld, 3/2/78, p. 1, kol. 2);
verneem The World ... (Die Transvaler, 10/8/77);
... Die Transvaler ... (Beeld, 27/8/77);
uit Die Towerfluit, Die Fledermaus en Figaro se Huwelik (Die Transvaler, 10/8/78, p. 6, kol. 4);
lede van die World Peace Council van Amerika (Beeld, 25/7/78, p. 11, kol. 6).

Taalkundig is die rede ooglopend: The Star is 'n eienaar, net soos Piet Muller, en niemand sal dit selfs oorweeg om Piet Muller tussen aanhaaltekens te plaas nie.

4.5.8.2 Kommas

Teen die gebruik van onnodige kommas word gewaak. In die volgende gevalle moet die komma wel gebruik word:
a. by 'n naam en 'n titel, waar die tweede tussen twee kommas kom, byvoorbeeld: mnr. Joubert, die skoolhoof, ... (vergelyk 4.5.4);
b. tussen twee afsonderlike groepe werkwoorde, byvoorbeeld:
Toe sy hom sien, glimlag sy breed (Botha & Van Aardt, 1978, p. 93);
As hy aan die vereistes voldoen, mag hy 'n jaar in die land bly;

---

BOTHA, J.P. & VAN AARDT, J.M.H. 1978. Afrikaans vir die praktyk. Johannesburg, McGraw-Hill. 330p.

Wat To The Point betref, het min. Botha gesê ... (Die Transvaler, 1/5/79, p. 1, kol. 5);

c. voor maar, byvoorbeeld:

Die betrokke fondse was vir 'n geheime projek bedoel, maar ... (Die Transvaler, 1/5/78, p. 1, kol. 4);

vergelyk Taalsake, 23/8/78, p. 10, kol. 9, en Basson e.a., 1964, p. 69;

d. voor ensovoorts, byvoorbeeld:

daar was skape, beeste, ensovoorts (vergelyk Bosman e.a., p. XIV; Van der Merwe, 1973, p. 92; Die Burger skryf Afrikaans, p. 54 en oral waar ensovoorts gebruik word; ook Engelbrecht, 1975, op byna elke bladsy is so 'n voorbeeld);

e. ook by adresse, byvoorbeeld:

by die kerk in Rockville, Soweto, gehou ... (Die Burger, 17/10/77);

in Berea, Johannesburg, ... (Die Transvaler, 18/11/77).

In die volgende gevalle is die komma onnodig:

die sleepboot Oceanic;

die dorp Potchefstroom;

die skrywer Breyten Breytenbach.

Die riglyn is dat daar net een Oceanic, Potchefstroom en Breyten Breytenbach is. Die weglating van die komma kan dus tot geen verwarring lei nie.

### 4.5.8.3 Hakies

Die gebruik van hakies moet vermy word. Dit word slegs gebruik waar die naam van 'n organisasie genoem en die afkorting daarna genoem word. Die afkorting word dan tussen hakies geplaas, byvoorbeeld:

die Nasionale Party (NP) ...

Die hakies kan ook gebruik word waar dit die koerant se beleid is om ouderdomme tussen hakies te plaas, byvoorbeeld: mej. A.S. Botha (24) ... (vergelyk 4.5.2).

Dit is nie koerantgebruik om bysinne, tussenwerpsels of omskrywings tussen hakies te plaas nie. (Die sinne moet in elk geval so eenvoudig moontlik wees.)

Die gebruik van die kommapunt, dubbelpunt, aandagstreep, uitroepteken en vraagteken word in koerantkopie vermy.

As 'n sin nie voltooi is nie, word drie punte gebruik om dit aan te dui, byvoorbeeld:
toe hy ...
(Dié gebruik behoort egter nie in koerantkopie nodig te wees nie.)

4.5.9 Spelling

Spelreëls gee 'n riglyn vir spellingprobleme en 'n alfabetiese woordelys, vir woorde wat probleme kan oplewer. (Vergelyk ook Botha & Van Aardt, en Combrink vir spesifieke spelkwessies.)

"Die gebruik van -te of -de by die verboë vorme van verlede deelwoorde besorg nie net aan die student hoofbrekens nie, maar selfs ingewyde skrywers moet hier meermale eers die kop

---

COMBRINK, J.C. 1968. Spel reg! Flitsbeelde van Afrikaanse spellingkwessies. Johannesburg, Afrikaanse Pers-Boekhandel. 144p.

krap" (Van der Merwe, 1973, p. 272).

Die verboë vorme van verlede deelwoorde bly natuurlik ook vir die koerantman 'n spelkwessie. Die Taalkommissie het 'n aantal reëls hieroor in Spelreëls opgeneem. Tog kry die koerantman nie altyd die spesifieke woord wat hy soek in die Taalkommissie se voorbeelde nie. Bosman e.a. gee in byna alle gevalle die verboë vorme aan, en kan dus as gesagsbron aanvaar word.

Dit is 'n nuwe neiging om terug te gaan na die ou vorm, byvoorbeeld:
"die aangewysde Staatspresidentspaar" (Die Transvaler, 14/6/79, p. 1, kol. 4, 5 en 6);
pleks van aangewese (Bosman e.a.).

Omdat die koerantman eenvormig moet skryf, moet hy egter tussen die twee vorme kies. Die beleid van sy koerant sal hom in dié keuse help. As Bosman e.a. as gesagsbron aanvaar word, word die woord aangewese verkies.

As 'n handleiding vir die koerantman word die volgende stukke as bylaes opgeneem:
Spelreëls (p. 18 en 19) as bylae D;
Van der Merwe (1973, p. 272 en 273) as bylae E en
Van der Merwe (1973, p. 300 en 301) as bylae F.

Die volgende woorde gee dikwels probleme en word soos volg korrek weergegee:
aangehegte (Van der Merwe, 1973, p. 5);
eenmaal - 'n onbepaalde geleentheid (Combrink, 1968, p. 80);

een maal - 'n enkele maal (Combrink, 1968, p. 80);
ad hoc-komitee (Engelbrecht, 1975, p. 16);
appèl (die gravisteken word hier gebruik, ook by òf ... òf);
appelleer;
dié (die akuutteken word hier gebruik, ook by attaché);
akupunktuur (nie akapunksie nie, Die Burger skryf Afrikaans, p. 6);
al dan nie (Bosman e.a.);
glad nie;
al hoe meer (Engelbrecht, 1975, p. 18);
al twee, al drie, al vier, maar albei (Die Burger skryf Afrikaans, p. 6);
anderkleuriges (Die Transvaler, 16/8/78, p. 1, kol. 5, 6 en 7);
baiekeer/baiemaal, maar baie meer, baie minder, ses keer (Combrink, 1968, p. 71; Engelbrecht, 1975, p. 20, en Van der Merwe, 1973, p. 144);
begrensde (Engelbrecht, 1975, p. 20);
beheerde (Engelbrecht, 1975, p. 20);
beheerste (Engelbrecht, 1975, p. 20, en Die Burger skryf Afrikaans, p. 8);
belese (Engelbrecht, 1975, p. 20);
bereisde (Engelbrecht, 1975, p. 20);
bevoegde (Engelbrecht, 1975, p. 21);
gekruiste (Engelbrecht, 1975, p. 28);
belang stel en belangstelling (Bosman e.a.);
bekend stel en bekendstelling (Bosman e.a.);
bo-aan, bo-oor en bo-op (Engelbrecht, 1975, p. 21 en 22);
boekhou en boekgehou (Bosman e.a.);
doodskiet en doodgeskiet, doodmaak en doodgemaak (Bosman e.a.);
dooie punt of dooie punte (Beleid vir verslaggewing by Die

Transvaler, p. 8, en Rapport se taalles 9, 7/3/72, Die Burger skryf Afrikaans, p. 80);

eerste klas (slaag in die eerste klas, Spelreëls);

eersteklas (hy is 'n eersteklas kêrel, Spelreëls);

elfde eeu en elfde-eeus (-e) (Spelreëls);

dertiende eeu en dertiende-eeus (-e)(Spelreëls);

feesvier en feesgevier (Bosman e.a.);

galery (nie "gallery" nie, Bosman e.a.);

geestesstryd en geestessiekte (het te doen met die gees);

geestestryd en geestesiektes (het te doen met die geeste, vir 'n volledige bespreking van -ss- kyk Van der Merwe, 1975, p. 242 en 243);

gelukwens en gelukgewens (Bosman e.a.);

gerusstel en gerusgestel (Bosman e.a.);

gewelddadig (Bosman e.a.);

guerrilla (meervoud geurrillas, ook guerrilla-oorlog, vergelyk Engelbrecht, 1975, p. 29);

gunsteling-musiek (Engelbrecht, 1975, p. 29);

hartvaatsiekte (Die Transvaler, 23/3/79, p. 4, kol. 7);

heel bo, heel onder, heel regs (Die Burger skryf Afrikaans, p. 21);

heeltemal (Bosman e.a.);

heel waarskynlik (Engelbrecht, 1975, p. 30);

heroïne/heroïen (kyk Die Burger skryf Afrikaans, p. 67, en voetnota);

---

By die koerante is daar verdeeldheid oor die spelling van woorde soos heroïne/heroïen. Dié half-vreemde woorde kan volgens Spelreëls op twee maniere gespel word. Albei vorme is korrek. Soortgelyke woorde is:
aspirien/aspirine;
penisillien/penisilline;
vitamien/vitamine. (Spelreëls gee nog ander voorbeelde aan.)
Die beleid van die koerant sal hier as riglyn dien.

herroepe (die herroepe proklamasie, Die Burger, 12/11/77);
homself (hy was homself), maar
hy self (hy self is in die been gewond, Die Burger skryf Afrikaans, p. 22);
hoog gekwalifiseerd, maar hoogs befoeterd (Engelbrecht, 1975, p. 31);
huis toe/skool toe/plaas toe (Engelbrecht, 1975, p. 31);
in ag neem en inagneming (Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler, p. 8);
in der waarheid (Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler, p. 8);
individu (waar daar 'n keuse tussen v en w is, word die v verkies, ook paviljoen, revolusie, evolusie, dividend, maar objektivisme en objektiwiteit, hier is geen keuse nie; vergelyk Spelreëls, en Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler, p. 12);
in stand hou en instandhouding (Taalfoute, 18/4/78);
komitee, maar kommissie (Bosman e.a.);
lang termyn (op lang termyn, maar langtermyn-oplossing);
kort termyn (op kort termyn, maar korttermyn-versekering);
Kôsa en Kôsas (word deur die koerante verkies, Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler, p. 11, en Die Burger skryf Afrikaans, p. 31; hoewel Kôsa en Xhosa deur Bosman e.a. aangegee word);
kreupelesorg (Die Burger skryf Afrikaans, p. 31);
landwye (byvoorbeeld: landwye klopjagte; landswye is 'n stilte oor die hele land, Die Burger skryf Afrikaans, p. 32);
lang naweek (Die Burger skryf Afrikaans, p. 32);
ligtelaaie (die gebou is in ligtelaaie, Die Burger skryf Afrikaans, p. 32);
luuksebus/luuksemotor/luuksetrein (Bosman e.a.);

maksimumprys of maksimum prys (al twee word aanvaar, maar eersgenoemde word verkies, Engelbrecht, 1975, p. 40, en Van der Merwe, 1973, p. 175; maksimum kan sowel selfstandige naamwoord as byvoeglike naamwoord wees);
minimumprys of minimum prys (dieselfde as maksimum, vergelyk Engelbrecht, 1975, p. 41, en Van der Merwe, 1973, p. 185);
bronsmedalje/silwermedalje/goue medalje (Die Burger skryf Afrikaans, p. 68);
minder gegoedes (Bosman e.a.) en minder bevoorregte mense (Die Burger skryf Afrikaans, p. 34);
nader kom/nader staan (Die Burger skryf Afrikaans, p. 36, maar terugkom/teruggekom/terugstaan, Bosman e.a.);
oopnekhemp (Bresler, en Die Transvaler, 13/2/78);
op pad en onderweg (Bosman e.a.);
op sigself (Engelbrecht, 1974, p. 44);
ouverture (Spelreëls);
pas gestigte party (Die Burger skryf Afrikaans, p. 67);
Pase (nie "die Pase" nie, Die Burger skryf Afrikaans, p. 43);
patologies (Die Burger skryf Afrikaans, p. 43);
peloton (Spelreëls);
platform (Spelreëls);
pop-musiek/pop-sanger (word deur Die Transvaler, Rapport en Beeld gebruik, terwyl die Burger pop musiek en pop sanger gebruik, Die Burger skryf Afrikaans, p. 43);
resepte (meervoud vir resep, Bosman e.a.);
reusestad/reuseskip/reusebedrag (Bosman e.a.; Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler, p. 8; Van der Merwe, 1973, p. 238; Engelbrecht, 1975, p. 49, en Basson e.a., 1964, p. 92).
roetinebesoek (Die Transvaler, 4/8/78, p. 1, kol. 1 );
senior orkes en junior lid (Die Burger skryf Afrikaans, p. 27);

seunspan/seunskool/manstudente (daar is geen verbindings-s as die tweede woord reeds met 'n s begin nie, vergelyk Die Burger skryf Afrikaans, p. 42, 47 en 67);
siekteverlof/siekeverlof en siekefonds (nie "siekverlof" nie, Van der Merwe, 1973, p. 92);
skoolgaan en skoolgegaan (Die Burger skryf Afrikaans, p. 47);
skyfie (Engels "colour slide" Van der Merwe, 1973, p. 148, en HAT);
sommige (het geen meervoud nie, Bosman e.a.);
sonder meer (Engelbrecht, 1975, p. 51);
handdoek (Van der Merwe, 1973, p. 62);
leidraad (Van der Merwe, 1973, p. 62);
onmiddellik en onverbiddelik (Van der Merwe, 1973, p. 62);
Springbokspan/Springbokvleuel/Springbok-rugbyspan/ Springbok-hokkiespan;
Stellenbosch, maar Stellenbosse studente;
sterk drank (Spelreëls);
streekraad (streek- verbind altyd sonder 'n s, Die Burger skryf Afrikaans, p. 50);
agt stuks (Taalfoute, nr. 2, 3/5/78);
sweedeseleer (Die Burger skryf Afrikaans, p. 51);
ter wille van (Die Burger skryf Afrikaans, p. 53);
ter dood veroordeel en terdoodveroordeling (Bosman e.a.);
ter dood veroordeeldes (Hiemstra & Gonin);
teregstaan (Die Burger skryf Afrikaans, p. 52);
teweegbring en teweeggebring (Bosman e.a.);
om dit teweeg te bring;
topsnelheid/topamptenare/topsterre (Bosman e.a., en Die Burger skryf Afrikaans, p. 53);
tromp-op (Bosman e.a.);
tuis kom/tuis gaan/ tuis bly (Die Burger skryf Afrikaans, p. 54);

tweedelesingsdebat (Engelbrecht, 1975, p. 59);
valutabeheerregulasies;
vakansie-oord (Bosman e.a.);
vandaar (vandaar die belangstelling), maar
van daar (van daar is hulle na Pretoria, Die Burger skryf Afrikaans, p. 56);
van kant maak (Die Burger skryf Afrikaans, p. 56);
van kleins af/van voor af (Die Burger skryf Afrikaans, p. 56);
verassing (Engels "cremation", Bosman e.a.);
verrassing (Engels "surprise", Bosman e.a.);
verafrikaans (Engelbrecht, 1975, p. 63);
verbaasde/vergruisde/verplaaste/verroeste/vertrooste/vervaarde/verwaarloosde/verwoeste (Engelbrecht, 1975, p. 63-66);
verkoopsman/verkoopsprys (Spelreëls);
video-opname (Beeld, 31/10/77);
visvang/visgevang(Die Burger skryf Afrikaans, p. 59);
vroueblad/vrouekampioen/vrouedokter/vrouevryheid (kyk Bosman e.a., en Bresler, 1978);
vyfdaeweek en vyfdaagse week (Engelbrecht, 1975, p. 67, en Taalsake, 25/8/76, en 30/3/77);
vyfsterhotel (Die Burger skryf Afrikaans, p. 61);
weer eens (Bosman e.a., vermy die gebruik hiervan, gebruik "weer");
wesenlik/wesentlik (maar verwesenlik, Bosman e.a.);
Zoeloe (Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler, p. 11, Engelbrecht, p. 72).

(Vir 'n volledige artikel oor die spelling van saamgestelde woorde met of sonder die verbindingsklanke -e- en -s-, vergelyk:

VAN ZYL, M.S. 1976. Spelling van saamgestelde woorde met of sonder die verbindingsklanke -e- en -s-. Volkswelsyn en Pensioene, 11(2):55-59, Des.;
ook Engelbrecht, 1975, p. 59.)

Die spelling van name uit vreemde tale gee dikwels vir die koerantman probleme, veral as hy nuusberigte van die oorsese nuusagentskappe moet vertaal. In Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler (p. 12) word die volgende aan die hand gedoen:

"Daar moet op gelet word dat Russiese, Chinese en Japannese (nie Viëtnamese nie) name getranslitereer word, d.w.s. geskryf word soos dit uitgespreek word. Hulle het 'n ander alfabet, en in alle tale word die klanke weergegee.
Algemene reëls in die verband is:
u word oe
y word i (as klinker)
y word j (as medeklinker)
v word f (aan einde van woord)
v word w (in alle ander gevalle)
zh word zj
sh word sj
ch word tsj
Voorbeelde:
Valery Borzof - Walerie Borzof
Chiang Kai-chek - Tsjiang Kai-sjek
Chou En-lai - Tsjou En-lai
Takachi Nakamuru - Takatsji Nakamoeroe
Skrywer Alexander Solzjenitsin ."

Die Burger skryf Afrikaans gee ook die volgende voorbeelde:
Ivan word Iwan (p. 27);
die lughawe Wnoekovo word Wnoekowo (p. 63);
Mao Tse-toeng(p. 67);
Promslov word Promslof (p. 67);
die vistreiler Chaika word Tsjaika (p. 67).

Die volgende reël kan ook hierby gevoeg word (Die Burger skryf Afrikaans, p. 67):
"Dit is onnodig om die naam van die Koning van Jordanië met 'n dubbele 's' te spel. Hoesein is immers net 'n fonetiese spelling in Afrikaans van die man se Arabiese naam, en aangesien jy met een 's' of twee steeds dieselfde uitspraak kry, kan die oorbodige 's' maar weggelaat word."

# Hoofstuk 5: Gevolgtrekkings en riglyne

In dié studie is daar tot die gevolgtrekking gekom dat kommunikasie regstreeks misluk as die taal van die koerantman vir die leser onverstaanbaar is, én dat kommunikasie onregstreeks misluk as die taal van die koerantman vir die leser onaanvaarbaar is.

## 5.1 Verstaanbaarheid

Taal is dié belangrikste kommunikasiemiddel. As kommunikasiemiddel moet taal dus kommunikeer. Taal moet betekenis oordra. Die kommunikator (in dié studie die koerantman) kommunikeer met die bestemming (in dié studie die leser) deur middel van taal. Dié kommunikasie slaag as die leser verstaan wat die koerantman sê. Volkome begrip van die kommunikasieboodskap is nie moontlik nie, omdat kommunikasie 'n menslike handeling is, en mense verskil.

Die koerantman rig sy kommunikasieboodskap aan 'n enkeling, hoewel die koerant 'n massakommunikasiemedium is. Dit beteken dat die koerantman se taalgebruik sodanig moet wees dat die deursneemens dit verstaan. (Dit sluit nie die gebruik van terme, in byvoorbeeld 'n kuns- of sportrubriek of -artikels in nie.)

Hoewel die koerantman die menslike element van kommunikasie nie kan beheer nie, het hy tog in geringe mate beheer oor die uiteindelike vertolking van sy boodskap. Deur sy taal so te gebruik dat die minste verwarring by die leser geskep

word, verhoog die koerantman die moontlikheid van geslaagde kommunikasie.

Die volgende riglyne kan die koerantman help om deur middel van verstaanbare taal tot geslaagde kommunikasie te kom:

Die koerantman moet 'n goeie algemene kennis hê. Hy moet die politieke, juridiese, ekonomiese, sport-, kuns- en ander agtergrond van sy land ken. Hy moet verstaan wat hy skryf sodat die leser verstaan wat hy bedoel. (Vergelyk 4.1.)

Die koerantman moet ekonomies met taal omgaan. Hy moet eenvoudig en kort skryf en langdradige sinne vermy. Daar moet gewaak word teen niksseggende woorde en die herhaling van woorde wat later hul trefkrag verloor. Lomp en onlogiese taal en holruggeryde frases belemmer kommunikasie, en die boodskap gaan verlore.

Die inleiparagraaf van 'n berig moet die leser prikkel, en daarom moet die taal hiervan spesiale trefkrag hê. Groter taalvryheid word in die inleiparagraaf toegelaat. (Vergelyk 4.2.)

Die kop van 'n berig is die "telegram" wat die leser moet prikkel om die berig verder te lees. Dit moet dus korter en kragtiger as die res van die berig wees, en 'n element van nuus bevat. (Vergelyk 4.5.1.)

Die oormatige gebruik van kommas bemoeilik die leesbaarheid van die berig, en belemmer dus kommunikasie. Vergelyk 4.5.8.2 vir gevalle waar kommas vereis word.

## 5.2 Aanvaarbaarheid

Taal is egter nie net kommunikasiemiddel nie. Dit is kultuurbesit, en moet van een geslag na 'n ander oorgedra word. Dit kan nie gedoen word as die taal nie gehandhaaf word nie.

Mense sonder 'n aanvoeling vir taal ontken dié eienskap van taal. Volgens hulle maak dit nie saak hoe verbaster die taal is nie, "solank ons mekaar net verstaan". (Dié studie sou geen bestaansreg hê as taal net as kommunikasiemiddel gesien word nie.)

Die taal van die koerantman moet vir diegene met 'n aanvoeling vir taal, dié wat omgee vir hul taal, aanvaarbaar wees. Dié leser raak baie gou geïrriteerd as die taal van die koerant wemel van klein "taalfoute", en nie eenvormig is nie. (Kommunikasie word nie regstreeks hierdeur benadeel nie, die leser verstaan nog wat die koerantman wil sê ás hy die stuk lees.)

Die leser met die aanvoeling vir taal begin dan net die "foute" raaksien. Hy ontwikkel 'n negatiewe gesindheid teenoor die taalgebruik van die koerant én teenoor die koerant. Die betekenis van die kommunikasieboodskap gaan vir hom verlore want hy sluit hom af van enige verdere kommunikasie. Dit kan so erg raak dat hy nie die berig verder wil lees nie, en sommer die hele koerant eenkant neergooi, of selfs weier om daardie spesifieke koerant langer te koop. Die onaanvaarbaarheid van die taal van die koerant het dus onregstreeks daartoe gelei dat die koerantman se kommunikasie met sy leser verbreek is.

Die koerantman gebruik die taal, wat die erfenis van sy volk is, om met die leser te kommunikeer. Derhalwe moet die koerantman die taal handhaaf. As die koerantman dit nie doen nie, is sy taalgebruik vir die leser met 'n aanvoeling vir taal onaanvaarbaar.

Die koerantman moet dus daarop ingestel wees om verstaanbare én aanvaarbare taal te gebruik.

Die volgende riglyne kan die koerantman help om aanvaarbare taal te gebruik:

Die koerantbeleid bepaal wat Anglsismes is, watter woorde die koerant dus as onaanvaarbare Afrikaans beskou. Veral by vertaling moet die koerantman eerstens soek na die eie woord, en nie sommer goedsmoeds die Engelse woord oorneem nie. (Vergelyk 4.3.)

As die koerantman tussen die Romaanse en die Germaanse woord moet kies, moet hy die Germaanse woord gebruik. (Die Romaanse woord staan meestal nader aan die Engels, en is gewoonlik die eerste woord wat in die gedagtes opkom. Vergelyk 4.3.2.9.)

Daar moet gewaak word teen die invloed van Engels op die skryfwyse van woorde. Die Engelse gebruik om twee selfstandige naamwoorde ná mekaar los te skryf, moet byvoorbeeld vermy word. (Vergelyk 4.3.3.1.)

Getalle tot by tien of twintig (afhangende van die koerant se beleid) én ronde getalle word uitgetik, die res word in syfers getik. Geld en datums word ook altyd in syfers getik. Die internasionale afkortings vir metrieke mate moet deur die koerant gebruik word, meestal saam met die getal in syfers getik (vergelyk 4.5.2).

Die Afrikaanse woordorde (tyd, plek, besonderhede en werkwoord laaste) moet sover moontlik deur die koerantman toegepas word (vergelyk 4.5.3).

Die koerantman moet veral daarop let om alle vanne, voorletters en name korrek weer te gee en korrek te spel. Afkortings van titels of aanspreekvorme word gebruik as die naam of voorletter en van direk daarop volg. Suid-Afrikaanse ministers word bokas geskryf, terwyl ministers van ander lande onderkas geskryf word (vergelyk 4.5.4).

Afrikaanse straatname word vas geskryf, terwyl straatname met rangtelwoorde los geskryf word. Die Afrikaanse spelling van die meeste plekname word in Bosman, Van der Merwe & Hiemstra aangegee. Vergelyk 4.5.5.2, en bylae B vir plekname wat meestal probleme oplewer.

By skole word die soort skool voor die spesifieke naam van die skool in bokas geskryf. Vergelyk 4.5.5.3 vir uitsonderings.

Hoewel die koerantbeleid vir die skryfwyse van die name van universiteite verskil, het elke universiteit 'n amptelike

naam, en moet die koerante die name van universiteite dus eenvormig skryf (vergelyk 4.5.5.4).

Die skryfwyse van kerke (4.5.5.5); hospitale (4.5.5.6); organisasies (4.5.5.7); koerante (4.5.5.8) en ideologieë (4.5.5.9) lewer soms probleme, en riglyne hiervoor word gegee.

Meestal word net die name van organisasies en range deur die koerante afgekort. Vir dié afkortings gebruik Die Transvaler en Beeld nie punte nie, terwyl Die Burger dit wel met punte afkort (4.5.6). Dit is koerantpraktyk dat afkortings wat as woorde uitgespreek word, onderkas geskryf word, terwyl dié wat net "voorletters" bly, bokas geskryf word.

Die koerantman het in baie gevalle die keuse om bokas of onderkas te skryf. Die beleid van die koerant sal hier as riglyn moet dien (vergelyk 4.5.7).

Dit is koerantpraktyk dat die gebruik van aanhaaltekens sover moontlik vermy word. As dit wel gebruik word, word die eerste aanhaalteken onder en die laaste bo getik. By die name van koerante, tydskrifte, organisasies met Engelse name wat nie vertaal word nie, toneelstukke, ensovoorts is aanhaaltekens onnodig (vergelyk 4.5.8.1).

Waar die koerantman tussen twee verskillende (maar albei korrekte) spelling van woorde kan kies, moet hy hom deur die beleid van die koerant laat lei. Tog is daar woorde wat dikwels probleme oplewer, en wat net een korrekte spelling het. (Vergelyk 4.5.9.)

Die studie oor die plig van die Afrikaanse koerantman om verstaanbare én aanvaarbare Afrikaans te skryf, word afgesluit met die gepaste aanhaling uit 'n artikel deur prof. Hertzog Venter in Die Kerkblad:

"Onlangs het ek in 'n ernstige wetenskaplike stuk die volgende uitdrukking teengekom: daar word geskryf oor 'konferensies waartydens spanlede gevoelens kan ventileer', en effens verder: 'Hulle moet die besef van hulle verlies realiseer'.

Wat hier gebeur het, is iets wat in toenemende mate langs 'n baie breë front in ons taal geopenbaar word, 'n neiging wat besig is om in Afrikaans soos kakiebos te vervuil: die bykans gedagtelose onnodige oorname van Engelse woorde, waaraan daar dan net 'n Afrikaanse vorm of klank gegee word.

Dit gaan nie om noodsaaklike oornames soos, sê maar, polariseer (waarvoor ek nie 'n ander woord kan vind nie), memoriseer (i.p.v. van buite leer; in die geheue vaslê), want hulle verdring nie 'n goeie woord van Germaanse herkoms in Afrikaans, wat kragtens sy herkoms 'n Germaanse taal is nie.

As ons nou in aanmerking neem dat 'n mens se taal die weerkaatsing is van wat in sy gees omgaan, dan spel hierdie verskynsel gevaar. Dit dwing jou tot die gevolgtrekking dat die Afrikaner vinnig aan die verengels is, dat hy innerlik aan 't wegkalwe is, uitgehol word/raak. Ook die mate waarin ongermaanse woorde in Die Blye Boodskap en verdere vertalings van die Nuwe Testament voorkom, is onrusbarend.

Die saak gaan uiteindelik veel dieper as die ongeërgde gebruik van tien of honderd of selfs duisend van hierdie onverantwoorde gerieflikheidsoornames.

As gelowiges aanvaar en erken ons dat volke deur God self in aansyn geroep word, en Hy het die bestaan van afsonderlike tale met die uitstorting van die Heilige Gees dáárin erken dat al die verskillende taalgroepe wat daar teenwoordig was, in hulle eie taal die groot dade van God hoor verkondig het. Per slot van sake is die taal die belangrikste en opvallendste kenmerk wat 'n volk as eenheid tipeer.

Bowendien rus ook op óns nog die kultuuropdrag dat ons die skepping moet beheers. Een van die middele daartoe is taal, en 'n mens kan jóú wêreld alleen in die suiwerste vorm van jou eie taal finaal beheers.

Suiwere taalgebruik is gevolglik deel van jou godsdiens, is geloofsgehoorsaamheid, en verg daarom voortdurende selfondersoek en selftug en - daaglikse bekering!"

---

VENTER, H. 1979. Ontafrikaansing. Die Kerkblad, 82(2512):4, 8 Aug.

<u>Lys van bylaes</u> | <u>Bladsy</u>


| | | |
|---|---|---|
| Bylae A | BLIGNAULT, A. 1979. Die vassitwoord. Sarie Marais, p. 160, 5 Sept. | 243 |
| Bylae B | Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler, p. 21-25. | 244 |
| Bylae C | Van der Merwe (1973, p. 225-227). | 249 |
| Bylae D | Spelreëls (p. 18 en 19). | 252 |
| Bylae E | Van der Merwe (1973, p. 272 en 273). | 254 |
| Bylae F | Van der Merwe, 1973, p. 300 en 301). | 255 |

<u>Bylae B</u>: Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler, p. 21-25.

| | |
|---|---|
| BINNELANDSE PLEKNAME: | Raadpleeg : Poskodeboek, Telefoongids, Spoorwegtydtafel. |
| BUITELANDSE PLEKNAME: | Raadpleeg : Bygaande Lys, Tweetalige Woordeboek (Veral vir oueres : Brussel, Lyon, Aken, ens.), Poskantoorwoordeboek (agter), Geskiedenisatlas van SA, Nederlandse bronne : (Atlas (Bok?), Winkler Prins. |

AANGEGEWE NAME VAN LANDE WAT IN DIE VV GESTEM HET :

| ENGELS : | AFRIKAANS : |
|---|---|
| Afghanistan | Afganistan (Afgaan) (Afgane) |
| Albania | Albanië (Albanese) |
| Algeria | Algerië (Algeryne) Algerynse) |
| Argentina | Argentinië (Argentyne) |
| Austria | Oostenryk |
| Australia | Australië (Australiërs) Australiese |
| Bahrein | Bahrein |
| Barbados | Barbados |
| Belgium | België (Belge, Belgiese) |
| Bhutan | Bhoetan |
| Bolivia | Bolivia (Boliviane, Boliviaanse) |
| Botswana | Botswana |
| Brazil | Brasilië (Brasiliane, Brasiliaanse) |
| Bulgaria | Bulgarye (Bulgare, Bulgaarse) |
| Burundi | Burundi (Burundi) |
| Byelorussia | Wit-Rusland (Bjelorusland, Wit-Russiese) |
| Cameroon | Kameroen (Kameroeners, Kameroense) |
| Cambodia | Kambodja (Kambodjaanse, Kambodjane) |
| Central African Republic | Sentraal-Afrikaanse Rep. |
| Ceylon | Ceylon (Ceylonese; Ceylonse) |
| Chad | Tsjaad (Tsjadiane, Tsjaders, Tsjaadse, Tsjadiaanse) |
| Chile | Chili (Chilene, Chileense) |
| China | China |

| ENGELS : | AFRIKAANS : |
|---|---|
| Colombia | Colombia (Rep. van, Colombiane, Colombiaanse) |
| Colombo | Colombo |
| Congo | Kongo (Brazzaville, Kongolese) |
| Zaïre | Kongo (Dem. Rep. van die Kinshasa) |
| Costa Rica | Costa Rica (Costaricane, Costaricaanse) |
| Cuba | Kuba (Kubane, Kubaanse) |
| Cyprus | Ciprus (Cipriote; Cipriese) |
| Czechoslovakia | Tsjeggo-Slowakye (Tsjegge, Tsjeggo-Slowake, Tsjeggiese Slowaakse) |
| Dahomey | Dahomé (Dahomeërs, Dahomese) |
| Denmark | Denemarke (Dene, Deense) |
| Dominican Republic | Dominikaanse Republiek |
| Ecuador | Ecuador (Ecuadoriane, -aanse) |
| Egypt | Egipte |
| El Salvador | El Salvador |
| England | Engeland (Engelse) |
| Equatorial Guinea | Ekwatoriaal-Guinee |
| Fiji | Fidji (Fidjiane, -aanse) |
| Finland | Finland (Finne, Finse) |
| France | Frankryk (Franse) |
| Gabon | Gaboen (Gaboeners, Gaboense) |
| Gambia | Gambië (Gambiërs, -iane, Gambiese, -iaanse) |
| Germany | Duitsland |
| Ghana | Ghana (Ghanese) |
| Greece | Griekeland (Griekse) |
| Guatemala | Guatemala (Guetemalane, -aanse) |
| Guiana | Guianese; Guianese |
| Guinea | Guinee (Guinese) |
| Haiti | Haïti (Haïtiane) |
| Hawaii | Hawaii (Hawaiïer, -waiïese) |
| Honduras | Honduras (Hondurese) |
| Hungary | Hongarye (Hongaarse) |
| Iceland | Ysland (Yslanders, Yslandse) |
| India | Indië |
| Indonesia | Indonesië |
| Irak | Irak (Irakese, Irakiërs, Irakse) |
| Iran | Iran (Iraniërs, Iraanse, Iraniese) |
| Ireland | Ierland (Iere, Ierse) |
| Israel | Israeliete, Israeli's, Israeliese |
| Italy | Italië (Italiane; -aanse) |

| ENGELS : | AFRIKAANS : |
|---|---|
| Ivory Coast | Ivoorkus (Ivoorkusters, Ivoorkus-) |
| Japan | Japan (Japanners, Japannese, Japanse, taal: Japannees) |
| Java | Java (Javane; Javaanse) |
| Jordan | Jordanië (Jordaniërs, Jordaanse, Jordaniese) |
| Kamchatka | Kamsjatka |
| Kenia | Kenia (Keniane, Kenianers, Keniaanse) |
| Kuwait | Koeweit |
| Laos | Laos (Laosiane, Laosiaanse) |
| Lebanon | Libanon (Libanese) |
| Lesotho | Lesotho |
| Liberia | Liberië (Liberiërs, -iese) |
| Libya | Libië (Libiërs, Libiese) |
| Lithuania | Litaue (Litauers, Litause) |
| Luxembourg | Luxemburg (Luxemburgers, -burgse) |
| Madagascar | Madagaskar (Malgasse, Malgassie, Malgasiese, ook Madagasse, -iese) |
| Mali | Mali (Malinese) |
| Malaysia | Maleisië (Maleisiërs, Maleisiese) |
| Malawi | Malawi (Malawi's, Malawiese) |
| Morocco | Marokko (Marokkane) |
| Mauretania | Mauretanië (Mauretaniërs) |
| Mauritius | Mauritius (Mauritiane, -iaanse) |
| Mexico | Mexiko (Mexikane) |
| Mongolia (Mongolian Rep.) | Mongolië (Mongole, Mongoolse, Mongoolse Volksrepubliek) |
| Netherlands, the | Nederland (die Nederlandse) |
| Nepal | Nepal (Nepalese) |
| New Zealand | Nieu-Seeland |
| Nicaragua | Nicaragua (-guane) |
| Niger | Niger (Nigerese) |
| Nigeria | Nigerië (Nigeriërs, Nigeriese) |
| Norway | Noorweë (Nore, Noorweërs, Noorse, Noorweegse) |
| Pakistan | Pakistan (Pakistaners, Pakistani's, -ane, Pakistanse) |
| Paraguay | Paraguay (Paraguane, -guaanse) |
| Peru | Peru (Peruane, Peruaanse) |
| Philippines | Filippyne |
| Poland | Pole |
| Portugal | Portugal |
| Quatar | Katar |

| ENGELS : | AFRIKAANS : |
|---|---|
| Ruanda (Rwanda) | Rwanda (Rwandas, Rwanda-) |
| Rumania | Roemenië |
| Russia | Rusland |
| Saudi Arabia | Saoedi-Arabië (Saoediërs, Saoedi-Arabiese) |
| Senegal | Senegal (Senegalese) |
| Sierra Leone | Sierra Leone (Sierreleoners) |
| Singapore | Singapoer (Singapoerese) |
| South Africa | Suid-Afrika (Suidwes-Afrika) |
| Spain | Spanje |
| Sudan | Soedan (Soedannese, Soedanse) |
| Sweden | Swede (Swede, Sweedse) |
| Syria | Sirië (Siriërs, Siriese) |
| Tanzania | Tanzanië (Tanzaniërs) |
| Thailand | Thailand (Thais, Thailanders) |
| Togo | Togo (Togolese) |
| Trinidad-Tobago | Trinidad-Tobago |
| Tunisia | Tunisië |
| Turkey | Turkye |
| Uganda | Uganda (Ugandese) |
| Ukrania | Oekrainië (Oekranie, Oekrainiërs, Oekrainers) |
| United Kingdom | Verenigde Koninkryk |
| Upper Volta | Opper-Volta (Bo-) (Opper-Voltaïete, Opper-Voltaïese) |
| Uruguay | Uruguay (Uruguane, of Uruguayane) |
| United States of America | Verenigde State van Amerika (VSA) |

SPELLING VAN LAND- EN HOOFSTADNAME IN AFRIKA

Die Afrika-Instituut van Suid-Afrika het die onderstaande lys van land- en hoofstadname in Afrika opgestel en ons moet in die toekoms by die skryfwyses hou.

| LAND | HOOFSTAD |
|---|---|
| Algerië | Algiers |
| Botswana | Gaborone |
| Bo-Volta | Ouagadougou |
| Burundi | Bujumbura |
| Dahomé | Porto-Novo |
| Egipte | Kaïro |
| Ekwatoriaal-Guinee | Santa Isabel |
| Ethiopië | Addis Abeba |
| Gaboen | Libreville |

| LAND | HOOFSTAD |
|---|---|
| Gambië | Bathurst |
| Ghana | Accra |
| Guinee | Conakry |
| Ivoorkus | Abidjan |
| Kameroen | Yaoundé |
| Kenia | Nairobi |
| Kongo | Brazzaville |
| Zaïre | Kinshasa |
| Lesotho | Maseru |
| Liberië | Monrovia |
| Libië | Tripoli |
| Madagaskar | Tananarive (Antananarivo) |
| Malawi | Zomba |
| Mali | Bamako |
| Marokko | Rabat |
| Mauritanië | Nouakchott |
| Mauritius | Port Louis |
| Mosambiek | Lourenco Marques |
| Niger | Niamey |
| Nigerië | Lagos |
| Rhodesië | Salisbury |
| Rwanda | Kigali |
| Senegal | Dakar |
| Sentraal-Afrikaanse Rep. | Bangui |
| Sierra Leone | Freetown |
| Soedan | Khartoem |
| Somalië | Mogadisjoe |
| Suid-Afrika | Pretoria |
| Swaziland | Mbabane |
| Tanzanië | Dar es Salaam |
| Togo | Lomé |
| Tsjaad | Fort Lamy |
| Tunisië | Tunis |
| Uganda | Kampala |
| Zambië | Lusaka |

| ENGELS | AFRIKAANS |
|---|---|
| Venezuela | Venezuela (Venezolane) |
| Yemen | Jemen (Jemeniete) |
| Yemen Arab Republic | Jemenities-Arabiese Republiek |
| Yugoslavia | Joego-Slwawië (Joe-Slawe of Joego-Slawiërs, -iese) |
| Zambia | Zambië (Zambiërs, Zambiese) |

Bylae C: Van der Merwe (1973, p. 225-227);

**plekname:** dit gaan hier om die skryfwyse van name van dorpe, stede, state, ens., veral wat Afrika en die Ooste betref. Wat ek hier gee, is slegs tentatiewe reëls, *sonder inagneming van uitsonderinge* (waarvan dit wemel!). Die bedoeling is om net 'n voorlopige aanduiding te gee van die belangrikste skryftradisie. In sommige gevalle sal ander skrywers van my verskil binne perke, en dit moet voorlopig toegelaat word totdat ons uit ons taalgebruik finale reëls kan vaslê.

A. *Inwoners, ens.*

[1]Om die taal aan te dui, kan 'n versamelnaam afgelei word van die staat se naam, bv. *Volta – Voltees*, want dis onmoontlik om elke Inlandse taal te noem. Indien lg. nodig is, moet die indiwiduele gebruiker self vasstel wat dit is. Eintlik val dit buite die bestek van hierdie handleiding. (In sommige lande is dit buitendien steeds 'n Europese taal wat as voertaal dien, bv. Frans, Engels, ens.)

[2]State waarvan die name die uitgang *-land* het, neem gewoonlik nie die agtervoegsel *-landers* nie; dus: *Swazi's*, *Basoeto's*, *Zoeloes*, *Xhosas/Khôsas*, *Betsjoeanas*, ens. Soortgelyk woon die *Duitsers* en *Finne* in Duits*land* en Fin*land*, en tog is *Nederland/Holland* se inwoners bekend as Neder*landers*/Hol*landers*. (Kyk ook *Bantoebenaminge*.)

In Afrika het dit gebruiklik geword om die Blankes in dergelike lande wel met *-landers* aan te dui: *Kenialanders*, *Tanganjikalanders*, *Ugandalanders*, ens. in onderskeiding van die swart *Keniërs/Keniane*, *Tanganjikane*, *Ugandese*, ens.

[3]By die uitgang *-i/ië* word die afleiding gevorm deur *-iërs:* Abessiniërs/Ethiopiërs, Liberiërs, Maliërs, ens. By *Mali* sou ons net sowel *Mali's* kon hê; vgl. ook *Malawi's*, *Somali's*, *Zanzibari's* naas die gewoner *Malawiërs*, *Somaliërs*, *Zanzibariete*.

Die *Algeriërs/Algeryne* woon in *Algerië*, nes die *Argentiniërs/Argentyne* in *Argentinië* hulle bevind. In *Burundi* vind jy selfs *Barundi* naas die gewoner *Burundi's/Burundiërs*.

*Gambia* val uit die toon en behoort *Gambië* te wees, waarmee hy volkome by hierdie groep aansluit. (Hy word nou so erken deur die Taalkommissie.)

[4]Die uitgang *-a* gee die afleiding *-ese:* *Ghanese*, *Katangese*, *Angolese* (Angoliane is Eng. *Angolians*), wat aansluit o.a. by *Sjinees*. Hierteenoor het ons egter die erkende skryfwyse *Javaan*, *Peruviaan*. Soms word ook gepraat van *Javaners*, *Peruvianers*, nes *Amerikaners* × *Amerikane*. Die erkende *Brasiliaan* behoort ook 'n wisselvorm *Brasiliër* te hê, afgelei van *Brasilië*.

In aansluiting by ons reël sou ons hier ook *Tanganjikese* kon verwag, maar dit bestaan nie; wel *Tanganjikane(rs)*. *Afrikese* bestaan ook nie, wel *Afrikane*.

[5]Die uitgang *-o* gee ook *-lese:* *Kongolese*, *Togolese*. *Marokko* en *Rio de Oro* gee egter *Marokkane* en *Rio de Oro's* (lg. *'s* vanweë die nadruk op die laaste lettergreep, wat weer nie geld vir *Kongo*, *Togo* nie).

[6]Van die uitgang *-ea* kry ons gewoonlik *-ne(rs)* en soms *-ërs:* *Eritreane(rs)/Eritreërs*, *Koreane(rs)*, *Guineane(rs)/Guineërs* (lg. veral na aanleiding van die

wisselvorm *Guinee*, soos in Nederlands en Afrikaans; terloops, die land kry sy naam van die Britse geldstuk *guinea* wat die eerste keer in 1663 geslaan is).

[7]Van die uitgang *-ia* kry ons gewoonlik twee: *-iane*(*rs*) / *-iërs: Gambiane / Gambiërs, Zambiërs / Zambiane, Tanzaniërs / Tanzaniane*, ens. En dan sou die *-iane* ook nog *-ianers* kon wees.

Die *-iane*(*rs*) skryf ek daaraan toe dat sommige i.p.v. die uitgang *-ië* te skryf, die uitgang *-ia* verkies. In Afrikaans verander ons gewoonlik die Lat. uitgang *-ia* tot *-ië*, maar nou vind ons selfs in Suid-Afrika 'n tweestroombeleid: naas ons aanvaarde skryfwyse van *Ethiopië, Indië, Rhodesië*, ens. kry ons *Brummeria, Erasmia, Calvinia, Albertinia*, wat my tot die oortuiging bring dat ons in dergelike gevalle òf kan verafrikaans tot *-ië* òf die oorspronklike *-ia* behou. Ek kan daar vrede mee hê as die *Zambiane*(*rs*) hierdie vorm verkies, maar dan behou ek my die reg voor om *Zambiërs* te sê.

*Kenia* is ons vervorming van die Eng. *Kenya* en hy hoort dus nie hier tuis nie. Ons vorm moes gewees het *Kenja;* vgl. *Kenjatta.*

[8]*Dahomei* (eintlik *-eï*) en *Transkei* word bewoon deur *Dahomeiers / Dahomeiane*(*rs*) en *Transkeiers / Transkeiane*(*rs*).

[9]Die uitgang *-oe* gee *-ers*, soms ook *-ese: Gaboeners / Gaboenese, Kameroeners, Soedanners / Soedannese, Khartoemers.*

B. SPELLING

[1]*Blanke, Nieblanke* (by voorkeur aanmekaar), *Kleurling, Asiaat, Naturel, Witman* word as eiename met hoofletters geskryf. Kyk onder daardie hoofde vir verdere besprekings, ook wat afleidinge en samestellinge betref.

[2]M*a*rokko hang saam met die ou universiteitstad M*a*rakesj en kry nie 'n inisiale *o* soos in Eng. M*o*rocco nie.

*Addis Ababa* weerspieël die korrekte spelling en uitspraak, soos in Amharies. Die veelvoorkomende *Abeba* het hoegenaamd geen reg van bestaan nie.

*Kairo* kry geen deelteken op die *i* nie.

Maur*e*tanië is die histories korrekte vorm, soos ook deur daardie staat aanvaar word.

[3]Begin-*c* (ook middel-*c*) word, behalwe in wildvreemde woorde, as *k* geskryf, veral vir landstreke: *Kabinda, Kameroen, Kongo, Ivoorkus*, ens., teenoor behoud van *c* in eiename en in dorpsname: *Carmona, Cambambe*, ens.

[4]*Ch* word, waar dit ons klank *tsj* voorstel, as sodanig geskryf (getranslitereer), wat veral geld van Oosterse name: *Tsjiang*-Kai-Sjek, *Tsj*eggo-Slowakye, *Tsj*eggies, maar Ho-*Sji*-Mingh. Vergelyk ook Be*tsj*oeanaland, *Tsj*aka, en daarom skryf ek ook *Tsj*ombe; vandaar ook my spelling *Tsj*aad (nié *Tsaad* nie – *Tsjaad* word so erken deur die Taalkommissie.)

[5]Slot-*i* bly behoue in eiename: Burund*i*, Mal*i*, Malaw*i*, Somal*i* (× Somal*ië*), Nairob*i* (Swahili vir „soet waters"), Dahome*i*, Saoed*i*-Arabië, ens.

Dit geld ook vir *i* voor *r:* Kasjm*i*r, Pam*i*r.

Bom*baai* het niks met 'n *baai* te doene nie, maar dis gewoonweg ons transliterasie van *Bombay* se uitspraak. Vergelyk ook *Mandalaai* in Birma.

[6]Die *-ia* (soos in Eng.) word *-ië* in Afrikaans: Somal*ië*, Abesin*nië*, Ethio*pië*, Tunis*ië*, ens. Daarteenoor bestaan daar deesdae 'n neiging om *-ia* te behou, soos in *Gambia, Zambia, Tanzania*, ens., waarvoor parallelle aangevoer word in ons eie Pretor*ia*, Brummer*ia*, Calvin*ia*, Albertin*ia*, ens.

Ofskoon ek die *-ië* verkies, ookal omdat dit aansluit by ons skryftradisie om die Lat. *-ia* te verafrikaans tot *-ië* (vgl. Ital*ië*, Siles*ië*, Kappadoc*ië*), moet ons diegene wat *ia* verkies dit toelaat.

Lyk my daar is heelwat te sê vir 'n tweeledige beleid in hierdie opsig. (Die Taalkommissie het hom uitgespreek ten gunste van *Gambië*, *Zambië* en *Tanzanië*.)

[7]Die vreemde *y* word in Afrikaans deur *j* voorgestel: N*j*assaland, Tanganjika. Daarom skryf ek ook Jomo Ken*j*atta, Julius N*j*erere, N*j*anja (teenoor die wetenskaplike *ChiNyanja*, taal van Malawi). Ons behoort ook te skryf *Kenja*, wat die eintlike naam is.

[8]*-u* × *-oe*. Die *u* word meestal behou in Afrikaname, veral dié suid van die Sahara: B*u*r*u*ndi, *U*ganda, Kasav*u*b*u*, L*u*m*u*mba, Mob*u*t*u*, ens. Dis trouens die gebruik in Suid-Afrika wanneer ons te doen het met die Bantoevolkere, en tog skryf ons al baie jare Betsj*oe*analand, Bas*oe*toland en selfs *Zoeloe* × *Zulu*.

Noord van die Sahara vind ons meermale *oe* i.p.v. *u*, wat lyk of ons vir die Arabierlande aansluiting kan vind met die Midde-Ooste: S*oe*dan, Khart*oe*m (ook: Gab*oe*n, Kamer*oe*n), Port S*oe*dan. In die meeste van hierdie gevalle het ons in *oe* die Afrikaanse weergawe van die Franse *ou*, soos ook in S*oe*vanna Ph*oe*ma, Sinhan*oe*k, T*oe*nk*oe*, Nehr*oe*, waar Eng. (en Frans) *ou* skryf.

Aansluitende by die vorige skryf ons ook Sa*oe*di-Arabië, K*oe*ala L*oe*mp*oe*r, Hon*o*l*oe*l*oe*, Honsj*oe*, Istanb*oe*l, Se*oe*l; ook Mao-Tse-T*oe*ng.

Vermoedelik is hierdie klanke van die vroegste tye af met *oe* getranslitereer, soos in badj*oe* (ons *baadjie*), bêhar*oe* (ons *baar* = dom, onervare), ens. Hiermee sluit ons ons aan by die Nederlandse skryfwyse van name uit die Ooste. Ons kan in alle geval moeilik die vreemde alfabette van bv. Japannees, Sjinees, Arabies, ens. in Afr. gebruik.

[9]*Kh* word gewoonlik behou: *Kh*artoem (uitspraak *kg*); soms ook in Bantoewoorde omdat die *k* daar dikwels geaspireerd is. Ons wyk hiervan dan af wanneer die woord deur hoë gebruiksfrekwensie sy vreemdheid verloor het vir ons.

[10]Baie staatsname bly onveranderd: *Ghana*, *Togo*, *Angola*, *Niger*, *Zanzibar*, ens.

[11]Titels is nie altyd translitereerbaar nie en behou dikwels die oorspronklike spelling: *Sardauna*, *Emir*, *Alhaji;* tog sou ek skryf *Alhadjie* in ooreenstemming met ons erkende *hadjie*.

[12]Let op: *Frans-Kongo*, *Belgies-Kongo*, *Spaans-Sahara*, *Duits-Oos*, *Brits-Oos*, ens. (al het die meeste vandag al verdwyn), d.w.s. die eerste lid word nie verbuig nie: Franse Kongo, wat 'n ander betekenis sou hê.

[13]*Leo-Kongo* en *Brazza-Kongo* kan gerus aanvaar word by verwysing na dié twee Kongorepublieke, waardeur baie verwarring uitgeskakel kan word. Dit word reeds so gebruik deur die meeste Afrikakenners.

[14]*-ville* is in die voormalige Belgies-Kongo feitlik oral vervang deur *-stad* in Vlaams/Nederlands, maar sedert 30 Junie 1960 het die Leo-Kongostaat besluit dat hulle nie meer *-stad* toelaat nie; daarom liewer: Leopold*ville*, Elisabeth*ville* (let op die *s*), Stanley*ville*, ens.

[15]Die vorm *Afrikaans(e)* word net gebruik i.v.m. die Afrikaner en sy aangeleenthede: die Suid-Afrikaanse Republiek / volk / lewensuitkyk / taal / ens. Hierteenoor skryf ons: die *Afrika*-lewensuitkyk / -opvatting; *Afrika*state, Sentraal-*Afrika*-Republiek, *Afrika*tale, ens. (Kyk ook *Afrikaan*.)

[16]Enkele erkende wisselvorme: *Xhosa* × *Kôsa*, *Setsjoeana* × *Tswana* (taal), *Sesoetoe* × *Suid-Sotho*, *Zoeloe* × *Zulu*, ens.

[17]Kyk *bo(-)* vir *Bo-(Volta)* × *Opper-(Volta)*.

[18]Kyk ook onder *benaminge* en *stadsname*.

Bylae D: Spelreëls (p. 18 en 19).

*Opm.* ii. Oor wisselvorme met **d/t**, bv. **saad, sade/saat, sate**, kyk by III, 2.; en oor doeblette met **d/t**, bv. **raad, rade/raat, rate**, kyk by III, 2, *Opm.* en IV, 1.

2. Op die end van Afrikaanse woorde word nie geskrywe nie:

i. **d** of **t** na **f**, **g** en **s**: **bedroef, beleef, drif, hoof; bedug, benodig, besorg, bevoeg; bedees, bewus, gerus;**

*Opm.* Waar **d** of **t** egter in verboë vorme en afleidings te voorskyn kom, word hulle wel geskrywe: **bedroefde, bedroefdheid, beleefde, drifte, driftig, hoofde, hoofdelik; bedugtheid, benodigdheid, besorgde, besorgdheid, bevoegde, bevoegdheid; bedeesde, bedeesdheid, bewuste, bewustheid, geruste, gerustheid.**

ii. **t** na **k** of **p**: **bedek, bedruk, direk; gestreep, ongerep, stip.**

*Opm.* a. Waar **t** egter in verboë vorme en afleidings te voorskyn kom, word dit wel geskrywe: **bedekte, bedektelik, bedrukte, bedruktheid, direkte; gestreepte, ongerepte, ongereptheid, stipte, stiptelik, stiptheid.**

*Opm.* b. Oor wisselvorme met of sonder **d** of **t** by 'n klein aantal woorde en by samestellings en afleidings daarvan kyk by III, 3, i.

3. Hoewel **d** soms in die uitspraak met 'n voorafgaande **l**, **n** of **r** geassimileer word, word dit tog geskrywe: **helder, kelder, solder; eenders, hinder, hoender, kinders; daardie, hierdie, perde.**

4. i. Verlede deelwoorde het, behoudens gevalle wat onder (ii) hieronder behandel word, g'n **-d** op die end nie, behalwe waar die grondwoord reeds op 'n **-d** uitgaan: **die skape word getel; die huis word verander; almal het gestem; hulle het ons genooi** teenoor **sy lewe is gered; die oorlog het gewoed; die pad is verbreed** (die laaste drietal almal met slot-**d** in die grondwoord).

ii. Die verlede deelwoorde van werkwoorde op **-l, -m, -n, -ng, -r**, 'n klinker of 'n tweeklank kry in bepaalde gebruiksgevalle dikwels 'n **d**, bv. **hy is nie vandag goed gestem(d) nie; die onderwyser is nie juis baie bemin(d) nie; die geselskap was gisteraand weer erg gemeng(d); die dame was netjies geklee(d); die vrugte lê gesaai(d) onder die bome; die vee staan versprei(d) onder die bome.**

**Let Wel.** Naas hierdie deelwoorde wat met wisselvorme voorkom, is daar b.nwe. (dikwels ook bywoordelik gebruik) wat verband hou met of na die voorbeeld gevorm is van die verl. dwe. van wwe. wat op **-l, -m, -n, -r**, 'n klinker of 'n tweeklank uitgaan, en wat slegs met 'n slot-**d** voorkom, bv. **bedaard, bejaard, benard, benoud, bepaald, bereid, beroemd, beroerd, berooid, gediend, gehuud, gemaniëreerd, gereeld, getroud, gewend, gewild, gewoond, ongedeerd, ongegeneerd, verbeurd, verbouereerd, verkeerd, vermaard, vervaard, verwaand.**

iii. a. Woorde wat op **-l, -m, -n, -ng, -r**, 'n klinker of 'n tweeklank uitgaan, kry **-de**, bv. **bestelde, verhaspelde; ontruimde, verlamde; bemande, verdunde; gemengde, verlangde; begeerde, gekeperde; beboude, gehude, geoliede, gewyde, vernieude.**

*Opm.* Sommige woorde van die voorgaande tipe kom in die onverboë, predikatiewe posisie soms met en soms sonder 'n **d** aan die end

voor. Die Woordelys gee sodanige vorme as volg aan: **bedwelm, -de,** of **bedwelmd, -e.**

b. Woorde wat op **b** en **d** uitgaan, onmiddellik voorafgegaan deur 'n kort klinker, kry ook **-de,** bv. **geribde, geskubde; bekladde, ingebedde.**

*Opm.* Wanneer die **d** voorafgegaan word deur 'n lang klinker, **ie** of **oe** of deur **l, n** of **r,** kry die verboë vorme alleen skynbaar die uitgang **-de,** maar in werklikheid net **-e** na die slot-**d** van die woord, bv. **verbrede; bespiede; bebloede; vermelde; bevriende; geharde.**

c. Woorde wat op **k, p** en **t** uitgaan, kry die uitgang **-te,** bv. **bedekte, geykte; verlepte, versuipte;** (na 'n kort klinker) **besmette, verhitte.**

*Opm.* Wanneer die **t** voorafgegaan word deur 'n lang klinker of tweeklank of deur **ie** of **oe,** kry die verboë vorme alleen skynbaar die uitgang **-te,** maar in werklikheid net **-e** na die slot-**t,** bv. **vergrote; gesoute; afgegiete; besproete.**

d. By woorde wat op **f, g** en **s** uitgaan, is die posisie ingewikkelder, want hulle kan **-de** of **-te** kry. Om praktiese redes moet hulle liewer apart behandel word.

(1) In woorde op **f** of **g,** onmiddellik voorafgegaan deur 'n kort klinker, word in die reël **-te** geskrywe, bv. **gesifte, gestrafte, verdofte, vermufte; gevlegte, ingeligte** (teenoor **ingelegde**), **verdigte, verwagte.**

(2) In feitlik alle ander gevalle van woorde op **f** of **g** word in die reël **-de** geskrywe, bv. **begaafde, gestyfde, verliefde, bedroefde, gewelfde, gekerfde; gedroogde, gebuigde, verheugde, geploegde, beledigde** (teenoor **ingeligte**), **gebelgde, besorgde.**

(3) In woorde op **s,** onmiddellik voorafgegaan deur 'n kort klinker of deur **k, l, r** of **t,** skryf ons in die reël **-te,** bv. **besliste, gepaste; verhekste, vervlakste; verengelste, vervalste; beheerste, vermorste; gesplitste, verduitste.**

(4) In woorde op **s,** onmiddellik voorafgegaan deur 'n lang klinker of tweeklank en deur **oe** of **n,** is die posisie onvas, bv. **verbaasde, verglaasde** teenoor **verhaaste, verplaaste; bedeesde, gevreesde** teenoor **vereuropeeste; geliefkoosde, verwaarloosde** teenoor **getrooste; bereisde, verysde** teenoor **vereiste; vergruisde, verguisde** teenoor **gekruiste; gekroesde, verfoesde** teenoor **verroeste; begrensde, geveinsde** teenoor **gewenste.**

*Opm.* Afgeleide vorme kan soms hulp bied. So wys **troosteloos** en **vertroosting** bv. op **vertrooste,** terwyl **liefkosing** en **verwaarlosing** op **geliefkoosde** en **verwaarloosde** heenwys.

Waar daar twyfel bestaan, kan die Woordelys soms hulp bied.

Bylae E: Van der Merwe (1973, p. 272 en 273).

-te × -de: [1]die gebruik van *-te* of *-de* by die verboë vorme van verlede deelwoorde besorg nie net aan die student hoofbrekens nie, maar selfs ingewyde skrywers moet hier meermale eers die kop krap. In Nederlands is die gewone reël dat *-de* geskryf word in die verboë vorm van die verlede deelwoord waar die *swak werkwoord* se stam uitgaan op 'n *stemhebbende medeklinker*, maar *-te* waar die slotkonsonant *stemloos* is.

Vir Afrikaans het T. H. le Roux (vgl. sy *Afrikaanse Taalstudies*, bl. 97 e.v.) dit onder reëls probeer bring, en voortbouende hierop het die Taalkommissie 'n aantal reëls in die *Woordelys* byeengebring, waarvan ek gebruikmaak.

[2]Deelwoorde wat in predikatiewe gebruik (bv. hy *is benoud*) op *-d* uitgaan, kry in attributiewe gebruik (dis 'n *benoude man*) *-de* (in die werklikheid voeg ons net *-e* by): benar*de*, bepaal*de*, berei*de*, gewil*de*, vermaar*de*, verwaan*de*. Dit geld veral woorde waar die *d* voorafgegaan word deur 'n lang klinker, 'n *ie* of 'n *oe* of deur *l, m, n, r*.

Ons skryf ook *-de* by woorde wat op *-l, -m, -n, -ng, -r*, 'n klinker of tweeklank uitgaan: beste*lde*, ontrui*mde*, verdie*nde*, verle*ngde*, verklaa*rde*; verbou*de*, geolie*de*, gewy*de*.

Ook word *-de* geskryf by woorde wat op *-b* en *-d* uitgaan wat onmiddellik voorafgegaan word deur 'n kort klinker: *geribde, geskubde; bekladde, ingebedde.*

[3]Ons skryf *-te* wanneer *t* voorafgegaan word deur 'n lang klinker of tweeklank of deur *ie* of *oe* (eintlik skryf ons net 'n *-e* by); vergr*oot* – vergr*ote* (let op die een *o*), ges*oute*, geg*iete*, bespr*oete*.

Ook skryf ons *-te* waar woorde uitgaan op *-k, -p* en *-t*: bedru*kte*, verle*pte*, besku*tte*.

[4]In die volgende gevalle, nl. by woorde wat op *-f, -g* en *-s* uitgaan, kry ons soms *-de*, soms *-te*, wat ons onder reël kan probeer bring.

Waar *f* of *g* onmiddellik voorafgegaan word deur 'n kort klinker, skryf ons gewoonlik *-te:* ges*if*te, verm*uf*te, gevl*eg*te, aangeh*eg*te, verd*ig*te (maar: ingel*egde*).

In feitlik alle ander gevalle op *f* en *g* skryf ons gewoonlik *-de:* beg*uaf*de, bedr*oef*de, gek*erf*de; gedr*oog*de, verh*eug*de, beled*ig*de, ingel*eg*de (en tog: ingel*igte*); ook by 'n gedekte *g:* gebe*lg*de, verso*rg*de.

Wanneer *s* onmiddellik voorafgegaan word deur 'n kort klinker of deur *k, l, r* of *t*, skryf ons in die reël *-te:* besl*is*te, gep*as*te; verhe*ks*te; verenge*ls*te; behee*rs*te; vermo*rs*te, gespli*ts*te, verdui*ts*te.

Die posisie is egter onvas wanneer *s* onmiddellik voorafgegaan word deur 'n lang klinker of 'n tweeklank en deur *oe* of *n:* verbaas*de*, verglaas*de* × verhaas*te*, verplaas*te;* bedees*de*, gevrees*de* × vereuropees*te;* geliefkoos*de*, verwaarloos*de* × getroos*te;* verys*de* × vereis*te;* vergruis*de* × gekruis*te;* gekroes*de* × verroes*te;* begrens*de*, geveins*de* × gewens*te*. (Die meeste van hierdie vorme moet maar gememoriseer word. Soms kan die afgeleide vorme ons help: so sit daar 'n *-t-* in troos*t*eloos/vertroos*t*ing; daarom sal ons skryf vertroos*te*. In liefkosing/verwaarlosing het ons nie 'n *-t-* nie en daarom kan ons taamlik veilig aanneem dat jy dit ook nie in die verlede deelwoord sal hê nie: geliefkoos*de*/verwaarloos*de*.)

[5]Die reëls vir *-de* × *-te* is vir die gewone taalgebruiker nie altyd duidelik nie; daarom loop die twee vorme by hom alte dikwels deurmekaar. Soms lyk dit of *-de* gaan wen en dan weer of dit *-te* is wat die oorhand kry. Totdat die taalgebruik vir ons duidelik laat blyk watter vorm gaan wen, moet ons ons maar probeer hou aan voorgaande reëls, wat darem nog 'n groot hulp is.

Bylae F: Van der Merwe (1973, p. 300 en 301).

**verlede deelwoorde:** [1]in die laaste tyd kom 'n mens alhoemeer gevalle teë waar die ou sg. sterk verlede deelwoord gelykgemaak word aan die swak vorme, en dis nie net in studente se werk nie! Die volgende het ek almal slegs in die afgelope 3-6 maande opgeteken: opgedoende (= *opgedane*) kennis; 'n gekiesde (= *gekose*) groep; verkrygde (= *verkreë*) kennis; voortgebringde (= *voortgebragte*) klanke; geskryfde (= *geskrewe*) werk; klanke met gespande (= *gespanne*) spiere uitspreek; onbewyste (= *onbewese*) aantygings; onontginde (= *onontgonne*) mensemateriaal; die beskryfde (= *beskrewe*) geskiedsbeeld; die uitgesterfde (= *uitgestorwe*) volk; die verstrykte (= *verstreke*) tyd.

As ons daaraan dink dat van die sterk werkwoord niks oorgebly het in Afrikaans nie en dat die paar reste by die hulpww. (kyk *ge-*[3]) ook aan die nivelleer is, dan is bg. verskynsel glad nie bevreemdend nie.

Die sg. sterk verlede deelwoorde is reste (gebruik as b.nwe.) van die ou sterk wwe. en dis heeltemal logies dat hulle mettertyd gelykgemaak sal word, veral ook omdat ons in die meeste gevalle naas die sterk ook die swak vorme het. En hoe minder Nederlands ons leer/ken (soos vandag meestal die geval is) hoe gouer sal die reste opgeruim word. Dit moet seker in groot mate ook toegeskryf word aan die toenemende getalle nie-Afrikaanstaliges wat Afrikaans aanleer en daagliks gebruik.

As die verdwyning van die relikvorme nou maar nie ons betekenisleer gaan verarm nie, hoef ons ons seker nie te erg daaroor te ontstel nie. 'n *Gebroke hart*, 'n *gevalle meisie*, 'n *opgeskote kind*, ens. het vir ons darem nog 'n ander betekenis of gevoel as *gebreekte* klip, *gevalde* blare, 'n *opgeskiete* vuurpyl, ens. Dog 'n *gegewe* perd, *gevoue* hande, *aanbevole* boeke, ens. is tog niks anders as 'n *gegede* perd, *gevoude* hande, *aanbeveelde* boeke nie.

Ofskoon hierdie opruiming reeds aan die gang is, moet ons onthou dat sodanige nivellering nog nie erken word nie en dat waar die sterk teenoor die swak vorme noodsaaklik is vir betekenisverskil, hulle daar sekerlik gehandhaaf moet word.

In geykte uitdrukkinge en spreuke het die sterk vorme natuurlik meer kans op voortbestaan; vgl. ek hou my *aanbevole;* dankie, ek is *geholpe;* 'n *bestorwe* boedel; *verlore* kanse; ek wens jou 'n *behoue* tuiskoms toe; eers *gegewe* dan *genome*, is erger as 'n dief *gestole*.

[2]Onbegrens-*te* (= *-de*) × gewens-*de* (= *-te* – ja, ons doen dit maar altyd graag andersom!). Verder skryf ons beheers*te*. (Kyk *-te* × *-de*.)

[3]Die regulasie moet *geherformuleer* word – kyk *ge-*[1] en *her*.

Bronnelys

1. Koerante

Beeld - van 1976 tot 1979.

Die Burger - van 1976 tot 1979.

Die juiste woord - taalrubriek in Die Burger deur dr. L.W. Hiemstra. Van 22/7/76 tot 11/5/78.

Taal-Beeld -Die Burger se taalrubriek wat net so oorgeneem is. Van 22/7/76 tot 15/5/78.

Taalsake - taalrubriek in Die Transvaler deur mnr. C.J. Engelbrecht. Van 1976 tot 1979.

Die Transvaler - van 1976 tot 1979.

2. Tydskrifte

ANON. (Taalvorser). 1975-1978. Praktiese Afrikaans. Die Staatsamptenaar.

BLIGNAULT, A. 1979. Die vassitwoord. Sarie Marais, p. 160, 5 Sept.

BOTHA, M.E. Parikuliere volksorg in die Afrikaanse volkskultuur, aangehaal deur
VILJOEN, D.J. 1978. Moedertaal, kosbare kultuurskat. Handhaaf, 15(6):7-15, Julie.

COMBRINK, J.G.H. 1978. Anglisismes- op wie se gesag? Handhaaf, 15(6):11-14, Julie.

DE BRUTO, H.F. 1978 a. Vryheid, gebondenheid en gesag in 'n kursus Afrikaans. Koers, 43(1):24-33.

DEPPE, S.E. 1976. Algemene foute wat by Engelstalige leerlinge voorkom. Klasgids, 11(3):27-32, Nov.

EKSTEEN, L. 1975. Amptikaans, Mengelkaans ... Afrikaans. Die Huisgenoot, 42(2792):49, 51, 17 Okt.

EKSTEEN, L.C. 1976. Geledinge van die woordeskat. Nuusbrief van die Suid-Afrikaanse Studiegroep vir Taalonderrig. 10(2):2-12, Julie.

FERREIRA, G.T. 1975-1978. Hoe skryf ek Afrikaans? Die Taalgenoot.

GROBLER, Hilda. 1976. Anglisismes: die kanniedood in die Afrikaanse taal. Klasgids, 11(2):39-47, Aug.

JORDAAN, M. 1976. Op soek na die gepaste woord, Klasgids, 11(2):10-12, Aug.

KIRSIPUU, R. Kwalitatiewe en kwantitatiewe aspekte van vertaling. III/1 in Volkskunde (T.V.V.), nr. XVIII (2):1-6, deel 18, 1962.

KOTZE, J.M.W. 1975. Die ontkenningspartikel in Afrikaans. Klasgids, 9(4):62-68, Feb.

RUDOLPH, C.F. 1977. Taal as werktuig. Onderwys-bulletin. XXI(2):110-124, Aug.

SCHUTTE, Francisca. 1976. 'Anglisismes' wat nie Anglisismes is nie. Klasgids, 11(3):58-64, Nov.

VAN ZYL, M.S. 1976. Spelling van saamgestelde woorde met of sonder die verbindingsklanke -e- en -s-. Volkswelsyn en Pensioene, 11(2):55-59, Des.

VENTER, H. 1979. Ontafrikaansing. Die Kerkblad, 82(2512):4, 8 Aug.

## 3. Ongepubliseerde werk

Beleid vir verslaggewing by Die Transvaler - ongepubliseerde handleiding vir nuwe verslaggewers by dié koerant. (Dit is hoofsaaklik deur 'n redaksielid van Die Transvaler, mnr. D. Viljoen, in 1978 geskryf.)

Die Burger skryf Afrikaans - is in 1974 vir die eerste maal deur Wesvalia, Potchefstroom, uitgegee. Dit is ongepubliseerde memorandums wat deur Die Burger se taaladviseur, mnr. R.E. King, geskryf en deur die departement Kommunikasiekunde,

PU vir CHO, Potchefstroom, opgestel is. Dié werk is in 1978 deur mnr. P.J. Fourie en mev. L. de Wet bygewerk (albei van die departement Kommunikasiekunde aan die PU vir CHO).

DE BRUTO, H.F. 1978 b. "Lees maar - er stáát wat er staat" - met apologie. (Opmerkings oor enkele taalgebruikskwessies in Afrikaans.) Ongepubliseerde referaat voorgedra voor die Taal- en Letterevereniging van die PU vir CHO op 4/10/78.

DE JAGER, J.I. 1977. Die interne skakelblad (personeelblad) as kommunikasiemedium in die bedryf. M.A.-verhandeling. Potchefstroom, PU vir CHO. 212p.

NIDA, E.A. 1967. The theory and practice of translating. Lesings wat in Julie 1967 by die vertaalseminaar van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika by die Universiteitskollege van die Noorde, Pietersburg, gehou is.

PINCHUCK, I. The training of translators. 'n Ongepubliseerde referaat wat op 29/9/75 by die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut se colloquim oor vertaalkunde gelewer is.

Taalfoute - deur J.J.J. Scholtz van Die Burger. Dié lyste word aan redaksielede van Die Burger en Beeld versprei.

VAN DER WALT, C.P. 1976. Kommunikasie; taal en onderwys, twee belangrike momente daarvan. In Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO. Reeks H, Inougurele redes, nr. 9. 15p.

4. Boeke

BASSON, M.A., KROMHOUT, J. & SENEKAL, J.H. 1964. Afrikaans vir die student. Johannesburg, Voortrekkerpers. 176p.

BENSON, I. 1963. The press and public opinion. Johannesburg, SAUK (SAUK-publikasie). 27p.

BOND, F.F. 1961. An introduction to journalism. New York, Macmillan. 359p.

BOSMAN, D.B., VAN DER MERWE, I.W. & HIEMSTRA, L.W. 1972. Tweetalige woordeboek; Afrikaans - Engels. Kaapstad, Tafelberg. 1 902p.

BOTHA, J.P. & VAN AARDT, J.M.H. 1978. Afrikaans vir die praktyk. Johannesburg, McGraw-Hill. 330p.

BOTHA, T.J.R., red. 1973. Taal en teken. Kaapstad, Academica. 184p.

BRESLER, G.C. 1978. 40 000 woorde. Johannesburg, McGraw-Hill. 499p.

CIVIKLY, J.M., red. 1974. Messages; a reader in human communication. New York, Random House.

COMBRINK, J.C. 1968. Spel reg! Flitsbeelde van Afrikaanse spellingkwessies. Johannesburg, Afrikaanse Pers-Boekhandel. 144p.

CRANFIELD, B.R. & MOORE, H.F. 1973. Public relations; principles, cases and problems. Homewood, Illinois, Richard D. Irwin.

DANCE, F.E.X. & LARSON, C.E. 1976. The functions of human communication; a theoretical approach. New York, Holt, Rinehart & Winston. 206p.

DEXTER, L.A. & WHITE, D.M. 1964. People, society, and mass communications. Londen, The Free Press of Glencoe. 595p.

DODGE, J. & VINER, G. 1963. The practice of journalism. Londen, Heinemann. 351p.

EMERY, E., AULT, P.H. & AGEE, W.K. 1973. Introduction to mass communications. New York, Dodd, Mead & Co. 464p.

ENGELBRECHT, H. 1975. Afrikaanse taalgids. Bloemfontein, P.J. de Villiers. 73p.

EVANS, H. 1977. Newsman's English (Editing and design, no. 1). Londen, Heinemann. 224p.

FAUCONNIER, G. 1973 a. Massacommunicatie; een terreinverkenning. Groningen, H.D. Tjeenk Willink. 65p.

FAUCONNIER, G. 1973 b. Massamedia en samenleving; inleiding tot de wetenschappelijke studie van de massacommunicatie. Antwerpen/Utrecht, De Nederlandsche Boekhandel. 202p.

FOURIE, H.P. 1975. Communication by objectives. Johannesburg, McGraw-Hill. 161p.

HIEMSTRA, V.G. & GONIN, H.L. 1963. Engels-Afrikaanse regswoordeboek. Kaapstad, Juta. 148p.

McQUAIL, D. 1975. Communication. Londen, Longman. 229p.

MORTENSEN, C.D. 1972. Communication; the study of human interaction. New York, McGraw-Hill. 430p.

NIDA, E.A. 1964. Toward a science of translating; with special reference to principles and procedures involved in Bible translating. Leiden, E.J. Brill. 331p.

ODENDAL, F.F. 1973? Aspekte van taal. Kaapstad, Nasou. 79p.

PARRY, J. 1967. The psychology of human communication. Londen, University of London Press. 248p.

PIENAAR, G.J. 1968. Perssensuur en staatsveiligheid. (Proefskrif, PU vir CHO). Potchefstroom, Pro Rege. 229p.

SCHOONEES, P.C., red. 1950. Woordeboek van die Afrikaanse taal. Pretoria, Die Staatsdrukker. 664p.

SCHOONEES, P.C., SWANEPOEL, C.J., DU TOIT, S.J. & BOOYSEN, C.M. 1975. HAT - verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Johannesburg, Voortrekkerpers. 1 067p.

SCHRAMM, W. 1973. Men, messages, and media; a look at human communication. New York, Harper & Row. 341p.

SNYMAN P.G. 1971. Pers en leser; 'n prinsipiële voorstudie tot die persetiek. Potchefstroom, Pro Rege. 577p.

DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS. Taalkommissie. ca. 1975. Afrikaanse woordelys en spelreëls. Kaapstad, Tafelberg, 348p.

TRENT, J.D., TRENT, Judith S. & O'NEILL, D.J. 1973. Concepts in communication. Boston, Allyn & Bacon. 319p.

TUBBS, S.L. & MOSS, Sylvia. 1977. Human communication. New York, Random House. 455p.

VAN DEN TOORN, M.C. 1974. Nederlandse taalkunde. Utrecht, Het Spectrum. 206p.

VAN SCHALKWYK, H. & VIVIERS, D.A. 1977. Taalkommunikasie; Afrikaans. Kaapstad, Maskew Miller. 263p.

VAN DER MERWE, H.J.J.M., red. 1966. Inleiding tot die taalkunde. Pretoria, Van Schaik. 271p.

VAN DER MERWE, H.J.J.M. 1973. Die korrekte woord; Afrikaanse taalkwessies. Pretoria, Van Schaik. 324p.

WENBURG, J.R. & WILMOT, W.W. 1973. The personal communication process. New York, John Wiley. 236p.

Summary

The main aim of the study was to provide guidelines for the writing of acceptable and intelligible newspaper language to both newspapermen and newspaperwomen.

In the first chapter the aim, motivation, point of view, method and point of departure were outlined together with the division into sections.

In Chapter 2 the concept of communication was defined. The communicative process as such was studied as well as the types of communication and obstacles in the communicative process. Language was isolated as the most important means of communication and defined. A distinction was made between word and term, as well as between primary and secondary language usage. For this study only secondary language usage, that is, written language, was considered.

Chapter 3 contains a definition of mass communication together with a discussion of the characteristics, functions and effects of the mass media. Newspapers, as a product of the press, can be regarded as a mass communication medium. The characteristics and functions of newspapers were also discussed. Due consideration was also given to the unique problem experienced by the Afrikaans-speaking newspaperman in writing reports, especially in cases where the report first has to be translated.

The fourth chapter contains guidelines for language usage

for the newspaper reporter. These guidelines were based on an empirical study of three newspapers, viz. Die Burger, Beeld and Die Transvaler.

In the last chapter the conclusion was reached that language has to be comprehensible, intelligible, before communication can take place successfully. The reader has to understand what the reporter is trying to convey.

In the second place the reader has to be able to accept the language in the newspaper. Even should the reader understand what the reporter is trying to convey but the language is not acceptable as far as he is concerned, communication will inevitably fail. The reader develops a negative attitude towards the report and the newspaper and refuses to enter into the communicative process. The communication between reader and newspaper thus breaks down. Language is not merely a means of communication but also constitutes part of man's social heritage and his social conduct. For this reason the language used has to be both intelligible and acceptable.